

REPUBLIC  
OF  
SOUTH AFRICA



REPUBLIEK  
VAN  
SUID-AFRIKA

# Government Gazette Staatskoerant

*Regulation Gazette*

**No. 6011**

*Regulasiekoerant*

Vol. 388

PRETORIA, 17 OCTOBER  
OKTOBER 1997

**No. 18303**

## GOEWERMENTSKENNISGEWING

### DEPARTEMENT VAN VERVOER

**No. R. 1255**

**17 Oktober 1997**

LUGVAARTWET, 1962 (WET No. 74 VAN 1962)

Die Minister van Vervoer het kragtens artikel 22 van die Lugvaartwet, 1962 (Wet No. 74 van 1962), en waar nodig, na oorleg met die Minister van Finansies, die regulasies in die Bylae uitgevaardig.

## DEEL 1 VAN 4

## BYLAE

## BURGERLUGVAARTREGULASIES, 1997

**OMSKRYWINGS**

Deel 1 Omskrywings en afkortings

**PROSEDURES**

Deel 11 Prosedures vir uitvaardiging van regulasies, uitreiking van tegniese standaarde en verlening van vrystellings

Deel 12 Lugvaartongelukke en -voorvalle

Deel 13 Toepassingsprosedures

**LUGVAARTUIE**

Deel 21 Sertifiseringsprosedures vir produkte en onderdele

Deel 34 Motoruitlatingsertifisering

Deel 36 Geraassertifisering

Deel 43 Algemene reëls vir onderhoud

Deel 47 Registrasie en merking

**PERSONEEL**

Deel 61 Lisensiëring van vlieëniers

Deel 63 Lisensiëring van boordingenieurs

Deel 64 Lisensiëring van kajuitbemanning

Deel 65 Lisensiëring van lugverkeerdienpersoneel

Deel 66 Lisensiëring van lugvaartuigonderhoudingenieurs

Deel 67 Mediese sertifisering

**VLIEGREËLS EN ALGEMENE BEDRYFSREËLS**

Deel 91 Algemene bedryfs- en vliegreëls

Deel 92 Vervoer van gevaarlike goedere

Deel 98 Bedryf van aangedrewe parasweeftuie

Deel 100 Bedryf van girotuie

Deel 101 Bedryf van onbemande vryballonne, vlieërs en afstandbeheerde lugvaartuie

Deel 102 Bedryf van vryballonne en lugskepe

Deel 103 Bedryf van mikro-ligte vliegtuie

Deel 104 Bedryf van sweeftuie

Deel 105 Bedryf van valskerms

Deel 106 Bedryf van hangswaefluie

**GESERTIFISEERDE LUGVAARTUIG-  
OPERATEURS EN ANDER VLEGBEDRYF**

Deel 121 Lugvervoerbedryf - groot vliegtuie

Deel 127 Lugvervoerbedryf - helikopters

Deel 133 Helikopter-buitevragbedryf

Deel 135 Lugvervoerbedryf - klein vliegtuie

Deel 137 Landboubedryf

Deel 138 Mediese nooddienbedryf

**VLIEGVELDE EN HELIHAWENS**

Deel 139 Lisensiëring en bedryf van vliegvelde en helihawens

**ORGANISASIES**

Deel 141 Lugvaartopleidingsorganisasies

Deel 145 Lugvaartuigonderhoudsorganisasies

Deel 147 Ontwerporganisasies vir produkte, onderdele en toestelle

Deel 148 Vervaardigingsorganisasies

Deel 149 Lugvaartontspanningsorganisasies

**LUGVERKEERDIENSTE**

Deel 172 Lugruim en lugverkeerdienste

**LUGVAARTKUNDIGE INLIGTINGS- EN VER-  
WANTE DIENSTE**

Deel 174 Weerkundige inligtingsdienste

Deel 175 Lugvaartkundige inligtingsdienste

**ADMINISTRASIE**

Deel 183 Algemeen

Deel 185 Misdrywe

Deel 187 Gelde



**DEEL 1****OMSKRYWINGS EN AFKORTINGS**

**LYS VAN REGULASIES****1.00.1 Omskrywings****1.00.2 Afkortings**

## Omskrywings

**1.00.1** In hierdie Regulasies het 'n woord of uitdrukking waaraan 'n betekenis in die Wet geheg word, die betekenis aldus daaraan geheg en, tensy uit die samehang anders blyk, beteken -

"aangedrewe sweeftuig" 'n lugvaartuig wat toegerus is met een of meer motore wat, met die motor of motore buite werking, oor die werkverrigtingeienskappe van 'n sweeftuig beskik (powered glider);

"aangewese lugvaartmediese ondersoeker" 'n lugvaartmediese ondersoeker aangewys deur die Kommissaris ingevolge regulasie 67.00.4 (designated aviation medical examiner);

"aan land gaan" of "ontskeep" of "afstap" die verlating van 'n lugvaartuig na 'n landing, behalwe deur boordbemanning of passasiers wat voortgaan op die volgende fase van dieselfde deurvlug (disembarkation);

"aanloopbaan" 'n omskrewe reghoekige gebied op 'n landvliegveld voorberei vir die landing en opstyging van vliegtuie (runway);

"aanloopbaansigbareik" die aanloopbaansigbareik waaroor die vlieënier van 'n vliegtuig op die middellyn van die aanloopbaan, die aanloopbaan-oppervlaktemerktekens of die ligte wat die aanloopbaan omlyn of die middellyn daarvan identifiseer, kan sien (runway visual range);

"aanvanklike naderingsposisiebegreping" die posisiebegreping aangedui ingevolge instrumentnaderingsprosedures wat die begin van die aanvanklike naderingsegment identifiseer (initial approach fix);

"aanvullende tipesertifikaat" 'n sertifikaat uitgereik ingevolge regulasie 21.05.3, wat die houer daarvan magtig om 'n produk waarvoor so 'n houer nie die tipesertifikaat-houer is nie, te verander, deur 'n groot verandering in die tipe-ontwerp in te stel wat nie groot genoeg is om 'n nuwe aansoek om 'n tipesertifikaat te vereis nie (supplemental type certificate);

"adviseur" 'n gemagtigde persoon aangewys deur die Kommissaris ingevolge regulasie 12.01.7 (adviser);

"adviesluguim" luguim van omskrewe afmetings, waarbinne 'n lugverkeeradviesdiens beskikbaar is (advisory airspace);

"adviesgebied" 'n aangewese gebied binne 'n vluginligtingstreek waar lugverkeeradviesdienste beskikbaar is (advisory area);

"adviesroete" 'n aangewese roete waarlangs lugverkeeradviesdienste beskikbaar is (advisory route);

"afgewysde opstygingsafstand vereis" die horisontale afstand vereis van die begin van die opstyging tot die punt waar die helikopter tot volle stilstand kom na 'n krageenheidweiering en afwysing van die opstyging by die opstygingbeslissingspunt (rejected take-off distance required);

"AIP- Byvoegsel" die tydelike wysigings van die inligting vervat in die AIP wat by wyse van spesiale bladsye gepubliseer word (AIP Supplement);

"akoestiese verandering" enige vrywillige verandering aan tipe-ontwerp wat die geraasvlakke van die lugvaartuig kan verhoog (acoustical change);

"altitude" die vertikale afstand van 'n vlak, 'n punt of 'n voorwerp beskou as 'n punt, gemeet vanaf gemiddelde seespieël (altitude);

"amateurvervaardigde lugvaartuig" 'n lugvaartuig met minstens vier sitplekke en 'n maksimum gesertifiseerde massa van 2 700 kilogram of minder, waarvan meer as 51 persent van die vliegtuig gebou en saamgestel is uitsluitlik vir nie-handelsdoeleindes (amateur-built aircraft);

"amfibiese helikopter" 'n helikopter toegerus met wiele, remskoene, drywers of ander toestelle wat dit in staat sal stel om op en van sowel grond- en wateroppervlaktes te land en op te styg (amphibious helicopter);

"amfibiese lugvaartuig" amfibiese vliegtuie en amfibiese helikopters (amphibious aircraft);

"amfibiese vliegtuig" 'n vliegtuig ontwerp en gebou om van sowel grond- as wateroppervlaktes op te styg en te land (amphibious aeroplane);

"assistentdiens" 'n diens om gelisensieerde lugverkeerbeheerders by te staan om hulle lugverkeerdiensterverwante pligte uit te voer (assistent service);

"ballon" 'n nie-kragaangedrewe ligter-as-lug lugvaartuig en, vir die doeleindes van Deel 102, ook 'n lugskip (balloon);

"bedryf oor uitgebreide bereik" vlugte onderneem oor 'n roete wat 'n punt bevat verder as een uur vliegtyd teen die goedgekeurde vliegsnelheid met een motor buite werking, onder standaardtoestande in windstilte, vanaf 'n toereikende vliegveld (extended range operations);

"bedryf oor uitgebreide bereik met tweemotorige lugvaartuig" vlugte onderneem met 'n tweemotorige lugvaartuig, oor 'n roete wat 'n punt bevat meer as een uur vliegtyd teen die goedgekeurde vliegsnelheid met een motor buite werking, onder standaardtoestande in windstilte, vanaf 'n toereikende vliegveld (extended range operations with twin-engine aircraft);

"bedryfsertifikaat" 'n bedryfsertifikaat uitgereik deur die Kommissaris wat 'n operateur van 'n handelslugvervoerlugvaartuig magtig om gespesifiseerde lugvervoerbedryf uit te voer (operating certificate);

"bedryfspersoneel", vir die doeleindes van Deel 138, personeel toegewys aan of regstreeks betrokke in grond- en vlugmediese nooddiensbedryf (operations personnel);

"bedryfsvlugplan" die operateur se plan vir die veilige uitvoering van die vlug gegrond op oorwegings van lugvaartuigwerkverrigting, ander bedryfsbeperkings en betrokke verwagte toestande oor die roete wat gevolg gaan word en by die betrokke vliegveld (operational flight plan);

"bedryf vir spesiale doeleindes" ook -

- (a) landboubespuiting, -besaaing en -bestrooiing;
- (b) wolkbespuiting, -besaaing en -bestrooiing;
- (c) uitdunning;
- (d) lugpatrolie, -waarneming en -opmeting;
- (e) advertering;
- (f) lugopnames deur fotografiese of elektroniese middele;
- (g) brandopsporing, -beheer en -bestryding; en
- (h) ander bespuiting, besaaing en bestrooiing as vir landboudoeleindes en wolke (special purposes operations);



"beheerde lugruim" 'n lugruim van omskrewe afmetings waarbinne 'n lugverkeerbeheerdiens verskaf word aan IFR-vlugte en aan VFR-vlugte ooreenkomstig die lugruimklassifikasie soos voorgeskryf in regulasie 172.02.2 (controlled airspace);

"beheerde vlug" enige vlug wat onderworpe is aan lugverkeerbeheerklaring (controlled flight);

"beheergebied" 'n beheerde lugruim wat opwaarts strek vanaf 'n bepaalde hoogte bo die oppervlakte sonder 'n bogrens, tensy 'n bogrens gespesifiseer word soos gepubliseer in 'n AIP, AIC of NOTAM en aangewys as 'n beheergebied (control area);

"beheersone" 'n beheerde lugruim wat opwaarts strek vanaf die oppervlakte na 'n gespesifiseerde bogrens soos gepubliseer in 'n AIP, AIC of NOTAM (control zone);

"beheerstelsel" 'n stelsel waardeur die vliegbaan, stand of voortdrywende krag van 'n lugvaartuig verander word, met inbegrip van die vlieg-, motor- en skroefstuurmiddels, die verbandhoudende stelselstuurmiddels en die verbandhoudende bedryfsmeganismes (control system);

"behoorlike verskeppingsnaam" die naam wat gebruik moet word om 'n bepaalde artikel of stof te beskryf in alle verskeppingsdokumente en -kennisgewings en, waar van toepassing, op verpakings (proper shipping name);

"beperkingsgebied" 'n gebied omskryf in regulasie 91.06.20 (restricted area);

"beperkte kategorie" 'n kategorie vir bedryf vir spesiale doeleindes (restricted category);

"beskikbare neerstrykgebied" die lengte en wydte van die neerstrykgebied wat beskikbaar en geskik verklaar is vir die landing van 'n helikopter (touch-down area available);

"beskikbare opstygingsaanloop" die lengte van aanloopbaan wat beskikbaar en geskik verklaar is vir die grondloop van 'n vliegtuig wat opstyg (take-off run available);

"beskikbare opstygingsafstand" -

(a) in die geval van 'n vliegtuig, die lengte van die beskikbare opstygingsaanloop plus die lengte van die beskikbare vaartloop; of

(b) in die geval van 'n helikopter, die afstand vanaf die punt van opstyging tot die naaste hindernis in die opstygbaan van 50 voet of hoër (take-off distance available);

"beskikbare versnelling-stop afstand" die lengte van die beskikbare opstygaanloop plus die lengte van die stopweg, indien sodanige stopweg beskikbaar verklaar is en in staat is om die massa van die vliegtuig onder die heersende bedryfstoestande te dra (accelerate-stop distance available);

"beslissingsaltitude/hoogte" 'n bepaalde altitude of hoogte in 'n presisienadering waarby 'n wannadering begin moet word indien die vereiste sigoriëntasie om met die nadering voort te gaan, nie vasgestel is nie (decision altitude/height);

"beslote korporasie" 'n beslote korporasie soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Beslote Korporasies, 1984 (Wet No. 69 van 1984) (close corporation);

"besoedelde aanloopbaan" 'n aanloopbaan waarvan meer as 25 persent van die aanloopbaanoppervlakte binne die vereiste lengte en breedte gebruik, bedek is met -

(a) oppervlaktewater meer as drie millimeter diep;

(b) modder of los sneeu, gelyk aan meer as drie millimeter water;

- (c) sneeu wat saamgedruk is tot 'n soliede massa wat verdere saamdrukking weerstaan en wat vas sal bly of in stukke sal opbreek wanneer opgetel; of
- (d) ys, insluitend nat ys (contaminated runway);

"bestuurbare skroef" 'n skroef waarvan die spoedhoek verander of verander kan word wanneer die skroef draai en omvat -

- (a) 'n skroef waarvan die spoedhoek regstreeks onder die beheer van die boordbemanning is;
- (b) 'n skroef waarvan die spoedhoek deur 'n reguleerder of 'n ander outomatiese middel beheer word, wat of 'n integrerende deel van die skroef uitmaak of 'n afsonderlik gemonteerde onderdeel is en wat deur die boordbemanning beheer kan word, al dan nie; en
- (c) 'n skroef waarvan die spoedhoek deur 'n kombinasie van (a) en (b) hierbo beheer kan word (variable-pitch propeller);

"Bevel in verband met Tegniese Standaard" 'n minimum werkverrigtingstandaard uitgereik deur die Kommissaris vir gespesifiseerde materiale, onderdele, prosesse of toestelle wat op lugvaartuie gebruik word (Technical Standard Order);

"bewegingsgebied" daardie gedeelte van 'n vliegveld wat gebruik moet word vir die opstyging, landing en ry van lugvaartuie, bestaande uit die maneuvreergebied en die laaiblad (movement area);

"boordbemanningslid" 'n persoon wat gelisensieer is ingevolge Deel 61, 63 of 64 en toegewys word deur 'n operateur vir diens op 'n lugvaartuig gedurende 'n vlug (flight crew member);

"bykomstige kajuitbemanningslid" 'n kajuitbemanningslid wat gedra word bo en behalwe die minimumgetal vereis deur Subdeel 2 van Deel 91 (additional cabin crew member);

"bykomstige vliegdekbemanningslid" 'n vliegdekbemanningslid wat gedra word bo en behalwe die minimumgetal vereis deur Subdeel 2 van Deel 91 (additional flight deck crew member);

"dag" die tydperk van 15 minute voor sonsopkoms tot 15 minute na sonsondergang, sonsopkoms en sonsondergang synde soos aangetoon in die publikasie "Tye van Sonop, Sononder en Plaaslike Skynbare Middag van die Suid-Afrikaanse Astronomiese Observatorium" of in 'n soortgelyke publikasie uitgereik deur 'n erkende astronomiese observatorium (day);

"datum van aansoek" wanneer gebruik in verband met die uitreiking, hernuwing of heruitreiking van 'n lisensie, sertifikaat of gradering, die datum waarop die aansoek ontvang word in die voorgeskrewe vorm deur die Kommissaris (date of application);

"diensbaar", wanneer gebruik met betrekking tot 'n lugvaartuig, dat die lugvaartuig ooreenkomstig die vereistes van die goedgekeurde onderhoudstabel onderhou en inspekteer is en dat alle verstellings en rektifikasies wat nodig gevind is, bevredigend uitgevoer is (serviceable);

"die Regulasies" die regulasies vervat in hierdie Bylae in die onderskeie Dele van die Burgerlugvaartregulasies, insluitend hierdie Deel, soos van tyd tot tyd gewysig (the Regulations);

"die Wet" die Lugvaartwet, 1962 (Wet No. 74 van 1962) (the Act);

"Dokument SA-CATS-ACCID and INCID" 'n dokument oor die Suid-Afrikaanse Burgerlugvaart Tegniese Standaarde betreffende Ondersoek van Lugvaartuigongelukke en -voorvalle, wat deur die Kommissaris ingevolge die Wet gepubliseer word (Document SA-CATS-ACCID and INCID);

"Dokument SA-CATS-AH" 'n dokument oor die Suid-Afrikaanse Burgerlugvaart Tegniese Standaarde betreffende Vliegvelde en Helihawens, wat deur die Kommissaris ingevolge die Wet gepubliseer word (Document SA-CATS-AH);

"Dokument SA-CATS-AIRS" 'n dokument oor die Suid-Afrikaanse Burgerlugvaart Tegniese Standaarde betreffende Lugvaartkundige Inligtings- en Verwante Dienste, wat deur die Kommissaris ingevolge die Wet gepubliseer word (Document SA-CATS-AIRS);

"Dokument SA-CATS-AMEL" 'n dokument oor die Suid-Afrikaanse Burgerlugvaart Tegniese Standaarde betreffende Lisensiëring van Lugvaartuigonderhoudingenieurs, wat deur die Kommissaris ingevolge die Wet gepubliseer word (Document SA-CATS-AMEL);

"Dokument SA-CATS-AMO" 'n dokument oor die Suid-Afrikaanse Burgerlugvaart Tegniese Standaarde betreffende Lugvaartuigonderhoudsorganisasies, wat deur die Kommissaris ingevolge die Wet gepubliseer word (Document SA-CATS-AMO);

"Dokument SA-CATS-AR" 'n dokument oor die Suid-Afrikaanse Burgerlugvaart Tegniese Standaarde betreffende Lugwaardigheidsvereistes, wat deur die Kommissaris ingevolge die Wet gepubliseer word (Document SA-CATS-AR);

"Dokument SA-CATS-ARM" 'n dokument oor die Suid-Afrikaanse Burgerlugvaart Tegniese Standaarde betreffende Lugvaartuigregistrasie en -merking, wat deur die Kommissaris ingevolge die Wet gepubliseer word (Document SA-CATS-ARM);

"Dokument SA-CATS-ARO" 'n dokument oor die Suid-Afrikaanse Burgerlugvaart Tegniese Standaarde betreffende Lugvaartuigontspanningsorganisasies, wat deur die Kommissaris ingevolge die Wet gepubliseer word (Document SA-CATS-ARO);

"Dokument SA-CATS-ATO" 'n dokument oor die Suid-Afrikaanse Burgerlugvaart Tegniese Standaarde betreffende Lugvaartuigopleidingsorganisasies wat deur die Kommissaris ingevolge die Wet gepubliseer word (Document SA-CATS-ATO);

"Dokument SA-CATS-ATS" 'n dokument oor die Suid-Afrikaanse Burgerlugvaart Tegniese Standaarde betreffende Lugverkeerdienste, wat deur die Kommissaris ingevolge die Wet gepubliseer word (Document SA-CATS-ATS);

"Dokument SA-CATS-ATSPL" 'n dokument oor die Suid-Afrikaanse Burgerlugvaart Tegniese Standaarde betreffende Lisensiëring van Lugverkeerdienpersoneel, wat deur die Kommissaris ingevolge die Wet gepubliseer word (Document SA-CATS-ATSPL);

"Dokument SA-CATS-DG" 'n dokument oor die Suid-Afrikaanse Burgerlugvaart Tegniese Standaarde betreffende die Vervoer van Gevaarlike Goedere, wat deur die Kommissaris ingevolge die Wet gepubliseer word (Document SA-CATS-DG);

"Dokument SA-CATS-DO" 'n dokument oor die Suid-Afrikaanse Burgerlugvaart Tegniese Standaarde betreffende Ontwerporganisasies wat deur die Kommissaris ingevolge die Wet gepubliseer word (Document SA-CATS-DO);



"Dokument SA-CATS-ENVIRO" 'n dokument oor die Suid-Afrikaanse Burgerlugvaart Tegniese Standaarde betreffende Omgewingsbewaring wat deur die Kommissaris ingevolge die Wet gepubliseer word (Document SA-CATS-ENVIRO);

"Dokument SA-CATS-FCL" 'n dokument oor die Suid-Afrikaanse Burgerlugvaart Tegniese Standaarde betreffende Lisensiëring van Boordbemanning, wat deur die Kommissaris ingevolge die Wet gepubliseer word (Document SA-CATS-FCL);

"Dokument SA-CATS-GMR" 'n dokument oor die Suid-Afrikaanse Burgerlugvaart Tegniese Standaarde betreffende Algemene Reëls vir Onderhoud, wat deur die Kommissaris ingevolge die Wet gepubliseer word (Document SA-CATS-GMR);

"Dokument SA-CATS-MORG" 'n dokument oor die Suid-Afrikaanse Burgerlugvaart Tegniese Standaarde betreffende Vervaardigingsorganisasies, wat deur die Kommissaris ingevolge die Wet gepubliseer word (Document SA-CATS-MORG);

"Dokument SA-CATS-MR" 'n dokument oor die Suid-Afrikaanse Burgerlugvaart Tegniese Standaarde betreffende Mediese Vereistes, wat deur die Kommissaris ingevolge die Wet gepubliseer word (Document SA-CATS-MR);

"Dokument SA-CATS-OPS 91" 'n dokument oor die Suid-Afrikaanse Burgerlugvaart Tegniese Standaarde betreffende Algemene Bedryfs- en Vliegeregels, wat deur die Kommissaris ingevolge die Wet gepubliseer word (Document SA-CATS-OPS 91);

"Dokument SA-CATS-OPS 98" 'n dokument oor die Suid-Afrikaanse Burgerlugvaart Tegniese Standaarde betreffende Bedryf van Aangedrewe Parasweeftuie, wat deur die Kommissaris ingevolge die Wet gepubliseer word (Document SA-CATS-OPS 98);

"Dokument SA-CATS-OPS 100" 'n dokument oor die Suid-Afrikaanse Burgerlugvaart Tegniese Standaarde betreffende Bedryf van Girotuie, wat deur die Kommissaris ingevolge die Wet gepubliseer word (Document SA-CATS-OPS 100);

"Dokument SA-CATS-OPS 101" 'n dokument oor die Suid-Afrikaanse Burgerlugvaart Tegniese Standaarde betreffende Onbemande Vryballonne, Vlieërs en Afstandbeheerde Lugvaartuie, wat deur die Kommissaris ingevolge die Wet gepubliseer word (Document SA-CATS-OPS 101);

"Dokument SA-CATS-OPS 102" 'n dokument oor die Suid-Afrikaanse Burgerlugvaart Tegniese Standaarde betreffende Bedryf van Vryballonne en Lugskepe, wat deur die Kommissaris ingevolge die Wet gepubliseer word (Document SA-CATS-OPS 102);

"Dokument SA-CATS-OPS 103" 'n dokument oor die Suid-Afrikaanse Burgerlugvaart Tegniese Standaarde betreffende Bedryf van Mikro-ligte Vliegtuie, wat deur die Kommissaris ingevolge die Wet gepubliseer word (Document SA-CATS-OPS 103);

"Dokument SA-CATS-OPS 104" 'n dokument oor die Suid-Afrikaanse Burgerlugvaart Tegniese Standaarde betreffende Bedryf van Sweeftuie, wat deur die Kommissaris ingevolge die Wet gepubliseer word (Document SA-CATS-OPS 104);

"Dokument SA-CATS-OPS 105" 'n dokument oor die Suid-Afrikaanse Burgerlugvaart Tegniese Standaarde betreffende Bedryf van Valskerms, wat deur die Kommissaris ingevolge die Wet gepubliseer word (Document SA-CATS-OPS 105);



"Dokument SA-CATS-OPS 106" 'n dokument oor die Suid-Afrikaanse Burgerlugvaart Tegnieese Standaarde betreffende Bedryf van Hangsweeftuie, wat deur die Kommissaris ingevolge die Wet gepubliseer word (Document SA-CATS-OPS 106);

"Dokument SA-CATS-OPS 121" 'n dokument oor die Suid-Afrikaanse Burgerlugvaart Tegnieese Standaarde betreffende Lugvervoerbedryf van Groot Vliegtuie, wat deur die Kommissaris ingevolge die Wet gepubliseer word (Document SA-CATS-OPS 121);

"Dokument SA-CATS-OPS 127" 'n dokument oor die Suid-Afrikaanse Burgerlugvaart Tegnieese Standaarde betreffende Lugvervoerbedryf van Helikopters, wat deur die Kommissaris ingevolge die Wet gepubliseer word (Document SA-CATS-OPS 127);

"Dokument SA-CATS-OPS 133" 'n dokument oor die Suid-Afrikaanse Burgerlugvaart Tegnieese Standaarde betreffende Helikopterbuitevragbedryf, wat deur die Kommissaris ingevolge die Wet gepubliseer word (Document SA-CATS-OPS 133);

"Dokument SA-CATS-OPS 135" 'n dokument oor die Suid-Afrikaanse Burgerlugvaart Tegnieese Standaarde betreffende Lugvervoerbedryf van Klein Vliegtuie, wat deur die Kommissaris ingevolge die Wet gepubliseer word (Document SA-CATS-OPS 135);

"Dokument SA-CATS-OPS 137" 'n dokument oor die Suid-Afrikaanse Burgerlugvaart Tegnieese Standaarde betreffende Landboubedryf, wat deur die Kommissaris ingevolge die Wet gepubliseer word (Document SA-CATS-OPS 137);

"Dokument SA-CATS-OPS 138" 'n dokument oor die Suid-Afrikaanse Burgerlugvaart Tegnieese Standaarde betreffende Mediese Nooddiensbedryf, wat deur die Kommissaris ingevolge die Wet gepubliseer word (Document SA-CATS-OPS 138);

"droë aanloopbaan" 'n droë aanloopbaan wat nóg nat nóg besoedel is, en ook daardie geplaveide aanloopbane wat spesiaal voorberei is met groewe of poreuse plaveisel en onderhou word om "effektief droë"-remaksie te behou selfs waar vogtigheid aanwesig is (dry runway);

"droogbedryfsmassa" die totale massa van die lugvaartuig vir 'n spesifieke tipe bedryf, uitgesonderd alle bruikbare brandstof en verkeerslading, en insluitend -

- (a) boordbemanningslede en boordbemanningslidbagasie;
- (b) spyseniers- en verwyderbare passasiersdienstoerusting; en
- (c) drinkbare water en toilechemikalieë (dry operating mass);

"drukaltitude" atmosferiese druk uitgedruk volgens altitude wat ooreenstem met daardie druk in die standaardatmosfeer (pressure altitude);

"drempel" die begin van daardie gedeelte van die aanloopbaan wat bruikbaar is vir landing (threshold);

"eenheidsvragtoestel" enige tipe vraghouer, lugvaartuighouer, lugvaartuigpallet en -net, of lugvaartuigpallet met 'n net oor 'n igloe (unit load device);

"eienaar" 'n eienaar soos omskryf in die Wet, en ook -

- (a) vir die doeleindes van hierdie Regulasies, 'n persoon wat die reg van besit van die lugvaartuig het vir 14 dae of langer;
- (b) vir die doeleindes van Deel 91, 'n operateur van 'n lugvaartuig betrokke in nie-handelsbedryf (owner);

"eindbeheergebied" 'n beheergebied ingestel by die samevloeiing van lugverkeerdienstroetes in die nabyheid van een of meer groot vliegvelde soos gepubliseer in 'n AIP, AIC of NOTAM en aangewys as 'n eindbeheergebied (terminal control area);

"eksaminator" 'n gemagtigde beampte of gemagtigde persoon aangewys deur die Kommissaris ingevolge regulasie 61.01.17 (examiner);

"ernstige besering" 'n besering wat -

- (a) hospitalisasie vir meer as 48 uur vereis, binne sewe dae vanaf die datum waarop die besering opgedoen is;
- (b) lei tot 'n beenfraktuur (behalwe 'n eenvoudige fraktuur van vingers, tone of neus);
- (c) lei tot skeurwonde, wat ernstige bloeding, of senuwee-, spier- of seningskade veroorsaak;
- (d) lei tot besering aan enige inwendige orgaan;
- (e) lei tot tweede- of derdegraadse brandwonde of enige brandwonde wat meer as vyf persent van die oppervlakte van die liggaam raak; of
- (f) lei tot geverifieerde blootstelling aan besmetlike of giftige stowwe of skadelike bestraling (serious injury);

"fasiliteit" vir die doeleindes van Deel 172, enige fasiliteit gebruik vir die verskaffing van 'n lugverkeerbeheerdien (facility);

"gang" 'n oorlangse deurgang tussen sitplekke (aisle);

"geakkrediteerde verteenwoordiger" 'n gemagtigde beampte of gemagtigde persoon aangewys deur die Kommissaris ingevolge regulasie 12.01.6 (accredited representative);

"gebiedbeheerdien" 'n lugverkeerbeheerdien vir beheerde vlugte in beheergebiede (area control service);

"gebiedbeheersentrum" 'n lugverkeerbeheereenheid ingestel om 'n lugverkeerbeheerdien te verskaf aan beheerde vlugte in die beheergebied waarvoor dit verantwoordelik is (area control centre);

"Geïntegreerde Lugvaartkundige Inligtingspakket" 'n pakket wat bestaan uit -

- (a) 'n AIP insluitend 'n wysigingsdien;
- (b) byvoegsels tot die AIP;
- (c) NOTAM;
- (d) AIC; en
- (e) kontrolelyste en opsommings (Integrated Aeronautical Information Package);

"geïntegreerde opleiding" 'n ononderbroke opleidingskursus, bestaande uit 'n teoretiese en praktiese syllabus, ontwerp om 'n student met geen kennis van lugvaart nie, te onderrig tot die standaard vereis vir 'n handelsvlieënierslisensie of 'n lugrederyvervoervlieënierslisensie (integrated training);

"geldende vliegplan" die lugverkeerdiensvliegplan, insluitend veranderinge, as daar is, teweeggebring deur latere klarings (current flight plan);

"geldig" wanneer gebruik in verband met 'n lisensie of gradering uitgereik, geldiggemaak, hergeldiggemaak of hemu kragtens hierdie Regulasies, dat aan al die vereistes van toepassing op so 'n lisensie of gradering, soos voorgeskryf deur hierdie Regulasies, voldoen is (valid);

"geldigmaking" 'n magtiging aangeteken op 'n lisensie en wat deel daarvan vorm, om 'n spesifieke gradering uit te oefen by 'n spesifieke lugverkeerdienseenheid, bevattende spesiale voorwaardes, voorregte of beperkings met betrekking tot sodanige gradering (validation);

"geldigmakings-eksaminator" 'n amptelike geldigmakings-eksaminator aangestel deur die Kommissaris of 'n geldigmakings-eksaminator wat aangewys is ingevolge die bepalinge van regulasie 65.01.9 (validation examiner);

"gesagvoerder" die vlieënier verantwoordelik vir die bedryf en veiligheid van die lugvaartuig in vlug, ongeag of hy of sy die stuurmiddels gebruik of nie (pilot-in-command);

"gestremde passasier" 'n passasier wat fisies of geestelik gestrem is weens siekte, besering, aangebore wanfunksionering of ander tydelike of blywende ongeskiktheid of gebrek (handicapped passenger);

"gevaar" enige handeling, nalate, gebeurtenis of toestand of 'n kombinasie daarvan wat kan aanleiding gee of lei tot 'n ongeluk of voorval (hazard);

"gevaarlike goedere" voorwerpe of stowwe wat in staat is om 'n aansienlike risiko vir gesondheid, veiligheid of eiendom in te hou wanneer dit deur die lug vervoer word (dangerous goods);

"gevaarlike goedere-ongeluk" 'n ongeluk wat gepaard gaan en verband hou met die vervoer van gevaarlike goedere deur die lug (dangerous goods accident);

"gevaarlike goedere-voorval" 'n voorval, buiten 'n gevaarlike goedere-ongeluk, wat gepaard gaan en verband hou met die vervoer van gevaarlike goedere deur die lug, en vir die doeleindes van Deel 92, ook besering aan 'n persoon, skade aan eiendom, brand, breking, storting, uitlek van vloeistof, of bestraling of ander bewys dat die ongeskondenheid van die verpakking nie behou is nie of wat die lugvaartuig of sy insittendes ernstig in gevaar stel (dangerous goods incident);

"girotuig" 'n swaarder-as-lug lugvaartuig wat in vlug gesteun word deur die reaksies van die lug op een of meer rotors wat vrylik roteer op wesenlik vertikale asse (gyroplane);

"goedgekeur", tensy gebruik met verwysing na 'n ander persoon, skriftelik goedgekeur deur die Kommissaris (approved);

"gradering" 'n magtiging ingeskryf op of verbonde aan 'n lisensie en wat deel van so 'n lisensie uitmaak, met vermelding van spesiale voorwaardes, voorregte of beperkings wat betrekking het op so 'n lisensie (rating);

"grondsigbaarheid" die sigbaarheid by 'n vliegveld (ground visibility);

"grondspronge" 'n valskermneerdaling van 'n ander voorwerp as 'n lugvaartuig (base jumps);

"groot herstel" 'n herstel -

- (a) wat, indien onbehoorlik gedoen, aanmerklik die gewig, balans, strukturele sterkte, werkverrigting, krageenheidwerking, vliegeienskappe, of ander hoedanighede betreffende lugwaardigheid kan raak; of



- (b) wat nie volgens aanvaarde praktyke gedoen word nie of wat nie deur elementêre prosesse gedoen kan word nie (major repair);

"groot modifikasie" 'n modifikasie nie gelys in die lugvaartuig-, lugvaartuigmotor-, of -skroefspesifikasies nie -

- (a) wat aanmerklik die gewig, balans, strukturele sterkte, werkverrigting, kragteenheidwerking, vliegeienskappe of ander hoedanighede betreffende lugwaardigheid kan raak; of

- (b) wat nie gedoen word volgens aanvaarde praktyke nie of nie gedoen kan word deur elementêre prosesse nie (major modification);

"groot verandering" enige verandering aan die tipe-ontwerp wat omvangryk genoeg is om 'n wesenlik volledige ondersoek te vereis om voldoening te bepaal aan die tipe-sertifiseringsgrondslag (major change);

"handelinge van onwettige bemoeiing" sabotasie, onwettige beslaglegging op lugvaartuie of enige ander handeling deur 'n persoon wat ander persone, eiendom of die lugvaartuig in gevaar stel (acts of unlawful interference);

"handelslugvervoerbedryf" 'n lugdiens soos omskryf in artikel 1 van die Wet op die Lisensiering van Lugdienste, 1990 (Wet No. 115 van 1990), met insluiting van -

- (a) die klasse lugdienste bedoel in regulasie 2 van die Regulasies vir Binnelandse Lugdienste, 1991; en

- (b) die klasse internasionale lugdienste bedoel in regulasie 2 van die Regulasies vir Internasionale Lugdienste, 1993 (commercial air transport operation);

"handelslugvervoerhelikopter", vir die doeleindes van Deel 127, 'n helikopter betrokke in 'n handelslugvervoerbedryf (commercial air transport helicopter);

"hangsweeftuig" 'n nie-kragaangedrewe swaarder-as-lug lugvaartuig wat gedra, met die voete gelanseer en veilig geland kan word deur die energie en gebruik van die vlieënier se bene en wat-

- (a) 'n vaste primêre struktuur het met vlieëniergewigsverskuiwing as die primêre metode van beheer; of

- (b) 'n vaste primêre struktuur het met beweegbare aërodinamiese oppervlakke as die primêre metode van beheer in minstens twee asse,

en vir die doeleindes van Deel 106, ook 'n parasweeftuig (hang glider);

"helidek" 'n helihawe geleë op 'n drywende of vaste afluiddige struktuur (helideck);

"helihawe" 'n vliegveld en enige omskrywe gebied op 'n struktuur, bedoel of ontwerp om geheel of gedeeltelik gebruik te word vir die landing, vertrek, en oppervlaktebeweging van helikopters (heliport);

"helihawebedryfsminima" die perke van bruikbaarheid van 'n helihawe vir of opstyging of landing, gewoonlik uitgedruk in terme van sigbaarheid, beslissingsaltitude/hoogte of minimum neerdalingsaltitude/hoogte en wolktoestande (heliport operating minima);

"helikopter" 'n swaarder-as-lug lugvaartuig, gesteun in vlug hoofsaaklik deur die reaksies van die lug op een of meer kragaangedrewe rotors op wesenlik vertikale asse (helicopter);



"helikoptervragkombinasie" die kombinasie van 'n helikopter en 'n buitevrag, insluitend die buitevrag-aanhegtingsmiddels (helicopter load combination);

"hierdie Regulasies" die Regulasies (these Regulations);

"hoofminimumtoerustinglys" 'n lys voltooi vir 'n besondere lugvaartuigtype deur die vervaardiger van die lugvaartuig met die goedkeuring van die toepaslike owerheid van die Staat van Vervaardiging wat items bevat, waarvan een of meer toegelaat word om by die aanvang van 'n vlug ondiensbaar te wees (master minimum equipment list);

"hoofvalskerm" 'n valskerm wat ontwerp en bestem is om gebruik te word as die primêre valskerm vir 'n valskermneerdaling (main parachute);

"hoogte" -

(a) die vertikale afstand van 'n vlak, 'n punt of 'n voorwerp beskou as 'n punt, gemeet vanaf 'n aangewese basispunt;

(b) die vertikale afmetings van 'n voorwerp (height);

"inskeping" of "aan boord gaan" of "instap" om aan boord van 'n lugvaartuig te gaan met die doel om met 'n vlug te begin, behalwe deur sodanige boordbemanning of passasiers wat by 'n voorafgaande fase van dieselfde deurvlug aan boord gegaan het (embarkation);

"inspeksie" daardie gedeelte van die onderhoud waarby die lugvaartuig of lugvaartuigkomponent ondersoek word om ooreenstemming te bepaal met 'n goedgekeurde standaard (inspection);

"instruksies vir veilige bedryf en voortgesette lugwaardigheid" instruksies voorberei deur die houer van 'n typesertifikaat vir 'n produk, bestaande uit beskrywende gegewens en volvoeringsinstruksies (instructions for safe operation and continued airworthiness);

"instrumentnaderingsprosedure" 'n reeks voorafbepaalde maneuvres met verwysing na vlieginstrumente met gespesifiseerde beskerming teen hindernisse vanaf die aanvanklike naderingsposisiebepaling of, waar van toepassing, vanaf die begin van 'n omskrewe aankomsroete, na 'n punt vanwaar 'n landing voltooi kan word en daarna, indien 'n landing nie voltooi word nie, na 'n posisie waar hou- of onderweghindernisklaringskriteria van toepassing is (instrument approach procedure);

"instrumentvliegtyd" die tyd waartydens die lugvaartuig geheel en al met behulp van instrumente en sonder eksterne verwysingspunte gevlieg word, hetsy onder werklike of gesimuleerde instrumentvliegtoestande (instrument flight time);

"instrumentweerstoestande" atmosferiese toestande uitgedruk in terme van sigbaarheid, afstand van wolke, of plafon, minder as die minima voorgeskryf vir VFR-vlug in regulasies 91.06.21 en 91.06.22 (instrument meteorological conditions);

"Internasionale Regulasies vir die Voorkoming van Botsings ter See" die Internasionale Regulasies vir die Voorkoming van Botsings ter See, uitgevaardig kragtens die Konvensie insake die Internasionale Regulasies vir die Voorkoming van Botsings ter See, onderteken te Londen op 20 Oktober 1972, uiteengesit in die Derde Bylae by die Handelskeepvaartwet, 1951 (Wet No. 57 van 1951) (International Regulations for Preventing Collisions at Sea);

"internasionale vlug" 'n vlug wat deur die lugruim oor die gebied van meer as een Staat gaan (international flight);

"inwoner van die Republiek" 'n persoon wat sy of haar gewone verblyf in die Republiek het en wat 'n Suid-Afrikaanse burger is of in besit is van 'n permanente verblyfpermit in die Republiek uitgereik ingevolge artikel 25 van die Wet op Vreemdelinge-beheer, 1991 (Wet No. 96 van 1991) (resident of the Republic);

"kajuitbemanningslid" 'n ander boordbemanningslid as 'n vliegdekbemanningslid, gelisensieer ingevolge Deel 64 (cabin crew member);

"Kennisgewing aan Vliegpersoneel" 'n kennisgewing wat inligting bevat betreffende die totstandkoming, toestand of verandering van enige lugvaartfasiliteit, -diens, -prosedure of -gevaar, waarvan tydige kennisname noodsaaklik is vir die betrokke personeel betrokke by vliegbedryf, versprei deur middel van telekommunikasie deur of op die gesag van die Kommissaris (Notice to Airmen);

"kind" 'n passasier wat sy of haar tweede verjaarsdag maar nie sy of haar twaalfde verjaarsdag nie, bereik het (child);

"klaringleweringsdiens" 'n diens spesifiek gewy aan die uitreiking van lugverkeerbeheerklarings aan vlieëniers namens een of meer lugverkeerbeheereenhede (clearance delivery service);

"Klas A-helikoptervragkombinasie" 'n helikoptervragkombinasie waarin die buitevrag nie vryelik kan beweeg, of afgegooi kan word nie, en nie laer strek as die onderstel nie (Class A helicopter load combination);

"Klas B-helikoptervragkombinasie" 'n helikoptervragkombinasie waarin die buitevrag afgegooi kan word en tydens die helikopterbuitevragbedryf vry van grond of water opgehys word (Class B helicopter load combination);

"Klas C-helikoptervragkombinasie" 'n helikoptervragkombinasie waarin die buitevrag afgegooi kan word en wat tydens die helikoptervragkombinasie in kontak met grond of water bly (Class C helicopter load combination);

"Klas D-helikoptervragkombinasie" 'n ander helikoptervragkombinasie as 'n Klas A-, Klas B-, of Klas C-helikoptervragkombinasie, wat deur die Kommissaris goedgekeur is vir 'n bepaalde helikopterbuitevragbedryf (Class D helicopter load combination);

"Klas C-lugruim" daardie gedeelte van die lugruim geklassifiseer ingevolge regulasie 172.02.2 (Class C airspace);

"Klas D-lugruim" daardie gedeelte van die lugruim geklassifiseer ingevolge regulasie 172.02.2 (Class D airspace);

"Klas E-lugruim" daardie gedeelte van die lugruim geklassifiseer ingevolge regulasie 172.02.2 (Class E airspace);

"Klas G-lugruim" daardie gedeelte van die lugruim geklassifiseer ingevolge regulasie 172.02.2 (Class G airspace);

"Klas I- produk" 'n volledige lugvaartuig, lugvaartuigmotor of -skroef, wat -

- (a) tipegesertifiseer is ooreenkomstig die bepalings van hierdie Regulasies en waarvoor Suid-Afrikaanse Spesifikasies of tipegesertifiseerde-datastate uitgereik is; of

- (b) identies is aan 'n tipegesertifiseerde produk bedoel in paragraaf (a) in alle opsigte behalwe vir sover andersins aanvaarbaar vir die toepaslike owerheid van die Staat wat invoer (Class I product);

"Klas II- produk" -

- (a) 'n groot komponent van 'n Klas I- produk, met inbegrip van vlerke, rompe, agterstelsamestelle, onderstelle, kragtransmissies, beheeroppervlaktes en geïnstalleerde toerusting, waarvan die weiering die veiligheid van 'n Klas I- produk in gevaar sal stel; of
- (b) 'n onderdeel, materiaal of toestel, goedgekeur en vervaardig onder die TSO-stelsel soos voorgeskryf in Subdeel 12 van Deel 21 (Class II product);

"Klas III-produk" enige onderdeel of komponent wat nie 'n Klas I- of Klas II- produk is nie met insluiting van onderdele (Class III product);

"klein modifikasie" 'n ander modifikasie as 'n groot modifikasie (minor modification);

"klein verandering" enige verandering in tipe-ontwerp wat geen aanmerkbare invloed het op die gewig, balans, strukturele sterkte, betroubaarheid, bedryfseienskappe of ander eienskappe wat die lugwaardigheid van die produk raak nie (minor change);

"kommunikasie-onderbrekingsprosedure" 'n prosedure soos gepubliseer in die AIP (communication failure procedure);

"konfigurasie" 'n besondere kombinasie van die posisies van die beweegbare elemente wat die aërodinamiese eienskappe van die lugvaartuig raak (configuration);

"koördineringsdiens" 'n diens om die uitvoering van lugverkeerverwante werksaamhede deur 'n gelisensieerde lugverkeerdienassistent te koördineer (coordination service);

"kritieke fases van vlug" ook alle grondbedryf wat insluit ry, opstyg, styg na vlieg tot 10 000 voet en nadering van vlieg onder 10 000 voet (critical phases of flight);

"kunsflug" manoeuvres opsetlik uitgevoer deur die gesagvoerder van 'n lugvaartuig waarby skielike standveranderinge van die lugvaartuig, 'n abnormale stand of 'n abnormale versnelling betrokke is, wat nie vir gewone vlug nodig is nie (acrobatic flight);

"laaiblad" 'n omskrewe gebied op 'n landvliegveld bestem om vliegtuie te akkommodeer vir die doel van op- of aflaai van passasiers of vrag, brandstofinname, parkering of onderhoud (apron);

"laaibladrybaan" 'n gedeelte van 'n rybaanstelsel wat op 'n laaiblad geleë is en wat bedoel is om 'n deurryoete oor die laaiblad te verskaf (apron taxiway);

"landingsbeslissingspunt" die punt wat gebruik word om landingswerkverrigting te bepaal vanwaar, waar 'n krageenheidweiering by hierdie punt vasgestel is, die landing veilig kan voortgaan of 'n ontwijkende landing begin kan word (landing decision point);

"landingsafstand beskikbaar" die lengte van die aanloopbaan wat beskikbaar en geskik verklaar is vir die grondloop van 'n vliegtuig wat land (landing distance available);

"landingsgebied" daardie gedeelte van 'n bewegingsgebied bestem vir die landing of opstyg van lugvaartuie (landing area);

"leerling-gesagvoerderinstrumenttyd" vliegtyd waartydens 'n vlieginstrukteur slegs die leerling wat optree as gesagvoerder sal waarneem sonder om die vlug van die lugvaartuig te beïnvloed of te beheer (student pilot-in-command instrument time);

"leerlingvalskermsspringer" 'n persoon wat op die eerste vlak van opleiding van 'n goedgekeurde lugvaartontspanningsorganisasie is (student parachutist);

"ligter-as-lug lugvaartuig" enige lugvaartuig wat hoofsaaklik steun verkry deur sy dryfvermoë in die lug (lighter-than-air aircraft);

"lugdiens" 'n lugdiens soos omskryf in artikel 1 van die Wet op die Lisensiëring van Lugdienste, 1990 (Wet No. 115 van 1990) (air service);

"luginavigasie-infrastruktuur" 'n luginavigasie-infrastruktuur soos omskryf in artikel 1 van die Lugverkeer- en -navigasiedienstemaatskappywet, 1993 (Wet No. 45 van 1993) (air navigation infrastructure);

"lugskip" 'n aangedrewe ligter-as-lug lugvaartuig (airship);

"Lugvaartgids" 'n publikasie wat lugvaartinligting van 'n blywende aard bevat wat noodsaaklik is vir luginavigasie, uitgereik deur die Kommissaris ingevolge regulasie 11.01.2 (Aeronautical Information Publication);

"Lugvaartinligtingsomsendbrief" 'n omsendbrief wat inligting bevat wat nie gepas is vir die uitreiking van 'n NOTAM of vir insluiting in die AIP nie, maar wat betrekking het op vliegveiligheid, luginavigasie, tegniese, administratiewe of wetgewende aangeleenthede, uitgereik deur die Kommissaris ingevolge regulasie 11.01.2 (Aeronautical Information Circular);

"lugvaartkundige inligtingsreëling en -beheer" 'n stelsel bedoel vir vooraf kennisgewing gegrond op gemeenskaplike effektiewe datums, of omstandighede wat aansienlike veranderinge in bedryfspraktyke vereis (aeronautical information regulation and control);

"lugvaartontspanning" ondememing van mikro-ligte vliegtuig-, sweeftuig-, ballon-, girotuig-, hangswieftuig-, of valskermaktiwiteite of betrokkenheid in lugvaartgebeurtenisse (aviation recreation);

"lugvaartuig", vir die doeleindes van hierdie Regulasies, 'n lugvaartuig soos omskryf in die Wet, met inbegrip van sy motore, skroewe, rotors, komponente, onderdele, toerusting, instrumente, bykomstighede en materiale (aircraft);

"lugvaartuigkomponent" enige samestellende deel van 'n lugvaartuig met inbegrip van 'n volledige vliegraam of kragteenheid en enige bedryfs- of noodtoerusting gebou of voorsien in 'n lugvaartuig (aircraft component);

"lugvaartuigstaanplekrylaan" 'n gedeelte van 'n laaiblad aangewys as 'n rylaan en bestem om toegang te verleen slegs tot lugvaartuigstaanplekke (aircraft stand taxilane);

"lugverkeer" alle lugvaartuie in vlug of wat in bedryf is op die maneuvreergebied van 'n vliegveld (air traffic);

"lugverkeeradviesdiens" 'n diens wat binne adviesluguim verskaf word om, sover doenlik, skeiding te verseker tussen lugvaartuie wat bedryf word op IFR-vlugplanne (air traffic advisory service);

"lugverkeerbeheerdiens" 'n diens wat verskaf word vir die doel om -

(a) botsings te voorkom -

(i) tussen lugvaartuie; en



(ii) op die maneuvreergebied tussen lugvaartuie en hindernisse; en  
(b) 'n ordelike vloei van lugverkeer te bespoedig en te handhaaf (air traffic control service);

"lugverkeerbeheereenheid" 'n vliegveldbeheertoring, 'n naderingsbeheerkantoor of 'n gebiedbeheersentrum of 'n kombinasie daarvan (air traffic control unit);

"lugverkeerbeheerkларing" 'n magtiging vir 'n lugvaartuig om voort te gaan onder omstandighede gespesifiseer deur 'n lugverkeerbeheereenheid (air traffic control clearance);

"lugverkeerdienst" 'n vliegveldbeheerdienst, 'n naderingsbeheerdienst, 'n gebiedbeheerdienst, 'n vluginligtingsdienst, 'n lugverkeeradviesdienst of 'n waarskuwingsdienst (air traffic service);

"lugverkeerdienstaanmeldingskantoor" 'n lugverkeerdienseenheid ingestel vir die doel om verslae te ontvang met betrekking tot lugverkeerdienste en -vlugplanne voorgelê voor vertrek van lugvaartuie van 'n vliegveld (air traffic service reporting office);

"lugverkeerdienstassistent" die houer van 'n lugverkeerdienstlisensie en -gradering wat -

(a) bystandsdienste aan 'n lugverkeerbeheerder; of

(b) koördineringsdienste, klaringsleweringsdienste, vluginligtingsdienste of vliegveldvluginligtingsdienste,

verskaf (air traffic service assistant);

"lugverkeerdienseenheid" 'n lugverkeerbeheereenheid, vluginligtingsentrum of lugverkeerdienstaanmeldingskantoor (air traffic service unit);

"lugverkeerdienstinspekteur" 'n lugverkeerdienstinspekteur aangewys ingevolge artikel 5(4)(a) van die Wet (air traffic service inspector);

"lugverkeerdienstpersoneel" lugverkeerbeheerders en lugverkeerdienstassistenten (air traffic service personnel);

"lugverkeerdienstvlugplan" bepaalde inligting, met betrekking tot 'n voorgenome vlug of gedeelte van 'n vlug van 'n lugvaartuig, wat aan 'n lugverkeerdienseenheid verskaf word (air traffic service flight plan);

"lugverkeerbeheerder" die houer van 'n geldige lugverkeerdienstlisensie en geldige gradering wat so 'n houer toelaat om 'n lugverkeerbeheerdienst te verskaf (air traffic controller);

"lugweg" 'n beheergebied of 'n gedeelte daarvan ingestel in die vorm van 'n korridor toegerus met radionavigasiehulpmiddels (airway);

"lugwaardig", wanneer gebruik met betrekking tot 'n lugvaartuig, dat die lugvaartuig diensbaar is en voldoen aan alle vereistes voorgeskryf vir die uitreiking van 'n lugwaardigheidsertifikaat en die ander vereistes wat voorgeskryf is vir die voortdurende geldigheid van so 'n sertifikaat (airworthy);

"lugwaardigheidsgegewens" enige inligting wat nodig is om te verseker dat 'n lugvaartuig of 'n lugvaartuigkomponent in 'n lugwaardige toestand onderhou kan word (airworthiness data);

"lugwaardigheidsstandaarde" ook onderhoudstandaarde (airworthiness standards);

"lynvlieg" vlieg uitgevoer deur boordbemanning onder normale handelsbedryf (line flying);

"lynvlug" 'n handelsvlug uitgevoer onder normale bedryf deur die houer van 'n lisensie uitgereik ingevolge die Wet op die Lisensiering van Lugdienste, 1990 (Wet No. 115 van 1990), of die Wet op Internasionale Lugdienste, 1993 (Wet No. 60 van 1993) (line flight);

"maatskappy" 'n maatskappy soos omskryf in atikel 1 van die Maatskappywet, 1973 (Wet No. 61 van 1973) (company);

"Mach-getal" die verhouding van werklike lugspoed tot die spoed van klank (Mach number);

"maksimum goedgekeurde passasiersitplekstand" die maksimum passasiersitplekvermoë van 'n lugvaartuig, uitgesluit die vlieëniersitplekke, stuurkajuitsitplekke of vliegdeksitplekke soos, van toepassing, wat gebruik word deur die operateur in 'n handelslugvervoerbedryf, goedgekeur word deur die Kommissaris en gespesifiseer word in die bedryfshandleiding bedoel in regulasies 121.04.2, 127.04.2 of 135.04.2 (maximum approved passenger seating configuration);

"maksimum gesertifiseerde massa" die maksimum toelaatbare massa getoon in die lugvaartuigvlieghandleiding of ander dokument wat verband hou met die lugwaardigheid-sertifikaat waarteen die lugvaartuig die opstyging kan begin onder standaardatmosferiese toestande by seespieël (maximum certificated mass);

"maneuvreergebied" daardie gedeelte van 'n vliegveld wat gebruik word vir die opstyging, landing en die ry van lugvaartuie, uitgesonderd 'n laaiblad (manoeuvring area);

"Meester" die Meester soos omskryf in artikel 1 van die Boedelwet, 1965 (Wet No. 66 van 1965) (Master);

"medevlieënier" 'n gelisensieerde vlieënier wat in enige ander vlieëniershoedanigheid as dié van gesagvoerder optree maar uitgesonderd 'n vlieënier wat aan boord van die lugvaartuig is vir die uitsluitlike doel om vliegonderrig te ontvang (co-pilot);

"mengboustrukture of -komponente" lugvaartuigkomponente vervaardig van vesels ingelê in 'n polimere matrys (composite structures and components);

"mikro-ligte vliegtuig" 'n vliegtuig waarvan die leë massa nie 450 kilogram oorskry nie (microlight aeroplane);

"minimum-afdalingsaltitude/hoogte" 'n bepaalde altitude of hoogte in 'n nie-presisienadering of kringvlugnadering waaronder afdaling nie gedoen mag word sonder sigoriëntasie vir die beoogde aanloopbaan of neerstrykgebied nie (minimum descent altitude/height);

"minimumtoerustinglys" 'n lys wat voorsiening maak vir die bedryf van lugvaartuie, onderworpe aan bepaalde toestande, met bepaalde toerusting buite werking, wat voorberei word deur 'n operateur in ooreenstemming met, of meer beperkend as, die hoofminimumtoerustinglys ingestel vir die lugvaartuigtype (minimum equipment list);

"naderingsbeheerdiens" 'n lugverkeerbeheerdiens vir aankomende of vertrekkende beheerde vlugte in beheerde lugruime (approach control service);

"naderingsbeheerkantoor" 'n lugverkeerbeheereenheid ingestel om 'n lugverkeerbeheerdiens in die beheerde lugruim waarvoor dit verantwoordelik is, te verskaf aan beheerde vlugte wat by of van een of meer vliegvelde aankom of vertrek (approach control office);

"nag" die tydperk van 15 minute na sonsondergang tot 15 minute voor sonsopkoms, sonsondergang en sonsopkoms synde soos aangetoon in die publikasie "Tye van Sonop, Sononder en Plaaslike Skynbare Middag van die Suid-Afrikaanse Astronomiese Observatorium" of 'n soortgelyke publikasie uitgereik deur 'n erkende astronomiese observatorium (night);

"nagdiens" 'n tydperk van minstens 4 uur tussen 20h00 en 06h00 van die volgende dag (night duty);

"nat aanloopbaan" 'n aanloopbaan waarvan minder as 25 persent van die oppervlakte bedek is met water, modder of los sneeu of wanneer daar voldoende vogtigheid op die aanloopbaanoppervlakte is om te veroorsaak dat dit weerkaatsend voorkom, maar sonder aansienlike gebiede van staande water (wet runway);

"neerstrykgebied" 'n vragdraende gebied waarop 'n helikopter kan neerstryk (touch-down area);

"noodhulp" noodhulp toepaslik vir die tipe lugvaartuig, met inbegrip van -

- (a) die uitkenning en behandeling van voedselvergiftiging;
- (b) die uitkenning en behandeling van besmetting van die vel en oë deur lugvaartbrandstof en ander vloeistowwe;
- (c) die uitkenning en behandeling van suurstoftekorte en asemhalingsprobleme;
- (d) noodhulp verbonde aan oorlewingsopleiding, toepaslik vir die roetes wat bedryf gaan word; en
- (e) ander verbandhoudende aëromediese aspekte (first aid);

"noodliggingsender" toerusting wat onderskeidende seine uitsend op aangewese frekwensies en wat, afhangend van die toepassing daarvan, of 'n neerstorting kan waarneem en outomaties kan bedryf, of met die hand aktiveer kan word (emergency locator transmitter);

"noodvalskerm" 'n valskermstelsel ontwerp en bestem om gebruik te word deur persone in 'n noodgeval (emergency parachute);

"nuut opgeknep", wanneer gebruik word om 'n produk te beskryf, dat die produk nie bedryf of in diens gestel is nie, behalwe vir funksionele toetsing, sedert dit opgeknep, inspekteer of goedgekeur is vir vrystelling vir diens ooreenkomstig die bepalings van hierdie Regulasies (newly overhauled);

"omhulsel" 'n omhulsel gebruik deur 'n enkele verskeper om een of meer pakkette te bevat en om een hanteringseenheid te vorm vir gerief van hantering en berging (overpack);

"omskrewe punt"

- (a) met betrekking tot 'n omskrewe punt na opstyging, die punt, binne die opstygings- en aanvanklike stygfase, waarvoor die helikopter se vermoë om veilig met die vlug voort te gaan, met een motor buite werking, nie verseker is nie en 'n noodlanding nodig kan wees; en
- (b) met betrekking tot 'n omskrewe punt voor landing, die punt, binne die naderings- en landingsfase, waarna die helikopter se vermoë om veilig met die vlug voort te gaan, met een motor buite werking, nie verseker is nie en 'n noodlanding nodig kan wees (defined point);

"onbemande vryballon" 'n nie-kragaangedrewe, onbemande ligter-as-lug lugvaartuig in vrye vlug (unmanned free balloon);

"onderbreking", vir die doeleindes van Deel 65, 'n tydperk van hoogstens 60 minute binne 'n tydperk van bedryfsdiens, waartydens 'n lugverkeerbeheerder van alle pligte onthef is (break);



"onderhoud" alle werk gedoen ooreenkomstig 'n vervaardiger se aanbevelings en goedgekeurde onderhoudstabelle en ook inspeksie, verstelling, vervanging, regstelling, herstel, modifikasie, opknapping, vervaardiging en toetsing (maintenance);

"ondersoek", met betrekking tot ongelukke en voorvalle, 'n proses onderneem vir die doel van ongeluksvoorkoming en sluit in die versameling en evaluering van inligting, die afleiding van gevolgtrekkings, met inbegrip van die vasstelling van die oorsaak, oorsake, waarskynlike oorsaak of waarskynlike oorsake van 'n ongeluk of die onderliggende oorsaak of oorsake wat aanleiding tot die ongeluk gegee het en, waar toepaslik, die maak van aanbevelings in verband met lugvaartveiligheid (investigation);

"ondersoeker" 'n gemagtigde beampte of gemagtigde persoon aangewys deur die Kommissaris ingevolge regulasie 12.01.4 (investigator);

"ondersoeker-in-bevel" 'n gemagtigde beampte aangewys deur die Kommissaris op grond van sy of haar kwalifikasies en belas met die verantwoordelikheid vir die organisering, waarneming en beheer van en die verslagdoening oor die ondersoek van 'n ongeluk of voorval (investigator-in-charge);

"ongeluk", vir die doeleindes van die omskrywing van "ongeluk" in artikel 1 van die Wet, ook 'n gebeurtenis voortvloeiend uit die bedryf van 'n lugvaartuig wat plaasvind tussen die tyd waarop 'n persoon aan boord van die lugvaartuig gaan met die doel om 'n vlug mee te maak en die tyd waarop alle persone wat aldus aan boord gegaan het, uit die lugvaartuig gestap het, waartydens -

- (a) enigiemand die lewe laat of ernstig beseer word terwyl -
  - (i) aan boord van die lugvaartuig;
  - (ii) in regstreekse aanraking met enige deel van die lugvaartuig, insluitend dele wat losgeraak het of afval van die lugvaartuig; of
  - (iii) regstreeks blootgestel aan stralerspuiting, of rotor- of skroefvolgstroom, behalwe waar die beserings voortspruit uit natuurlike oorsake of selftoegedien of toegedien is deur ander persone, of wanneer beserings berokken word aan verstekeling wat wegkruip buite die ruimtes normaalweg beskikbaar vir passasiers en boordbemanning; of
- (b) die lugvaartuig skade opdoen of strukturele breuk wat -
  - (i) die struktuursterkte, werkverrigting of vliegeienskappe van die lugvaartuig nadelig raak; en
  - (ii) wat normaalweg groot herstel of vervanging van die betrokke komponent sou vereis, behalwe vir motorweiering of -skade waar die skade beperk is tot die motor, sy omhulsels of bykomstighede daarvan, of vir skade beperk tot skroewe, vlerkpunte, antennes, buitebande, remme, wielklappe, klein induikings of prikgate in die huid van die lugvaartuig; of



(c) die lugvaartuig steeds vermis word na beeëindiging van 'n amptelike soektog en die wrak nog nie gevind is nie; of

(d) die lugvaartuig op 'n plek beland het waar dit heeltemal ontoeganklik is (accident);

"ontvangtoestel" 'n houer wat gebruik word vir of in staat is om stowwe of artikels te ontvang en te hou, insluitend 'n sluitingsmiddel (receptacle);

"oorlandse vlug" wanneer gebruik word in verband met die opdoen van vliegondervinding vereis vir 'n vlieënierslisensie, 'n vlug tussen 'n punt van vertrek en 'n punt van landing nie minder nie as 20 seemyl uitmekaar (cross-country flight);

"oorsaak", vir die doeleindes van Deel 12, enige optrede, nalate, gebeurtenis, toestand of enige kombinasie daarvan, wat aanleiding gee tot 'n ongeluk of voorval (cause);

"openbare lugvervoerdiens" 'n lugdiens wat as sy hoofdoel het die vervoer van passasiers, vrag of pos (public air transport service);

"operateur" 'n persoon, organisasie of onderneming wat lugvaartuigbedryf onderneem, of aanbied om dit te onderneem (operator);

"opleiding" -

(a) die opleiding; of

(b) die toetse of die verifikasies van vaardigheid of bedrewendheid, gespesifiseer in hierdie Regulasies (training);

"opstyging in swak sigbaarheid" 'n opstyging waar die aanloopbaansigbereik minder is as 400 meter (low visibility take-off);

"opstygingsbeslissingspunt" die punt wat gebruik word by die vasstelling van die opstygingswerkverrigting vanwaar, indien 'n kragteenheidweiering by hierdie punt waargeneem word, of 'n afgewysde opstyging gedoen kan word of met 'n opstyging veilig voortgegaan kan word (take-off decision point);

"opstygingsmassa" die massa van die lugvaartuig, insluitend enigiets en enige persoon wat in die lugvaartuig vervoer word by die aanvang van die opstygingsaanloop of opstyging, na gelang van die geval (take-off mass);

"organisasie" ook 'n natuurlike persoon, trust, maatskappy, beslote korporasie en vrywillige vereniging (organisation);

"outomatiese aktiveringstoestel" 'n outomatiese aktiveringstoestel vir altitude en neerdalingstempo wat ontwerp is om 'n valskerm self te aktiveer (automatic activation device);

"pakket" die volledige produk van die pakking bestaande uit die verpakking en die inhoud daarvan voorberei vir vervoer (package);

"pakking" die proses waardeur 'n artikel of stof omvat word in 'n omslag, ingesluit word in 'n verpakking of andersins beveilig word (packing);

"parasweeftuig" 'n hangswweeftuig met geen vaste primêre struktuur nie (paraglider);

"passasierslugvaartuig" 'n lugvaartuig wat enige ander persoon as 'n boordbemanningslid, 'n werknemer van 'n operateur in 'n amptelike hoedanigheid, 'n gemagtigde beampite of 'n persoon wat 'n besending of ander vrag vergesel, vervoer (passenger aircraft);

"plafon" die hoogte bo die oppervlakte van die onderkant van die laagste wolklaag onder 20 000 voet wat meer as die helfte van die uitspansel vul (ceiling);

"posisiebepaling vir finale nadering" die posisiebepaling vanwaar die finale nadering (IFR) na 'n vliegveld uitgevoer word en wat die aanvang van die finale naderingsegment identifiseer (final approach fix);

"presisienadering" 'n instrumentnadering vir landing waarin presisie-asimut- en presisiesweefbaanleiding voorsien word ooreenkomstig die minima voorgeskryf vir die kategorie bedryf (precision approach);

"produk" 'n lugvaartuig, lugvaartuigmotor of -skroef, en ook die klasse produkte of die tipes lugvaartuie bedoel in Deel 21 (product);

"produksie-vervaardigde lugvaartuig" 'n lugvaartuig met nie meer as vier sitplekke en 'n maksimum gesertifiseerde massa van 2 700 kilogram of minder -

(a) wat vervaardig word vir herverkoop in die volledige vervaardigde toestand; en

(b) waarvan minstens 51 persent van die vliegraam gebou en saamgestel is uitsluitlik vir nie-handelsdoeleindes (production-built aircraft);

"prosesvrystellingssertifikaat of -verslag" 'n sertifikaat of verslag wat voldoening aan 'n spesifieke prosesstandaard verifieer (process release certificate or report);

"pro tem-ondersoeker" 'n gemagtigde persoon aangewys deur die Kommissaris ingevolge regulasie 12.01.5 (pro tem investigator);

"prosedures vir swak sigbaarheid" prosedures toegepas by 'n vliegveld vir die doel om veilige bedryf te verseker gedurende naderings en opstygings in swak sigbaarheid (low visibility procedures);

"reddingsdiens" 'n diens soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Brandweerdienste, 1987 (Wet No. 99 van 1987), 'n mediese diens of enige verbandhoudende diens (rescue service);

"reënvaste bedryf" enige opstygings-, onderweg-, of landingsbedryf in IMC en wat bedryf word ooreenkomstig IFR (all weather operations);

"register" die register van Suid-Afrikaanse lugvaartuie bedoel in regulasie 47.00.14;

"reserwevalskerm" 'n noodvalskermstelsel ontwerp en goedgekeur om gebruik te word as die sekondêre valskerm na die weiering van 'n hoofvalskerm (reserve parachute);

"rotortuig" 'n kragaangedrewe swaarder-as-lug lugvaartuig ondersteun word in vlug deur die reaksies van die lug op een of meer rotors (rotorcraft);

"ry" die beweging van 'n lugvaartuig op die oppervlakte van 'n vliegveld onder eie krag, uitgesonderd opstyging en landing (taxi);

"rybaan" 'n omskewe baan op 'n landvliegveld wat opgerig is sodat lugvaartuie daarlangs kan ry en wat bedoel is om voorsiening te maak vir 'n aansluiting tussen een gedeelte van die vliegveld en 'n ander, met inbegrip van 'n lugvaartuigstaanplekrylaan, 'n laaibladrybaan en 'n sneluitgangrybaan (taxiway);

"seemyl" die afstand gelyk aan presies 1 852 meter (nautical mile);

"seevliegtuig" 'n vliegtuig ontwerp en gebou om slegs van wateroppervlaktes op te styg of daarop te land (seaplane);

"sektor" ook opstyging, onderweg-vliegtyd en landing, maar uitgesonderd kringvlugbedryf (sector);

"Selcal-wag" and "Selcal-roepsein" 'n selektiewe oproepstelsel om kommunikasie te bewerkstellig met lugvaartuie deur die gebruik van 'n bepaalde kode wat deur apparaat in die lugvaartuig opgespoor word (Selcal watch and Selcal call sign);

"sigbaarheid" die vermoë, soos bepaal deur atmosferiese toestande en uitgedruk in meeteenhede, om prominente onverligte voorwerpe in die dag te sien en prominente verligte voorwerpe in die nag (visibility);

"signadering" 'n nadering wanneer of sommige of alle instrumentnaderingsprosedures onvoltooid is en die nadering uitgevoer word met sigoriëntasie na die terrein (visual approach);

"sigsweerstoestande" atmosferiese toestande uitgedruk in terme van sigbaarheid, afstand van wolke af, of van plafon, gelyk aan of beter as die minima voorgeskryf vir VFR-vlug in regulasie 91.06.21 (visual meteorological conditions);

"SIGMET-inligting" inligting uitgereik deur 'n weerkundige wagkantoor betreffende die voorkoms of onverwagte voorkoms van gespesifiseerde onderweg-weersverskynsels wat die veiligheid van lugvaartuigbedryf kan raak (SIGMET information);

"simuleerder" -

- (a) 'n toestel vir vliegprosedures-opleiding of sintetiese vliegopleiding;
- (b) 'n tipe-spesifieke vliegsimuleerder; of
- (c) enige ander opleidingstoestel wat deur die Kommissaris goedgekeur word (simulator);

"sitplek" ook enige gebied beset deur 'n passasier, uitgesonderd die gebied beset deur die bagasie van so 'n passasier, binne 'n lugvaartuig (seat);

"skof" die tydperk tussen die werklike aanvang en die werklike einde van 'n dienstyl waartydens 'n lugverkeerbeheerder die voorregte van die gradering by die lugverkeerdienseenheid waarvoor sodanige gradering geldig gemaak is, uitoefen, of opgeroep kan word om uit te oefen, en sluit in onderbrekings en tyd bestee aan ander pligte insluitend opleiding, vliegveldinspeksie, administrasie, vluginligtingsdiens en enige verlenging van diens (shift);

"skofsiklus" 'n agtereenvolgende tydperk van 28 dae (shift cycle);

"sneluitgangrybaan" 'n rybaan wat met 'n skerp hoek met 'n aanloopbaan verbind is en wat ontwerp is om lugvaartuie wat land, toe te laat om af te draai teen hoër snelhede as wat op ander uitgangrybane bereik word ten einde daardeur aanloopbaanbesettingstye te verminder (rapid exit taxiway);

"spesiale VFR-vlug" 'n VFR-vlug geklaar deur lugverkeerbeheer om te vlieg binne 'n beheersone in weerstoestande onder die sigsweerstoestande (special VFR flight);

"Staat van die Operateur" die Staat waarin die hoofbesigheidsplek van 'n operateur van 'n lugvaartuig geleë is of, indien daar geen sodanige besigheidsplek is nie, die Staat waar die operateur van die lugvaartuig permanente verblyf hou (State of the Operator);

"Staat van Ontwerp" die Staat wat bevoegdheid het oor die organisasie verantwoordelik vir die tipe-ontwerp van 'n lugvaartuig (State of Design);

"Staat van Registrasie" die Staat op wie se register 'n lugvaartuig ingeskryf is (State of Registry);



"Staat van Vervaardiging" die Staat wat bevoegdheid het oor die organisasie verantwoordelik vir die finale samestel van 'n lugvaartuig (State of Manufacture);

"standaard kategorie" 'n kategorie vir normale, vervoer-, utiliteits-, en gebruikersbedryf, insluitend kunsvlieg-, mediese nooddiens-, vliegopleiding-, semi-kunsvlieg-, helikopterbuitenvrag-, en bemande vry ballonbedryf (standard category);

"standaard opleiding" voortgesette opleiding (standard training);

"subsoniese vliegtuig" 'n vliegtuig wat nie in staat is om gelykvlug teen snelhede wat die vlug-Machgetal van een oorskry, te handhaaf nie (subsonic aeroplane);

"Suid-Afrikaans-geregistreerde lugvaartuig" enige lugvaartuig wat deur die Kommissaris ingevolge regulasie 47.00.6 geregistreer word (South African registered aircraft);

"suigeling" 'n passasier wat nog nie sy of haar tweede verjaarsdag bereik het nie (infant);

"swaarder-as-lug lugvaartuig" 'n lugvaartuig wat sy hefkrag in vlug hoofsaaklik ontleen aan aërodinamiese kragte (heavier-than-air aircraft);

"sweeftuig" 'n nie-kragaangedrewe swaarder-as-lug lugvaartuig, buiten 'n hangsweeftuig, wat sy hefkrag in vlug hoofsaaklik ontleen aan aërodinamiese reaksies op oppervlakke wat onder bepaalde vliegtoestande onveranderd bly, en sluit vir die doeleindes van hierdie Regulasies, 'n aangedrewe sweeftuig in (glider);

"tandemmeester" die persoon verantwoordelik vir die regstreekse beheer van 'n tandemvalskermneerdaling met gebruik van 'n tandemvalskerm samestel wanneer 'n tandemryer vervoer word en wat gemagtig is deur 'n goedgekeurde lugvaartontspanningsorganisasie (tandem master);

"tandempaar" 'n tandemmeester en tandemryer (tandem pair);

"tandemryer" 'n persoon wat deelneem aan 'n tandemvalskermneerdaling onder die regstreekse beheer van 'n tandemmeester wat die sekondêre tuig van 'n tandemtuigstelsel gebruik (tandem rider);

"tandemvalskermneerdaling" 'n valskermneerdaling met 'n tandemryer en tandemmeester in 'n gemeenskaplike valskerm samestel wat onder die regstreekse beheer van die tandemmeester is (tandem parachute descent);

"tipe lugvaartuig" alle lugvaartuie van dieselfde basiese ontwerp insluitend alle modifikasies daaraan behalwe daardie modifikasies wat 'n verandering in hanterings- en vliegeienskappe meebring (type of aircraft);

"typesertifikaat" 'n ontwerpgoedkeuring vir 'n Klas I-produk uitgereik ingevolge regulasie 21.02.8 (type certificate);

"toepaslike owerheid" -

- (a) enige instelling, liggaam of persoon in 'n Staat of gebied wat namens daardie Staat of gebied die bepalinge van die Konvensie uitvoer; of
- (b) indien sodanige Konvensie nie van toepassing is op 'n Staat of gebied nie, die instelling, liggaam of persoon in daardie Staat of gebied wat namens die Staat of gebied, die werksaamhede verrig wat verrig word deur 'n instelling, liggaam of persoon beoog in paragraaf (a),

en wat as sodanig deur die Kommissaris erken word (appropriate authority);



"toestel" enige instrument, meganisme, toerusting, onderdeel, apparaat, toebehore of bybehore, insluitend kommunikasietoerusting, wat gebruik word of bestem is om gebruik te word by die bedryf of beheer van 'n lugvaartuig in vlug, wat geïnstalleer is in of geheg is aan die lugvaartuig, en nie deel is van 'n vliegtuig, motor of skroef nie (appliance);

"totale kosmiese bestraling" die totaal van ioniserende en neutronbestraling van melkweg- en sonsoorsprong (total cosmic radiation);

"trust" 'n trust soos omskryf in die Wet op Beheer van Trustgoed, 1988 (Wet No. 57 van 1988) (trust);

"TSO-magtiging" 'n ontwerp- en produksiegoedkeuring uitgereik aan die vervaardiger van 'n artikel wat voldoen aan 'n spesifieke TSO (TSO authorisation);

"TSO-ontwerpgoedkeuringsbrief" 'n ontwerpgoedkeuring vir 'n buitelandse-vervaardigde artikel wat voldoen aan 'n bepaalde TSO (letter of TSO design approval);

"tydelike opleiding" enige periodieke opleiding (temporary training);

"tydperk van bedryfsdiens" die tydperk waartydens 'n lugverkeerbeheerder werklik besig is om die voorregte van die lugverkeerdienstlisensie uit te oefen (period of operational duty);

"uitdunning" ook die uitsoek, tel en aanjaag van wild en vee (cull);

"uitlatingsverandering" 'n vrywillige verandering in tipe-ontwerp van die lugvaartuig of motor wat brandstofontlating of motoruitlating kan verhoog (emission change);

"uitwykbestemmingsvliegveld" 'n vliegveld gespesifiseer in die lugverkeerdienstvlugplan waarheen 'n vlug kan voortgaan wanneer dit onmoontlik of onraadsaam word om by die vliegveld van beoogde landing te land (destination alternate aerodrome);

"uitwykonderwegvliegveld" 'n vliegveld waarby 'n lugvaartuig in staat sou wees om te land nadat 'n abnormale of noodtoestand terwyl dit onderweg is, ondervind is (en route alternate aerodrome);

"uitwykopstygingsvliegveld" 'n vliegveld waarheen 'n vlug kan voortgaan indien die weerstoestande by die vliegveld van vertrek 'n terugkeer vir landing uitsluit (take-off alternate aerodrome);

"uitwykvliegveld" 'n vliegveld waarheen 'n lugvaartuig kan gaan wanneer dit onmoontlik of onraadsaam is om voort te gaan na of om te land by die vliegveld van beoogde landing, en ook 'n uitwykopstygings-, uitwykonderweg-, en uitwykbestemmingsvliegveld (alternate aerodrome);

"valskerm" enige toestel bestaande uit 'n buigsame sleur-, of sleur- en ophef-, draagdoek, waarvan vrag hang deur middel van valskermtoues wat vanuit 'n verpakte toestand vatbaar is vir beheerde ontplooiing (parachute);

"valskermneerdaling" 'n neerdaling gedoen van 'n lugvaartuig deur 'n persoon met die vooraf bedoeling om 'n valskerm te ontplooi (parachute descent);

"valskermneerdalingsone" 'n aangewese gebied van lugruim waarin valskermneerdalings bestem is om gedoen te word (parachute drop zone);

"valskermneerstrykgebied" 'n gebied van grond of water waarop valskermneerlandings bestem is om gedoen te word (parachute landing area);

"valskermsamestel" 'n valskerm en die gepaardgaande tuig- en houerstelsel, en ander aangehegte toerusting vir gebruik deur 'n persoon (parachute assembly);

"valskermtegnikus" 'n persoon wat valskermtoerusting sertifiseer (parachute technician);  
"vasgestelde openbare lugvervoerdienste" 'n openbare lugvervoerdienste in verband waarmee vlugte onderneem word -

- (a) (i) tussen dieselfde twee of meer punte; of
- (ii) met so 'n geringe afwyking van dieselfde twee of meer punte dat elke vlug redelikerwys geag kan word tussen dieselfde twee of meer punte te wees;
- (b) (i) volgens 'n gepubliseerde vliegrooster; of
- (ii) so gereeld en veelmalig dat dit 'n herkenbare sistematiese reeks uitmaak; en
- (c) op so 'n wyse dat elke vlug oop is vir gebruik deur lede van die publiek (scheduled public air transport service);

"veilige onderweg-altitude" 'n altitude wat 'n skeidingshoogte van minstens 1 500 voet sal verseker bo die hoogste hindernis geleë binne vyf seemyl van die lugvaartuig in vlug (en route safe altitude);

"veiligheid" afwesigheid van risiko vir liggaamlike besering of dood en afwesigheid van risiko vir verlies of skade aan eiendom (safety);

"veiligheidsaanbeveling" 'n voorstel van die ondersoeker-in-bevel gegrond op inligting ontleen aan die ondersoek en gedoen met die bedoeling om ongelukke of voorvalle te voorkom (safety recommendation);

"verbode gebied" 'n gebied omskryf in regulasie 91.06.19 (prohibited area);

"verhewe helihawe" 'n helihawe geleë op 'n verhewe struktuur op grond (elevated heliport);

"verkeerslading" die totale massa van passasiers, bagasie en vrag, insluitend enige nie-inkomstevrag (traffic load);

"verpakking" 'n houer en enige ander komponent of materiaal nodig vir die houer om sy bevattingfunksie te vervul en om voldoening te verseker aan die vereistes en standarde soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-DG (packaging);

"verseker", met betrekking tot enige persoon, liggaam of instelling en ten opsigte van enige saak, aktiwiteit, proses, toestand, vereiste of ander persoon, of enigiets anders, om, te goeder trou, en met inagneming van die aard en samehang van die bepaling wat die versekering vereis, en alle ander toepaslike regsbepalings, alle noodsaaklike, en alle redelikerwys verbandhoudende en prakties uitvoerbare voorlopige, voorafgaande en voorsorgstappe te doen ten einde in staat te wees en voorbereid om, en om daarna, alle noodsaaklike, en alle redelikerwys verbandhoudende en prakties uitvoerbare stappe te doen, om wesenlik die duidelike besondere doelstellings van die bepaling wat die versekering vereis en, in die algemeen, die bevordering van burgerlugvaarthedveiligheid en die openbare belang, te bereik (ensure);

"verskeper" 'n persoon wat 'n pakket of omhulsel van gevaarlike goedere vir vervoer deur die lug voorberei of aanbied (shipper);

"verstelbare lugskroef" 'n skroef waarvan die spoedhoek gerieflik verander kan word in die loop van gewone veldonderhoudswerk, maar wat nie verander kan word terwyl die lugskroef draai nie (adjustable-pitch propeller);

"vervoer deur die lug" vervoer in 'n lugvaartuig in vlug (conveyance by air);

"verwagte aankomstyd" -

- (a) ten opsigte van IFR-vlugte, die tyd waarteen beraam word dat die lugvaartuig sal aankom oor daardie aangewese punt, omskryf met verwysing na navigasiehulpmiddels, vanwaar dit beoog word dat 'n instrumentnaderingsprosedure 'n aanvang sal neem of, indien geen navigasiehulpmiddel met die vliegveld geassosieer word nie, die tyd waarteen die lugvaartuig oor die vliegveld sal aankom; en
- (b) ten opsigte van VFR-vlugte, die tyd waarteen dit beraam word dat die lugvaartuig oor die vliegveld sal aankom (estimated time of arrival);

"vliegdekbemanningslid" 'n gelisensieerde boordbemanningslid belas deur die operateur van 'n lugvaartuig met pligte wesenlik vir die bedryf van 'n lugvaartuig (flight deck crew member);

"vlieginstrukteur" 'n vlieënier wat die houer is van die toepaslike vlieginstrukteursgradering (flight instructor);

"vlieggraam" 'n romp, stertkant en vlerke of rotors (airframe);

"vliegsigbaarheid" die sigbaarheid vorentoe vanuit die stuurkajuit van 'n lugvaartuig in vlug (flight visibility);

"vliegtuig" 'n kragaangedrewe swaarder-as-lug lugvaartuig wat sy hefkrag in vlug hoofsaaklik ontleen aan aërodinamiese reaksies op oppervlakke wat onder bepaalde vliegtoestande onveranderd bly (aeroplane);

"vliegtyd" al die tyd wat deur 'n vlug in beslag geneem word, tesame met die tyd wat in beslag geneem word van die oomblik waarop die lugvaartuig vir die eerste keer met eie krag beweeg om op te styg tot die oomblik waar dit aan die einde van die vlug tot stilstand kom (flight time);

"vliegveld" 'n vliegveld soos omskryf in die Wet, en sluit, vir doeleindes van hierdie Regulasies, 'n helihawe in (aerodrome);

"vliegveldbedryfsgebied" -

- (a) uitgesonderd beperkingsgebiede en laaiblaaie, die bewegingsgebied by 'n vliegveld en verbandhoudende stroke en veiligheidsgebiede; en
- (b) enige grondinstallasie of fasiliteit verskaf by 'n vliegveld vir die veiligheid van lugvaartuigbedryf (aerodrome operational area);

"vliegveldbedryfsminima" die perke van bruikbaarheid van 'n vliegveld vir of opstyging of landing, gewoonlik uitgedruk in terme van sigbaarheid of aanloopbaansigbereik, beslissingsaltitude/hoogte of minimum neerdalingsaltitude/hoogte en wolktoestande (aerodrome operating minima);

"vliegveldbeheerdiens" 'n lugverkeerbeheerdiens wat vir die beheer van vliegveldverkeer verskaf word (aerodrome control service);

"vliegveldbeheertoring" 'n lugverkeerbeheereenheid ingestel om lugverkeerbeheerdiens te verskaf (aerodrome control tower);

"vliegveldbestuurder" die persoon aangestel as vliegveldbestuurder ingevolge Deel 139 deur die houer van 'n vliegveldlisensie (aerodrome manager);



"vliegveldverkeer" alle verkeer op die manoeuvreegebied van 'n vliegveld en alle lugvaartuie in 'n vliegveldverkeerskring, of wat daarby aansluit of dit verlaat (aerodrome traffic);

"vliegveldverkeersgebied" 'n lugruim van omskrewe afmetings by 'n vliegveld waar 'n vliegveldvuginligtingsentrum in werking is (aerodrome traffic area);

"vliegveldverkeersone" 'n beheerde lugruim by 'n vliegveld waar vliegveldbeheer, ingestel vir die beskerming van vliegveldverkeer, in werking is soos gepubliseer in 'n AIP, AIC of NOTAM en aangewys as 'n vliegveldverkeersone (aerodrome traffic zone);

"vliegveldvuginligtingsdiens" 'n vuginligtingsdiens wat in die gebied van 'n vliegveld verskaf word (aerodrome flight information service);

"vlug" van die oomblik waarop 'n lugvaartuig die opstygning begin tot die oomblik waarop dit die volgende landing voltooi (flight);

"vuginligtingsdiens" 'n diens verskaf vir die doel om advies en inligting te lewer wat nuttig is vir die veilige en doeltreffende onderneming van vlugte (flight information service);

"vuginligtingsentrum" 'n lugverkeerdienseenheid ingestel om vuginligtingsdienste en waarskuwingsdienste te verskaf (flight information centre);

"vuginligtingstreek" 'n lugruim van omskrewe afmetings waarbinne vuginligtingsdienste en waarskuwingsdienste verskaf word (flight information region);

"vlugopnemer" 'n vlugdata-opnemer en 'n stuurkajuitstemopnemer (flight recorder);

"vlugvlak" 'n vlak van konstante atmosferiese druk, uitgedruk as 'n nommer in honderde van voet, met betrekking tot 'n bepaalde drukdatum van 1 013,2 millibar (flight level);

"vogtige aanloopbaan" 'n aanloopbaan waarvan die oppervlakte nie droog is nie en waarop vogtigheid nie aan die aanloopbaan 'n blink voorkoms gee nie (damp runway);

"voorlopige verslag" die kommunikasie gebruik vir vinnige verspreiding van gegewens verkry in die vroeë stadia van 'n ondersoek (preliminary report);

"voorrade" artikels van 'n gereedlik verbruikbare aard vir gebruik of verkoop aan boord van 'n lugvaartuig gedurende vlug, insluitend voedselvoorrade ((stores);

"voorval" 'n ander gebeurtenis as 'n ongeluk, geassosieer met die bedryf van 'n lugvaartuig, wat die veiligheid van lugvaartbedryf raak of kan raak (incident);

"voorwaarde", wat opgelê word deur die Kommissaris of enige ander persoon, liggaam of instelling, as 'n funksionaris, aan, en waaraan voldoen moet word deur, 'n ander persoon, liggaam of instelling in die geval van aansoeke om goedkeuring, toestemming of verlof met betrekking tot enige saak, voorwerp of aktiwiteit, of in enige ander geval met betrekking tot enigiets anders, onderworpe aan ander relevante bepalings van die Wet, hierdie Regulasies of enige ander toepaslike en relevante wet, 'n voorwaarde -

- (a) wat duidelik, redelik, prakties uitvoerbaar en paslik vir die betrokke aangeleentheid is;
- (b) wat bereken is om die besondere oogmerke van die betrokke magtigende bepaling, saamgelees met die Wet en hierdie Regulasies en enige ander relevante en toepaslike wet, en, in die algemeen, die bevordering van burgerlugvaarthedveiligheid en die openbare belang, te bereik;



- (c) wat binne die geldigheidsduur van die aangeleentheid ten opsigte waarvan die voorwaarde opgelê word (indien enige) van tyd tot tyd gewysig kan word op skriftelike aansoek van die persoon, liggaam of instelling ten opsigte van wie die voorwaarde opgelê word;
- (d) wat bepaal dat indien die funksionaris wat die voorwaarde opgelê, oortuig is, nadat aan die persoon, liggaam of instelling bedoel in paragraaf (c) 'n redelike geleentheid gebied is om aangehoor te word, dat 'n oortreding of versuim om te voldoen aan die voorwaarde of 'n bepaling daarvan, voorgekom het, die funksionaris, in sy of haar diskresie, die persoon, liggaam of instelling binne 'n vermelde tydperk kan toelaat om die oortreding te staak of om die versuim om te voldoen, reg te stel, tot bevrediging van die funksionaris, of om daardie persoon in kennis te stel dat die voorwaarde geag word te verval het en dat so 'n persoon, liggaam of instelling onverwyld die uitvoering van die aangeleentheid ten opsigte waarvan die vervalde voorwaarde toepaslik was, moet staak; en
- (e) wat op skrif gestel moet word, gelewer moet word aan die ander persoon, liggaam of instelling op 'n wyse wat behoorlike ontvangs daarvan verseker, en aangeteken moet word deur die funksionaris wat die voorwaarde opgelê op 'n toepaslike wyse (condition);

"vraglugvaartuig" enige ander lugvaartuig as 'n passasierslugvaartuig, wat goedere of besittings vervoer (cargo aircraft);

"vrystelling vir diens" -

- (a) met betrekking tot 'n lugvaartuig -
  - (i) ten opsigte van getabelleerde onderhoud, die uitreiking van 'n vrystellingserifikaat vir diens; en
  - (ii) ten opsigte van lynonderhoud, die toepaslike inskrywing in die tegniese logboek of vlugfoliant, na gelang van die geval; en
- (b) met betrekking tot 'n lugvaartuigkomponent, die uitreiking van -
  - (i) 'n diensbare etiket; of
  - (ii) 'n sertifikaat met betrekking tot die onderhoud van 'n lugvaartuig (release to service);

"waarskuwingsdiens" 'n diens wat verskaf word om die toepaslike organisasies in kennis te stel en by te staan met betrekking tot lugvaartuie wat seek-en-reddingshulp benodig en om soos doenlik sodanige organisasies te help (alerting service);

"wannaderingspunt" daardie punt, in 'n instrumentnaderingsprosedure, waarby of waarvoor die voorgeskrewe wannaderingsprosedure ingestel moet word, ten einde te verseker dat die minimum hindernisoorheengang nie aangetas word nie (missed approach point);

"wannaderingsprosedure" die prosedure wat gevolg moet word indien die nadering nie kan voortgaan nie (missed approach procedure);

"weerkundige diens" enige van die volgende dienste wat weerkundige inligting ter ondersteuning van lugvaart verskaf:

- (a) Klimatologiese diens, wat 'n diens is vir die ontwikkeling en verskaffing van klimatologiese inligting vir 'n bepaalde plek of lugruim;
- (b) voorspellingsdiens, wat 'n diens is vir die verskaffing van voorspelde weerkundige inligting vir 'n bepaalde gebied of gedeelte van lugruim;
- (c) inligtingverspreidingsdiens, wat 'n diens is vir die versameling en verspreiding van weerkundige inligting;
- (d) weerkundige voorligtingsdiens, wat 'n diens is vir die verskaffing van skriftelike of mondelinge weerkundige inligting oor bestaande en verwagte weerstoestande;
- (e) weerkundige verslagdoeningsdiens, wat 'n diens is vir die voorsiening van roetine weerverslae; en
- (f) weerkundige wagdiens, wat 'n diens is vir die monitering van weerstoestande wat lugvaartuigbedryf in 'n bepaalde gebied raak (meteorological service);

"weerkundige inligting" enige weerverslag, -ontleding of -voorspelling ter ondersteuning van lugvaart, en enige ander verklaring ter ondersteuning van lugvaart met betrekking tot bestaande of verwagte weerstoestande (meteorological information);

"wolkplafon" die hoogte bo die grond of water van die onderkant van die laagste wolklaag geleë onder 20 000 voet wat meer as die helfte van die uitspannel vul (cloud ceiling).

## Afkortings

### 1.00.2 In hierdie Regulasies beteken -

- (a) AGL bo grondvlak;
- (b) AIC 'n lugvaartinligtingsomsendbrief;
- (c) AIP 'n Lugvaartgids;
- (d) AIP SUP 'n AIP-Byvoegsel;
- (e) AIRAC lugvaarkundige inligtingsregulering en -beheer;
- (f) ATZ 'n vliegveldverkeersone;
- (g) CDL 'n standafwykingslys;
- (h) CTA 'n beheergebied;
- (i) CTR 'n beheersone;
- (j) DA/H beslissingsaltitude/hogte;
- (k) DAME 'n aangewese lugvaartmediese onderzoeker;
- (l) ELT noodliggingsender;
- (m) EROPS bedryf oor uitgebreide bereik;
- (n) ETOPS bedryf oor uitgebreide bereik met tweemotorige lugvaartuie;
- (o) FL vlugvlak;
- (p) IAIP Geïntegreerde Lugvaarkundige Inligtingspakket;
- (q) IFR instrumentvliegeregels;

- (r) ILS instrumentlandingstelsel;
- (s) IMC instrumentweerkundige toestande;
- (t) MCM maksimum gesertifiseerde massa;
- (u) MDA/H minimum-afdalingsaltitude/hoogte;
- (v) MEL 'n minimumtoerustinglys;
- (w) MMEL 'n hoof-minimumtoerustinglys;
- (x) MNPS minimum-navigasiewerkverrigtingspesifikasies;
- (y) MSL gemiddelde seespieël;
- (z) NDB 'n nie-gerigte radiobaken;
- (aa) NOTAM 'n Kennisgewing aan Vliegpersoneel;
- (bb) PAR presisienaderingsradar;
- (cc) PBE draagbare inasemingtoerusting;
- (dd) PIB 'n Voorvlug-Inligtingsbulletin;
- (ee) PPI 'n beeldskerm;
- (ff) RNP die vereiste navigasiewerkverrigting;
- (gg) RVR aanloopbaansigbereik;
- (hh) SA-CARs Suid-Afrikaanse Burgerlugvaartregulasies;
- (ii) sm seemyl;
- (jj) STOL kort opstyging en landing;
- (kk) TMA 'n eindbeheergebied;
- (ll) TSO 'n Bevel oor Tegniese Standaard;
- (mm) VFR sigvliegreëls;
- (nn) VHF baie hoë frekwensie;
- (oo) VMC sigsweerstoestande;
- (pp) VOR VHF omni-gerigte radiobereik.

## **DEEL 11**

# **PROSEDURES : PROSEDURES VIR UITVAARDIGING VAN REGULASIES, UITREIKING VAN TEGNIESE STANDAARDE EN VERLENING VAN VRYSTELLINGS**



## **LYS VAN REGULASIES**

### **SUBDEEL 1 : ALGEMEEN**

- 11.01.1 Toepassing
- 11.01.2 Uitreiking van lugvaarkundige inligtingsomsendbriewe

### **SUBDEEL 2 : KOMITEE OP BURGERLUGVAARTREGULASIES**

- 11.02.1 Instelling van die komitee
- 11.02.2 Vergaderings van die komitee
- 11.02.3 Subkomitees van die komitee
- 11.02.4 Vergoeding van lede
- 11.02.5 Administrasie

### **SUBDEEL 3 : PROSEDURES VIR UITVAARDIGING VAN REGULASIES EN UITREIKING VAN TEGNIESE STANDAARDE**

- 11.03.1 Voorlegging van voorstel
- 11.03.2 Hantering van voorstel
- 11.03.3 Oorweging van voorstel
- 11.03.4 Uitvaardiging van regulasie
- 11.03.5 Uitreiking van tegniese standaard

### **SUBDEEL 4 : PROSEDURES VIR VERLENING VAN VRYSTELLINGS**

- 11.04.1 Aansoek om vrystelling
- 11.04.2 Hantering van aansoek om vrystelling
- 11.04.3 Beoordeling van aansoek om vrystelling
- 11.04.4 Verlening van vrystelling
- 11.04.5 Weiering van vrystelling

### **SUBDEEL 5 : NASIONALE LUGRUIMKOMITEE**

- 11.05.1 Instelling van die komitee
- 11.05.2 Vergaderings van die komitee
- 11.05.3 Vergoeding van lede
- 11.05.4 Administrasie

**SUBDEEL 1****ALGEMEEN****Toepassing**

**11.01.1** (1) Hierdie Deel is van toepassing op -

- (a) die instelling van adviesstrukture deur die Kommissaris vir die doeleindes van die Regulasies;
- (b) die prosedures met betrekking tot -
  - (i) die invoering van enige regulasie wat uitgevaardig staan te word kragtens artikel 22 van die Wet;
  - (ii) die wysiging of intrekking van enige regulasie uitgevaardig kragtens artikel 22 van die Wet;
  - (iii) die invoering van enige tegniese standaard wat uitgereik staan te word kragtens artikel 22A van die Wet; en
  - (iv) die wysiging of intrekking van enige tegniese standaard uitgereik kragtens artikel 22A van die Wet; en
- (c) die prosedures met betrekking tot die aansoek om, en die verlening van, 'n vrystelling van enige vereiste voorgeskryf in die Regulasies.

(2) Die bepalings van hierdie Deel wat handel oor die aangeleenthede in subregulasie (1)(c) beoog, is *mutatis mutandis* van toepassing ten opsigte van aansoeke om, en die verlening van, vrystellings in enige ander geval wat in artikel 22(1)(u) van die Wet beoog word.

(3) Hierdie Deel is nie van toepassing nie ten opsigte van -

- (a) 'n bepaalde geval waar die Kommissaris voldoening aan enige prosedure voorgeskryf in hierdie Deel as onprakties, onnodig of strydig met die openbare belang bevind; en
- (b) enige aansoek om 'n vrystelling gedoen ingevolge regulasie 92.00.3.

(4) Geen regulasie, tegniese standaard of vrystelling is ongeldig bloot op grond daarvan dat 'n vereiste in hierdie Deel nie aan voldoen is nie.

**Publikasie van lugvaartkundige inligtingsomsendbriewe**

**11.01.2** Die Kommissaris kan lugvaartkundige inligtingsomsendbriewe publiseer wat inligting bevat oor tegniese standaarde, praktyke en prosedures wat die Kommissaris aanvaarbaar vir voldoening aan die verwante regulasie bevind het.

**SUBDEEL 2****KOMITEE OP BURGERLUGVAARTREGULASIES****Instelling van die komitee**

**11.02.1 (1)** Die Kommissaris stel 'n Komitee op Burgerlugvaartregulasies in om die Kommissaris te adviseer oor voorstelle met betrekking tot -

- (a) die invoering van enige regulasie wat kragtens artikel 22 van die Wet uitgevaardig staan te word;
- (b) die wysiging of intrekking van enige regulasie uitgevaardig kragtens artikel 22 van die Wet;
- (c) die invoering van enige tegniese standaard wat kragtens artikel 22A van die Wet uitgereik staan te word;
- (d) die wysiging of intrekking van enige tegniese standaard uitgereik kragtens artikel 22A van die Wet;
- (e) enige aangeleentheid met betrekking tot burgerlike lugvaart, met inbegrip van enige aangeleentheid deur die Kommissaris daarna verwys.

**(2)** Die lede van die komitee bestaan uit -

- (a) 'n persoon aangewys deur die Kommissaris, as voorsittende persoon;
- (b) die voorsittende persoon van elke subkomitee ingestel deur die komitee ingevolge regulasie 11.02.3; en
- (c) die ander persone aangestel deur daardie belanghebbendes deur die Kommissaris erken.

**(3)** Behoudens die bepalings van hierdie Subdeel, bepaal die komitee, in oorleg met die Kommissaris, die prosedures wat gevolg moet word by die verrigting van sy werksaamhede.

**Vergaderings van die komitee**

**11.02.2 (1)** Die komitee hou vergaderings op die tye en plekke soos deur die voorsittende persoon van tyd tot tyd bepaal, maar minstens een maal per jaar.

- (2) (a)** Die voorsittende persoon sit normaalweg voor by elke vergadering van die komitee.
- (b)** Indien die voorsittende persoon afwesig is van 'n vergadering van die komitee, moet die aanwesige lede 'n persoon uit hul geledere verkies om by daardie vergadering voor te sit.

- (3) Die prosedures wat gevolg moet word by vergaderings van die komitee, word deur die voorsittende persoon bepaal.
- (4) Die komitee moet van elke vergadering daarvan notules laat hou.
- (5) Die notules bedoel in subregulasie (4), word by die kantore van die Kommissaris bewaar.

### Subkomitees van die komitee

- 11.02.3** (1) Die komitee kan, met die goedkeuring van die Kommissaris, die subkomitees instel wat dit nodig ag vir die verrigting van sy werksaamhede.
- (2) Die lidmaatskap van elke subkomitee ingestel ingevolge subregulasie (1), is onbeperk.
- (3) Die voorsittende persoon van die komitee moet 'n voorsittende persoon vir elke subkomitee aldus ingestel, aanstel.
- (4) Behoudens die bepalings van hierdie Subdeel, bepaal die komitee, na oorlegpleging met die Kommissaris, die prosedures wat gevolg moet word deur 'n subkomitee by die verrigting van sy werksaamhede.
- (5) Die bepalings van regulasie 11.02.2 is *mutatis mutandis* van toepassing ten opsigte van enige vergadering van 'n subkomitee.

### Vergoeding van lede

**11.02.4** 'n Lid van die komitee bedoel in regulasie 11.02.1 en 'n lid van enige subkomitee ingestel ingevolge regulasie 11.02.3 ontvang geen vergoeding of toelae van die departement ten opsigte van die werksaamhede verrig deur so 'n lid as 'n lid van die komitee of 'n subkomitee nie.

### Administrasie

**11.02.5** Alle administratiewe werk asook sekretariële werk, in verband met die verrigting van die werksaamhede van die komitee en enige subkomitee ingestel ingevolge regulasie 11.02.3, word uitgevoer deur beamptes en werknemers in die departement vir daardie doel aangewys deur die Direkteur-generaal: Vervoer.



## SUBDEEL 3

PROSEDURES VIR UITVAARDIGING VAN REGULASIES  
EN UITREIKING VAN TEGNIESE STANDAARDE

## Voorlegging van voorstel

11.03.1 (1) Enige belanghebbende persoon kan aan die komitee bedoel in regulasie 11.02.1, 'n voorstel voorlê oor die invoering, wysiging of intrekking van 'n regulasie of tegniese standaard.

- (2) Die voorstel word skriftelik voorgelê en moet -
- (a) die naam en adres van die voorsteller vermeld;
  - (b) die inhoud van die voorgestelde regulasie, tegniese standaard of wysiging vermeld, of die regulasie of tegniese standaard spesifiseer wat die voorsteller verlang ingetrek moet word;
  - (c) die belange van die voorsteller verduidelik; en
  - (d) enige inligting, standpunte of argumente wat die voorstel ondersteun, bevat.

## Hantering van voorstel

11.03.2 (1) Die voorsittende persoon van die komitee bedoel in regulasie 11.02.1, moet, so gou doenlik na die ontvangs van 'n voorstel -

- (a) die voorgestelde regulasie, wysiging of intrekking by kennisgewing in die *Staatskoerant* publiseer; of
- (b) die voorgestelde tegniese standaard, wysiging of intrekking by kennisgewing in die AIC publiseer.

(2) Na publikasie van die kennisgewing bedoel in subregulasie (1)(a) of (b), kan enige belanghebbende persoon skriftelik, en binne die tydperk vermeld in die kennisgewing, maar nie minder nie as 30 dae van die datum van publikasie van die kennisgewing, kommentaar oor die betrokke voorgestelde regulasie, tegniese standaard, wysiging of intrekking aan die voorsittende persoon van die komitee voorlê.

(3) Die voorsittende persoon van die komitee stel die voorsteller skriftelik in kennis van die tyd en plek van die vergadering waartydens die voorstel oorweeg sal word, ten einde aan die voorsteller die geleentheid te bied om deel te neem.

### **Oorweging van voorstel**

**11.03.3** (1) Die komitee moet, by sy volgende vergadering, die voorstel oorweeg tesame met alle kommentaar wat ontvang word binne die tydperk vermeld in die kennisgewing bedoel in regulasie 11.03.2(1)(a) of (b).

(2) Die komitee moet, nadat sy oorweging van die voorstel en kommentare oor so 'n voorstel afgehandel is, 'n paslike aanbeveling aan die Kommissaris doen.

### **Uitvaardiging van regulasie**

**11.03.4** Behoudens die bepalings van artikel 22 van die Wet, moet die Kommissaris, indien die Kommissaris tevrede is en na oorweging van die aanbeveling gedoen deur die komitee ingevolge regulasie 11.03.3(2), dat om aan die voorstel uitvoering te gee in die belang van lugvaartveiligheid is, die voorgestelde regulasie, wysiging of intrekking aan die Minister vir goedkeuring voorlê.

### **Uitreiking van tegniese standaard**

**11.03.5** Behoudens die bepalings van artikel 22A van die Wet, moet die Kommissaris, indien die Kommissaris tevrede is en na oorweging van die aanbeveling gedoen deur die komitee ingevolge regulasie 11.03.3(2), dat om aan die voorstel uitvoering te gee in die belang van lugvaartveiligheid is, die voorgestelde tegniese standaard, wysiging of intrekking uitreik.

**SUBDEEL 4****PROSEDURES VIR VERLENING VAN VRYSTELLINGS****Aansoek om vrystelling**

**11.04.1** (1) 'n Aansoek om 'n vrystelling word skriftelik by die Kommissaris gedoen en moet -

- (a) die naam en adres van die aansoeker vermeld;
- (b) die vereiste vermeld waarvan vrystelling versoek word;
- (c) die belange van die aansoeker in die verlangde vrystelling vermeld, met inbegrip van die aard en omvang van die verlangde vrystelling en 'n beskrywing van elke persoon of voorwerp wat deur die vrystelling omvat gaan word;
- (d) enige inligting, standpunte of argumente wat die aansoek ondersteun, bevat;
- (e) verduidelik waarom die aansoeker glo dat die vrystelling verleen behoort te word, asook die mate waarin die vrystelling lugvaartveiligheid kan raak; en
- (f) 'n opsomming bevat van die aansoek vir doeleindes van publikasie in die AIC, welke opsomming 'n verwysing moet bevat na die vereiste waarvan vrystelling versoek word en 'n bondige beskrywing van die algemene aard van die vrystelling wat versoek word.

(2) 'n Aansoek om 'n vrystelling -

- (a) moet minstens 90 dae, of die korter tydperk wat die Kommissaris by bewys van goeie gronde mag toelaat, voor die voorgestelde effektiewe datum van die vrystelling, voorgelê word; en
- (b) gaan vergesel van die toepaslike geld voorgeskryf in Deel 187.

**Hantering van aansoek om vrystelling**

**11.04.2** (1) Behoudens die bepalings van regulasie 11.04.3(2), moet die Kommissaris, so gou doenlik na die ontvangs van 'n aansoek om vrystelling bedoel in regulasie 11.04.1, die volgende besonderhede ten opsigte van die betrokke aansoek by kennisgewing in die AIC publiseer:

- (a) Die verwysingsnommer van die aansoek;
- (b) die volle naam van die aansoeker;
- (c) 'n verwysing na die vereiste waarvan vrystelling versoek word;

- (d) 'n bondige beskrywing van die algemene aard van die verlangde vrystelling; en
- (e) 'n verwysing na die datum waarteen die versoë bedoel in subregulasie (2) aan die Kommissaris voorgelê moet word.

(2) Enige persoon kan, na publikasie van die kennisgewing bedoel in subregulasie (1), skriftelike versoë teen of ten gunste van die betrokke aansoek aan die Kommissaris rig.

### **Beoordeling van aansoek om vrystelling**

**11.04.3** (1) Die Kommissaris moet, alvorens die Kommissaris besluit of 'n vrystelling verleen moet word, alle versoë oorweeg wat ontvang word binne die tydperk gespesifiseer in die kennisgewing gepubliseer ingevolge regulasie 11.04.2(1).

(2) Ondanks die bepalings van subregulasie (1), kan die Kommissaris 'n aansoek oorweeg en 'n vrystelling verleen of weier onmiddellik na die ontvangs van die aansoek, indien die Kommissaris van oordeel is dat voldoening aan die prosedures bedoel in regulasie 11.03.3 die oogmerke van so 'n aansoek sal verydel.

(3) Die Kommissaris kan 'n aansoeker van enige vereiste voorgeskryf in die Regulasies vrystel, indien die Kommissaris tevrede is dat -

- (a) wesenlik aan die vereiste voldoen is en dat verdere voldoening onnodig is; of
- (b) gebeure voorgekom het wat die vereiste onnodig maak of ontoepaslik in die besondere geval; en
- (c) verlening van die vrystelling nie lugvaartveiligheid in gevaar sal stel nie.

### **Verlening van vrystelling**

**11.04.4** (1) Die Kommissaris kan 'n vrystelling verleen onderworpe aan die voorwaardes en vir die tydperk wat die Kommissaris bepaal.

(2) In die geval van 'n vrystelling wat verleen word vir 'n tydperk langer as 90 dae, moet die Kommissaris, binne 30 dae van die datum waarop die vrystelling verleen is, volle besonderhede daarvan in die AIC publiseer.



**Weiering van vrystelling**

**11.04.5** (1) Indien die verlening van 'n vrystelling geweier word, moet die Kommissaris die aansoeker skriftelik van die weiering in kennis stel.

(2) Die kennisgewing bedoel in subregulasie (1), moet die redes vir so 'n weiering vermeld.

**SUBDEEL 5****NASIONALE LUGRUIMKOMITEE****Instelling van die komitee**

**11.05.1** (1) Die Kommissaris moet 'n Nasionale Luguimkomitee instel om, gegrond op voorstelle gedoen deur gebruikers en diensverskaffers, riglyne en aanbevelings aan die Kommissaris te voorsien oor -

- (a) die aanwysing van luguim en vliegvelde bedoel in regulasie 172.02.1; en
- (b) enige aangeleentheid met betrekking tot geldende luguimstrukture en verwante dienste wat binne sodanige strukture verskaf word of bestem is om verskaf te word, of enige wysiging daarvan, met inbegrip van enige sodanige aangeleentheid deur die Kommissaris daarna verwys.

(2) Die lede van die komitee bestaan uit -

- (a) 'n persoon aangewys deur die Kommissaris, as voorsittende persoon; en
- (b) die ander persone aangestel deur daardie belanghebbendes deur die Kommissaris erken.

(3) Die prosedures wat gevolg moet word en die maatstawwe wat in ag geneem moet word wanneer die komitee die werksaamhede verrig, is soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-ATS.

**Vergaderings van die komitee**

**11.05.2** (1) Die komitee hou vergaderings op die tye en plekke soos van tyd tot tyd deur die voorsittende persoon bepaal, maar minstens een maal elke drie maande.

- (2) (a) Die voorsittende persoon sit normaalweg voor by elke vergadering van die komitee.
- (b) Indien die voorsittende persoon afwesig is van 'n vergadering van die komitee, moet die aanwesige lede 'n persoon uit hul geledere verkies om by daardie vergadering voor te sit.

(3) Die prosedures wat by vergaderings van die komitee gevolg moet word, word deur die voorsittende persoon bepaal.

(4) Die komitee moet notules van elke vergadering daarvan laat hou.

(5) Die notules bedoel in subregulasie (4), word by die kantore van die Kommissaris bewaar.

**Vergoeding van lede**

**11.05.3** 'n Lid van die komitee bedoel in regulasie 11.04.1 ontvang geen vergoeding of toelae van die departement ten opsigte van die werksaamhede verrig deur so 'n lid as 'n lid van die komitee nie.

**Administrasie**

**11.05.4** Alle administratiewe werk asook sekretariële werk, in verband met die verrigting van die werksaamhede van die komitee, word uitgevoer deur beamptes en werknemers in die departement aangewys vir daardie doel deur die Direkteur-generaal: Vervoer.

## **DEEL 12**

### **PROSEDURES : LUGVAARTONGELUKKE EN -VOORVALLE**



## LYS VAN REGULASIES

### SUBDEEL 1 : ALGEMEEN

- 12.01.1 Toepassing
- 12.01.2 Aanwysing van liggaam of instelling
- 12.01.3 Aanwysing van onderzoeker-in-beheer
- 12.01.4 Aanwysing van onderzoeker
- 12.01.5 Aanwysing van tydelike onderzoeker
- 12.01.6 Aanwysing van geakkrediteerde verteenwoordiger
- 12.01.7 Aanwysing van adviseur
- 12.01.8 Instelling van stelsel van vertroulike aanmelding van lugvaartrisiko's

### SUBDEEL 2 : ONGELUK- EN VOORVAL- AANMELDINGSPROSEDURES

- 12.02.1 Aanmelding van ongelukke
- 12.02.2 Aanmelding van voorvalle
- 12.02.3 Aanmelding van ongelukke en voorvalle buite die Republiek
- 12.02.4 Aanmeldingsbesonderhede
- 12.02.5 Aanmelding van risiko's

### SUBDEEL 3 : ONDERSOEK VAN ONGELUKKE EN VOORVALLE

- 12.03.1 Doel van ongeluk- en voorval-onderzoekingswerk
- 12.03.2 Prosedures van ongeluk- en voorval-onderzoekingswerk
- 12.03.3 Terughou van voorwerpe vir doeleindes van onderzoekingswerk of ondersoek

### SUBPART 4 : ONGELUKSTONEEL

- 12.04.1 Bewaking van lugvaartuig betrokke in ongeluk
- 12.04.2 Toegang tot ongelukstoneel
- 12.04.3 Beheer van getuienis
- 12.04.4 Bemoeiing met voorwerpe en merke op ongelukstoneel
- 12.04.5 Verwydering van beskadigde of onbruikbare lugvaartuig

### SUBPART 5 : AANMELDING EN HEROPENING VAN ONDERSOEK

- 12.05.1 Aanmelding
- 12.05.2 Appèl teen bevindinge na ondersoek
- 12.05.3 Heropening van ondersoek
- 12.05.4 Toepassing

**SUBDEEL 1****ALGEMEEN****Toepassing**

**12.01.1** Hierdie Deel is, behoudens die bepalings van artikel 12 van die Wet, van toepassing op die prosedures in verband met die aanmelding en ondersoek van ander ongelukke en voorvalle as ongelukke en voorvalle waarby -

- (a) lugvaartuie wat ontwerp is om aan die grond vasgemeer te bly of op sleeptou geneem te word deur voertuie of vaartuie wat op die oppervlakte van die grond beweeg; en
- (b) lugvaartuie wat ontwerp is om te vlieg sonder enige persoon aan boord,

betrokke is.

**Aanwysing van liggaam of instelling**

**12.01.2** (1) Die Kommissaris kan, behoudens die bepalings van artikel 4(2) en (3) van die Wet, 'n liggaam of instelling aanwys om -

- (a) lugvaartveiligheid te bevorder of om die risiko van lugvaartongelukke of -voorvalle te verminder; en
- (b) die Kommissaris te adviseer oor enige aangeleentheid wat met die bevordering van lugvaartveiligheid of die vermindering van die risiko van lugvaartongelukke of -voorvalle in verband staan.

(2) Die aanwysing bedoel in subregulasie (1) word skriftelik gedoen en word deur die Kommissaris binne 30 dae van die datum van so 'n aanwysing in die *Staatskoerant* gepubliseer.

(3) Die bevoegdhede en pligte bedoel in subregulasie (1) word uitgeoefen en uitgevoer ooreenkomstig die voorwaardes, reëls, vereistes, prosedures of standaarde soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-ACCID and INCID.

**Aanwysing van ondersoeker-in-beheer**

**12.01.3** (1) Die Kommissaris kan 'n ondersoeker-in-beheer aanwys om enige ongeluk of voorval ingevolge hierdie Deel te ondersoek.

(2) 'n Ondersoeker-in-beheer beskik oor gesag, behoudens die bepalings van hierdie Deel, om -

- (a) onbelemmerde toegang te hê tot 'n lugvaartuig wat betrokke was in 'n ongeluk of voorval, die wrak of wrakstukke, die plek waar die lugvaartuig, wrak of wrakstukke geleë is en die plekke waar merke veroorsaak deur die ongeluk of voorval wat in 'n ondersoek van nut kan wees, geleë is;
- (b) 'n lugvaartuig wat betrokke was in 'n ongeluk of voorval of die wrak of wrakstukke en enige merke veroorsaak deur die ongeluk of voorval wat in 'n ondersoek van nut kan wees, op enige beskikbare wyse te bewaar, met inbegrip van 'n fotografiese wyse;
- (c) 'n lugvaartuig betrokke in 'n ongeluk of voorval, die wrak of wrakstukke, enige onderdeel of komponent daarvan of enigiets daarin vervoer of enige merke veroorsaak deur die ongeluk of voorval wat van nut kan wees in die ondersoek, te ontleed, en om enige sodanige lugvaartuig, wrak of wrakstukke, of enige onderdeel of komponent daarvan of enigiets daarin vervoer, te verwyder vir die doel van die ondersoekingswerk of 'n ondersoek deur 'n ondersoekraad aangestel ingevolge artikel 12(1) van die Wet;
- (d) verslae op te stel in verband met die ondersoek;
- (e) ongehinderde insae te hê in alle dokumente, boeke, aantekeninge, foto's, opnames en transkripsies wat die ondersoeker-in-beheer nodig ag vir die ondersoek, welke dokumente, boeke, aantekeninge, foto's, opnames en transkripsies onverwyld deur die besitter daarvan oorhandig moet word wanneer aldus versoek; en
- (f) van enige persoon inligting wat vir die ondersoek nodig is, te verkry.

### **Aanwysing van ondersoeker**

**12.01.4** (1) Die Kommissaris kan 'n ondersoeker aanwys om die ondersoeker-in-beheer by te staan by die ondersoek van 'n ongeluk of voorval.

(2) 'n Ondersoeker kan al die bevoegdhede verleen en opgelê aan 'n ondersoeker-in beheer ingevolge regulasie 12.01.3(2), wat deur die ondersoeker-in-beheer aan die ondersoeker opgedra word, uitoefen.

(3) Die voorwaardes en vereistes vir en die reëls, prosedures en standarde verbonde aan 'n aanwysing bedoel in subregulasie (1), is soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-ACCID and INCID.

(4) Die Kommissaris onderteken en reik aan elke aldus aangewese ondersoeker 'n dokument uit wat die volle naam van so 'n ondersoeker vermeld en 'n verklaring bevat wat aandui dat -

- (a) so 'n ondersoeker ingevolge subregulasie (1) aangewys is; en
- (b) so 'n ondersoeker gemagtig is om enige bevoegdheid aan hom of haar opgedra ingevolge hierdie Deel uit te oefen.

### **Aanwysing van tydelike ondersoeker**

**12.01.5** (1) Die Kommissaris kan 'n tydelike ondersoeker aanwys om die ondersoeker-in-beheer by die aanvanklike ondersoek van 'n ongeluk of voorval by te staan.

(2) 'n Tydelike ondersoeker kan al die bevoegdhede verleen en opgelê aan 'n ondersoeker-in-beheer ingevolge regulasie 12.01.3(2), wat opgedra word aan so 'n ondersoeker deur die ondersoeker-in-beheer, uitoefen.

(3) 'n Tydelike ondersoeker moet, so spoedig moontlik na die aankoms van die ondersoeker-in-beheer op die toneel van 'n ongeluk of voorval, oor sy of haar aanvanklike ondersoek aan die ondersoeker-in-beheer verslag doen.

(4) Die voorwaardes en vereistes vir en die reëls, prosedures en standarde verbonde aan 'n aanwysing bedoel in subregulasie (1) is soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-ACCID and INCID.

(5) Die Kommissaris onderteken en reik aan elke aldus aangewese tydelike ondersoeker 'n dokument uit wat die volle naam van so 'n ondersoeker vermeld en 'n verklaring bevat wat aandui dat -

- (a) so 'n ondersoeker ingevolge subregulasie (1) aangewys is; en
- (b) so 'n ondersoeker gemagtig is om enige bevoegdheid aan hom of haar opgedra ingevolge hierdie Deel uit te oefen.

### **Aanwysing van geakkrediteerde verteenwoordiger**

**12.01.6** (1) Die Kommissaris kan -

- (a) 'n geakkrediteerde verteenwoordiger, vir die doel om 'n ongeluk of voorval te ondersoek waarby 'n Suid-Afrikaans-geregistreerde lugvaartuig in die gebied van 'n kontrakterende of 'n nie-kontrakterende Staat betrokke is; of
- (b) 'n geakkrediteerde verteenwoordiger van die Staat van Registrasie, Staat van die Operateur, Staat van Ontwerp of Staat van Vervaardiging vir die doel om 'n ongeluk of voorval te ondersoek waarby 'n buitelandse-geregistreerde lugvaartuig in die gebied van die Republiek betrokke is,

aanwys.



(2) Die voorwaardes en vereistes vir en die reëls, prosedures en standarde verbonde aan 'n aanwysing bedoel in subregulasie (1) is soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-ACCID and INCID.

(3) 'n Geakkrediteerde verteenwoordiger aangewys ingevolge subregulasie (1)(b) kan deelneem aan die ondersoek van 'n ongeluk of voorval onder die beheer van die ondersoeker-in-beheer.

(4) 'n Geakkrediteerde verteenwoordiger aangewys ingevolge subregulasie (1)(b), kan onder beheer van die ondersoeker-in-beheer -

- (a) die ongelukstoneel besoek;
- (b) die wrakstukke ontleed;
- (c) inligting van getuies inwin en areas van ondervraging voorstel;
- (d) toegang verkry tot alle relevante getuienis;
- (e) kopieë van alle relevante dokumente, boeke, aantekeninge, foto's, opnames en transkripsies ontvang;
- (f) deelneem aan teruglees van media wat opgeneem is;
- (g) deelneem aan komponent-ontledings, tegniese voorligtings, toetse en nabootsings en ander ondersoek-aktiwiteite;
- (h) deelneem aan beraadslagings oor die analise, bevindinge, oorsaak of oorsake en veiligheidsaanbevelings; en
- (i) ten opsigte van die onderskeie elemente van die ondersoek voorleggings doen.

### **Aanwysing van adviseur**

**12.01.7** (1) Die Kommissaris kan 'n adviseur aanwys vir die doel om die ondersoeker-in-beheer by die ondersoek van 'n ongeluk of voorval, by te staan.

(2) Die voorwaardes en vereistes vir en die reëls, prosedures en standarde verbonde aan 'n aanwysing bedoel in subregulasie (1), is soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-ACCID and INCID.

### **Instelling van stelsel van vertroulike aanmelding van lugvaartisiko's**

**12.01.8** (1) Die aangewese liggaam of instelling bedoel in subregulasie 12.01.2, moet 'n stelsel van vertroulike aanmelding van lugvaartisiko's instel om lugvaartveiligheid te bevorder of die risiko van ongelukke of voorvalle te verminder.

(2) Die vereistes vir en die prosedures van 'n stelsel van vertroulike aanmelding van lugvaartisiko's en die wyse waarop so 'n stelsel bedryf moet word, is soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-ACCID and INCID.

(3) 'n Persoon wat enige werksaamheid ingevolge die stelsel van vertroulike aanmelding van lugvaartisiko's verrig of verrig het, mag geen inligting bekend maak wat hy of sy verkry het by die verrigting van so 'n werksaamheid wat die opsteller van die kennisgewing bedoel in regulasie 12.02.5 kan identifiseer nie.

**SUBDEEL 2****ONGELUK- EN VOORVAL- AANMELDINGSPROSEDURES****Aanmelding van ongelukke**

**12.02.1** (1) Die gesagvoerder van 'n lugvaartuig betrokke in 'n ongeluk binne die Republiek of, indien hy of sy gedood is of nie daartoe in staat is nie, 'n boordbemanningslid of, indien daar geen oorlewende boordbemanningslede is nie of indien hulle nie daartoe in staat is nie, die operateur of eienaar, na gelang van die geval, moet, so gou doenlik, so 'n ongeluk by -

- (a) die Kommissaris;
- (b) 'n lugverkeerdienseenheid; of
- (c) die naaste polisiestasie,

aanmeld.

(2) Indien 'n ongeluk ingevolge subregulasie (1) by 'n lugverkeerdienseenheid of polisiestasie aangemeld is, moet so 'n lugverkeerdienseenheid of polisiestasie onmiddellik by ontvangs van die aanmelding -

- (a) die Kommissaris; en
- (b) waar so 'n ongeluk op 'n vliegveld plaasvind, die vliegveldbestuurder,

in kennis stel.

**Aanmelding van voorvalle**

**12.02.2** (1) Die gesagvoerder, en enige ander boordbemanningslid, operateur of eienaar, na gelang van die geval, van 'n lugvaartuig betrokke by 'n ander voorval as 'n lugverkeerdiensoorval binne die Republiek, moet so gou doenlik so 'n voorval by -

- (a) die Kommissaris; of
- (b) 'n lugverkeerdienseenheid,

aanmeld.

(2) Indien 'n voorval by 'n lugverkeerdienseenheid ingevolge subregulasie (1) aangemeld word, moet so 'n lugverkeerdienseenheid, onmiddellik by ontvangs van die aanmelding -

- (a) die Kommissaris; en
- (b) waar so 'n voorval op 'n vliegveld plaasvind, die vliegveldbestuurder,

in kennis stel.

(3) Die gesagvoerder, enige ander boordbemanningslid, operateur of eienaar, na gelang van die geval, van 'n lugvaartuig betrokke by 'n lugverkeerdiensoorval binne die

Republiek, of enige lugverkeerdienspersoneel wat getuie is van 'n lugverkeerdiensvoorval, moet, so gou doenlik, die lugverkeerdiensvoorval by 'n lugverkeerdienseenheid aanmeld, en so 'n lugverkeerdienseenheid moet onmiddellik by ontvangs van die aanmelding, die Kommissaris in die toepaslike vorm soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-ACCID and INCID in kennis stel.

### **Aanmelding van ongelukke en voorvalle buite Republiek**

**12.02.3** Die gesagvoerder van 'n Suid-Afrikaans-geregistreerde lugvaartuig betrokke in 'n ongeluk of voorval buite die Republiek of, indien hy of sy gedood of nie daartoe in staat is nie, 'n boordbemanningslid of, indien daar geen oorlewende boordbemanningslede is nie, of indien hulle nie daartoe in staat is nie, die operateur of eienaar, na gelang van die geval, moet so 'n ongeluk of voorval so gou doenlik by -

- (a) die toepaslike owerheid in die Staat of gebied waar die ongeluk of voorval plaasgevind het, regstreeks of deur middel van 'n lugverkeerdienseenheid; en
  - (b) die Kommissaris,
- aanmeld.

### **Besonderhede van aanmelding**

**12.02.4** 'n Aanmelding van 'n ander ongeluk of voorval bedoel in regulasie 12.02.1, 12.02.2 of 12.02.3 as 'n lugverkeerdiensvoorval moet -

- (a) die volgende besonderhede bevat:
  - (i) Tipe, model, nasionaliteit- en registrasiemerke van die lugvaartuig;
  - (ii) naam van die eienaar of operateur, soos toepaslik;
  - (iii) vanne en voorletters van boordbemanningslede;
  - (iv) die datum en tyd van die ongeluk of voorval, gespesifiseer in Gekoördineerde Universele Tyd of plaaslike tyd;
  - (v) laaste vertrekpunt en voorgenome landingspunt van die lugvaartuig;
  - (vi) plek van die ongeluk of voorval met verwysing na 'n maklik-uitkenbare geografiese punt en, indien bekend, met verwysing na breedte- en lengtegraad;
  - (vii) aantal -
    - (aa) boordbemanningslede en passasiers aan boord, gedood of ernstig beseer;
    - (bb) ander persone gedood of ernstig beseer;
  - (viii) aard van die ongeluk of voorval en mate van skade aan die lugvaartuig sover bekend;

- (ix) terreinkenmerke van die gebied waar die ongeluk of voorval plaasgevind het;
  - (x) besonderhede van enige gevaarlike goedere of gevaarhoudende stowwe waarvan die aanwesigheid aan boord van die lugvaartuig bekend was; en
  - (xi) enige ander relevant inligting; en
- (b) onverwyld aan die Kommissaris voorgelê word, en enige inligting wat nie onmiddellik beskikbaar is nie moet skriftelik voorgelê word sodra dit beskikbaar word.

### Aanmelding van risiko's

**12.02.5 (1)** Enige persoon betrokke by 'n ongeluk of voorval, of wat enige ongeluk, voorval, risiko of teenstrydigheid waameem wat lugvaartveiligheid kan raak, kan die aangewese liggaam of instelling bedoel in regulasie 12.01.2, van so 'n ongeluk, voorval, risiko of teenstrydigheid in kennis stel.

(2) 'n Persoon wat die aangewese liggaam of instelling bedoel in regulasie 12.01.2 in kennis stel van 'n ongeluk of voorval, word nie onthef van die plig om die Kommissaris van so 'n ongeluk of voorval ingevolge regulasie 12.02.1, 12.02.2 of 12.02.3, na gelang van die geval, in kennis te stel nie.



**SUBDEEL 3****ONDERSOEK VAN ONGELUKKE EN VOORVALLE****Doel van ongeluk- en voorval-onderzoekingswerk**

**12.03.1** Die doel van ondersoek van 'n ongeluk of voorval is, behoudens artikel 12 van die Wet, om, ingevolge die bepalings van hierdie Deel, die feite van 'n ongeluk of voorval te bepaal in die belang van die bevordering van lugvaartveiligheid en die vermindering van die risiko van lugvaartongelukke of -voorvalle, en nie om regs aanspreeklikheid vas te stel nie.

**Prosedures van ongeluk- en voorval-onderzoekingswerk**

**12.03.2** (1) Alle ongelukke en ernstige voorvalle waarvan die Kommissaris in kennis gestel word ingevolge regulasies 12.02.1 en 12.02.2, word ondersoek deur 'n ondersoeker-in-beheer.

(2) Alle ander voorvalle as ernstige voorvalle bedoel in subregulasie (1), kan ondersoek word deur 'n ondersoeker-in-beheer.

(3) Ongeluk- of voorvalonderzoekingswerk word uitgevoer deur die ondersoeker-in-beheer, ooreenkomstig die vereistes vir en die reëls, prosedures en standarde soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-ACCID and INCID.

(4) 'n Persoon wat deur die ondersoeker-in-beheer vereis word om die bystand te verleen of die inligting te verskaf wat die ondersoeker-in-beheer nodig ag vir die ondersoek van 'n ongeluk of voorval, is verplig om sodanige bystand te verleen of sodanige inligting te verskaf.

**Terughou van voorwerpe vir doeleindes van onderzoekingswerk of ondersoek**

**12.03.3** Enige item of wrakstuk van 'n lugvaartuig betrokke in 'n ongeluk of voorval, of enige onderdeel of komponent daarvan, of enigiets daarin vervoer, kan deur die ondersoeker-in-beheer teruggehou word totdat dit nie langer nodig is nie vir die doel van onderzoekingswerk, met inbegrip van onderzoekingswerk wat volg op 'n heropening bedoel in regulasie 12.05.3, of vir 'n ondersoek deur 'n ondersoekraad ingevolge artikel 12(1) van die Wet, waarna so 'n wrakstuk, of onderdeel of komponent daarvan, weggedoen of vernietig word, tensy 'n persoon wat 'n reg het tot so 'n item, onderdeel of komponent daarvan, die Kommissaris skriftelik meegedeel het, binne 60 dae van die datum van so 'n ongeluk of voorval, dat so 'n item of komponent of onderdeel aan hom of haar terugbesorg moet word na voltooiing van die onderzoekingswerk of ondersoek.

## SUBDEEL 4 ONGELUKSTONEEL

### Bewaking van lugvaartuig betrokke in ongeluk

**12.04.1** Waar 'n ongeluk binne die Republiek plaasvind, moet die gesagvoerder van die lugvaartuig betrokke by die ongeluk of, indien hy of sy gedood of nie daartoe in staat is nie, 'n boordbemanningslid of, indien daar geen oorlewende boordbemanningslede is nie, of indien hulle nie daartoe in staat is nie, die operateur of eienaar van so 'n lugvaartuig of waar die ongeluk op 'n vliegveld plaasvind, die vliegveldbestuurder -

- (a) hangende die aankoms van 'n polisiewag, die stappe doen wat nodig is om bemoeiing met die lugvaartuig, die wrak of wrakstukke en enigiets daarin vervoer en enige merke veroorsaak deur die ongeluk wat van nut kan wees by 'n ondersoek, strydig met die bepalings van hierdie Deel, te verhinder;
- (b) onverwyld reël met 'n lid van die Suid-Afrikaanse Polisiediens om die lugvaartuig, die wrak of wrakstukke en enigiets daarin vervoer en enige merke veroorsaak deur die ongeluk wat van nut kan wees by 'n ondersoek, te bewaak.

### Toegang tot ongelukstoneel

**12.04.2** (1) Geen ander persoon as -

- (a) 'n lid van die reddingsdiens;
- (b) 'n tydelike ondersoeker;
- (c) 'n ondersoeker;
- (d) 'n geakkrediteerde verteenwoordiger;
- (e) 'n adviseur;
- (f) 'n lid van die Suid-Afrikaanse Polisiediens; of
- (g) 'n ander persoon gemagtig deur die Kommissaris, na oorlegpleging met die ondersoeker-in-beheer,

het toegang, tot tyd en wyl die ondersoeker-in-beheer anders bepaal, tot 'n lugvaartuig nie wat betrokke was in 'n ongeluk of tot die wrak of wrakstukke en enige merke veroorsaak deur die ongeluk wat van nut kan wees by 'n ondersoek.

(2) 'n Persoon toegelaat deur die bepalings van subregulasie (1) of gemagtig ingevolge daarvan om toegang te hê tot 'n lugvaartuig wat betrokke was in 'n ongeluk of tot die wrak of wrakstukke of tot plekke waar merke veroorsaak deur die ongeluk voorkom wat van nut kan wees by 'n ondersoek, is onderworpe aan die leiding van die ondersoeker-in-beheer totdat die ondersoek voltooi is.

## Beheer van getuienis

**12.04.3** Die lugvaartuig, wrak of wrakstukke, en enigiets daarin vervoer en enige merke veroorsaak deur die ongeluk wat van nut kan wees by 'n ondersoek, bly onder die beheer van die ondersoeker-in-beheer totdat dit deur so 'n ondersoeker-in-beheer vrygestel word.

## Bemoeiing met voorwerpe en merke op ongelukstoneel

**12.04.4 (1)** Behoudens die bepalings van hierdie Deel, mag geen persoon hom of haar bemoei met 'n lugvaartuig nie wat betrokke was by 'n ongeluk, die wrak of wrakstukke, 'n onderdeel of komponent daarvan of enigiets daarin vervoer of enige merke veroorsaak deur die ongeluk wat van nut kan wees by 'n ondersoek -

- (a) totdat hy of sy deur die ondersoeker-in-beheer gemagtig word om aldus op te tree; en
- (b) totdat, in die geval van 'n lugvaartuig wat deur 'n doeanebeampte geklaar moet word uit hoofde van die bepalings van die Doeane- en Aksynswet, 1964 (Wet No. 91 van 1964), so 'n beampte klaring uitgereik of toestemming verleen het.

**(2)** Die bepalings van subregulasie (1) verhinder nie enige optrede nie wat nodig is vir -

- (a) die redding of bevryding van persone of diere uit die lugvaartuig of die wrak;
- (b) die redelike beskerming van die lugvaartuig, wrak of wrakstukke teen vernietiging deur brand of ander oorsake;
- (c) die veiligmaking deur die eienaar, operateur of polisie wag van edele metale, juwele of kosbaarhede;
- (d) die voorkoming van gevaar of verwydering van 'n obstruksie vir ander lugvaartuie, ander vervoermiddels of vir die publiek; en
- (e) die verwydering van die lugvaartuig, enige onderdeel of komponent daarvan of enigiets daarin vervoer na 'n veilige plek, wanneer dit in water is of andersins in gevaar verkeer.

## Verwydering van beskadigde of onbruikbare lugvaartuig

**12.04.5** Onderworpe aan die voorwaardes wat die Kommissaris bepaal, kan 'n persoon vir hierdie doel deur die Kommissaris gemagtig, enige persoon gelas om 'n lugvaartuig wat beskadig of onbruikbaar is te verwyder of om enige deel daarvan of enige vrag of voorwerp daarin vervoer, op koste van die eienaar of operateur van die lugvaartuig, na 'n ander plek te verwyder.

**SUBDEEL 5****VERSLAGDOENING EN HEROPENING VAN ONDERSOEK****Verslagdoening**

**12.05.1** (1) Die ondersoeker-in-beheer moet, by voltooiing van 'n ondersoek na 'n ongeluk of voorval uitgevoer ingevolge Subdeel 3, oor die bevindinge van so 'n ondersoek aan die Kommissaris verslag doen.

(2) Die verslagdoening oor 'n ondersoek bedoel in subregulasie (1) moet bestaan uit -

(a) 'n voorlopige verslag, indien nodig in die belang van lugvaartveiligheid; en

(b) 'n finale verslag,

wat saamgestel en gepubliseer moet word op die wyse soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-ACCID and INCID.

**Appel teen bevindinge oor ondersoek**

**12.05.2** (1) 'n Belanghebbende persoon wat gegrief voel oor die bevindinge oor 'n ondersoek kan teen sodanige bevindinge na die Kommissaris appelleer, binne 30 dae nadat so 'n persoon van sodanige bevindinge bewus word.

(2) 'n Appellant lewer die appel skriftelik, met vermelding van die redes waarom, na sy of haar mening, die bevindinge verander of tersyde gestel moet word.

(3) Die appellant moet 'n kopie van die appel en enige dokumente of skrifstukke wat so 'n appel steun, lewer aan die betrokke ondersoeker-in-beheer en moet bewys lewer van so 'n voorlegging vir die inligting van die Kommissaris.

(4) Die ondersoeker-in-beheer kan, binne 30 dae na ontvangs van die kopie van die appel bedoel in subregulasie (3), sy of haar skriftelike antwoord op so 'n appel aan die Kommissaris lewer.

(5) Die Kommissaris kan -

(a) die appel bereg op grond van die dokumente aan hom of haar voorgelê; of

(b) die appellant en die betrokke ondersoeker-in-beheer gelas om voor hom of haar te verskyn, of in persoon of deur middel van 'n verteenwoordiger, op 'n tyd en plek deur hom of haar bepaal, om getuienis te lewer.

(6) Die Kommissaris kan die bevindinge bedoel in subregulasie (1) bekragtig, verander of tersyde stel.



## Heropening van ondersoek

- 12.05.3** (1) Die Kommissaris kan die heropening van 'n ondersoek gelas -
- (a) ten opsigte waarvan die bevindinge ingevolge regulasie 12.05.2(6) tersyde gestel word;
  - (b) indien nuwe en betekenisvolle inligting beskikbaar word wat aandui dat die bevindinge oor die ondersoek onjuis kan wees; of
  - (c) indien so 'n heropening in die belang van lugvaartveiligheid is.
- (2) 'n Heropende ondersoek ingevolge hierdie regulasie word ooreenkomstig die bepalings van Subdeel 3 uitgevoer.

## Toepassing

**12.05.4** Ondanks enigiets tot die teendeel vervat in hierdie Subdeel, is die bepalings van regulasies 12.05.2 en 12.05.3 slegs van toepassing op gevalle waar die Kommissaris oortuig is dat die Minister nie die bepalings van artikel 12 van die Wet toegepas het of voornemens is om dit op 'n betrokke geval toe te pas nie.

**DEEL 13**

**PROSEDURES : TOEPASSINGSPROSEDURES**

**LYS VAN REGULASIES**

- 13.00.1 Gesag van gemagtigde beamptes en inspekteurs
- 13.00.2 In-vlug inspeksies
- 13.00.3 Gesag van gemagtigde persone

**Gesag van gemagtigde beamptes en inspekteurs**

**13.00.1 (1)** Benewens enige spesifieke bevoegdheid verleen of plig opgelê aan 'n gemagtigde beampte of inspekteur kragtens enige Deel van die Regulasies, kan so 'n gemagtigde beampte of inspekteur -

- (a) enige perseel binnegaan vir die doel om enige lugvaartuig, lugvaartuigfabriek, vliegveld, fasiliteit wat met burgerlugvaart verband hou, lugvaartuigkomponent, lugvaartuigtoerusting, lisensie, sertifikaat, permit, goedkeuring, magtiging, register, boek of dokument wat hy of sy meen op sodanige perseel is, te ondersoek;
- (b) enige voorwerp, artikel, boek, register, dokument, lugvaartuig, lugvaartuigkomponent, lugvaartuigtoerusting, lisensie, sertifikaat, permit, goedkeuring of magtiging, wat hy of sy redelikerwys meen verband hou met 'n oortreding van die Wet of die Regulasies in beslag neem;
- (c) enige lugvaartuig wat hy of sy redelikerwys meen onveilig, nie behoorlik geregistreer nie, of nie-lugwaardig is, op die grond hou;
- (d) enige fasiliteit wat met lugvaart verband hou, wat hy of sy redelikerwys meen nie voldoen aan die Wet of die Regulasies nie, sluit;
- (e) van die vlieënier van 'n lugvaartuig vereis om sy of haar naam en adres en enige ander besonderhede betreffende sy of haar identiteit, te verstrek;
- (f) van enige persoon op 'n vliegveld of in 'n lugvaartuig, lugvaartuigfabriek of fasiliteit wat met burgerlugvaart verband hou, vereis om sy of haar naam en adres en enige ander besonderhede betreffende sy of haar identiteit te verstrek en om die inligting tot sy of haar beskikking te verstrek aangaande die identiteit van die vlieënier of eienaar van die lugvaartuig, of die eienaar van enige vliegveld, lugvaartuigfabriek of fasiliteit wat met burgerlugvaart verband hou;
- (g) van die eienaar of operateur van 'n lugvaartuig vereis om die inligting wat nodig is betreffende die identiteit van die vlieënier van die lugvaartuig te eniger tyd of gedurende enige bepaalde tydperk te verstrek;
- (h) 'n lugvaartuig, of enige onderdeel, komponent of toerusting van sodanige lugvaartuig inspekteer, vir die doel om te bepaal of aan die bepalings van die Regulasies of 'n tegniese standaard voldoen word;
- (i) die massa van enige lugvaartuig met of sonder lading bepaal en, vir die laasgenoemde doel, vereis dat enige passasiers of goedere van sodanige lugvaartuig verwyder word;



- (j) enige persoon vereis deur die Regulasies om die houer te wees van 'n lisensie, sertifikaat, permit, goedkeuring of magtiging of, in die geval van 'n boordbemanningslid of 'n lugvaartuigonderhoudingenieur, sy of haar logboek, oproep vir ondersoek binne 'n redelike tyd wat deur sodanige gemagtigde beampte of inspekteur stipuleer moet word; en
- (k) die eienaar, operateur of gesagvoerder van 'n lugvaartuig oproep om enige lisensie, sertifikaat, handleiding, logboek of ander dokument wat verband hou met die lugvaartuig, vir ondersoek te toon of te laat vertoon:

Met dien verstande dat alvorens so 'n gemagtigde beampte of inspekteur enige bevoegdheid verleen in paragraaf (a), (b), (c) of (d) uitoefen, hy of sy die vooraf goedkeuring van die Kommissaris moet verkry.

(2) Indien dit aan enige gemagtigde beampte of inspekteur blyk dat enige lugvaartuig bedoel is om gevlieg te word of waarskynlik gevlieg sal word onder sodanige omstandighede dat die vlug 'n oortreding sou behels van die Regulasies, of om 'n oorsaak van gevaar te wees vir persone in die lugvaartuig of vir persone of eiendom op die grond, kan hy of sy die stappe doen om die lugvaartuig aan te hou of sodanige ander stappe wat hy of sy nodig ag vir die doel om die omstandighede rondom die vlug te laat ondersoek of om die lugvaartuig te laat ondersoek.

(3) Indien 'n lugvaartuig aangehou word uit hoofde van die bepalings van subregulasie (2), mag die lugvaartuig nie bedryf word nie totdat die Kommissaris, synde oortuig dat aan die Regulasies voldoen word, goedkeuring verleen, of totdat die veranderings of herstelwerk wat die Kommissaris nodig ag om die lugvaartuig geskik vir vlieg te maak, bewerkstellig is.

### **In-vlug inspeksies**

**13.00.2** (1) Die Kommissaris kan 'n gemagtigde beampte of inspekteur magtig om, te eniger tyd, 'n in-vlug inspeksie in enige lugvaartuig betrokke in handelslugvervoerbedryf uit te voer.

(2) Die eienaar, operateur of gesagvoerder moet onverwyld alle redelike stappe doen om bystand te verleen aan die gemagtigde beampte of inspekteur en om die uitvoering van die in-vlug inspeksie te vergemaklik.

### **Gesag van gemagtigde persoon**

**13.00.3** Benewens enige spesifieke bevoegdheid verleen of plig opgelê aan 'n gemagtigde persoon kragtens enige Deel van die Regulasies, kan so 'n gemagtigde persoon -

- (a) van die vlieënier van 'n lugvaartuig vereis om sy of haar naam en adres en enige ander besonderhede betreffende sy of haar identiteit, te verstrek;
- (b) enige persoon op 'n vliegveld of in 'n lugvaartuig, lugvaartuigfabriek of fasiliteit wat met burgerlugvaart verband hou, versoek om sy of haar naam en adres en enige ander besonderhede betreffende sy of haar identiteit te verstrek en om die inligting tot sy of haar beskikking te verstrek aangaande die identiteit van die vlieënier of eienaar van enige lugvaartuig, of die eienaar van enige vliegveld, lugvaartuigfabriek of fasiliteit wat met burgerlugvaart verband hou;
- (c) van die eienaar of operateur van 'n lugvaartuig vereis om die inligting wat nodig is betreffende die identiteit van die vlieënier van die lugvaartuig te eniger tyd of gedurende enige bepaalde tydperk te verstrek;
- (d) van enige persoon vereis deur die Regulasies om die houer te wees van 'n lisensie, sertifikaat, permit, goedkeuring of magtiging of, in die geval van 'n boordbemanningslid of 'n lugvaartuigonderhoudingenieur, sy of haar logboek, oproep vir ondersoek binne 'n redelike tyd wat deur sodanige gemagtigde persoon stipuleer moet word;
- (e) die eienaar, operateur of gesagvoerder van 'n lugvaartuig oproep om enige lisensie, sertifikaat, handleiding, logboek of ander dokument wat verband hou met die lugvaartuig, vir ondersoek te toon of te laat vertoon; en
- (f) enige perseel binnegaan vir die doel om enige lugvaartuig, lugvaartuigfabriek, vliegveld, fasiliteit wat met burgerlugvaart verband hou, lugvaartuigkomponent, lugvaartuigtoerusting, lisensie, sertifikaat, permit, goedkeuring, magtiging, register, boek of dokument wat hy of sy meen op sodanige perseel is, te ondersoek:

Met dien verstande dat alvorens so 'n gemagtigde persoon die bevoegdheid verleen in paragraaf (f) uitoefen, hy of sy die vooraf goedkeuring van die Kommissaris moet verkry.

## **DEEL 21**

### **LUGVAARTUIE : SERTIFISERINGSPROSEDURES VIR PRODUKTE EN ONDERDELE**

## LYS VAN REGULASIES

### SUBDEEL 1 : ALGEMEEN

- 21.01.1 Toepassing
- 21.01.2 Tipes lugvaartuie
- 21.01.3 Aanmelding van onklaarrakings, foutwerkings en defekte
- 21.01.4 Uitreiking van lugwaardigheidsvoorskrifte
- 21.01.5 Veiligheidsondersoeke en oudits
- 21.01.6 Opskorting, kansellering en appèl
- 21.01.7 Register van sertifikate

### SUBDEEL 2 : TIPESERTIFIKATE

- 21.02.1 Kategorieë tipesertifikate
- 21.02.2 Aansoek om tipesertifikaat of wysiging daarvan
- 21.02.3 Lugwaardigheidsontwerpstandaarde
- 21.02.4 Tipe-ontwerp
- 21.02.5 Inspeksies en toetse
- 21.02.6 Verklarings van ooreenstemming
- 21.02.7 Proefvlugte
- 21.02.8 Uitreiking van tipesertifikaat
- 21.02.9 Vorm van tipesertifikaat
- 21.02.10 Voorregte van houer van tipesertifikaat
- 21.02.11 Geldigheidsduur
- 21.02.12 Oordraagbaarheid
- 21.02.13 Spesiale voorwaardes
- 21.02.14 Pligte van houer van tipesertifikaat

### SUBDEEL 3 : VERANDERINGE AAN TIPESERTIFIKATE

- 21.03.1 Veranderinge in tipe-ontwerp
- 21.03.2 Aanmelding van klein veranderinge in tipe-ontwerp
- 21.03.3 Goedkeuring van groot veranderinge in tipe-ontwerp
- 21.03.4 Vereiste ontwerpveranderinge
- 21.03.5 Lugwaardigheidsontwerpstandaarde

### SUBDEEL 4 : SERTIFIKATE VAN TIPE-AANVAARDING

- 21.04.1 Kategorieë sertifikate van tipe-aanvaarding



- 21.04.2 Aansoek om sertifikaat van tipe-aanvaarding
- 21.04.3 Lugwaardigheidsontwerpstandaarde
- 21.04.4 Gegewens-vereistes
- 21.04.5 Uitreiking van sertifikaat van tipe-aanvaarding
- 21.04.6 Vorm van sertifikaat van tipe-aanvaarding
- 21.04.7 Geldigheidsduur
- 21.04.8 Plig van houer van sertifikaat van tipe-aanvaarding

#### **SUBDEEL 5 : AANVULLENDE TIPESERTIFIKATE**

- 21.05.1 Vereistes vir aanvullende typesertifikaat
- 21.05.2 Aansoek om aanvullende typesertifikaat
- 21.05.3 Uitreiking van aanvullende typesertifikaat
- 21.05.4 Vorm van aanvullende typesertifikaat
- 21.05.5 Voorregte van houer van aanvullende typesertifikaat
- 21.05.6 Geldigheidsduur
- 21.05.7 Plig van houer van aanvullende typesertifikaat

#### **SUBDEEL 6 : PRODUKSIE SLEGS KRAGTENS TIPESERTIFIKAAT**

- 21.06.1 Produksie kragtens typesertifikaat
- 21.06.2 Produksie-inspeksiestelsel
- 21.06.3 Toetse vir lugvaartuie
- 21.06.4 Toetse vir lugvaartuigmotore
- 21.06.5 Toetse vir skroewe
- 21.06.6 Verklaring van ooreenstemming

#### **SUBDEEL 7 : PRODUKSIE-SERTIFIKATE**

- 21.07.1 Vereistes vir produksie-sertifikaat
- 21.07.2 Aansoek om produksie-sertifikaat of wysiging daarvan
- 21.07.3 Uitreiking van produksie-sertifikaat
- 21.07.4 Vorm van produksie-sertifikaat
- 21.07.5 Bepalings van goedkeuring
- 21.07.6 Pligte van houer van produksie-sertifikaat
- 21.07.7 Voorregte van houer van produksie-sertifikaat
- 21.07.8 Oordraagbaarheid en geldigheidsduur

**SUBDEEL 8 : LUGWAARDIGHEIDCERTIFIKATE**

- 21.08.1 Kategorieë lugwaardigheidsertifikate
- 21.08.2 Aansoek om lugwaardigheidsertifikaat of wysiging daarvan
- 21.08.3 Vereistes vir standaard of beperkte kategorie lugwaardigheidsertifikaat
- 21.08.4 Vereistes vir eksperimentele sertifikaat
- 21.08.5 Vereistes vir spesiale vliegpermit
- 21.08.6 Uitreiking van lugwaardigheidsertifikaat
- 21.08.7 Vorm van lugwaardigheidsertifikaat
- 21.08.8 Spesiale vliegpermitte met voortdurende magtiging
- 21.08.9 Geldigheidsduur
- 21.08.10 Oordraagbaarheid

**SUBDEEL 9 : GOEDKEURING VAN ONDERDELE EN TOESTELLE**

- 21.09.1 Vervangings- en modifikasie-onderdele
- 21.09.2 Inspeksies en toetse
- 21.09.3 Aansoek om ZA-PMA
- 21.09.4 Uitreiking van ZA-PMA
- 21.09.5 Pligte van houer van ZA-PMA
- 21.09.6 Oordraagbaarheid en geldigheidsduur

**SUBDEEL 10 : GOEDKEURING VAN ONDERDELE EN TOESTELLE : INVOER**

- 21.10.1 Goedkeuring

**SUBDEEL 11 : LUGWAARDIGHEIDSGOEDKEURINGS VIR UITVOER**

- 21.11.1 Lugwaardigheidsgoedkeurings vir uitvoer
- 21.11.2 Aansoek om lugwaardigheidsgoedkeuring vir uitvoer
- 21.11.3 Uitreiking van lugwaardigheidsgoedkeuring vir uitvoer
- 21.11.4 Vorm van lugwaardigheidsgoedkeuring vir uitvoer
- 21.11.5 Pligte van houer van lugwaardigheidsgoedkeuring vir uitvoer
- 21.11.6 Inspeksies en opknappings

**SUBDEEL 12 : ZA-TSO- MAGTIGINGS**

- 21.12.1 ZA-TSO- merkteken
- 21.12.2 Aansoek om ZA-TSO- magtiging
- 21.12.3 Uitreiking van ZA-TSO- magtiging
- 21.12.4 Pligte van houer van ZA-TSO- magtiging

- 
- 21.12.5 Goedkeuring vir afwyking
  - 21.12.6 Ontwerpsveranderinge
  - 21.12.7 Optekningsvereistes
  - 21.12.8 ZA-TSO- toestelontwerpgoedkeuring : uitvoer
  - 21.12.9 Oordraagbaarheid en geldigheidsduur

**SUBDEEL 1****ALGEMEEN****Toepassing**

- 21.01.1** (1) Hierdie Deel is van toepassing op -
- (a) die tipesertifisering van produkte wat in die Republiek vervaardig gaan word;
  - (b) die goedkeuring of veranderinge aan tipesertifikate;
  - (c) die sertifisering van tipe-aanvaarding van produkte wat in die Republiek ingevoer gaan word;
  - (d) die uitreiking van aanvullende tipesertifikate;
  - (e) die uitreiking van produksie-sertifikate;
  - (f) die lugwaardigheidsertifisering van lugvaartuie;
  - (g) die goedkeuring van onderdele en toestelle wat in die Republiek vervaardig gaan word;
  - (h) die goedkeuring van onderdele en toestelle wat in die Republiek ingevoer gaan word;
  - (i) die uitreiking van lugwaardigheidsgoedkeurings vir uitvoer; en
  - (j) die uitreiking van ZA-TSO- magtigings.
- (2) Hierdie Deel is nie van toepassing nie ten opsigte van enige -
- (a) hangsweeftuig;
  - (b) parasweeftuig;
  - (c) onbemande vryballon;
  - (d) kabelballon;
  - (e) vlieër;
  - (f) model-lugvaartuig;
  - (g) valskerm; of
  - (h) aangedrewe parasweeftuig.

**Tipes lugvaartuie**

- 21.01.2** (1) Vir die doeleindes van die regulasies in hierdie Deel, is die tipes lugvaartuie -
- (a) sweeftuie en aangedrewe sweeftuie;
  - (b) baie ligte vliegtuie;
  - (c) vliegtuie van die normale, utiliteits-, kunsvlieg- en reisigerskategorieë;

- (d) vliegtuie van die vervoerkategorie;
- (e) rotortuie van die normale kategorie;
- (f) rotortuie van die vervoerkategorie;
- (g) bemande vryballonne;
- (h) verende lugskepe;
- (i) nie-verende lugskepe; en
- (j) afstandbeheerde lugvaartuie.

(2) Die lugwaardigheidsontwerpstandaarde vir elke tipe lugvaartuig bedoel in subregulasie (1), is daardie bedoel in regulasie 21.02.3.

### **Aanmelding van onklaarrakings, foutwerkings en defekte**

**21.01.3** (1) Die houer van enige tipesertifikaat, aanvullende tipesertifikaat, produksiesertifikaat, ZA-PMA- of ZA-TSO- magtiging uitgereik ingevolge die regulasies in hierdie Deel, moet enige onklaarraking, foutwerking of defek in enige produk, onderdeel of toestel vervaardig deur so 'n houer wat -

- (a) aanleiding gegee het tot die gebeurtenisse gespesifiseer in Dokument SA-CATS-AR; of
- (b) aan so 'n houer se gehaltebeheerstelsel onderwerp is en aanleiding kan gee tot enige van die gebeurtenisse gespesifiseer in Dokument SA-CATS-AR,

skriftelik by die Kommissaris aanmeld.

(2) 'n Aanmelding bedoel in subregulasie (1) moet insluit -

- (a) die lugvaartuigreeksnommer;
- (b) indien die onklaarraking, foutwerking of defek verband hou met 'n artikel goedgekeur kragtens 'n ZA-TSO- magtiging, die reeksnommer en modelbenaming van die artikel;
- (c) indien die onklaarraking, foutwerking of defek verband hou met 'n lugvaartuigmotor of lugvaartuigskroef, die reeksnommer van die motor of skroef;
- (d) die produkmodel;
- (e) 'n identifisering, insluitend die onderdeelnommer, van die betrokke onderdeel, komponent of stelsel; en
- (f) die aard van die onklaarraking, foutwerking of defek.

(3) 'n Aanmelding bedoel in subregulasie (1) moet aan die Kommissaris voorgelê word binne 24 uur nadat die houer bewus geword het van die onklaarraking, foutwerking of defek wat aangemeld moet word: Met dien verstande dat 'n verslag wat voorgelê moes word op 'n -

- (a) Saterdag of 'n Sondag, op die daaropvolgende Maandag voorgelê kan word;



(b) openbare feesdag, op die eersvolgende werksdag voorgelê kan word.

(4) In die geval waar die ondersoek van 'n ongeluk of diensprobleemverslag aandui dat 'n produk onveilig is weens 'n vervaardigings- of ontwerpdefek, moet die betrokke houer, op versoek van die Kommissaris aan die Kommissaris verslag doen oor die uitslag van sy ondersoekingswerk en enige stappe gedoen of voorgestel deur so 'n houer om die defek reg te stel.

(5) Indien stappe gedoen moet word om die defek in bestaande produkte reg te stel, moet die betrokke houer die gegewens nodig vir die uitreiking van 'n toepaslike lugwaardigheidsvoorskrif aan die Kommissaris voorlê.

### **Uitreiking van lugwaardigheidsvoorskrifte**

**21.01.4** (1) Die Kommissaris kan toepaslike lugwaardigheidsvoorskrifte uitreik ten opsigte van die ontwerpveranderinge wat nodig is om die onveilige toestand van 'n produk reg te stel.

(2) Indien die Kommissaris 'n lugwaardigheidsvoorskrif vir 'n produk uitreik, moet die houer van enige sertifikaat uitgereik kragtens die regulasies in hierdie Deel vir die produktipe -

- (a) op versoek van die Kommissaris, toepaslike ontwerpveranderinge aan die Kommissaris voorlê vir goedkeuring; en
- (b) by goedkeuring van die ontwerpveranderinge, die beskrywende gegewens wat oor die veranderinge handel, beskikbaar stel aan alle operateurs van die produk.

### **Veiligheidsondersoeke en oudits**

**21.01.5** (1) 'n Aansoeker om die uitreiking van enige sertifikaat, goedkeuring of magtiging ingevolge die regulasies in hierdie Deel, moet 'n lugwaardigheidsinspekteur toelaat om die veiligheidsondersoeke en vlieg- en grondtoetse uit te voer wat nodig is om die geldigheid van enige aansoek gedoen ingevolge hierdie Deel te verifieer.

(2) Die houer van enige sertifikaat, goedkeuring of magtiging uitgereik kragtens hierdie Deel, moet 'n lugwaardigheidsinspekteur toelaat om die veiligheidsondersoeke en oudits, met inbegrip van veiligheidsondersoeke en oudits van sy vennote of subkontraakteurs, uit te voer wat nodig is om voldoening aan die toepaslike vereistes voorgeskryf in hierdie Deel te bepaal.

**Opskorting, kansellering en appèl**

**21.01.6** (1) 'n Lugwaardigheidsinspekteur kan 'n sertifikaat, goedkeuring of magtiging uitgereik kragtens hierdie Deel opskort vir 'n tydperk van hoogstens 30 dae, indien -

(a) na 'n veiligheidsondersoek en oudit uitgevoer ingevolge regulasie 21.01.5, dit duidelik blyk dat die houer van die sertifikaat, goedkeuring of magtiging nie voldoen aan die vereistes voorgeskryf in hierdie Deel nie, en so 'n houer versuim om die nie-voldoening reg te stel binne 30 dae na ontvangs van 'n skriftelike kennisgewing van die lugwaardigheidsinspekteur om dit te doen; of

(b) die lugwaardigheidsinspekteur deur die houer van die sertifikaat, goedkeuring of magtiging, of sy vennote of subkontraakteurs, verhinder word om 'n veiligheidsondersoek en oudit ingevolge regulasie 21.01.5 uit te voer; of

(c) die opskorting nodig is in die belang van lugvaartveiligheid.

(2) Die lugwaardigheidsinspekteur wat 'n sertifikaat, goedkeuring of magtiging opgeskort het ingevolge subregulasie (1), moet 'n skriftelike verslag aan die Kommissaris lewer, wat die redes vermeld waarom, na sy of haar mening, die opgeskorte sertifikaat, goedkeuring of magtiging gekanselleer behoort te word.

(3) Die betrokke lugwaardigheidsinspekteur moet 'n kopie van die verslag bedoel in subregulasie (2), voorlê aan die houer van die sertifikaat, goedkeuring of magtiging wat opgeskort is, en moet bewys van sodanige voorlegging lewer vir die inligting van die Kommissaris.

(4) Die houer van 'n sertifikaat, goedkeuring of magtiging wat gegrief voel oor die opskorting van die sertifikaat, goedkeuring of magtiging kan teen so 'n opskorting appelleer na die Kommissaris, binne 30 dae nadat die houer bewus geword het van so 'n opskorting.

(5) 'n Appellant lewer die appèl skriftelik, met vermelding van die redes waarom, na sy of haar mening, die opskorting verander of tersyde gestel behoort te word.

(6) Die appellant moet 'n kopie van die appèl en enige dokumente of skrifstukke wat so 'n appèl ondersteun, voorlê aan die betrokke lugwaardigheidsinspekteur, en moet bewys lewer van so 'n voorlegging vir die inligting van die Kommissaris.

(7) Die betrokke lugwaardigheidsinspekteur kan, binne 30 dae na ontvangs van die kopie van die appèl bedoel in subregulasie (6), sy of haar skriftelike antwoord op so 'n appèl aan die Kommissaris voorlê.

(8) Die Kommissaris kan -

(a) die appèl bereg op grond van die dokumente aan hom of haar voorgelê; of

(b) die appellant en die betrokke lugwaardigheidsinspekteur gelas om voor hom of haar te verskyn, of in persoon of deur middel van 'n

verteenwoordiger, op 'n tyd en plek deur hom of haar bepaal, om getuienis te lewer.

(9) Die Kommissaris kan 'n opskorting bedoel in subregulasie (1) bekragtig, verander of tersyde stel.

(10) Die Kommissaris moet -

(a) indien hy of sy die opskorting ingevolge subregulasie (9) bekragtig; of

(b) indien 'n sertifikaat, goedkeuring of magtiging opgeskort is ingevolge subregulasie (1) en die houer daarvan nie teen so 'n opskorting ingevolge subregulasie (4) appelleer nie,

die betrokke sertifikaat, goedkeuring of magtiging kanselleer.

### Register van sertifikate

**21.01.7** (1) Die Kommissaris hou 'n register van alle sertifikate, goedkeurings en magtigings uitgereik ingevolge die regulasies in hierdie Deel.

(2) Die register moet die volgende besonderhede bevat:

(a) Die volle naam van die houer van die sertifikaat, goedkeuring of magtiging;

(b) die posadres van die houer van die sertifikaat, goedkeuring of magtiging;

(c) die datum waarop die sertifikaat, goedkeuring of magtiging uitgereik is; en

(d) die nasionaliteit van die houer van die sertifikaat, goedkeuring of magtiging.

(3) Die besonderhede bedoel in subregulasie (2) word in die register aangeteken binne sewe dae van die datum waarop die sertifikaat, goedkeuring of magtiging deur die Kommissaris uitgereik is.

(4) Die register word op 'n veilige plek by die kantoor van die Kommissaris gehou.

(5) 'n Kopie van die register word deur die Kommissaris, teen betaling van die toepaslike geld soos voorgeskryf in Deel 187, aan enige persoon verskaf wat die kopie versoek.

**SUBDEEL 2****TIPESERTIFIKATE****Kategorieë tipesertifikate**

**21.02.1** Die kategorieë tipesertifikate is -

- (a) standaard kategorie tipesertifikaat vir 'n Klas I- produk wat vervaardig gaan word in die Republiek; en
- (b) beperkte kategorie tipesertifikaat vir 'n Klas I- produk wat vervaardig gaan word in die Republiek.

**Aansoek om tipesertifikaat of wysiging daarvan**

**21.02.2** (1) 'n Aansoek om die uitreiking van 'n tipesertifikaat vir 'n Klas I- produk, of 'n wysiging daarvan -

- (a) word by die Kommissaris gedoen in die toepaslike vorm soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-AR; en
- (b) gaan vergesel van -
  - (i) 'n gesertifiseerde ware kopie van die goedkeuring gehou deur die gekose ontwerporganisasie;
  - (ii) die toepaslike geld soos voorgeskryf in Deel 187;
  - (iii) in die geval van 'n aansoek om 'n lugvaartuigtipe, 'n drie-aansig tekening van die lugvaartuigtipe en beskikbare voorlopige basiese gegewens;
  - (iv) in die geval van 'n aansoek om 'n lugvaartuigmotortipe of 'n lugvaartuigskroeftipe, 'n beskrywing van die -
    - (aa) ontwerpkenmerke;
    - (bb) bedryfseienskappe; en
    - (cc) voorgestelde bedryfsbeperkings; en
  - (v) die voorgestelde sertifiseringsbasis.

(2) 'n Aansoek bedoel in subregulasie (2) is geldig -

- (a) in die geval van 'n aansoek vir 'n lugvaartuigtipe met 'n maksimum gesertifiseerde massa van meer as 5 700 kilogram, vir 'n tydperk van vyf jaar;
- (b) in die geval van 'n aansoek vir 'n lugvaartuigtipe met 'n maksimum gesertifiseerde massa van 5 700 kilogram of minder, vir 'n tydperk van drie jaar;

- (c) in die geval van 'n aansoek vir 'n rotortuigtype met 'n maksimum gesertifiseerde massa van meer as 2 730 kilogram, vir 'n tydperk van vyf jaar;
- (d) in die geval van 'n aansoek vir 'n rotortuigtype met 'n maksimum gesertifiseerde massa van 2 730 kilogram of minder, vir 'n tydperk van drie jaar,

bereken vanaf die datum waarop die aansoek voorgelê word aan die Kommissaris.

(3) Indien 'n tipesertifikaat nie uitgereik word binne die toepaslike tydperk bedoel in subregulasie (2) nie, kan die aansoeker -

- (a) 'n nuwe aansoek voorlê ooreenkomstig die bepalings van subregulasie (1); of
- (b) 'n aansoek voorlê om die oorspronklike aansoek gedoen ingevolge subregulasie (1) te verleng, en voldoen aan die toepaslike lugwaardigheidontwerpstandaarde bedoel in regulasie 21.02.3, van toepassing op 'n datum deur die aansoeker gekies: Met dien verstande dat so 'n geldigheidsdatum die datum van uitreiking van die tipesertifikaat vooraf moet gaan met die toepaslike tydperk bedoel in subregulasie (2) ten opsigte van die oorspronklike aansoek.

#### Lugwaardigheidontwerpstandaarde

**21.02.3** (1) 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n tipesertifikaat vir 'n Klas I- produk, of 'n wysiging daarvan, moet aan die Kommissaris bewys lewer dat -

- (a) die produk voldoen aan die toepaslike lugwaardigheidontwerpstandaarde soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-AR, van krag op die datum van die aansoek of enige latere datum gekies deur die aansoeker ingevolge regulasie 21.02.2(3)(b);
- (b) die produk voldoen aan die toepaslike lugvaartuigeraas-, brandstofontlugting- en motoruitlatingstandaarde bedoel in Deel 34 of Deel 36, na gelang van die geval;
- (c) die produk voldoen aan enige spesiale standaarde voorgeskryf deur die Kommissaris ingevolge regulasie 21.02.13;
- (d) enige lugwaardigheidontwerpstandaarde waaraan nie voldoen word nie, uitbalanseer word deur faktore wat 'n gelykwaardige veiligheidsvlak voorsien; en
- (e) in die geval van 'n lugvaartuigtype, geen kenmerk of eienskap meebring dat die lugvaartuig onveilig is vir die bedoelde gebruik nie.



(2) Indien die aansoeker 'n latere datum bedoel in subregulasie (1)(a) kies, moet die aansoeker bewys lewer dat die produk voldoen aan enige ander lugwaardigheidsontwerpstandaard wat die Kommissaris bepaal, direk verbandhoudend is.

### Tipe-ontwerp

**21.02.4** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n tipesertifikaat vir 'n Klas I-produk, of 'n wysiging daarvan, moet -

- (a) die Kommissaris voorsien van 'n tipe-ontwerp bestaande uit -
  - (i) die tekeninge en spesifikasies wat nodig is om die konfigurasie en ontwerpkenmerke van die produk wat getoon is om te voldoen aan die toepaslike lugwaardigheidsontwerpstandaarde bedoel in regulasie 21.02.3, te omskryf;
  - (ii) 'n lys van die tekeninge en spesifikasies bedoel in subparagraaf (i);
  - (iii) inligting oor afmetings, materiale en prosesse en oor metodes van vervaardiging of samestel van die produk wat nodig is om die ooreenstemming van die produk te verseker;
  - (iv) die lugwaardigheidsbeperkings gespesifiseer in die toepaslike lugwaardigheidsontwerpstandaarde bedoel in regulasie 21.02.3; en
  - (v) enige ander gegewens wat nodig is om, vergelykenderwys, die bepaling toe te laat van die lugwaardigheid, geraaseienskappe, brandstofontlugting en motoruitlating, indien toepaslik, van latere produkte van dieselfde tipe; en
- (b) elke tipe-ontwerp en elke variant binne die tipe-ontwerp identifiseer.

### Inspeksies en toetse

**21.02.5** (1) 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n tipesertifikaat vir 'n Klas I-produk, of 'n wysiging daarvan, moet 'n produk van die tipe inspekteer en toets om te verseker dat -

- (a) die produk voldoen aan die toepaslike lugwaardigheidsontwerpstandaarde bedoel in regulasie 21.02.3;
- (b) die produk voldoen aan die toepaslike lugvaartuiggeraas-, brandstofontlugting- en motoruitlatingstandaarde bedoel in Deel 34 or Deel 36, na gelang van die geval;
- (c) die materiale en produk ooreenstem met die spesifikasies in die tipe-ontwerp;

- (d) alle onderdele in die produk ooreenstem met die tekeninge in die tipe-ontwerp; en
  - (e) die vervaardigingsprosesse, konstruksie en samestel ooreenstem met daardie gespesifiseer in die tipe-ontwerp.
- (2) Die aansoeker moet, na die doen van die inspeksies en toetse bedoel in subregulasie (1) -
- (a) die Kommissaris toelaat om enige inspeksie en vlieg- en grondtoetse te doen wat die Kommissaris vereis;
  - (b) bewys lewer aan die Kommissaris dat die produk voldoen aan die vereistes bedoel in subregulasie (1)(c), (d) en (e); en
  - (c) verseker dat die produk onveranderd bly tussen die tydstip waarop die produk getoon is te voldoen aan die vereistes bedoel in subregulasie (1)(c), (d) en (e), en die tydstip van voorlegging aan die Kommissaris vir toetsing.

### **Verklarings van ooreenstemming**

**21.02.6** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n typesertifikaat, of 'n wysiging daarvan, wat 'n produk aan die Kommissaris voorlê vir die toetse bedoel in regulasie 21.02.5(2), moet die Kommissaris voorsien van 'n verklaring van ooreenstemming wat verklaar dat -

- (a) die aansoeker voldoen het aan die vereistes bedoel in regulasie 21.02.5(1)(c), (d) en (e); en
- (b) die produk voldoen aan die toepaslike tipe-ontwerp.

### **Proefvlugte**

**21.02.7** (1) Behoudens die bepalings van subregulasies (2) en (3), moet 'n aansoeker om die uitreiking van 'n typesertifikaat vir 'n lugvaartuig, of 'n wysiging daarvan, die proefvlugte uitvoer wat die Kommissaris vereis om te bepaal of -

- (a) die lugvaartuig voldoen aan die toepaslike lugwaardigheidontwerpstandaarde bedoel in regulasie 21.02.3;
- (b) die lugvaartuig en die lugvaartuigkomponente en -toerusting betroubaar is en behoorlik funksioneer.

(2) Die aansoeker moet verseker dat voor die uitvoer van die proefvlugte bedoel in subregulasie (1) -

- (a) die lugvaartuig voldoen aan die strukturele vereistes van die toepaslike lugwaardigheidontwerpstandaarde bedoel in regulasie 21.02.3;
- (b) die lugvaartuig die vereiste grondinspeksies en -toetse ondergaan het; en

(c) die lugvaartuig ooreenstem met die tipe-ontwerp.

(3) Die proefvlugte bedoel in subregulasie (1) moet uitgevoer word ooreenkomstig die vereistes soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-AR.

### **Uitreiking van tipesertifikaat**

**21.02.8** (1) 'n Aansoek ingevolge regulasie 21.02.2 word verleen en 'n tipesertifikaat vir 'n Klas I-produk uitgereik indien -

- (a) die aansoeker voldoen aan die bepalings van regulasies 21.02.3 tot en met 21.02.7; en
- (b) die inspeksie en toetsing van die produk bevestig dat die produk voldoen aan die toepaslike lugwaardigheidsontwerpstandaarde bedoel in regulasie 21.02.3.

(2) 'n Tipesertifikaat kan uitgereik word in beide die standaard kategorie en beperkte kategorie bedoel in regulasie 21.02.1 indien aan die bepalings van regulasies 21.02.3 tot en met 21.02.7 vir elke kategorie voldoen word.

(3) 'n Beperkte kategorie tipesertifikaat moet die bedryfsdoeleindes waarvoor die produk gesertifiseer word, spesifiseer.

### **Vorm van tipesertifikaat**

**21.02.9** 'n Tipesertifikaat word uitgereik op die toepaslike vorm soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-AR.

### **Voorregte van houer van tipesertifikaat**

**21.02.10** Die houer van 'n tipesertifikaat is geregtig -

- (a) om, by voldoening aan die toepaslike vereistes voorgeskryf in Subdeel 7, 'n produksie-sertifikaat vir die betrokke tipe-gesertifiseerde produk te verkry;
- (b) om goedkeuring vir vervangingsonderdele van so 'n produk te verkry;
- (c) om in die geval van 'n lugvaartuig, by voldoening aan die toepaslike vereistes voorgeskryf in Subdeel 8, 'n lugwaardigheidsertifikaat te verkry; en
- (d) om in die geval van 'n lugvaartuigmotor of -skroef, goedkeuring te verkry vir die installering daarvan op 'n gesertifiseerde lugvaartuig.

### Geldigheidsduur

**21.02.11** (1) 'n Tipesertifikaat is geldig totdat dit teruggegee word deur die houer daarvan, of opgeskort word deur 'n lugwaardigheidsinspekteur, of gekanselleer word deur die Kommissaris, ingevolge regulasie 21.01.6.

(2) Die houer van 'n tipesertifikaat wat opgeskort word, moet onverwyld die tipesertifikaat by opskorting daarvan, aan die betrokke lugwaardigheidsinspekteur oorhandig vir die toepaslike endossement.

(3) Die houer van 'n tipesertifikaat wat gekanselleer word, moet, binne 30 dae vanaf die datum waarop die tipesertifikaat gekanselleer word, so 'n tipesertifikaat aan die Kommissaris teruggee.

### Oordraagbaarheid

**21.02.12** Die houer van 'n tipesertifikaat moet, voor die oordrag van die tipesertifikaat -

- (a) die Kommissaris skriftelik in kennis stel van die naam en adres van -
  - (i) die oordragnemer; en
  - (ii) die ontwerporganisasie daarna gekies; en
- (b) die tipesertifikaat aan die Kommissaris voorlê vir wysiging.

### Spesiale voorwaardes

**21.02.13** Die Kommissaris kan spesiale voorwaardes vir 'n Klas I-produk voorskryf om 'n veiligheidsvlak in te stel gelykwaardig aan die toepaslike lugwaardigheidontwerpstandaarde bedoel in regulasie 21.02.3, indien die Kommissaris bepaal dat die lugwaardigheidontwerpstandaarde nie toereikende of toepaslike veiligheidsvlakke bevat nie, vanweë die feit dat -

- (a) die produk beskik oor nuwe of buitengewone ontwerpkenmerke na verhouding tot die ontwerppraktyke waarop die toepaslike lugwaardigheidontwerpstandaarde gegrond is; of
- (b) die beoogde gebruik van die produk onkonvensioneel is.

### Pligte van houer van tipesertifikaat

**21.02.14** Die houer van 'n tipesertifikaat moet -

- (a) die oorspronklike tipesertifikaat in 'n veilige plek hou en so 'n sertifikaat toon aan 'n lugwaardigheidsinspekteur vir inspeksie indien so 'n inspekteur dit versoek;
- (b) alle betrokke ontwerpinligting, tekeninge, toetsverslae en inspeksierekords van die produk hou vir 'n tydperk van twee jaar vanaf die datum waarop die laaste weergawe van die produk permanent van diens onttrek is;
- (c) die ontwerpinligting, tekeninge, toetsverslae en inspeksierekords toon aan 'n lugwaardigheidsinspekteur vir inspeksie indien so 'n inspekteur dit versoek;
- (d) minstens een stel voorskrifte vir veilige bedryf en voortgesette lugwaardigheid voorberei ooreenkomstig die toepaslike lugwaardigheidontwerpstandaarde bedoel in regulasie 21.02.3, voorsien aan elke koper van die produk, by die lewering daarvan, of by die uitreiking van die eerste standaard lugwaardigheidsertifikaat vir die betrokke produk, welke ook al later plaasvind;
- (e) die voorskrifte bedoel in paragraaf (d), en enige veranderinge aan die voorskrifte, beskikbaar stel aan enige ander persoon vereis ingevolge die regulasies in hierdie Deel om aan die voorskrifte te voldoen;
- (f) 'n stelsel vir die ontvangs en analise van inligting met betrekking tot defekte in die produktipe, te ontwikkel en in stand te hou;
- (g) elke eienaar van 'n produk van dieselfde tipe inlig oor die besonderhede van die stelsel ontwikkel ooreenkomstig die bepalings van paragraaf (f);
- (h) 'n vlieghandleiding vir die produk voortbring en opdateer;
- (i) by die Kommissaris enige onklaarraking, foutwerking of defek ooreenkomstig die bepalings van regulasie 21.01.3 aanmeld.



**SUBDEEL 3****VERANDERINGE AAN TIPESERTIFIKATE****Veranderinge in tipe-ontwerp**

**21.03.1** Die veranderinge in tipe-ontwerp vir produkte is -

- (a) 'n klein verandering;
- (b) 'n groot verandering;
- (c) 'n akoestiese verandering; en
- (d) 'n uitlatingsverandering.

**Aanmelding van klein veranderinge in tipe-ontwerp**

**21.03.2** Alle klein veranderinge in 'n tipe-ontwerp moet skriftelik aan die Kommissaris rapporteer word deur die houer van die typesertifikaat.

**Goedkeuring van groot veranderinge in tipe-ontwerp**

**21.03.3** (1) Die houer van 'n typesertifikaat wat aansoek doen om die goedkeuring van 'n groot verandering in 'n tipe-ontwerp, moet aan die Kommissaris stawende gegewens en die nodige beskrywende gegewens vir insluiting in die tipe-ontwerp voorlê.

(2) Goedkeuring van 'n groot verandering in die tipe-ontwerp van 'n lugvaartuigmotor word beperk tot die spesifieke motorkonfigurasie waaraan die verandering aangebring word, tensy die aansoeker -

- (a) in die nodige beskrywende gegewens vir insluiting in die tipe-ontwerp, die ander konfigurasies van dieselfde motortipe waarvoor goedkeuring verlang word, identifiseer; en
- (b) aantoon dat die verandering bestaanbaar is met sodanige ander konfigurasies.

**Vereiste ontwerpveranderinge**

**21.03.4** (1) In 'n geval waar die Kommissaris 'n lugwaardigheidsvoorskrif uitreik, moet die houer van die typesertifikaat vir die betrokke produk -

- (a) indien ontwerpveranderinge nodig is om die onveilige toestand van so 'n produk reg te stel, die toepaslike ontwerpveranderinge en

stawende gegewens aan die Kommissaris vir goedkeuring voorlê, wanneer versoek om dit te doen; en

- (b) by goedkeuring van die ontwerpveranderinge, die beskrywende gegewens oor die veranderinge beskikbaar stel aan alle operateurs van produkte wat voorheen gesertifiseer is kragtens die tipesertifikaat.

(2) In 'n geval waar daar nie bestaande onveilige toestande is nie, maar die Kommissaris of die houer van die tipesertifikaat deur diensondervinding bevind dat veranderinge in tipe-ontwerp sal bydra tot die veiligheid van die produk, kan die houer van die tipesertifikaat toepaslike ontwerpveranderinge en stawende gegewens vir goedkeuring voorlê.

(3) By goedkeuring van die ontwerpveranderinge bedoel in subregulasie (2), moet die houer van die tipesertifikaat inligting oor die ontwerpveranderinge beskikbaar stel aan alle operateurs van dieselfde tipe produk.

#### **Lugwaardigheidsontwerpstandaarde**

**21.03.5** 'n Aansoeker om die goedkeuring van 'n verandering aan 'n tipesertifikaat moet voldoen aan die toepaslike lugwaardigheidsontwerpstandaarde bedoel in regulasie 21.02.3.

**SUBDEEL 4****SERTIFIKATE VAN TIPE-AANVAARDING****Kategorieë sertifikaat van tipe-aanvaarding**

**21.04.1** Die kategorieë sertifikaat van tipe-aanvaarding is -

- (a) 'n standaard kategorie sertifikaat van tipe-aanvaarding vir 'n Klas I-produk wat in die Republiek ingevoer gaan word; en
- (b) 'n beperkte kategorie sertifikaat van tipe-aanvaarding vir 'n Klas I-produk wat in die Republiek ingevoer gaan word.

**Aansoek om sertifikaat van tipe-aanvaarding**

**21.04.2** 'n Aansoek om die uitreiking van 'n sertifikaat van tipe-aanvaarding vir 'n Klas I-produk -

- (a) word by die Kommissaris gedoen in die toepaslike vorm soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-AR; en
- (b) gaan vergesel van -
  - (i) die toepaslike geld soos voorgeskryf in Deel 187; en
  - (ii) bewys van voldoening aan die bepalings van regulasies 21.04.3 en 21.04.4.

**Lugwaardigheidsontwerpstandaarde**

**21.04.3** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n sertifikaat van tipe-aanvaarding vir 'n Klas I-produk moet aan die Kommissaris bewys lewer dat -

- (a) die produk voldoen aan die toepaslike lugwaardigheidsontwerpstandaarde bedoel in regulasie 21.02.3, van toepassing op die datum toegeken in die buitelandse tipesertifikaat of 'n gelykwaardige dokument, tensy 'n ander datum deur die Kommissaris gespesifiseer word;
- (b) die produk voldoen aan enige spesiale voorwaardes voorgeskryf deur die Kommissaris ingevolge regulasie 21.02.13;
- (c) enige lugwaardigheidsontwerpstandaarde waaraan nie voldoen word nie, uitbalanseer word deur faktore wat 'n gelykwaardige veiligheidsvlak voorsien; en

- (d) geen kenmerk of eienskap van die produk dit onveilig maak vir die beoogde gebruik nie.

#### Gegewens-vereistes

**21.04.4** (1) 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n sertifikaat van tipe-aanvaarding vir 'n Klas I-produk moet die Kommissaris voorsien van -

- (a) bewys dat die tipe-ontwerp goedgekeur is deur die toepaslike owerheid van die Staat wat uitvoer, deur die uitreiking van 'n typesertifikaat of 'n gelykwaardige dokument;
- (b) besonderhede van die lugwaardigheidsontwerpstandaarde waaraan voldoen is, vir die uitreiking van die typesertifikaat bedoel in paragraaf (a), insluitend -
  - (i) die lugwaardigheidsontwerpstandaarde;
  - (ii) die toepassingsdatum van sodanige standaarde;
  - (iii) enige spesiale voorwaardes opgelê kragtens die buitelandse tipe-sertifisering;
  - (iv) enige vereistes waaraan nie voldoen word nie en enige uitbalanserende faktore wat 'n gelykwaardige veiligheidsvlak voorsien; en
  - (v) enige lugwaardigheidsbeperkings;
- (c) 'n lys wat die gegewens wat voorgelê is vir die uitreiking van die typesertifikaat bedoel in paragraaf (a), identifiseer, wat voldoening toon aan die toepaslike lugwaardigheidsontwerpstandaarde;
- (d) 'n gesertifiseerde ware kopie van die vlieghandleiding goedgekeur kragtens 'n buitelandse typesertifikaat of, indien die toepaslike lugwaardigheidsontwerpstandaarde nie vereis dat 'n vlieghandleiding voorsien moet word nie, 'n vlieghandleiding wat voldoen aan die standaard soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-AR;
- (e) die geïllustreerde onderdele-katalogus; en
- (f) indien deur die Kommissaris vereis -
  - (i) die onderhoudshandleiding vir die produk;
  - (ii) alle bestaande diensinligting uitgereik deur die vervaardiger van die produk; en
  - (iii) bewys dat die vervaardiger toegestem het om die Kommissaris te voorsien van 'n gesertifiseerde ware kopie van alle wysigings en heruitreikings van die dokumente bedoel in paragrawe (d), (e) en (f).

(2) Die Kommissaris kan die bestek van reeksnommers of modelle van produkte waarop die aansoek betrekking het, spesifiseer, of die toepassing van die sertifikaat

heromskryf indien die bepalings van hierdie regulasie en regulasie 21.04.3 nie aan voldoen word nie ten opsigte van enige bykomstige produk.

#### **Uitreiking van sertifikaat van tipe-aanvaarding**

**21.04.5** (1) 'n Aansoek ingevolge regulasie 21.04.2 word verleen en 'n sertifikaat van tipe-aanvaarding vir 'n Klas I-produk word uitgereik indien die aansoeker voldoen aan die bepalings van regulasies 21.04.3 en 21.04.4.

(2) 'n Sertifikaat van tipe-aanvaarding kan uitgereik word in beide die standaard en beperkte kategorieë bedoel in regulasie 21.04.1, indien aan die bepalings van regulasies 21.04.3 en 21.04.4 vir elke kategorie voldoen word.

(3) 'n Beperkte kategorie sertifikaat van tipe-aanvaarding moet die bedryfsdoeleindes waarvoor die produk gesertifiseer word, spesifiseer.

#### **Vorm van sertifikaat van tipe-aanvaarding**

**21.04.6** 'n Sertifikaat van tipe-aanvaarding word uitgereik op die toepaslike vorm soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-AR.

#### **Geldigheidsduur**

**21.04.7** (1) 'n Sertifikaat van tipe-aanvaarding is geldig totdat dit deur die houer daarvan teruggegee word, of opgeskort word deur 'n lugwaardigheidsinspekteur, of gekanselleer word deur die Kommissaris, ingevolge regulasie 21.01.6.

(2) Die houer van 'n sertifikaat van tipe-aanvaarding wat opgeskort word, moet onverwyld die sertifikaat van tipe-aanvaarding by die opskorting daarvan oorhandig aan die betrokke lugwaardigheidsinspekteur vir die toepaslike endossement.

(3) Die houer van 'n sertifikaat van tipe-aanvaarding wat gekanselleer word, moet, binne 30 dae vanaf die datum waarop die sertifikaat van tipe-aanvaarding gekanselleer word, so 'n sertifikaat van tipe-aanvaarding aan die Kommissaris teruggee.

#### **Plig van houer van sertifikaat van tipe-aanvaarding**

**21.04.8** Die houer van 'n sertifikaat van tipe-aanvaarding moet die oorspronklike sertifikaat van tipe-aanvaarding in 'n veilige plek hou en so 'n sertifikaat toon aan 'n lugwaardigheidsinspekteur vir inspeksie indien so 'n inspekteur dit versoek.



**SUBDEEL 5****AANVULLENDE TIPESERTIFIKATE****Vereistes vir aanvullende typesertifikaat**

**21.05.1** (1) Enige persoon wat nie die houer van 'n typesertifikaat is nie en wat 'n produk verander deur enige verandering in die tipe-ontwerp in te bring, maar wat nie groot genoeg is om 'n nuwe aansoek om 'n typesertifikaat te vereis nie, moet by die Kommissaris aansoek doen om die uitreiking van 'n aanvullende typesertifikaat.

(2) 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n aanvullende typesertifikaat moet aan die Kommissaris bewys lewer dat -

- (a) die veranderde produk voldoen aan die toepaslike lugwaardigheidsontwerpstandaarde bedoel in regulasie 21.02.3;
- (b) in die geval van 'n akoestiese verandering, die veranderde produk voldoen aan die toepaslike geraasstandaarde soos voorgeskryf in Deel 36; en
- (c) in die geval van 'n uitlatingsverandering, die veranderde produk voldoen aan die toepaslike uitlatingstandaarde soos voorgeskryf in Deel 34.

(3) 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n aanvullende typesertifikaat moet voldoen aan die bepalings van regulasies 21.02.5 en 21.02.6 ten opsigte van elke verandering in tipe-ontwerp.

(4) Vir die doeleindes van hierdie regulasie, kan die houer van 'n typesertifikaat aansoek doen om die wysiging van die typesertifikaat ingevolge Subdeel 2.

**Aansoek om aanvullende typesertifikaat**

**21.05.2** 'n Aansoek om die uitreiking van 'n aanvullende typesertifikaat -

- (a) word by die Kommissaris gedoen in die toepaslike vorm soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-AR; en
- (b) gaan vergesel van -
  - (i) die toepaslike geld soos voorgeskryf in Deel 187; en
  - (ii) bewys van voldoening aan die bepalings van regulasie 21.05.1.

### **Uitreiking van aanvullende typesertifikaat**

**21.05.3** 'n Aansoek ingevolge regulasie 21.05.2 word verleen en 'n aanvullende typesertifikaat uitgereik indien die aansoeker voldoen aan die vereistes voorgeskryf in regulasie 21.05.1.

### **Vorm van aanvullende typesertifikaat**

**21.05.4** 'n Aanvullende typesertifikaat word uitgereik op die toepaslike vorm soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-AR.

### **Voorregte van houer van aanvullende typesertifikaat**

**21.05.5** Die houer van 'n aanvullende typesertifikaat is geregtig -

- (a) om in die geval van 'n lugvaartuig, by voldoening aan die toepaslike vereistes voorgeskryf in Subdeel 8, 'n lugwaardigheidsertifikaat te verkry; en
- (b) om in die geval van enige ander produk, goedkeuring vir die installering van so 'n produk op 'n gesertifiseerde lugvaartuig te verkry; en
- (c) om by voldoening aan die toepaslike vereistes voorgeskryf in Subdeel 7, 'n produksie-sertifikaat te verkry vir die verandering in die tipe-ontwerp goedgekeur deur die aanvullende typesertifikaat.

### **Geldigheidsduur**

**21.05.6** (1) 'n Aanvullende typesertifikaat is geldig totdat dit teruggegee word deur die houer daarvan, of opgeskort word deur 'n lugwaardigheidsinspekteur, of gekanselleer word deur die Kommissaris ingevolge regulasie 21.01.6.

(2) Die houer van 'n aanvullende typesertifikaat wat opgeskort word, moet die aanvullende typesertifikaat onverwyld by die opskorting daarvan oorhandig aan die betrokke lugwaardigheidsinspekteur vir die toepaslike endossement.

(3) Die houer van 'n aanvullende typesertifikaat wat gekanselleer word, moet, binne 30 dae vanaf die datum waarop die aanvullende typesertifikaat gekanselleer word, so 'n aanvullende typesertifikaat aan die Kommissaris teruggee.

**Plig van houer van aanvullende typesertifikaat**

**21.05.7** Die houer van 'n aanvullende typesertifikaat moet die oorspronklike typesertifikaat in 'n veilige plek hou en so 'n sertifikaat toon aan 'n lugwaardigheidsinspekteur vir inspeksie indien so 'n inspekteur dit versoek.

**SUBDEEL 6****PRODUKSIE SLEGS KRAGTENS TIPESERTIFIKAAT****Produksie kragtens tipesertifikaat**

**21.06.1** Die vervaardiger van 'n produk wat slegs kragtens 'n tipesertifikaat vervaardig word, moet -

- (a) elke sodanige produk beskikbaar stel vir inspeksie deur die Kommissaris;
- (b) by die plek van vervaardiging die tegniese gegewens en tekeninge hou wat nodig is vir die Kommissaris om te bepaal of die produk en sy onderdele ooreenstem met die tipe-ontwerp;
- (c) tensy anders gemagtig deur die Kommissaris, 'n produksie-inspeksiestelsel instel en onderhou vir produkte vervaardig meer as ses maande na die datum waarop die tipesertifikaat uitgereik is, om te verseker dat sodanige produkte ooreenstem met die tipe-ontwerp en in 'n veilige bedryfstoestand is; en
- (d) by die instelling van die produksie-inspeksiestelsel bedoel in paragraaf (c), 'n handleiding aan die Kommissaris voorlê wat so 'n stelsel beskryf sowel as die prosedures vir die maak van die vasstelling bedoel in regulasie 21.06.2(2).

**Produksie-inspeksiestelsel**

**21.06.2** (1) Vir die doeleindes van regulasie 21.06.1(c), moet die vervaardiger 'n Hersieningsraad vir Materiale en hersieningsprosedures vir materiale instel.

(2) Die prosedures vir die maak van vasstellings is soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-AR.

(3) Die samestelling van die Hersieningsraad vir Materiale en sy bevoegdhede en pligte is soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-AR.

**Toetse vir lugvaartuie**

**21.06.3** Die vervaardiger van 'n lugvaartuig wat vervaardig word slegs kragtens 'n tipesertifikaat moet 'n produksie-proefvlugprosedure instel soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-AR, waarvolgens die lugvaartuig aldus vervaardig, op proefvlug geneem moet word.

## **Toetse vir lugvaartuigmotore**

**21.06.4** Die vervaardiger van 'n lugvaartuigmotor wat slegs kragtens 'n tipesertifikaat vervaardig word, moet elke ander motor as 'n straalmotor waarvoor so 'n vervaardiger 'n toetsingstegniek moet instel, onderwerp aan 'n proefloop soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-AR.

## **Toetse vir skroewe**

**21.06.5** Die vervaardiger van skroewe wat slegs kragtens 'n tipesertifikaat vervaardig word, moet elke bestuurbare skroef onderwerp aan 'n funksionele toets om te bepaal of die skroef behoorlik dwarsdeur die normale bedryfsbestek funksioneer.

## **Verklaring van ooreenstemming**

**21.06.6** (1) Die vervaardiger van 'n produk wat slegs kragtens 'n tipesertifikaat vervaardig word, moet -

- (a) by die aanvanklike oordrag van die eiendomsreg van die produk vervaardig kragtens die tipesertifikaat; of
- (b) by aansoek om die oorspronklike uitreiking van -
  - (i) in die geval van 'n lugvaartuig, 'n lugwaardigheidsertifikaat; of
  - (ii) in die geval van 'n lugvaartuigmotor of -skroef, 'n lugwaardigheidsgoedkeuring-etiket,

aan die Kommissaris 'n verklaring van ooreenstemming voorlê.

(2) Die verklaring van ooreenstemming moet -

- (a) insluit -
  - (i) vir elke produk, 'n verklaring dat die produk ooreenstem met sy tipesertifikaat en in 'n toestand vir veilige bedryf is;
  - (ii) vir elke lugvaartuig, 'n verklaring dat die lugvaartuig getoets is ooreenkomstig die bepalinge van regulasie 21.06.3;
  - (iii) vir elke lugvaartuigmotor, 'n verklaring dat die motor getoets is ooreenkomstig die bepalinge van regulasie 21.06.4; en
  - (iv) vir elke bestuurbare skroef, 'n verklaring dat die skroef getoets is ooreenkomstig die bepalinge van regulasie 21.06.5; en
- (b) onderteken wees deur die persoon gemagtig deur die vervaardiger om die verklaringe van ooreenstemming uit te reik.



**SUBDEEL 7****PRODUKSIE-SERTIFIKATE****Vereistes vir produksie-sertifikate**

**21.07.1** Enige vervaardiger wat goedgekeur is deur die Kommissaris ingevolge Deel 148, kan aansoek doen om die uitreiking van 'n produksie-sertifikaat indien die vervaardiger -

- (a) 'n geldige tipesertifikaat; of
  - (b) 'n geldige aanvullende tipesertifikaat,
- vir die betrokke produk hou.

**Aansoek om produksie-sertifikaat of wysiging daarvan**

**21.07.2** 'n Aansoek om die uitreiking van 'n produksie-sertifikaat, of 'n wysiging daarvan -

- (a) word by die Kommissaris gedoen in die toepaslike vorm soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-AR; en
- (b) gaan vergesel van -
  - (i) die toepaslike geld soos voorgeskryf in Deel 187;
  - (ii) gegewens wat die inspeksie- en toetsprosedures beskryf wat nodig is om te verseker dat elke artikel wat vervaardig word ooreenstem met die tipe-ontwerp en in 'n veilige bedryfstoeestand is;
  - (iii) 'n beskrywing van inspeksieprosedures vir rou materiale, aangekoopte items, en onderdele en samestelle voortgebring deur 'n vennoot of subkontraakteur, insluitend metodes gebruik om aanvaarbare kwaliteit te verseker van onderdele en samestelle wat nie volledig vir ooreenstemming inspekteer kan word nie wanneer aan die aansoeker deur die vennoot of subkontraakteur gelewer;
  - (iv) 'n beskrywing van die metodes gebruik vir produksie-inspeksie van afsonderlike onderdele en voltooide samestelle, insluitend -
    - (aa) die identifisering van enige besondere vervaardigingsproses wat betrokke is;
    - (bb) die metodes gebruik om die prosesse te beheer;
    - (cc) die finale toetsprosedure vir die voltooide produk; en

- (dd) in die geval van 'n lugvaartuig, 'n kopie van die aansoeker se produksie-proefvlugprosedures en -kontrolelys;
- (v) 'n omlýning van die hersieningstelsel vir materiale, insluitend die prosedure om hersieningsraadbesluite aan te teken en om weg te doen met onderdele wat verwerp is;
- (vi) 'n omlýning van 'n stelsel om personeel verantwoordelik vir inspeksies in te lig oor bestaande veranderinge in die ingenieurstekeninge, spesifikasies en gehaltebeheer-prosedures;
- (vii) 'n lys of kaart wat die ligging van alle inspeksiestandplase aandui; en
- (viii) die bepalings van die goedkeuring bedoel in regulasie 21.07.5, waarom aansoek gedoen word.

#### **Uitreiking van produksie-sertifikaat**

**21.07.3** (1) 'n Aansoek ingevolge regulasie 21.07.2 word verleen en 'n produksie-sertifikaat uitgereik indien die aansoeker voldoen aan die vereistes voorgeskryf in regulasie 21.07.1.

(2) Die Kommissaris kan die vervaardiging van meer as een tipe-gesertifiseerde produk magtig kragtens die bepalings van goedkeuring bedoel in regulasie 21.07.5, indien die produkte soortgelyke produksie-eienskappe het.

#### **Vorm van produksie-sertifikaat**

**21.07.4** 'n Produksie-sertifikaat word uitgereik op die toepaslike vorm soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-AR.

#### **Bepalings van goedkeuring**

**21.07.5** Die bepalings van goedkeuring -

- (a) word uitgereik as deel van die produksie-sertifikaat;
- (b) spesifiseer die tipe-gesertifiseerde produk wat vervaardig gaan word; en
- (c) bevat 'n produksie-beperkingsregister wat die typesertifikaat van elke produk wat die houer van die produksie-sertifikaat gemagtig is om te vervaardig, lys.

**Pligte van houer van produksie-sertifikaat****21.07.6** Die houer van 'n produksie-sertifikaat moet -

- (a) die sertifikaat vertoon op 'n prominente plek by so 'n houer se vervaardigingsfasiliteit vir die betrokke produk en, indien 'n kopie van die sertifikaat vertoon word, die oorspronklike sertifikaat aan 'n lugwaardigheidsinspekteur toon indien so 'n inspekteur dit versoek; en
- (b) die gehaltebeheer van elke produk wat so 'n houer gemagtig is om te vervaardig, handhaaf in ooreenstemming met die gegewens en prosedures goedgekeur deur die Kommissaris vir so 'n sertifikaat.

**Voorregte van houer van produksie-sertifikaat****21.07.7** Die houer van 'n produksie-sertifikaat is geregtig -

- (a) om in die geval van 'n lugvaartuig, 'n lugwaardigheidssertifikaat te verkry; of
- (b) in die geval van enige ander produk, goedkeuring te verkry vir installering op gesertifiseerde lugvaartuie.

**Oordraagbaarheid en geldigheidsduur****21.07.8** (1) 'n Produksie-sertifikaat uitgereik ingevolge regulasie 21.07.3 -

- (a) is nie oordraagbaar nie; en
- (b) is geldig totdat dit teruggegee word deur die houer daarvan, of opgeskort word deur 'n lugwaardigheidsinspekteur, of gekanselleer word deur die Kommissaris ingevolge regulasie 21.01.6.

(2) Die houer van 'n produksie-sertifikaat wat opgeskort word, moet onverwyld die sertifikaat by die opskorting daarvan oorhandig aan die betrokke lugwaardigheidsinspekteur vir die toepaslike endossement.

(3) Die houer van 'n produksie-sertifikaat wat gekanselleer word, moet binne 30 dae vanaf die datum waarop die sertifikaat gekanselleer word, so 'n sertifikaat teruggee aan die Kommissaris.

**SUBDEEL 8****LUGWAARDIGHEIDCERTIFIKATE****Kategorieë lugwaardigheidsertifikate**

**21.08.1** (1) Die kategorieë lugwaardigheidsertifikate is -

- (a) 'n standaard kategorie lugwaardigheidsertifikaat;
- (b) 'n beperkte kategorie lugwaardigheidsertifikaat; en
- (c) 'n spesiale kategorie lugwaardigheidsertifikaat.

(2) 'n Spesiale kategorie lugwaardigheidsertifikaat bestaan uit -

- (a) 'n eksperimentele sertifikaat; of
- (b) 'n spesiale vliegpermit.

(3) 'n Lugvaartuig wat binne toegerus is vir toediening van stowwe in landboubedryf tot 'n mate wat dit ongeskik maak vir gebruik in lugvervoerbedryf, word slegs 'n beperkte kategorie lugwaardigheidsertifikaat verleen vir die doel van landboubedryf.

**Aansoek om lugwaardigheidsertifikaat of wysiging daarvan**

**21.08.2** (1) Enige eienaar van 'n lugvaartuig, of sy of haar gemagtigde verteenwoordiger, kan aansoek doen om die uitreiking van 'n lugwaardigheidsertifikaat vir die lugvaartuig, of 'n wysiging daarvan.

(2) 'n Aansoek om die uitreiking van 'n standaard of beperkte lugwaardigheidsertifikaat of 'n wysiging daarvan -

- (a) word by die Kommissaris gedoen in die toepaslike vorm soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-AR; en
- (b) gaan vergesel van -
  - (i) die toepaslike geld soos voorgeskryf in Deel 187; en
  - (ii) bewys van voldoening aan die bepalings van regulasie 21.08.3.

(3) 'n Aansoek om die uitreiking van 'n eksperimentele sertifikaat, of 'n wysiging daarvan -

- (a) word by die Kommissaris gedoen in die toepaslike vorm soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-AR; en
- (b) gaan vergesel van -
  - (i) die toepaslike geld soos voorgeskryf in Deel 187; en
  - (ii) bewys van voldoening aan die bepalings van regulasie 21.08.4.

- (4) 'n Aansoek om die uitreiking van 'n spesiale vliegpermit, of 'n wysiging daarvan -
  - (a) word by die Kommissaris gedoen in die toepaslike vorm soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-AR; en
  - (b) gaan vergesel van -
    - (i) die toepaslike geld soos voorgeskryf in Deel 187; en
    - (ii) bewys van voldoening aan die bepalings van regulasie 21.08.5.

#### **Vereistes vir standaard of beperkte kategorie lugwaardigheidsertifikaat**

**21.08.3 (1)** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n standaard of beperkte kategorie lugwaardigheidsertifikaat vir 'n lugvaartuig, of 'n wysiging daarvan, moet aan die Kommissaris bewys lewer dat -

- (a) in die geval van 'n nuwe lugvaartuig tipe vervaardig deur die houer van 'n vervaardigingsorganisasie-goedkeuring uitgereik kragtens Deel 148 -
  - (i) die aansoeker die vervaardiger is; en
  - (ii) die aansoeker 'n verklaring van ooreenstemming uitgereik het ingevolge regulasie 21.02.6; of
- (b) in die geval van 'n ingevoerde lugvaartuig -
  - (i) 'n standaard of beperkte kategorie sertifikaat van tipe-aanvaarding uitgereik is vir die lugvaartuig tipe ingevolge regulasie 21.04.5; en
  - (ii) 'n verklaring van ooreenstemming uitgereik is deur, of ooreenkomstig die wette van, die toepaslike owerheid van die Staat wat uitvoer.

**(2)** Die aansoeker moet, benewens die bepalings van subregulasie (1), aan die Kommissaris bewys lewer dat -

- (a) die lugvaartuig ooreenstem met 'n toepaslike tipesertifikaat of tipesertifikaat van aanvaarding;
- (b) enige modifikasie aan die lugvaartuig ooreenstem met die ontwerpveranderinge goedgekeur vir die tipe;
- (c) die lugvaartuig voldoen aan die toepaslike lugwaardigheidsvoorskrifte uitgereik ingevolge regulasie 21.01.4;
- (d) die lugvaartuig uitgereik is met die toepaslike vlieghandleiding, en enige logboeke, herstel- en veranderingsvorme, en dokumente, wat die Kommissaris vereis; en
- (e) die lugvaartuig in 'n toestand vir veilige bedryf is.



**Vereistes vir eksperimentele sertifikaat**

**21.08.3** (1) 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n eksperimentele sertifikaat vir 'n lugvaartuig, of 'n wysiging daarvan, moet die Kommissaris voorsien van -

- (a) 'n verklaring wat die doel spesifiseer waarvoor die lugvaartuig gebruik gaan word;
- (b) voldoende gegewens om die lugvaartuig te identifiseer;
- (c) enige inligting wat die Kommissaris verlang om die publiek te beveilig;
- (d) vlieghandleidings, onderhoudshandleidings of die dokumente met betrekking tot die bedryf van die lugvaartuig wat die Kommissaris verlang, indien sodanige handleidings en dokumente reeds bestaan; en
- (e) bewys dat die lugvaartuig voldoen aan die ontwerpveranderinge nodig vir die veilige bedryf van die lugvaartuig wat die Kommissaris vereis.

(2) 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n eksperimentele sertifikaat vir 'n lugvaartuig, of 'n wysiging daarvan, wat gebruik gaan word vir navorsing en ontwikkeling of om voldoening te toon aan die regulasies in hierdie Deel moet, benewens die bepalings van subregulasie (1), die Kommissaris voorsien van -

- (a) die oogmerke van die toets;
- (b) die beraamde tyd of aantal vlugte vereis vir die toets;
- (c) besonderhede van die gebiede waaroor die toets onderneem sal word; en
- (d) behalwe vir lugvaartuie omskep van 'n voorheen-gesertifiseerde tipe sonder merkbare verandering in die eksterne konfigurasie, drie-aansig tekeninge of driedimensionele foto's van die lugvaartuig.

(3) 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n eksperimentele sertifikaat vir 'n lugvaartuig, of 'n wysiging daarvan, wat gebruik gaan word vir 'n ander doel as daardie voorgeskryf in subregulasie (2), moet, benewens die bepalings van subregulasie (1), aan die Kommissaris bewys lewer dat -

- (a) 'n tydperk van vliegevaluasie voltooi is wat aantoon -
  - (i) dat die lugvaartuig beheerbaar is dwarsdeur sy normale spoedbestek en dwarsdeur al die maneuvres wat uitgevoer gaan word; en
  - (ii) dat die lugvaartuig oor geen gevaarhoudende bedryfseienskappe of ontwerpkenmerke beskik nie; of
- (b) die lugvaartuig ooreenstem met 'n tipe-ontwerp wat getoon is om 'n aanvaarbare veiligheidsvlak te voorsien vir die doel, deur -
  - (i) voldoening te toon aan die toepaslike lugwaardigheid-ontwerpstandaarde bedoel in regulasie 21.02.3; of

- (ii) inligting te verskaf betreffende die lugwaardigheidsgeskiedenis van lugvaartuie wat ooreenstem met die tipe-ontwerp.

### **Vereistes vir spesiale vliegpermit**

**21.08.4** (1) 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n spesiale vliegpermit vir 'n ander lugvaartuig as 'n lugvaartuig bedoel in subregulasie (2), of 'n wysiging daarvan, moet aan die Kommissaris 'n verklaring lewer wat die volgende vermeld -

- (a) die doel van die vlug;
- (b) die voorgestelde reisplan;
- (c) die boordbemanning wat nodig is om die lugvaartuig en sy toerusting te bedryf;
- (d) besonderhede van enige nie-voldoening aan die toepaslike lugwaardigheidontwerpstandaarde bedoel in regulasie 21.02.3;
- (e) enige beperking wat die aansoeker nodig ag vir die veilige bedryf van die lugvaartuig; en
- (f) enige ander inligting wat die Kommissaris vereis vir die doel om bedryfsbeperkings voor te skryf.

(2) 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n spesiale vliegpermit vir enige amateurvervaardigde lugvaartuig of produksie-vervaardigde lugvaartuig, of 'n wysiging daarvan, moet die Kommissaris voorsien van -

- (a) 'n verklaring wat die doel spesifiseer waarvoor die lugvaartuig gebruik gaan word;
- (b) bewys van voldoening aan die toepaslike lugwaardigheid-ontwerpstandaarde bedoel in regulasie 21.02.3;
- (c) enige inligting wat die Kommissaris vereis om die publiek te beveilig;
- (d) enige dokument met betrekking tot die bedryf van die lugvaartuig wat die Kommissaris vereis; en
- (e) bewys dat die lugvaartuig voldoen aan enige ontwerpveranderinge nodig vir die veilige bedryf van die lugvaartuig wat die Kommissaris vereis.

### **Uitreiking van lugwaardigheidsertifikaat**

**21.08.5** (1) 'n Aansoek ingevolge regulasie 21.08.2 word verleen en 'n lugwaardigheidsertifikaat uitgereik indien -

- (a) die aansoeker voldoen aan die bepalings van regulasie 21.08.3, 21.08.4 of 21.08.5, na gelang van die geval; en

- (b) ten opsigte van 'n spesiale kategorie lugwaardigheidsertifikaat, die veiligheidsvlak toereikend is vir die doel waarvoor die lugvaartuig gebruik gaan word.
- (2) 'n Lugwaardigheidsertifikaat word uitgereik onderworpe aan die voorwaardes en beperkings wat die Kommissaris bepaal.
- (3) 'n Lugwaardigheidsertifikaat kan uitgereik word in beide die standaard en beperkte kategorieë indien -
  - (a) die lugvaartuig voldoen aan die sertifiseringsvereistes vir elke kategorie wanneer in konfigurasie vir so 'n kategorie; en
  - (b) die lugvaartuig omskep kan word van een konfigurasie na die ander deur toerusting te verwyder of by te voeg deur eenvoudige meganiese metodes.

### **Vorm van lugwaardigheidsertifikaat**

**21.08.6** 'n Lugwaardigheidsertifikaat word uitgereik op die toepaslike vorm soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-AR.

### **Spesiale vliegpermitte met voortdurende magtiging**

**21.08.7** Die Kommissaris kan 'n spesiale vliegpermit met 'n voortdurende magtiging uitreik aan -

- (a) die houer van 'n bedryfsertifikaat, vir die doel om lugvaartuie te vlieg na 'n basis waar onderhoud uitgevoer gaan word; en
- (b) die houer van 'n vervaardigingsorganisasie-goedkeuring uitgereik ingevolge Deel 148, vir die doel van proefvlugte op nuwe produksie-lugvaartuie vervaardig deur so 'n houer.

### **Geldigheidsduur**

**21.08.8** (1) 'n Lugwaardigheidsertifikaat is geldig totdat -

- (a) dit verval, indien 'n vervaldatum deur die Kommissaris bepaal is; of
- (b) dit teruggegee word deur die houer daarvan, of opgeskort word deur 'n lugwaardigheidsinspekteur, of gekanselleer word deur die Kommissaris, ingevolge regulasie 21.01.6.

(2) Behoudens die bepalings van subregulasie (1), bly 'n lugwaardigheidsertifikaat geldig vir solank as -

- (a) die lugvaartuig 'n Suid-Afrikaans-geregistreerde lugvaartuig bly; en
- (b) ten opsigte van 'n lugvaartuig met 'n standaard of beperkte kategorie lugwaardigheidsertifikaat, die lugvaartuig onderhou word ooreenkomstig die Regulasies.

(3) Die houer van 'n lugwaardigheidsertifikaat wat verval, moet die sertifikaat onverwyld aan die Kommissaris teruggee.

(4) Die houer van 'n lugwaardigheidsertifikaat wat opgeskort word, moet die sertifikaat onverwyld by die opskorting daarvan, oorhandig aan die betrokke lugwaardigheidsinspekteur vir die toepaslike endossement.

(5) Die houer van 'n lugwaardigheidsertifikaat wat gekanselleer word, moet binne 30 dae vanaf die datum waarop die sertifikaat gekanselleer word, so 'n sertifikaat aan die Kommissaris teruggee.

## Oordraagbaarheid

**21.08.9** 'n Standaard of beperkte lugwaardigheidsertifikaat en 'n eksperimentele sertifikaat word oorgedra saam met die lugvaartuig.

**SUBDEEL 9****GOEDKEURING VAN ONDERDELE EN TOESTELLE****Vervangings- en modifikasie-onderdele**

**21.09.1** (1) Behoudens die bepalings van subregulasie (2), mag geen persoon 'n modifikasie- of vervangingsonderdeel vir verkoop vir installering op 'n tipe-gesertifiseerde produk produseer nie, tensy so 'n modifikasie- of vervangingsonderdeel produseer word uit hoofde van 'n ZA-PMA uitgereik ingevolge hierdie Subdeel.

(2) Die bepalings van subregulasie (1) is nie van toepassing nie ten opsigte van -

- (a) onderdele geproduseer kragtens 'n typesertifikaat;
- (b) onderdele geproduseer deur 'n eienaar of operateur om sy eie produk te onderhou;
- (c) onderdele geproduseer kragtens 'n ZA-TSO; of
- (d) standaardonderdele wat ooreenstem met gevestigde burgerlugvaartbedryf- of Suid-Afrikaanse burgerlugvaartspeksifikasies.

**Inspeksies en toetse**

**21.09.2** (1) 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n ZA-PMA moet alle inspeksies en toetse uitvoer wat nodig is om die volgende te bepaal -

- (a) voldoening aan die toepaslike lugwaardigheidsontwerpstandaarde bedoel in regulasie 21.02.3;
  - (b) dat die materiale ooreenstem met die spesifikasies in die ontwerp;
  - (c) dat die onderdeel ooreenstem met die tekeninge in die ontwerp; en
  - (d) dat die vervaardigingsprosesse, konstruksie en samestel ooreenstem met daardie prosesse gespesifiseer in die ontwerp.
- (2) Tensy gemagtig deur die Kommissaris -
- (a) word geen onderdeel aan die Kommissaris voorgelê vir 'n inspeksie of toets nie tensy voldoening aan die bepalings van subregulasie (1)(b) en (d) vir so 'n onderdeel bewys is; en
  - (b) word geen verandering aangebring nie aan 'n onderdeel tussen die tydstip waarop voldoening aan die bepalings van subregulasie (1)(b) en (d) vir die onderdeel bewys is, en die tydstip waarop sodanige onderdeel voorgelê word aan die Kommissaris vir die inspeksie of toets.



(3) Die aansoeker moet 'n vervaardigingsinspeksiestelsel instel om te verseker dat elke voltooide onderdeel ooreenstem met sy ontwerpgegewens en veilig is vir installering aan toepaslike tipe-gesertifiseerde produkte.

### Aansoek om ZA-PMA

**21.09.3** (1) Enige vervaardiger wat goedgekeur is deur die Kommissaris ingevolge Deel 148, kan aansoek doen om 'n ZA-PMA.

(2) 'n Aansoek om die uitreiking van 'n ZA-PMA -

- (a) word by die Kommissaris gedoen in die toepaslike vorm soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-AR; en
- (b) gaan vergesel van -
  - (i) tekeninge en spesifikasies nodig om die konfigurasie van die onderdeel aan te toon;
  - (ii) inligting oor dimensies, materiale en prosesse nodig om die strukturele sterkte van die onderdeel te omskryf;
  - (iii) toetsverslae en berekenings wat nodig is om aan te toon dat die ontwerp van die onderdeel voldoen aan die lugwaardigheidsontwerpstandaarde bedoel in regulasie 21.02.3 wat van toepassing is op die produk waarop die onderdeel installeer gaan word, tensy die aansoeker aantoon dat die ontwerp van die onderdeel identies is aan 'n onderdeel wat kragtens 'n typesertifikaat gedek word;
  - (iv) indien die ontwerp van die onderdeel verkry is deur 'n lisensiëringsooreenkoms, 'n kopie van so 'n ooreenkoms; en
  - (v) die toepaslike geld soos voorgeskryf in Deel 187.

### Uitreiking van ZA-PMA

**21.09.4** (1) Behoudens die bepalings van subregulasie (2), word 'n aansoek ingevolge regulasie 21.09.3 verleen en 'n ZA-PMA uitgereik indien -

- (a) die Kommissaris oortuig is, by ontleding van die ontwerp en die uitslae van alle inspeksies en toetse, dat die ontwerp voldoen aan die lugwaardigheidsontwerpstandaarde bedoel in regulasie 21.02.3, wat van toepassing is op die produk waarop die onderdeel installeer gaan word; en
- (b) die aansoeker 'n verklaring voorlê wat sertifiseer dat die vervaardigingsinspeksiestelsel bedoel in regulasie 21.09.2(3) ingestel is.

(2) Die Kommissaris reik nie 'n ZA-PMA uit nie indien die vervaardigingsfasiliteit vir die onderdeel buite die Republiek geleë is, tensy die Kommissaris oortuig is dat die ligging van so 'n fasiliteit nie die administrasie van die toepaslike lugwaardigheidsvereistes voorgeskryf in hierdie Deel sal belemmer nie.

#### **Pligte van houer van ZA-PMA**

**21.09.5** Die houer van 'n ZA-PMA moet -

- (a) die vervaardigingsinspeksiestelsel bedoel in regulasie 21.09.2(3) onderhou;
- (b) die Kommissaris skriftelik in kennis stel, binne 14 dae van die datum waarop die vervaardigingsfasiliteit vir die betrokke onderdeel hervestig of uitgebrei is om bykomstige fasiliteite by ander plekke in te sluit, van sodanige hervestiging of uitbreiding; en
- (c) bepaal dat elke voltooide onderdeel ooreenstem met die goedgekeurde ontwerpgegewens en veilig is vir installering aan tipe-gesertifiseerde produkte.

#### **Oordraagbaarheid en geldigheidsduur**

**21.09.6** (1) 'n ZA-PMA uitgereik ingevolge regulasie 21.09.4 -

- (a) is nie oordraagbaar nie; en
- (b) is geldig totdat dit teruggegee word deur die houer daarvan, of opgeskort word deur 'n lugwaardigheidsinspekteur, of gekanselleer word deur die Kommissaris, ingevolge regulasie 21.01.6.

(2) Die houer van 'n ZA-PMA wat opgeskort word, moet onverwyld by die opskorting daarvan, die goedkeuring aan 'n lugwaardigheidsinspekteur oorhandig vir die toepaslike endossement.

(3) Die houer van 'n ZA-PMA wat gekanselleer word, moet, binne 30 dae van die datum waarop die goedkeuring gekanselleer word, so 'n goedkeuring aan die Kommissaris teruggee.

**SUBDEEL 10****GOEDKEURING VAN ONDERDELE EN TOESTELLE: INVOER****Goedkeuring**

**21.10.1** (1) Enige onderdeel of toestel vervaardig in 'n vreemde Staat waarmee die Suid-Afrikaanse regering 'n ooreenkoms aangegaan het vir die aanvaarding van die onderdeel of toestel vir uitvoer en invoer, word geag te voldoen aan die vereistes vir goedkeuring voorgeskryf in hierdie Deel, indien die toepaslike owerheid van die Staat waarin die onderdeel of toestel vervaardig is, 'n lugwaardigheidsertifikaat vir uitvoer uitreik wat sertifiseer dat so 'n onderdeel of toestel voldoen aan daardie vereistes, tensy die Kommissaris oortuig is, gegrond op die tegniese gegewens voorgelê ingevolge subregulasie (2), dat die onderdeel of toestel andersins nie bestaanbaar is met die lugwaardigheidsvereistes voorgeskryf in hierdie Deel nie.

(2) 'n Aansoeker om die goedkeuring van 'n onderdeel of toestel moet, op versoek van die Kommissaris, aan die Kommissaris enige tegniese gegewens betreffende die onderdeel of toestel voorlê.

## SUBDEEL 11

## LUGWAARDIGHEIDSGOEDKEURINGS VIR UITVOER

## Lugwaardigheidsgoedkeurings vir uitvoer

## 21.11.1 (1) 'n Lugwaardigheidsgoedkeuring vir uitvoer vir -

- (a) 'n Klas I-produk, word uitgereik in die vorm van 'n lugwaardigheidsertifikaat vir uitvoer; en
- (b) 'n Klas II- of 'n Klas III-produk, word uitgereik in die vorm van 'n lugwaardigheidsgoedkeuringetiket vir uitvoer.

## (2) 'n Lugwaardigheidsgoedkeuring vir uitvoer kan uitgereik word vir -

- (a) enige ander nuwe lugvaartuig as 'n lugvaartuig bedoel in paragraaf (b), wat saamgestel is en proefvlug-getoets is, en enige ander Klas I-produk geleë in die Republiek;
- (b) enige klein vliegtuig, sweeftuig of normale kategorie rotortuig wat tipe-gesertifiseer en vervaardig is kragtens 'n produksie-sertifikaat;
- (c) enige gebruikte lugvaartuig met 'n geldige lugwaardigheidsertifikaat, of ander Klas I-produk wat onderhou is ooreenkomstig die bepalings van Deel 43 en geleë is in 'n vreemde Staat, indien die Kommissaris oortuig is dat die ligging nie die administrasie van die bepalings van hierdie Deel belemmer nie ;
- (d) enige Klas II- of Klas III-produk vervaardig en geleë in die Republiek.

## Aansoek om lugwaardigheidsgoedkeuring vir uitvoer

21.11.2 (1) Enige uitvoerder, of sy of haar gemagtigde verteenwoordiger, kan aansoek doen om 'n lugwaardigheidsgoedkeuring vir uitvoer vir 'n Klas I of 'n Klas II-produk.

(2) Enige vervaardiger wat deur die Kommissaris goedgekeur is ingevolge Deel 148, kan aansoek doen om 'n lugwaardigheidsgoedkeuring vir uitvoer van 'n Klas III-produk indien die vervaardiger vir so 'n produk die houer is van -

- (a) 'n ZA-PMA; of
- (b) 'n ZA-TSO- magtiging.

(3) 'n Aansoek om die uitreiking van 'n lugwaardigheidsgoedkeuring vir uitvoer vir 'n Klas I-, 'n Klas II- of 'n Klas III-produk -

- (a) word by die Kommissaris gedoen in die toepaslike vorm soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-AR; en

- (b) gaan vergesel van -
- (i) 'n skriftelike verklaring van die toepaslike owerheid van die Staat wat invoer dat so 'n owerheid die lugwaardigheidsgoedkeuring vir uitvoer geldig sal maak indien die produk wat uitgevoer word -
- (aa) 'n lugvaartuig is wat buite die Republiek vervaardig is en uitgevoer word na 'n vreemde Staat waarmee die Suid-Afrikaanse regering 'n wedersydse ooreenkoms aangegaan het betreffende die erkenning van lugwaardigheidsgoedkeurings vir uitvoer;
- (bb) 'n nie-saamgestelde lugvaartuig is wat nog nie 'n proefvlug-toets ondergaan het nie;
- (cc) 'n produk is wat nie voldoen nie aan die vereistes bedoel in regulasie 21.11.3(1), (2) of (3), na gelang van die geval, vir die uitreiking van 'n lugwaardigheidsgoedkeuring vir uitvoer, in welke geval die skriftelike verklaring 'n lys moet bevat van daardie vereistes waaraan nie voldoen is nie;
- (ii) in die geval van 'n aansoek om die uitreiking van 'n lugwaardigheidsgoedkeuring vir uitvoer vir 'n Klas I-produk -
- (aa) 'n verklaring van ooreenstemming vir elke nuwe produk;
- (bb) die massa- en balansverslag soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-AR;
- (cc) 'n onderhoudshandleiding vir elke nuwe produk indien die handleiding vereis word deur die toepaslike lugwaardigheidontwerpstandaarde bedoel in regulasie 21.02.3;
- (dd) bewys van voldoening aan die toepaslike lugwaardigheidsvoorskrifte uitgereik ingevolge regulasie 21.01.4, insluitend paslike notering van daardie voorskrifte waaraan nie voldoen word nie;
- (ee) die lugvaartuigvlieghandleiding indien so 'n handleiding vereis word deur die toepaslike lugwaardigheidontwerpstandaarde bedoel in regulasie 21.02.3, vir die besondere lugvaartuig;
- (ff) 'n verklaring oor die datum waarop eiendomsreg oorgaan of verwag word om oor te gaan na 'n buitelandse koper; en
- (gg) die datum vereis deur die toepaslike owerheid van die Staat wat invoer; en
- (iii) die toepaslike geld soos voorgeskryf in Deel 187.



### **Uitreiking van lugwaardigheidsgoedkeuring vir uitvoer**

**21.11.3** (1) 'n Aansoek ingevolge regulasie 21.11.2 word verleen en 'n lugwaardigheidsertifikaat vir uitvoer vir 'n Klas I-produk uitgereik indien -

- (a) in die geval van 'n produk vervaardig in die Republiek, die produk voldoen aan die vereistes voorgeskryf in Subdeel 8;
- (b) in die geval van 'n produk vervaardig buite die Republiek, 'n geldige Suid-Afrikaanse lugwaardigheidsertifikaat uitgereik is vir die produk;
- (c) die produk 'n verpligte periodieke inspeksie ondergaan het en goedgekeur is vir vrystelling vir diens; en
- (d) aan die vereistes voorgeskryf deur die toepaslike owerheid van die Staat wat invoer, voldoen word.

(2) 'n Aansoek ingevolge regulasie 21.11.2 word verleen en 'n lugwaardigheidsgoedkeuringetiket vir uitvoer vir 'n Klas II-produk uitgereik indien die produk -

- (a) nuut is of nuut opgeknop is en ooreenstem met die goedgekeurde ontwerpgegevens;
- (b) in 'n toestand vir veilige bedryf is;
- (c) identifiseer word met minstens -
  - (i) die naam;
  - (ii) die onderdeelnommer;
  - (iii) die modelbenaming; en
  - (iv) die reeksnommer of ekwivalent, van die vervaardiger; en
- (d) voldoen aan die vereistes voorgeskryf deur die toepaslike owerheid van die Staat wat invoer.

(3) 'n Aansoek ingevolge regulasie 21.11.2 word verleen en 'n lugwaardigheidsgoedkeuringetiket vir uitvoer vir 'n Klas III-produk word uitgereik indien die produk -

- (a) ooreenstem met die goedgekeurde ontwerpgegevens wat van toepassing is op die Klas I- of Klas II-produk waarvan dit deel is;
- (b) in 'n toestand vir veilige bedryf is; en
- (c) voldoen aan die vereistes voorgeskryf deur die toepaslike owerheid van die Staat wat invoer.

### **Vorm van lugwaardigheidsgoedkeuring vir uitvoer**

**21.11.4** (1) 'n Lugwaardigheidsertifikaat vir uitvoer bedoel in regulasie 21.11.3(1) word uitgereik op die toepaslike vorm soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-AR.

(2) 'n Lugwaardigheidsgoedkeuringetiket bedoel in regulasie 21.11.3(2) en (3) word uitgereik op die toepaslike vorm soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-AR.

**Pligte van houer van lugwaardigheidsgoedkeuring vir uitvoer****21.11.5 Die houer van 'n lugwaardigheidsgoedkeuring vir uitvoer moet -**

- (a) alle dokumente en inligting wat nodig is vir die veilige bedryf van die produk wat uitgevoer word, aan die toepaslike owerheid van die Staat wat invoer, stuur;
- (b) die vervaardiger se samestellings-voorskrifte en proefvlug-kontrolelys goedgekeur deur die Kommissaris, aan die toepaslike owerheid van die Staat wat invoer, stuur indien nie-saamgestelde lugvaartuie uitgevoer word;
- (c) enige tydelike installering ingebou in 'n lugvaartuig vir die doel van uitvoeraflewering, verwyder of laat verwyder, en die lugvaartuig herstel na die goedgekeurde konfigurasie by voltooiing van die afleweringsvlug;
- (d) alle behoorlike buitelandse inklarings van al die betrokke State verseker, wanneer verkoopsdemonstrasies of afleweringsvlugte onderneem word; en
- (e) wanneer eiendomsreg van 'n lugvaartuig oorgaan of oorgegaan het op 'n buitelandse koper -
  - (i) kansellering aanvra van die Suid-Afrikaanse registrasie- en lugwaardigheidsertifikaat; en
  - (ii) 'n verklaring voorlê wat sertifiseer dat die Suid-Afrikaanse nasionaliteits- en registrasiemerke van die lugvaartuig verwyder is.

**Inspeksies en opknappings****21.11.6 Elke inspeksie en opknapping vereis vir lugwaardigheidsgoedkeuring vir uitvoer van 'n Klas I- en 'n Klas II-produk moet uitgevoer en goedgekeur word deur -**

- (a) die vervaardiger van die produk;
- (b) 'n lugvaartuigonderhoudsorganisasie goedgekeur deur die Kommissaris ingevolge Deel 145; of
- (c) 'n operateur, indien die produk onderhou word kragtens de operateur se voortgesette lugwaardigheidsonderhoudsprogram en onderhoudshandleiding.

**SUBDEEL 12****ZA-TSO- MAGTIGINGS****ZA-TSO- merkteken**

**21.12.1** Geen persoon mag 'n artikel identifiseer met 'n ZA-TSO- merkteken nie tensy so 'n persoon 'n ZA-TSO- magtiging hou en die artikel voldoen aan die toepaslike ZA-TSO-werkverrigtingstandaarde soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-AR.

**Aansoek om ZA-TSO- magtiging**

**21.12.2** (1) 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n ZA-TSO- magtiging moet die houer wees van 'n vervaardigingsorganisasie-goedkeuring uitgereik ingevolge Deel 148.

(2) 'n Aansoek om die uitreiking van 'n ZA-TSO- magtiging -

(a) word by die Kommissaris gedoen in die toepaslike vorm soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-AR; en

(b) gaan vergesel van -

(i) 'n verklaring van ooreenstemming wat sertifiseer dat die aansoeker voldoen het aan die vereistes voorgeskryf in hierdie Subdeel en dat die artikel voldoen aan die toepaslike ZA-TSO wat geldig is op die datum van aansoek vir so 'n artikel;

(ii) een kopie van die tegniese gegewens vereis in die toepaslike ZA-TSO; en

(iii) die toepaslike geld soos voorgeskryf in Deel 187.

(3) Indien 'n reeks klein veranderinge ooreenkomstig die bepalings van regulasie 21.12.6 voorsien word, kan die aansoeker in sy aansoek die basiese modelnommer van die artikel en die onderdeelnommer van die komponente insluit, met oop hakies na so 'n nommer, om aan te dui dat agtervoegselveranderingsletters of -nommers of kombinasies daarvan, van tyd tot tyd bygevoeg sal word.

(4) Indien die aansoek gebrekkig is, kan die Kommissaris die aansoeker versoek om die bykomstige inligting wat nodig is om voldoening aan die vereistes voorgeskryf in hierdie Subdeel te bewys, voor te lê.

(5) Indien die aansoeker versuim om die bykomstige inligting bedoel in subregulasie (4) voor te lê binne 30 dae van die datum waarop die Kommissaris sodanige bykomstige inligting versoek het, word die aansoek afgewys en die aansoeker dien ooreenkomstig verwittig.

### **Uitreiking van ZA-TSO- magtiging**

**21.12.3** (1) 'n Aansoek bedoel in regulasie 21.12.2 word verleen en 'n ZA-TSO- magtiging uitgereik indien -

- (a) die aansoeker voldoen aan die vereistes voorgeskryf in hierdie Subdeel;
- (b) die Kommissaris oortuig is dat die aansoeker oor die vermoë beskik om duplikaatartikels te vervaardig ooreenkomstig die vereistes voorgeskryf in hierdie Subdeel; en
- (c) die uitreiking van die ZA-TSO- magtiging nie strydig is met die belang van lugvaartveiligheid nie.

(2) Die Kommissaris reik die ZA-TSO- magtiging uit of weier om dit uit te reik binne 30 dae na die ontvangs van die aansoek of, indien bykomstige inligting versoek is, binne 30 dae van die datum waarop sodanige bykomstige inligting ontvang is.

(3) Die Kommissaris reik nie die ZA-TSO- magtiging uit nie indien die vervaardigingsfasiliteit vir die artikel buite die Republiek geleë is, tensy die Kommissaris oortuig is dat die ligging van so 'n fasiliteit nie die administrasie van die toepaslike lugwaardigheidsvereistes voorgeskryf in hierdie Deel sal belemmer nie.

### **Pligte van houer van ZA-TSO- magtiging**

**21.12.4** 'n Vervaardiger wie 'n ZA-TSO- magtiging vir 'n artikel hou, moet -

- (a) die artikel vervaardig ooreenkomstig die vereistes voorgeskryf in hierdie Subdeel en die toepaslike ZA-TSO;
- (b) al die vereiste toetse en inspeksies uitvoer en 'n gehaltebeheerstelsel instel en in stand hou wat toereikend is om te verseker dat die artikel voldoen aan die vereistes bedoel in paragraaf (a) en in 'n toestand vir veilige bedryf is;
- (c) vir elke model van elke artikel waarvoor 'n ZA-TSO- magtiging uitgereik is, 'n lopende lêer van volledige tegniese gegewens en rekords ooreenkomstig regulasie 21.12.7 voorberei en in stand hou;
- (d) elke artikel waarop hierdie regulasie van toepassing is, blywend en leesbaar merk met -
  - (i) die naam en adres van die vervaardiger;
  - (ii) die naam, tipe, onderdeelnommer of modelbenaming van die artikel;
  - (iii) die reeksnommer of die datum waarop die artikel vervaardig is, of beide; en
  - (iv) die toepaslike ZA-TSO- nommer.

## Goedkeuring vir afwyking

21.12.5 (1) 'n Vervaardiger wat goedkeuring versoek om van enige werkverrigtingstandaard van 'n ZA-TSO af te wyk, moet bewys lewer aan die Kommissaris dat die standarde waarvan 'n afwyking versoek word, uitbalanseer word deur faktore of ontwerpkenmerke wat 'n gelykwaardige veiligheidsvlak voorsien.

(2) Die skriftelike versoek om goedkeuring vir 'n afwyking, tesame met alle pertinente gegewens, moet -

(a) indien die artikel in die Republiek vervaardig is, aan die Kommissaris voorgelê word; en

(b) indien die artikel in 'n vreemde Staat vervaardig is, voorgelê word deur middel van die toepaslike owerheid van so 'n Staat aan die Kommissaris,

en vergesel gaan van die toepaslike geld soos voorgeskryf in Deel 187.

(3) Die Kommissaris verleen die goedkeuring indien die Kommissaris oortuig is dat die betrokke afwyking nie lugvaartveiligheid in gevaar sal stel nie.

## Ontwerpveranderinge

21.12.6 (1) 'n Vervaardiger wat 'n ZA-TSO- magtiging hou, mag klein ontwerpveranderinge aan 'n artikel aanbring sonder die vooraf goedkeuring van die Kommissaris indien die veranderde artikel die oorspronklike modelnommer behou en so 'n houder aan die Kommissaris enige hersiene gegewens voorlê wat nodig is vir voldoening aan die bepalings van regulasie 21.12.2(3).

(2) Indien 'n vervaardiger wat 'n ZA-TSO- magtiging hou, groot ontwerpveranderinge aan 'n artikel wil aanbring, moet die vervaardiger 'n nuwe tipe- of modelbenaming aan die artikel toeken en aansoek doen om 'n magtiging ingevolge regulasie 21.12.2.

(3) Geen ontwerpverandering deur 'n ander persoon as die vervaardiger wat 'n verklaring van ooreenstemming vir die artikel voorgelê het, word kragtens hierdie Subdeel goedgekeur nie tensy die persoon wat die goedkeuring versoek 'n vervaardiger is en aansoek doen ingevolge regulasie 21.12.2(2) om 'n afsonderlike ZA-TSO- magtiging.

## Optekeningseise

21.12.7 (1) 'n Vervaardiger wat 'n ZA-TSO- magtiging hou, moet vir elke artikel vervaardig kragtens die magtiging, die volgende dokumente by sy vervaardigingsfasiliteit hou:

(a) 'n Volledige en lopende lêer vir tegniese gegewens vir elke tipe- of model artikel, insluitend ontwerptekeninge en spesifikasies; en



- (b) volledige en lopende inspeksierekords wat weergee dat alle inspeksies en toetse vereis om voldoening te verseker aan die toepaslike vereistes voorgeskryf in hierdie Subdeel, behoorlik voltooi en aangeteken is.

(2) 'n Vervaardiger wat 'n ZA-TSO- magtiging hou, moet die rekords bedoel in subregulasie (1)(a) hou totdat die vervaardiger nie meer die betrokke artikel vervaardig nie: Met dien verstande dat op daardie tydstip kopieë van sodanige rekords aan die Kommissaris voorgelê moet word.

(3) 'n Vervaardiger wat 'n ZA-TSO- magtiging hou, moet die rekords bedoel in subregulasie (1)(b) vir 'n tydperk van minstens vyf jaar hou.

### **ZA-TSO- toestelontwerpgoedkeuring : uitvoer**

**21.12.8** (1) 'n Aansoek om die uitreiking van 'n ZA-TSO- ontwerpgoedkeuring moet skriftelik by die Kommissaris gedoen word en gaan vergesel van -

- (a) bewys van voldoening aan die vereistes bedoel in subregulasie (2); en

- (b) die toepaslike geld soos voorgeskryf in Deel 187.

(2) 'n ZA-TSO- ontwerpgoedkeuring kan uitgereik word vir 'n toestel wat vervaardig is in 'n vreemde Staat met wie die Suid-Afrikaanse regering 'n ooreenkoms aangegaan het vir die aanvaarding van die toestel vir uitvoer en invoer en wat in die Republiek ingevoer gaan word indien -

- (a) die toepaslike owerheid van die Staat waarin die toestel vervaardig is, sertifiseer dat die toestel ontleed en getoets is en voldoen aan -

- (i) die toepaslike ZA-TSO; of
- (ii) die toepaslike werkverrigtingstandaarde voorgeskryf deur die toepaslike owerheid van die Staat waarin die toestel vervaardig is en enige verdere werkverrigtingstandaarde soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-AR om 'n veiligheidsvlak voorsien deur die toepaslike ZA-TSO te verskaf; en

- (b) die vervaardiger aan die Kommissaris een kopie van die tegniese gegewens, vereis in die toepaslike werkverrigtingstandaarde, deur middel van die toepaslike owerheid voorgelê het.

(3) Die Kommissaris reik 'n ZA-TSO- ontwerpgoedkeuring uit indien die aansoeker voldoen aan die vereistes bedoel in subregulasie (2), en lys enige afwyking wat aan die vervaardiger ingevolge regulasie 21.12.5 verleen word.

(4) Nadat die Kommissaris 'n ZA-TSO- ontwerpgoedkeuring uitgereik het en die toepaslike owerheid van die Staat waarin die toestel vervaardig is, 'n lugwaardigheidsertifikaat vir uitvoer bedoel in regulasie 21.10.1 uitreik, is die vervaardiger

gemagtig om die toestel te identifiseer ooreenkomstig die ZA-TSO- merkingsvereistes bedoel in regulasie 21.12.4(d) en in die toepaslike ZA-TSO.

(5) Elke toestel moet vergesel gaan van 'n lugwaardigheidsertifikaat vir uitvoer bedoel in subregulasie (3).

#### **Oordraagbaarheid en geldigheidsduur**

**21.12.9** (1) 'n ZA-TSO- magtiging uitgereik ingevolge regulasie 21.12.3 -

- (a) is nie oordraagbaar nie; en
- (b) is geldig totdat dit deur die houer daarvan teruggegee word, of opgeskort word deur 'n lugwaardigheidsinspekteur, of gekanselleer word deur die Kommissaris, ingevolge regulasie 21.01.6.

**21.12.8 -** (2) 'n ZA-TSO- ontwerpgoedkeuringsbrief uitgereik ingevolge regulasie

- (a) is nie oordraagbaar nie; en
- (b) is geldig totdat dit deur die houer daarvan teruggegee word, of opgeskort word deur 'n lugwaardigheidsinspekteur, of gekanselleer word deur die Kommissaris, ingevolge regulasie 21.01.6.

(3) Die houer van 'n ZA-TSO- magtiging of 'n ZA-TSO- ontwerpgoedkeuring, wat opgeskort word, moet onverwyld die magtiging of goedkeuring by die opskorting daarvan aan die betrokke lugwaardigheidsinspekteur oorhandig vir die toepaslike endossement.

(4) Die houer van 'n ZA-TSO- magtiging of 'n ZA-TSO- ontwerpgoedkeuring wat gekanselleer word, moet binne 30 dae van die datum waarop die magtiging of goedkeuring gekanselleer word, so 'n magtiging of goedkeuring aan die Kommissaris teruggee.

## **DEEL 34**

### **LUGVAARTUIG : MOTORUITLATINGSERTIFISERING**

**LYS VAN REGULASIES****SUBDEEL 1 : ALGEMEEN**

- 34.01.1 Toepassing
- 34.01.2 Veiligheidsondersoeke en oudits
- 34.01.3 Kansellering of opskorting van sertifikaat en appèl
- 34.01.4 Register van sertifikate

**SUBDEEL 2 : BRANDSTOFONTLUGTINGSERTIFIKATE**

- 34.02.1 Brandstofontlugtingstandaarde
- 34.02.2 Erkenning van buitelandse brandstofontlugtingsertifisering
- 34.02.3 Aansoek om brandstofontlugtingsertifikaat
- 34.02.4 Uitreiking van brandstofontlugtingsertifikaat
- 34.02.5 Vorm van brandstofontlugtingsertifikaat
- 34.02.6 Geldigheidsduur
- 34.02.7 Oordrag van brandstofontlugtingsertifikaat

**SUBDEEL 3 : MOTORUITLATINGSSERTIFIKATE**

- 34.03.1 Motoruitlatingstandaarde
- 34.03.2 Erkenning van buitelandse motoruitlatingsertifisering
- 34.03.3 Aansoek om motoruitlatingsertifikaat
- 34.03.4 Uitreiking van motoruitlatingsertifikaat
- 34.03.5 Vorm van motoruitlatingsertifikaat
- 34.03.6 Geldigheidsduur
- 34.03.7 Oordrag van motoruitlatingsertifikaat

**SUBDEEL 1****ALGEMEEN****Toepassing****34.01.1** Hierdie Deel is van toepassing -

- (a) ten opsigte van brandstofontlugting, op turbinemotor-aangedrewe lugvaartuie vervaardig na 18 Februarie 1982; en
- (b) ten opsigte van motoruitlatings, op lugvaartuie met -
  - (i) turbinestraal- en turbineskroefmotore bedoel vir aandrywing slegs teen subsoniese snelhede; en
  - (ii) turbinestraal- en turbineskroefmotore bedoel vir aandrywing teen supersoniese snelhede, waarvan die vervaardigingsdatum op of voor 18 Februarie 1982 is.

**Veiligheidsondersoeke en oudits**

**34.01.2** (1) 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n brandstofontlugtingssertifikaat of 'n motoruitlatingssertifikaat ingevolge die regulasies in hierdie Deel, moet 'n lugwaardigheidsinspekteur toelaat om die veiligheidsondersoeke en vlieg- en grondtoetse uit te voer wat nodig is om die geldigheid van enige aansoek gedoen ingevolge hierdie Deel te verifieer.

(2) Die houer van 'n brandstofontlugtingssertifikaat of 'n motoruitlatingssertifikaat uitgereik kragtens hierdie Deel, moet 'n lugwaardigheidsinspekteur toelaat om die veiligheidsondersoeke en oudits, met inbegrip van veiligheidsondersoeke en oudits van sy vennote of subkontraakteurs, uit te voer, wat nodig is om voldoening aan die toepaslike vereistes voorgeskryf in hierdie Deel te bepaal.

**Kansellering of opskorting van sertifikaat en appèl**

**34.01.3** (1) 'n Lugwaardigheidsinspekteur kan 'n brandstofontlugtingssertifikaat of 'n motoruitlatingssertifikaat uitgereik kragtens hierdie Deel, opskort vir 'n tydperk van hoogstens 30 dae, indien -

- (a) na 'n veiligheidsondersoek en oudit uitgevoer ingevolge regulasie 34.01.2, dit duidelik blyk dat die houer van die brandstofontlugtingssertifikaat of motoruitlatingssertifikaat nie voldoen aan die vereistes voorgeskryf in hierdie Deel nie, en so 'n houer



versuim om die nie-voldoening reg te stel binne 30 dae na ontvangs van 'n skriftelike kennisgewing van die lugwaardigheidsinspekteur om dit te doen; of

- (b) die lugwaardigheidsinspekteur deur die houer van die brandstof-ontlugtingsertifikaat, of motoruitlatingcertifikaat, of enige van sy vennote of subkontraakteurs, verhinder word om 'n veiligheids-ondersoek en audit ingevolge regulasie 34.01.2 uit te voer; of
- (c) die opskorting nodig is in die belang van lugvaartveiligheid.

(2) Die lugwaardigheidsinspekteur wat 'n brandstofontlugtingcertifikaat of motoruitlatingcertifikaat opgeskort het ingevolge subregulasie (1), moet 'n skriftelike verslag aan die Kommissaris lewer, wat die redes vermeld waarom, na sy of haar mening, die opgeskorte brandstofontlugtingcertifikaat of motoruitlatingcertifikaat gekanselleer behoort te word.

(3) Die betrokke lugwaardigheidsinspekteur moet 'n kopie van die verslag bedoel in subregulasie (2), voorlê aan die houer van die brandstofontlugtingcertifikaat of motoruitlatingcertifikaat wat opgeskort is, en moet bewys van sodanige voorlegging lewer vir die inligting van die Kommissaris.

(4) Die houer van 'n brandstofontlugtingcertifikaat of motoruitlatingcertifikaat wat gegrief voel oor die opskorting van die brandstofontlugtingcertifikaat of motoruitlatingcertifikaat, kan teen so 'n opskorting appelleer na die Kommissaris, binne 30 dae nadat die houer bewus geword het van so 'n opskorting.

(5) 'n Appellant lewer die appèl skriftelik, met vermelding van die redes waarom, na sy of haar mening, die opskorting verander of tersyde gestel behoort te word.

(6) Die appellant moet 'n kopie van die appèl en enige dokumente of skrifstukke wat so 'n appèl ondersteun, voorlê aan die betrokke lugwaardigheidsinspekteur, en moet bewys lewer van so 'n voorlegging vir die inligting van die Kommissaris.

(7) Die betrokke lugwaardigheidsinspekteur kan, binne 30 dae na ontvangs van die kopie van die appèl bedoel in subregulasie (6), sy of haar skriftelike antwoord op so 'n appèl aan die Kommissaris voorlê.

(8) Die Kommissaris kan -

- (a) die appèl bereg op grond van die dokumente aan hom of haar voorgelê; of
- (b) die appellant en die betrokke lugwaardigheidsinspekteur gelas om voor hom of haar te verskyn, of in persoon of deur middel van 'n verteenwoordiger, op 'n tyd en plek deur hom of haar bepaal, om getuienis te lewer.

(9) Die Kommissaris kan 'n opskorting bedoel in subregulasie (1) bekragtig, verander of tersyde stel.

(10) Die Kommissaris moet -

- (a) indien hy of sy die opskorting ingevolge subregulasie (9) bekragtig; of

(b) indien 'n brandstofontlugtingserifikaat of motoruitlatingserifikaat opgeskort is ingevolge subregulasie (1) en die houer daarvan nie teen so 'n opskorting appelleer ingevolge subregulasie (4) nie, die betrokke brandstofontlugtingserifikaat of motoruitlatingserifikaat kanselleer.

### Register van sertifikaate

**34.01.4** (1) Die Kommissaris hou 'n register van brandstofontlugtingserifikaate en motoruitlatingserifikaate uitgereik ingevolge die regulasies in hierdie Deel.

(2) Die register moet die volgende besonderhede bevat:

- (a) Die volle naam van die houer van die brandstofontlugtingserifikaat of motoruitlatingserifikaat;
- (b) die posadres van die houer van die brandstofontlugtingserifikaat of motoruitlatingserifikaat;
- (c) die datum waarop die brandstofontlugtingserifikaat of motoruitlatingserifikaat uitgereik is;
- (d) die nommer van die brandstofontlugtingserifikaat of motoruitlatingserifikaat wat uitgereik is;
- (e) die datum waarop die brandstofontlugtingserifikaat of motoruitlatingserifikaat opgeskort is, indien van toepassing; en
- (f) in die geval van 'n oordrag van 'n lugvaartuig -
  - (i) die datum waarop die brandstofontlugtingserifikaat of motoruitlatingserifikaat oorgedra is;
  - (ii) die volle naam en die handelsnaam van die oordragnemer, as daar is; en
  - (iii) die posadres van die oordragnemer.

(3) Die besonderhede bedoel in subregulasie (2) word in die register aangeteken binne sewe dae van die datum waarop die brandstofontlugtingserifikaat of motoruitlatingserifikaat deur die Kommissaris uitgereik, oorgedra of opgeskort is, na gelang van die geval.

(4) Die register word op 'n veilige plek by die kantoor van die Kommissaris gehou.

(5) Inligting uit die register word deur die Kommissaris, teen betaling van die toepaslike geld soos voorgeskryf in Deel 187, aan enige persoon verskaf wat die inligting versoek.

**SUBDEEL 2****BRANDSTOFONTLUGTINGSERTIFIKATE****Brandstofontlugtingstandaarde**

**34.02.1** Behoudens die bepalinge van regulasie 34.01.1, moet enige persoon wat aansoek doen ingevolge Deel 21 om -

- (a) die uitreiking van 'n tipesertifikaat;
- (b) die uitreiking van 'n sertifikaat van tipe-aanvaarding;
- (c) enige verandering aan 'n tipesertifikaat;
- (d) enige verandering aan 'n sertifikaat van tipe-aanvaarding; of
- (e) 'n standaard kategorie lugwaardigheidsertifikaat,

voldoen aan die toepaslike brandstofontlugtingstandaarde soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-ENVIRO.

**Erkenning van buitelandse brandstofontlugtingertifisering**

**34.02.2** Die Kommissaris kan 'n brandstofontlugtingertifikaat of 'n gelykwaardige dokument uitgereik deur 'n toepaslike owerheid, erken, indien die standaard waaronder die brandstofontlugtingertifikaat of gelykwaardige dokument uitgereik is deur die toepaslike owerheid, nie minder streng is nie as die standaard soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-ENVIRO.

**Aansoek om brandstofontlugtingertifikaat**

**34.02.3** 'n Aansoek om die uitreiking van 'n brandstofontlugtingertifikaat -

- (a) word by die Kommissaris gedoen in die toepaslike vorm soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-ENVIRO; en
- (b) gaan vergesel van -
  - (i) die toepaslike geld soos voorgeskryf in Deel 187; en
  - (ii) bewys dat die betrokke lugvaartuig voldoen aan die brandstofontlugtingstandaarde bedoel in regulasie 34.02.1.

## **Uitreiking van brandstofontlugtingstifikaat**

**34.02.4** 'n Aansoek ingevolge regulasie 34.02.3 word verleen en 'n brandstofontlugtingstifikaat uitgereik indien die aansoeker voldoen aan die brandstofontlugtingstandaarde bedoel in regulasie 34.02.1.

## **Vorm van brandstofontlugtingstifikaat**

**34.02.5** 'n Brandstofontlugtingstifikaat word uitgereik op die toepaslike vorm soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-ENVIRO.

## **Geldigheidsduur**

**34.02.6** (1) 'n Brandstofontlugtingstifikaat is geldig -

- (a) vir die tydperk waarvoor die tipesertifikaat, sertifikaat van tipeaanvaarding of standaard lugwaardigheidsertifikaat gehou deur die houer van die brandstofontlugtingstifikaat geldig is, en so 'n houer voldoen aan die toepaslike brandstofontlugtingstandaarde bedoel in regulasie 34.02.1;
- (b) totdat die brandstofontlugtingstifikaat teruggegee word deur die houer daarvan, of opgeskort word deur 'n lugwaardigheidsinspekteur, of gekanselleer word deur die Kommissaris, ingevolge regulasie 34.01.3.

(2) Die houer van 'n brandstofontlugtingstifikaat wat opgeskort word, moet die brandstofontlugtingstifiikaat onverwyld by die opskorting daarvan aan die betrokke lugwaardigheidsinspekteur oorhandig vir die toepaslike endossement.

(3) Die houer van 'n brandstofontlugtingstifikaat wat gekanselleer word, moet, binne 30 dae van die datum waarop die brandstofontlugtingstifikaat gekanselleer word, so 'n brandstofontlugtingstifikaat aan die Kommissaris teruggee.

## **Oordrag van brandstofontlugtingstifikaat**

**34.02.7** 'n Brandstofontlugtingstifikaat word saam met die lugvaartuig oorgedra.

**SUBDEEL 3****MOTORUITLATINGCERTIFIKATE****Motoruitlatingstandaarde**

**34.03.1** Behoudens die bepalings van regulasie 34.01.1, moet enige persoon wat aansoek doen ingevolge Deel 21 om -

- (a) die uitreiking van 'n typesertifikaat;
- (b) die uitreiking van 'n sertifikaat van tipe-aanvaarding;
- (c) enige verandering aan 'n typesertifikaat;
- (d) enige verandering aan 'n sertifikaat van tipe-aanvaarding; of
- (e) 'n standaard kategorie lugwaardigheidsertifikaat,

voldoen aan die toepaslike motoruitlatingstandaarde soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-ENVIRO.

**Erkenning van buitelandse motoruitlatingsertifisering**

**34.03.2** Die Kommissaris kan 'n motoruitlatingertifikaat of 'n gelykwaardige dokument uitgereik deur 'n toepaslike owerheid, erken, indien die standaard waaronder die motoruitlatingertifikaat of gelykwaardige dokument uitgereik is deur die toepaslike owerheid, nie minder streng is nie as die standaard soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-ENVIRO.

**Aansoek om motoruitlatingertifikaat**

**34.03.3** 'n Aansoek om die uitreiking van 'n motoruitlatingertifikaat -

- (a) word by die Kommissaris gedoen in die toepaslike vorm soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-ENVIRO; en
- (b) gaan vergesel van -
  - (i) die toepaslike geld soos voorgeskryf in Deel 187; en
  - (ii) bewys dat die betrokke lugvaartuig voldoen aan die motoruitlatingstandaarde bedoel in regulasie 34.03.1.



### **Uitreiking van motoruitlatingstifikaat**

**34.03.4** 'n Aansoek ingevolge regulasie 34.03.3 word verleen en 'n motoruitlatingstifikaat uitgereik indien die aansoeker voldoen aan die motoruitlatingstandaarde bedoel in regulasie 34.03.1.

### **Vorm van motoruitlatingstifikaat**

**34.03.5** 'n Motoruitlatingstifikaat word uitgereik op die toepaslike vorm soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-ENVIRO.

### **Geldigheidsduur**

**34.03.6** (1) 'n Motoruitlatingstifikaat is geldig -

- (a) vir die tydperk waarvoor die tipesertifikaat, sertifikaat van tipe-aanvaarding of standaard lugwaardigheidsertifikaat gehou deur die houer van die motoruitlatingstifikaat geldig is, en so 'n houer voldoen aan die toepaslike motoruitlatingstandaarde bedoel in regulasie 34.03.1;
- (b) totdat die motoruitlatingstifikaat teruggegee word deur die houer daarvan, of opgeskort word deur 'n lugwaardigheidsinspekteur, of gekanselleer word deur die Kommissaris, ingevolge regulasie 34.01.3.

(2) Die houer van 'n motoruitlatingstifikaat wat opgeskort word, moet die motoruitlatingstifikaat onverwyld by die opskorting daarvan aan die betrokke lugwaardigheidsinspekteur oorhandig vir die toepaslike endossement.

(3) Die houer van 'n motoruitlatingstifikaat wat gekanselleer word, moet, binne 30 dae van die datum waarop die motoruitlatingstifikaat gekanselleer word, so 'n motoruitlatingstifikaat aan die Kommissaris teruggee.

### **Oordrag van motoruitlatingstifikaat**

**34.03.7** 'n Motoruitlatingstifikaat word saam met die lugvaartuig oorgedra.

## **DEEL 36**

### **LUGVAARTUIE : GERAASSERTIFISERING**

**LYS VAN REGULASIES**

- 36.00.1      Toepassing
- 36.00.2      Geraasstandaarde
- 36.00.3      Erkenning van buitelandse geraassertifisering
- 36.00.4      Veiligheidsondersoeke en oudits
- 36.00.5      Aansoek om geraassertifikaat
- 36.00.6      Uitreiking van geraassertifikaat
- 36.00.7      Vorm van geraassertifikaat
- 36.00.8      Geldigheidsduur
- 36.00.9      Kansellering of opskorting van geraassertifikaat en appèl
- 36.00.10      Oordrag van geraassertifikaat
- 36.00.11      Register van sertifikate

## **Toepassing**

### **36.00.1 Hierdie Deel is van toepassing op -**

- (a) subsoniese straalvliegtuie;
- (b) supersoniese vliegtuie;
- (c) skroefaangedrewe vliegtuie met 'n maksimum gesertifiseerde massa van meer as 5 700 kilogram;
- (d) skroefaangedrewe vliegtuie met 'n maksimum gesertifiseerde massa van 5 700 kilogram of minder;
- (e) skroefaangedrewe STOL-vliegtuie; en
- (f) helikopters.

## **Geraasstandaarde**

**36.00.2** Behoudens die bepalings van regulasie 36.00.1, moet enige persoon wat aansoek doen ingevolge Deel 21 om -

- (a) die uitreiking van 'n tipesertifikaat;
- (b) die uitreiking van 'n sertifikaat van tipe-aanvaarding;
- (c) enige verandering aan 'n tipesertifikaat;
- (d) enige verandering aan 'n sertifikaat van tipe-aanvaarding; of
- (e) 'n standaard kategorie lugwaardigheidsertifikaat,

voldoen aan die toepaslike geraasstandaarde soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-ENVIRO.

## **Erkenning van buitelandse geraassertifisering**

**36.00.3** Die Kommissaris kan 'n geraassertifikaat of 'n gelykwaardige dokument uitgereik deur 'n toepaslike owerheid, erken, indien die standaard waaronder die geraassertifikaat of gelykwaardige dokument uitgereik is deur die toepaslike owerheid, nie minder streng is nie as die standaard soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-ENVIRO.

## **Veiligheidsondersoeke en oudits**

**36.00.4** (1) 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n geraassertifikaat ingevolge die regulasies in hierdie Deel, moet 'n lugwaardigheidsinspekteur toelaat om die veiligheidsondersoeke en vlieg- en grondtoetse uit te voer wat nodig is om die geldigheid van enige aansoek gedoen ingevolge hierdie Deel te verifieer.

(2) Die houer van 'n geraassertifikaat uitgereik kragtens hierdie Deel, moet 'n lugwaardigheidsinspekteur toelaat om die veiligheidsondersoeke en oudits, met inbegrip van veiligheidsondersoeke en oudits van sy vennote of subkontraakteurs, uit te voer wat nodig is om voldoening aan die toepaslike vereistes voorgeskryf in hierdie Deel te bepaal.

### **Aansoek om geraassertifikaat**

**36.00.5** 'n Aansoek om die uitreiking van 'n geraassertifikaat -

- (a) word by die Kommissaris gedoen in die toepaslike vorm soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-ENVIRO; en
- (b) gaan vergesel van -
  - (i) die toepaslike geld soos voorgeskryf in Deel 187; en
  - (ii) bewys dat die betrokke lugvaartuig voldoen aan die geraasstandaarde bedoel in regulasie 36.00.2.

### **Uitreiking van geraassertifikaat**

**36.00.6** 'n Aansoek ingevolge regulasie 36.00.4 word verleen en 'n geraassertifikaat uitgereik indien die aansoeker voldoen aan die geraasstandaarde bedoel in regulasie 36.00.2.

### **Vorm van geraassertifikaat**

**36.00.7** 'n Geraassertifikaat word uitgereik op die toepaslike vorm soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-ENVIRO.

### **Geldigheidsduur**

**36.00.8** (1) 'n Geraassertifikaat is geldig -

- (a) vir die tydperk waarvoor die tipesertifikaat, sertifikaat van tipe-aanvaarding of standaard lugwaardigheidsertifikaat gehou deur die houer van 'n geraassertifikaat geldig is, en so 'n houer voldoen aan die toepaslike geraasstandaarde bedoel in regulasie 36.00.2;
- (b) totdat die geraassertifikaat teruggegee word deur die houer daarvan, of opgeskort word deur 'n lugwaardigheidsinspekteur, of gekanselleer word deur die Kommissaris, ingevolge regulasie 36.00.9.



(2) Die houer van 'n geraassertifikaat wat opgeskort word, moet die geraassertifikaat onverwyld by die opskorting daarvan aan die betrokke lugwaardigheidsinspekteur oorhandig vir die toepaslike endossement.

(3) Die houer van 'n geraassertifikaat wat gekanselleer word, moet, binne 30 dae van die datum waarop die geraassertifikaat gekanselleer word, so 'n geraassertifikaat aan die Kommissaris teruggee.

### Kansellering of opskorting van geraassertifikaat en appèl

**36.00.9** (1) 'n Lugwaardigheidsinspekteur kan 'n geraassertifikaat uitgereik kragtens hierdie Deel, opskort vir 'n tydperk van hoogstens 30 dae, indien -

- (a) na 'n veiligheidsondersoek en oudit uitgevoer ingevolge regulasie 36.00.4, dit duidelik blyk dat die houer van die geraassertifikaat nie voldoen aan die vereistes voorgeskryf in hierdie Deel nie, en so 'n houer versuim om die nie-voldoening reg te stel binne 30 dae na ontvangs van 'n skriftelike kennisgewing van die lugwaardigheidsinspekteur om dit te doen; of
- (b) die lugwaardigheidsinspekteur deur die houer van die geraassertifikaat, of enige van sy vennote of subkontraakteurs, verhinder word om 'n veiligheidsondersoek en oudit ingevolge regulasie 36.00.4 uit te voer; of
- (c) die opskorting nodig is in die belang van lugvaartveiligheid.

(2) Die lugwaardigheidsinspekteur wat 'n geraassertifikaat opgeskort het ingevolge subregulasie (1), moet 'n skriftelike verslag aan die Kommissaris lewer, wat die redes vermeld waarom, na sy of haar mening, die opgeskorte geraassertifikaat gekanselleer behoort te word.

(3) Die betrokke lugwaardigheidsinspekteur moet 'n kopie van die verslag bedoel in subregulasie (2), voorlê aan die houer van die geraassertifikaat wat opgeskort is, en moet bewys van sodanige voorlegging lewer vir die inligting van die Kommissaris.

(4) Die houer van 'n geraassertifikaat wat gegrief voel oor die opskorting van die geraassertifikaat, kan teen so 'n opskorting appelleer na die Kommissaris, binne 30 dae nadat die houer bewus geword het van so 'n opskorting.

(5) 'n Appellant lewer die appèl skriftelik, met vermelding van die redes waarom, na sy of haar mening, die opskorting verander of tersyde gestel behoort te word.

(6) Die appellant moet 'n kopie van die appèl en enige dokumente of skrifstukke wat so 'n appèl ondersteun, voorlê aan die betrokke lugwaardigheidsinspekteur, en moet bewys lewer van so 'n voorlegging vir die inligting van die Kommissaris.

(7) Die betrokke lugwaardigheidsinspekteur kan, binne 30 dae na ontvangs van die kopie van die appèl bedoel in subregulasie (6), sy of haar skriftelike antwoord op so 'n appèl aan die Kommissaris voorlê.

(8) Die Kommissaris kan -

- (a) die appèl bereg op grond van die dokumente aan hom of haar voorgelê; of
  - (b) die appellant en die betrokke lugwaardigheidsinspekteur gelas om voor hom of haar te verskyn, of in persoon of deur middel van 'n verteenwoordiger, op 'n tyd en plek deur hom of haar bepaal, om getuienis te lewer.
- (9) Die Kommissaris kan 'n opskorting bedoel in subregulasie (1) bekragtig, verander of tersyde stel.
- (10) Die Kommissaris moet -
- (a) indien hy of sy die opskorting ingevolge subregulasie (9) bekragtig; of
  - (b) indien 'n geraassertifikaat opgeskort is ingevolge subregulasie (1) en die houer daarvan nie teen so 'n opskorting appelleer ingevolge subregulasie (4) nie,
- die betrokke geraassertifikaat kanselleer.

### Oordrag van geraassertifikaat

36.00.10 'n Geraassertifikaat word saam met die lugvaartuig oorgedra.

### Register van sertifikate

- 36.00.11 (1) Die Kommissaris hou 'n register van geraassertifikate uitgereik ingevolge die regulasies in hierdie Deel.
- (2) Die register moet die volgende besonderhede bevat:
- (a) Die volle naam van die houer van die geraassertifikaat;
  - (b) die posadres van die houer van die geraassertifikaat;
  - (c) die datum waarop die geraassertifikaat uitgereik is;
  - (d) die nommer van die geraassertifikaat wat uitgereik is;
  - (e) die datum waarop die geraassertifikaat opgeskort is, indien van toepassing; en
  - (f) in die geval van 'n oordrag van 'n lugvaartuig -
    - (i) die datum waarop die geraassertifikaat oorgedra is;
    - (ii) die volle naam en die handelsnaam van die oordragnemer, as daar is; en
    - (iii) die posadres van die oordragnemer.
- (3) Die besonderhede bedoel in subregulasie (2) word in die register aangeteken binne sewe dae van die datum waarop die geraassertifikaat deur die Kommissaris uitgereik, oorgedra of opgeskort is, na gelang van die geval.

(4) Die register word op 'n veilige plek by die kantoor van die Kommissaris gehou.

(5) Inligting uit die register word deur die Kommissaris, teen betaling van die toepaslike geld soos voorgeskryf in Deel 187, aan enige persoon verskaf wat die inligting versoek.

## **DEEL 43**

### **LUGVAARTUIG : ALGEMENE REËLS VIR ONDERHOUD**

**LYS VAN REGULASIES****SUBDEEL 1 : ALGEMEEN**

43.01.1 Toepassing

43.01.2 Vervalsing, reproduksie of verandering van onderhoudsdokumente

**SUBDEEL 2 : ONDERHOUD**

43.02.1 Persone wat onderhoud moet uitvoer

43.02.2 Uitvoering van onderhoud

43.02.3 Aantekening van opknapping

43.02.4 Onderhoud vir IFR-bedryf

43.02.5 Progressiewe inspeksies

43.02.6 Verpligte periodieke inspeksies

43.02.7 Altimeterstelseltoetse en -inspeksies

43.02.8 ATC-antwoordsendertoetse en -inspeksies

43.02.9 Noodliggingbakentoetse en -inspeksies

43.02.10 Inspeksievereistes

43.02.11 Nie-destruktiwe toetsing

43.02.12 Lugwaardigheidsbeperkings

43.02.13 Onderhoudsrekords

43.02.14 Modifikasies

43.02.15 Aantekening van groot herstel en modifikasies

43.02.16 Proefvlugte

43.02.17 Tydelike en permanente herstelwerk na ongelukke of voorvalle

43.02.18 Lugvaartuigkompas-vereistes



**SUBDEEL 3 : VRYSTELLING VIR DIENS**

- 43.03.1     Persone wat vrystelling vir diens moet sertifiseer
- 43.03.2     Vereistes vir sertifisering van vrystelling vir diens
- 43.03.3     Sertifisering na inspeksie
- 43.03.4     Sertifisering na onderhoud
- 43.03.5     Teenstrydighede
- 43.03.6     Vlieghandleidinggegewens
- 43.03.7     Dubbele inspeksie van stuurmiddele
- 43.03.8     Grondlooptoetse - suiermotore
- 43.03.9     Grondlooptoetse - turbinemotor
- 43.03.10    Voltooiing van tegniese opgawe

**SUBDEEL 4 : HERSIENING VAN ONDERHOUD**

- 43.04.1     Sertifisering van hersiening

**SUBDEEL 1****ALGEMEEN****Toepassing**

**43.01.1** (1) Hierdie Deel is van toepassing op die onderhoud, en vrystelling vir diens na onderhoud, van -

- (a) lugvaartuie geregistreer in die Republiek; en
- (b) lugvaartuigkomponente wat monteer gaan word aan sodanige lugvaartuie.

(2) Hierdie Deel is nie van toepassing nie ten opsigte van enige -

- (a) hangsweeftuig;
- (b) parasweeftuig;
- (c) onbemande vryballon;
- (d) kabelballon;
- (e) vlieër;
- (f) model-lugvaartuig;
- (g) valskerm; of
- (h) aangedrewe parasweeftuig.

**Vervalsing, reproduksie of verandering van onderhoudsdokumente**

**43.01.2** Geen persoon mag -

- (a) enige bedrieglike of valse inskrywing in enige rekord of verslag wat vereis word om aangebring, gehou of gebruik te word om voldoening te toon aan enige vereiste voorgeskryf in hierdie Deel; of
- (b) enige reproduksie of verandering vir bedrieglike doeleindes, van enige rekord of verslag opgestel ingevolge die bepalinge van hierdie Deel,

maak of aanbring, of laat maak of aanbring nie.

**SUBDEEL 2****ONDERHOUD****Persone wat onderhoud moet uitvoer**

**43.02.1** (1) Behoudens die bepalings van subregulasies (2) en (3), mag geen persoon onderhoud op 'n lugvaartuig of lugvaartuigkomponent uitvoer nie tensy so 'n persoon -

- (a) die houer is van 'n lugvaartuigonderhoudingenieurslisensie met 'n toepaslike gradering uitgereik ingevolge Deel 66;
- (b) onderhoud uitvoer onder die regstreekse toesig van die houer van 'n lugvaartuigonderhoudingenieurslisensie met 'n toepaslike gradering uitgereik ingevolge Deel 66; of
- (c) gemagtig is deur die houer van 'n lugvaartonderhoudsorganisasie-goedkeuring met 'n toepaslike gradering uitgereik ingevolge Deel 145, om onderhoud binne die bestek van sodanige goedkeuring uit te voer.

(2) Die houer van 'n vlieënierslisensie met 'n toepaslike tipegradering uitgereik ingevolge Deel 61, kan die onderhoud uitvoer soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-GMR indien -

- (a) so 'n houer die eienaar of operateur van die lugvaartuig is; en
- (b) die lugvaartuig gebruik word vir nie-handelsbedryf.

(3) Enige persoon kan onderhoud uitvoer op 'n amateurvervaardigde lugvaartuig of 'n produksie-vervaardigde lugvaartuig, of enige komponent daarvan, indien so 'n persoon -

- (a) gemagtig is deur die liggaam of instelling aangewys deur die Kommissaris ingevolge Deel 149, om die onderhoud uit te voer; of
- (b) die onderhoud uitvoer onder die regstreekse toesig van 'n persoon gemagtig deur die liggaam of instelling bedoel in paragraaf (a).

**Uitvoering van onderhoud**

**43.02.2** Enige persoon wat onderhoud uitvoer op 'n lugvaartuig of lugvaartuigkomponent moet -

- (a) toereikende akkommodasie en fasiliteite beskikbaar hê vir die nodige uitmekaarhaal, behoorlike inspeksie en hermontering van die lugvaartuig of lugvaartuigkomponent;
- (b) metodes, tegnieke en praktyke gebruik wat -

- (i) voorgeskryf is in die geldende vervaardigers-  
onderhoudshandleiding of enige instruksies vir veilige bedryf  
en voortgesette lugwaardigheid; of
- (ii) goedgekeur is deur die Kommissaris.
- (c) die gereedskap, toerusting en toetsapparaat gebruik wat nodig is  
om te verseker dat die onderhoud uitgevoer word ooreenkomstig  
die toepaslike vervaardigersvereistes of standaardpraktyke deur  
die Kommissaris goedgekeur;
- (d) by voltooiing van die onderhoud, verseker dat die toestand van die  
lugvaartuig of lugvaartuigkomponent bevredigend is vir vrystelling  
vir diens en minstens gelyk is aan die oorspronklike of behoorlik  
veranderde toestand daarvan met betrekking tot -
  - (i) aërodinamiese funksie;
  - (ii) strukturele sterkte;
  - (iii) weerstand teen vibrasie en degenerasie; en
  - (iv) ander eienskappe wat lugwaardigheid raak;
- (e) enige spesiale of toetstoerusting gebruik wat deur die vervaardiger  
aanbeveel word, of gelykwaardige toerusting deur die Kommissaris  
goedgekeur; en
- (f) indien onderhoud uitgevoer word op 'n lugvaartuig wat bedryf word  
kragtens 'n bedryfsertifikaat, sodanige onderhoud uitvoer  
ooreenkomstig die operateur se bedryfshandleiding.

### Aantekening van opknapping

**43.02.3** Geen persoon mag in enige onderhoudsdokument-inskrywing vereis deur die  
Regulasies verklaar dat 'n lugvaartuig, lugaam, motor of motormodule, lugvaartuigskroef of  
ander lugvaartuigkomponent opgeknop is nie tensy dit -

- (a) uitmekaargehaal, skoongemaak, geïnspekteer en herstel is soos  
vereis, en hermonteer is, met gebruikmaking van metodes en  
tegnieke deur die Kommissaris goedgekeur; en
- (b) getoets is ooreenkomstig -
  - (i) geldende standarde en tegniese gegewens wat ontwikkel  
en gedokumenteer is deur die houer van 'n tipesertifikaat of  
'n aanvullende tipesertifikaat uitgereik ingevolge Deel 21; of
  - (ii) ander standarde of tegniese gegewens goedgekeur deur  
die Kommissaris.

### **Onderhoud vir IFR-bedryf**

**43.02.4** Enige persoon wat 'n inspeksie doen van of onderhoud uitvoer op 'n lugvaartuigradiostasie in 'n lugvaartuig wat onder IFR gebruik gaan word, moet die inspeksie uitvoer soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-GMR.

### **Progressiewe inspeksies**

**43.02.5** Enige persoon wat 'n progressiewe inspeksie doen ooreenkomstig 'n progressiewe inspeksieprogram moet -

- (a) by die aanvang van die progressiewe inspeksiesiklus, die lugvaartuig volledig inspekteer; en
- (b) na die aanvanklike inspeksie, roetine-inspeksies en gedetailleerde inspeksies doen ooreenkomstig die progressiewe inspeksieprogram.

### **Verpligte periodieke inspeksies**

**43.02.6** Enige persoon wat 'n verpligte periodieke inspeksie doen moet die toetse en inspeksies uitvoer soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-GMR.

### **Altimeterstelseltoetse en -inspeksies**

**43.02.7** Enige persoon wat altimeterstelseltoetse en -inspeksies uitvoer, moet -

- (a) die toetse en inspeksies uitvoer soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-GMR; en
- (b) vir die altimetertoetse, op die altimeteromhulsel die datum waarop en maksimum hoogte waartoe die altimeter getoets is, aanteken.

### **ATC-antwoordsendertoetse en -inspeksies**

**43.02.8** Enige persoon wat ATC-antwoordsendertoetse en -inspeksies uitvoer, moet die toetse en inspeksies uitvoer soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-GMR.



## **Noodliggingbakentoetse en -inspeksies**

**43.02.9** Enige persoon wat noodliggingbakentoetse en -inspeksies uitvoer, moet die toetse en inspeksies uitvoer soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-GMR.

### **Inspeksievereistes**

**43.02.10** Enige persoon wat 'n inspeksie doen, moet -

- (a) die inspeksie uitvoer ten einde vas te stel dat die lugvaartuig of lugvaartuigkomponent onder inspeksie, voldoen aan alle toepaslike lugwaardigheidsvereistes voorgeskryf in Deel 21; en
- (b) indien 'n verpligte periodieke inspeksie uitgevoer word, 'n kontrolelys gebruik wat die bestek en besonderhede van die toetse en inspeksies bedoel in regulasie 43.02.6 insluit.

### **Nie-destruktiwe toetsing**

**43.02.11** Enige persoon wat onderhoud uitvoer op 'n lugvaartuig of lugvaartuigkomponent waar die toepaslike onderhoudsgegewens 'n nie-destruktiwe toets vereis soos gespesifiseer in Dokument SA-CATS-GMR, moet -

- (a) die houer wees van 'n sertifikaat toepaslik vir die tegniek wat gebruik word, of 'n gelykwaardige sertifikaat deur die Kommissaris goedgekeur; en
- (b) die nie-destruktiwe toets uitvoer met gebruikmaking van toepaslike metodes, tegnieke en praktyke goedgekeur deur die Kommissaris.

### **Lugwaardigheidsbeperkings**

**43.02.12** Enige persoon wat onderhoud gespesifiseer in die afdeling oor Lugwaardigheidsbeperkings van 'n vervaardiger se onderhoudshandleiding, of enige instruksies vir veilige bedryf en voortgesette lugwaardigheid, moet die onderhoud uitvoer ooreenkomstig daardie afdeling.

**Onderhoudsrekords**

**43.02.13** (1) Enige persoon wat onderhoud uitvoer op 'n lugvaartuig of lugvaartuigkomponent moet, by voltooiing van die onderhoud, die volgende aanteken -

- (a) besonderhede van die onderhoud, met inbegrip van, waar van toepassing, die tipe inspeksie en enige goedgekeurde gegewens gebruik;
- (b) vir 'n progressiewe inspeksie, of 'n gedetailleerde inspeksie of roetine-inspeksie van die besondere komponente of areas van die lugvaartuig uitgevoer is;
- (c) die reeksnommers, as daar is, van komponente verwyder of gemonteer;
- (d) besonderhede van afmetings of toetsresultate verkry, met inbegrip van die resultate van enige grond- of lugtoetse;
- (e) vir 'n altimeterstelseltoets en -inspeksie, die datum waarop en maksimum hoogte waartoe die altimeter getoets is;
- (f) die datum van voltooiing van sodanige onderhoud;
- (g) die naam van die persoon wat die onderhoud voltooi, indien iemand anders as die persoon wat die vrystelling vir diens sertifiseer;
- (h) die ligging en, indien van toepassing, die naam van die fasiliteit waar sodanige onderhoud uitgevoer is; en
- (i) waar sodanige onderhoud uitgevoer is as 'n gevolg van die weiering van enige toerusting, of skade veroorsaak deur 'n noodlanding of ongeluk, die redes vir die uitvoering van die onderhoud.

(2) Die persoon wat die onderhoud uitvoer, moet -

- (a) die besonderhede bedoel in subregulasie (1) aanteken in die toepaslike logboek of in 'n onderhoudsrekord goedgekeur deur die Kommissaris;
- (b) die besonderhede leesbaar en in ink of ander duursame stof aanteken; en
- (c) waar werkstate of ander verbandhoudende onderhoudsrekords gebruik word om die besonderhede van die onderhoud te dokumenteer -
  - (i) na daardie rekords in die logboek verwys, of in die onderhoudsrekord deur die Kommissaris goedgekeur; en
  - (ii) die rekords behou vir die toepaslike tydperk voorgeskryf in die Regulasies.

## **Modifikasies**

**43.02.14** (1) Geen persoon mag, sonder die vooraf skriftelike goedkeuring van die Kommissaris, enige modifikasies aanbring nie, met inbegrip van veranderinge aan toerusting of die installering daarvan, wat die diensbaarheid van die lugvaartuig, of die veiligheid van sy insittendes of van enige ander persone of eiendom raak, of waarskynlik kan raak.

(2) Alvorens die goedkeuring van die Kommissaris verleen word vir 'n modifikasie bedoel in subregulasie (1), moet die eienaar van die lugvaartuig, of enige ander persoon wat aansoek doen om die modifikasie, die Kommissaris voorsien van die inligting, gegewens, berekeninge, toetsverslae, tekeninge of bedradingsdiagramme met betrekking tot die ontwerp, en bewys van effektiwiteit of lugwaardigheid van sodanige modifikasie, wat die Kommissaris vereis.

(3) Ondanks die bepalinge van subregulasies (1) en (2), kan die modifikasies wat van tyd tot tyd deur die vervaardiger van die betrokke tipe lugvaartuig of toerusting aanbeveel word, uitgevoer word indien die modifikasies uitgevoer word ooreenkomstig genoemde vervaardiger se aanbevelings.

## **Aantekening van groot herstel en modifikasies**

**43.02.15** Enige persoon wat 'n groot herstel of 'n groot modifikasie uitvoer, moet, benewens die inskrywing bedoel in regulasie 43.02.13, die herstel of modifikasie aanteken, en die sertifikaat met betrekking tot die onderhoud van die lugvaartuig prosesseer, op die wyse soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-GMR.

## **Proefvlugte**

**43.02.16** (1) Na enige groot herstel of groot modifikasie aan 'n lugvaartuig, moet proefvlugte, indien deur die Kommissaris vereis, uitgevoer word in die lugvaartuig onder die voorwaardes en op die wyse deur die Kommissaris bepaal.

(2) Geen passasiers, vrag of pos mag teen vergoeding vervoer word in enige lugvaartuig wat 'n proefvlug ondergaan nie.

## **Tydlike en permanente herstelwerk na ongelukke of voorvalle**

**43.02.17** Enige tydelike of permanente herstelwerk aan 'n lugvaartuig of lugvaartuigkomponent wat beskadig is na 'n ongeluk of 'n voorval, moet uitgevoer word ooreenkomstig die vereistes soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-GMR.

**Lugvaartuigkompas-vereistes**

**43.02.18** Enige kompas gemonteer aan 'n lugvaartuig, moet geswaai en onderhou word ooreenkomstig die vereistes soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-GMR.

**SUBDEEL 3****VRYSTELLING VIR DIENS****Persone wat vrystelling vir diens moet sertifiseer**

**43.03.1** (1) Behoudens die bepalings van subregulasies (2) en (3), mag geen persoon 'n lugvaartuig of lugvaartuigkomponent vir vrystelling vir diens sertifiseer nie, na onderhoud, tensy so 'n persoon -

- (a) die houer is van 'n lugvaartuigonderhoudingenieurslisensie met 'n toepaslike gradering uitgereik ingevolge Deel 66;
- (b) gemagtig is deur die houer van 'n lugvaartonderhoudsorganisasie-goedkeuring met 'n toepaslike gradering uitgereik ingevolge Deel 145, om onderhoud binne die bestek van so 'n goedkeuring te sertifiseer;
- (c) gemagtig is deur die Kommissaris om 'n lugvaartuig of 'n lugvaartuigkomponent vir vrystelling vir diens te sertifiseer; of
- (d) vir onderhoud buite die Republiek uitgevoer, 'n lisensie of gelykwaardige magtiging hou, uitgereik deur 'n toepaslike owerheid vir die tipe lugvaartuig of lugvaartuigkomponent.

(2) Die houer van 'n vlieënierslisensie met 'n toepaslike tipegradering uitgereik ingevolge Deel 61, kan onderhoud sertifiseer wat uitgevoer is ooreenkomstig die voorwaardes bedoel in regulasie 43.02.1(2).

(3) Enige persoon kan 'n amateurvervaardigde lugvaartuig of 'n produksievervaardigde lugvaartuig, of enige komponent daarvan, vir vrystelling vir diens sertifiseer, indien so 'n persoon gemagtig is om onderhoud te sertifiseer deur die liggaam of instelling aangewys deur die Kommissaris ingevolge Deel 149.

**Vereistes vir sertifisering van vrystelling vir diens**

**43.03.2** Geen persoon mag 'n lugvaartuig of 'n lugvaartuigkomponent na onderhoud vir vrystelling vir diens sertifiseer nie tensy sodanige onderhoud uitgevoer is ooreenkomstig die bepalings van hierdie Deel en, ten opsigte van sodanige onderhoud, die lugvaartuig of lugvaartuigkomponent geskik is vir vrystelling vir diens.

## Sertifisering na inspeksie

**43.03.3** Enige persoon wat 'n lugvaartuig of lugvaartuigkomponent vir vrystelling vir diens sertifiseer na uitvoering van 'n inspeksie, moet in die toepaslike logboek of ander onderhoudsrekord deur die Kommissaris goedgekeur, die volgende aanteken -

- (a) die verklaring soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-GMR; en
- (b) benewens die verklaring bedoel in paragraaf (a), sy of haar handtekening, lisensie- of magtigingsnommer, en die datum van die inskrywing.

## Sertifisering na onderhoud

**43.03.4** (1) Enige persoon wat 'n lugvaartuig of lugvaartuigkomponent na onderhoud vir vrystelling vir diens sertifiseer, moet in die toepaslike logboek of ander onderhoudsrekord deur die Kommissaris goedgekeur, die volgende aanteken -

- (a) die verklaring soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-GMR; en
- (b) benewens die verklaring bedoel in paragraaf (a), sy of haar handtekening, lisensie- of magtigingsnommer, en die datum van die inskrywing.

(2) Indien komponente nie monteer word in, of toegeken word aan, 'n lugvaartuig nie, moet die persoon wat vrystelling vir diens sertifiseer, die vrystelling vir diens in die toepaslike vorm soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-GMR, sertifiseer.

## Teenstrydighede

**43.03.5** Enige persoon wat 'n inspeksie uitvoer en nie die lugvaartuig of lugvaartuigkomponent vir diens vrystel nie, moet -

- (a) die eienaar of operateur voorsien van 'n ondertekende en gedateerde lys van die teenstrydighede, met inbegrip van enige toerusting wat ingevolge paragraaf (b) as "buite werking" gemerk is, indien so 'n persoon oortuig is dat die lugvaartuig -
  - (i) nie lugwaardig is nie; of
  - (ii) nie voldoen nie aan die toepaslike tipesertifikaat-gegewens, lugwaardigheidsvoorskrifte of ander goedgekeurde gegewens waarvan die lugwaardigheid van so 'n lugvaartuig afhang;
- (b) vir daardie items wat gebiedend skyn te wees, 'n etiket plaas op elke instrument wat buite werking is en die stuurkajuit-stuurmiddele van elke item van toerusting wat buite werking is, terwyl elke item as "buite werking" gemerk word;



- (c) die toepaslike verklaring soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-GMR in die toepaslike logboek of tegniese opgawe inskryf; en
- (d) sy of haar handtekening, lisensie- of magtigingsnommer, en die datum van die inskrywing, aanbring.

### **Vlieghandleidinggegewens**

**43.03.6** Indien die goedgekeurde gegewens vir 'n herstel of 'n modifikasie aan 'n lugvaartuig of lugvaartuigkomponent wysigings insluit aan die bedryfsbepelings of vlieggegewens in die lugvaartuigvlieghandleiding, moet die persoon wat die vrystelling vir diens sertifiseer nie die vrystelling vir diens sertifiseer nie totdat die wysigings in die vlieghandleiding ingelyf is.

### **Dubbele inspeksie van stuurmiddele**

**43.03.7** (1) Geen persoon mag 'n lugvaartuig of lugvaartuigkomponent vir vrystelling vir diens na die aanvanklike samestelling, daaropvolgende versteuring of verstelling van enige onderdeel van 'n lugvaartuig- of -komponentbeheerstelsel sertifiseer nie, tensy -

- (a) 'n dubbele veiligheidsinspeksie van die beheerstelsel uitgevoer is; en
- (b) die dubbele veiligheidsinspeksie aangeteken en gesertifiseer is in die betrokke logboek, of ander onderhoudsrekord goedgekeur deur die Kommissaris.

(2) 'n Dubbele veiligheidsinspeksie gemagtig ingevolge subregulasie (1), bestaan uit -

- (a) 'n inspeksie deur 'n persoon bedoel in regulasie 43.03.1 om die vrystelling vir diens van die beheerstelsel na onderhoud te sertifiseer; en
- (b) 'n tweede inspeksie uitgevoer deur 'n ander persoon wat 'n persoon bedoel in regulasie 43.03.1 is.

### **Grondlooptoetse - suiermotore**

**43.03.8** Geen persoon mag 'n suiermotoraangedrewe lugvaartuig vir vrystelling vir diens na 'n verpligte periodieke inspeksie sertifiseer nie tensy so 'n persoon verseker dat -

- (a) 'n grondloop van die lugvaartuigmotor uitgevoer is om bevredigende werkverrigting te bepaal, ooreenkomstig die vervaardiger se aanbevelings, vir -
  - (i) die kraglewering (staties en vryloop RPM);

- (ii) die ontstekingstelsel;
- (iii) die brandstof- en oliedruk; en
- (iv) die silinder- of koelmiddeltemperatuur, en olie-temperatuur; en

(b) die omringende temperatuurstoestande en lugdruk, en besonderhede van die resultate aangeteken word -

- (i) in die toepaslike motor- of lugvaartuiglogboek; en
- (ii) in 'n onderhoudsrekord goedgekeur deur die Kommissaris.

#### **Grondlooptoetse - turbinemotor**

**43.03.9** Geen persoon mag 'n turbine-motoraangedrewe lugvaartuig vir vrystelling vir diens na 'n verpligte periodieke inspeksie sertifiseer nie tensy so 'n persoon verseker dat -

(a) 'n grondloop van die lugvaartuigmotor uitgevoer is om bevredigende werkverrigting te bepaal, ooreenkomstig die vervaardiger se aanbevelings; en

(b) die omringende temperatuurstoestande en lugdruk, en die besonderhede van die resultate aangeteken word -

- (i) in die toepaslike motor- of lugvaartuiglogboek; of
- (ii) in 'n onderhoudsrekord deur die Kommissaris goedgekeur.

#### **Voltooiing van tegniese opgawe**

**43.03.10** Geen persoon mag 'n lugvaartuig of 'n lugvaartuigkomponent vir vrystelling van diens in 'n lugvaartuig-tegniese opgawe sertifiseer nie tensy elke toepaslike afdeling van die tegniese opgawe voltooi is, met inbegrip van besonderhede van enige uitgestelde regstelling.

**SUBDEEL 4****HERSIENING VAN ONDERHOUD****Sertifisering van hersiening**

**43.04.1** Enige persoon wat 'n jaarlikse hersiening van onderhoud vir 'n lugvaartuig uitvoer en sertifiseer, moet -

- (a) die verklaring soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-GMR in die lugvaartuiglogboek of ander tegniese rekord goedgekeur deur die Kommissaris aanteken;
- (b) benewens die verklaring bedoel in paragraaf (a), sy of haar handtekening, lisensie- of magtigingsnommer, en die datum van die inskrywing, aanbring; en
- (c) in die toepaslike afdeling van die lugvaartuig-tegniese opgawe die datum van die hersiening aanteken.

## **DEEL 47**

### **LUGVAARTUIG : REGISTRASIE EN MERKING**

**LYS VAN REGULASIES**

- 47.00.1 Toepassing
- 47.00.2 Vereiste vir registrasie van lugvaartuie
- 47.00.3 Vereiste vir merk van lugvaartuie
- 47.00.4 Nasionaliteit van lugvaartuie
- 47.00.5 Aansoek om registrasie
- 47.00.6 Registrasie en uitreiking van sertifikaat
- 47.00.7 Pligte van houer van sertifikaat
- 47.00.8 Aansoek om wysiging van sertifikaat
- 47.00.9 Aansoek om heruitreiking van sertifikaat
- 47.00.10 Kennisgewing van oordrag van reg op besit van lugvaartuig
- 47.00.11 Aansoek om kansellering van registrasie
- 47.00.12 Kansellering van registrasie
- 47.00.13 Geldigheidsduur van sertifikaat van registrasie
- 47.00.14 Register van Suid-Afrikaanse lugvaartuie

**Toepassing**

**47.00.1** (1) Hierdie Deel is van toepassing op -

- (a) die registrasie van lugvaartuie wat in die Republiek gebruik word; en
- (b) die nasionaliteits- en registrasiemerke van Suid-Afrikaans geregistreerde lugvaartuie.

(2) Hierdie Deel is nie van toepassing nie ten opsigte van enige -

- (a) hangsweeftuig;
- (b) parasweeftuig;
- (c) onbemande vryballon;
- (d) kabelballon;
- (e) vlieër;
- (f) modellugvaartuig;
- (g) buitelandse-geregistreerde lugvaartuig;
- (h) valskerm; of
- (i) aangedrewe parasweeftuig.

**Vereiste vir registrasie van lugvaartuie**

**47.00.2** Die eienaar van 'n lugvaartuig moet, indien die lugvaartuig na, van, binne of oor die Republiek vlieg, aansoek doen om die registrasie van die lugvaartuig en 'n geldige registrasiesertifikaat vir so 'n lugvaartuig hou, uitgereik deur -

- (a) in die geval van 'n lugvaartuig wat geregistreer gaan word in die Republiek, met inbegrip van enige -
  - (i) amateurvervaardigde lugvaartuig; en
  - (ii) produksie-vervaardigde lugvaartuig,die Kommissaris; of
- (b) in die geval van enige ander lugvaartuig wat nie in die Republiek geregistreer gaan word nie, 'n toepaslike owerheid.

**Vereiste vir merk van lugvaartuie**

**47.00.3** (1) Die Kommissaris is verantwoordelik vir die toewysing van nasionaliteits- en registrasiemerke wat vertoon moet word op Suid-Afrikaans geregistreerde lugvaartuie.

(2) By die registrasie van 'n lugvaartuig ingevolge regulasie 47.00.6(1), kan die Kommissaris, indien die lugvaartuig voorheen in die Republiek geregistreer was, dieselfde registrasiemerke toewys as wat die lugvaartuig voorheen gedra het.



(3) Geen persoon mag 'n Suid-Afrikaans geregistreerde lugvaartuig gebruik nie tensy so 'n lugvaartuig 'n nasionaliteitsmerk en 'n registrasiemark vertoon op die wyse, en ooreenkomstig die spesifikasies soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-ARM.

(4) Geen persoon mag op enige Suid-Afrikaans geregistreerde lugvaartuig enige merk of simbool plaas wat die nasionaliteits- of registrasiemark wat ooreenkomstig die spesifikasies bedoel in subregulasie (2) toegeken is en vertoon word, wysig, verwar of voorgee so 'n merk te wees nie.

### Nasionaliteit van lugvaartuie

**47.00.4** Lugvaartuie geregistreer in die register word Suid-Afrikaans geregistreerde lugvaartuie en word geag Suid-Afrikaanse nasionaliteit te hê.

### Aansoek om registrasie

**47.00.5** (1) 'n Aansoek om die registrasie van 'n lugvaartuig en die uitreiking van 'n registrasiesertifikaat word by die Kommissaris gedoen in die toepaslike vorm soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-ARM.

(2) 'n Aansoek bedoel in subregulasie (1) gaan vergesel van -

(a) in die geval van 'n lugvaartuig wat vir die eerste maal in die Republiek ingevoer word of na die Republiek terugkeer en her-registreer moet word in die register -

(i) 'n sertifikaat of kennisgewing van kansellering van die toepaslike owerheid van die Staat of gebied waarin die lugvaartuig laas geregistreer was;

(ii) die oorspronklike van -

(aa) die jongste lugwaardigheidsertifikaat uitgereik deur die toepaslike owerheid van die laaste Staat of gebied vanwaar die lugvaartuig ingevoer word; of

(bb) die lugwaardigheidsertifikaat vir uitvoer;

(iii) indien die eerste van 'n tipe lugvaartuig in die Republiek ingevoer en in die register geregistreer gaan word, die sertifikaat van tipe-aanvaarding uitgereik deur die Kommissaris;

(iv) indien die lugvaartuig geregistreer gaan word in die naam van 'n individu, bewys van sy of haar identiteit;

(v) indien die lugvaartuig geregistreer gaan word in die naam van 'n maatskappy -

(aa) 'n gesertifiseerde ware kopie van die jongste register van direkteure daarvan wat by die

Registrateur van Maatskappye ingevolge die Maatskappiewet, 1973 (Wet No. 61 van 1973), ingedien is;

(bb) bewys van identiteit van die direkteur wat gemagtig is om namens die aansoeker op te tree; en

(cc) die betrokke magtigende besluit in die toepaslike vorm soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-ARM;

(vi) indien die lugvaartuig geregistreer gaan word in die naam van 'n beslote korporasie -

(aa) 'n gesertifiseerde ware kopie van die stigtingsverklaring daarvan, goedgekeur deur die Registrateur van Beslote Korporasies ingevolge die Wet op Beslote Korporasies, 1984 (Wet No. 69 van 1984);

(bb) bewys van identiteit van die lid wat gemagtig is om namens die aansoeker op te tree; en

(cc) die betrokke magtigende besluit in die toepaslike vorm soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-ARM;

(vii) indien die lugvaartuig geregistreer gaan word in die naam van 'n trust -

(aa) 'n gesertifiseerde ware kopie van -

(A) die trustakte; of

(B) die toepaslike aanstellingsbrief;

(bb) bewys van identiteit van die trustee wat gemagtig is om namens die aansoeker op te tree; en

(cc) die betrokke magtigende besluit in die toepaslike vorm soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-ARM;

(viii) indien die lugvaartuig geregistreer gaan word in die naam van 'n ander aansoeker -

(aa) 'n gesertifiseerde ware kopie van enige ander stigtingsdokumente;

(bb) bewys van identiteit van die persoon wat gemagtig is om namens die aansoeker op te tree; en

(cc) die betrokke magtigende besluit in die toepaslike vorm soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-ARM;

(b) in die geval van enige amateurvervaardigde lugvaartuig of produksie-vervaardigde lugvaartuig -

- (i) die oorspronklike spesiale vliegpermit uitgereik ingevolge Deel 21;
  - (ii) indien die eerste van 'n tipe lugvaartuig geregistreer gaan word in die register, die tipesertifikaat uitgereik deur die Kommissaris;
  - (iii) indien die lugvaartuig geregistreer gaan word in die naam van 'n individu, bewys van sy of haar identiteit;
  - (iv) indien die lugvaartuig geregistreer gaan word in die naam van 'n lugvaartontspanningsorganisasie goedgekeur kragtens Deel 149, 'n gesertifiseerde ware kopie van die goedkeuring; en
  - (c) die toepaslike geld soos voorgeskryf in Deel 187.
- (3) Die Kommissaris kan 'n aansoeker van die bepalinge van subregulasie (2)(a)(ii) vrystel indien die Kommissaris oortuig is dat so 'n vrystelling nie lugvaartveiligheid in gevaar sal stel nie.

#### **Registrasie en uitreiking van sertifikaat**

- 47.00.6** (1) 'n Aansoek ingevolge regulasie 47.00.5 word toegestaan, die lugvaartuig geregistreer en 'n registrasiesertifikaat uitgereik indien -
- (a) in die geval van 'n individu, 'n inwoner van die Republiek is;
  - (b) in die geval van 'n regspersoon, die aansoeker geregistreer is en sy hoofbesigheidsplek in die Republiek het; en
  - (c) die lugvaartuig nie in enige ander Staat of gebied geregistreer is nie.
- (2) Registrasie van 'n lugvaartuig en die uitreiking van 'n registrasiesertifikaat kragtens hierdie Deel verleen of impliseer nie eienskapskap van die lugvaartuig nie.
- (3) 'n Registrasiesertifikaat word deur die Kommissaris uitgereik op die toepaslike vorm soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-ARM.

#### **Pligte van houer van sertifikaat**

**47.00.7** Die houer van 'n registrasiesertifikaat moet -

- (a) die oorspronklike registrasiesertifikaat op 'n veilige plek bewaar en sodanige sertifikaat aan 'n gemagtigde beampte, inspekteur of gemagtigde persoon vir ondersoek toon indien daartoe versoek deur so 'n beampte, inspekteur of persoon;
- (b) te alle tye 'n gesertifiseerde ware kopie van die registrasiesertifikaat in die lugvaartuig hou;

- (c) die Kommissaris skriftelik in kennis stel indien die besonderhede van die persoon bedoel in regulasie 47.00.5(2)(a)(v)(bb), (vi)(bb), (vii)(bb) of (viii)(bb), na gelang van die geval, verander word.

#### Aansoek om wysiging van sertifikaat

**47.00.8** (1) Indien die houer van 'n registrasiesertifikaat -

- (a) die naam waarin die registrasiesertifikaat uitgereik is; of
- (b) die adres op die registrasiesertifikaat,

wil wysig, moet so 'n houer by die Kommissaris om so 'n wysiging aansoek doen.

(2) 'n Aansoek bedoel in subregulasie (1) -

- (a) word in die toepaslike vorm soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-ARM gedoen; en
- (b) gaan vergesel van -

- (i) indien die lugvaartuig geregistreer is in die naam van 'n maatskappy en die naam van daardie maatskappy verander word, 'n gesertifiseerde ware kopie van die sertifikaat van naamsverandering van 'n maatskappy, goedgekeur deur die Registrateur van Maatskappye ingevolge die Maatskappiewet, 1973;
- (ii) indien die lugvaartuig geregistreer is in die naam van 'n beslote korporasie en die naam van daardie beslote korporasie verander word, 'n gesertifiseerde ware kopie van die gewysigde stigtingsverklaring van die beslote korporasie, goedgekeur deur die Registrateur van Beslote Korporasies ingevolge die Wet op Beslote Korporasies, 1984; en
- (iii) die toepaslike geld soos voorgeskryf in Deel 187.

#### Aansoek om heruitreiking van sertifikaat

**47.00.9** (1) Indien 'n registrasiesertifikaat verloor, gesteel, beskadig of vernietig word, kan die houer daarvan of 'n lugvaartuigonderhoudsorganisasie goedgekeur kragtens Deel 145 en wat verantwoordelik is vir die versiening en onderhoud van die lugvaartuig, by die Kommissaris aansoek doen om die heruitreiking van die registrasiesertifikaat.

(2) 'n Aansoek bedoel in subregulasie (1) -

- (a) word gedoen in die toepaslike vorm soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-ARM; en
- (b) gaan vergesel van die toepaslike geld soos voorgeskryf in Deel 187.

(3) 'n Registrasiesertifikaat word heruitgereik op die toepaslike vorm soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-ARM.

#### **Kennisgewing van oordrag van reg op besit van lugvaartuig**

**47.00.10 (1)** Indien die houer van 'n registrasiesertifikaat die reg op besit van die lugvaartuig gespesifiseer in die sertifikaat na 'n ander persoon oordra, moet so 'n houer, binne 14 dae van die datum van oordrag aan die Kommissaris daarvan kennis gee in die toepaslike vorm soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-ARM.

(2) Indien die houer in wie se naam die lugvaartuig geregistreer is -

- (a) 'n individu is en oorlede is, en 'n eksekuteur aangestel is, moet die kennisgewing bedoel in subregulasie (1) vergesel gaan van 'n gesertifiseerde ware kopie van die eksekuteursbrief uitgereik deur die Meester ingevolge die Boedelwet, 1965 (Wet No. 66 van 1965);
- (b) 'n individu is en die boedel van so 'n houer gesekwestreer word en 'n kurator aangestel is, moet die kennisgewing bedoel in subregulasie (1) vergesel gaan van 'n gesertifiseerde ware kopie van die aanstellingssertifikaat uitgereik deur die Meester ingevolge die Insolvensiewet, 1936 (Wet No. 24 van 1936);
- (c) 'n maatskappy of 'n beslote korporasie is en so 'n houer gelikwideer word en 'n likwidateur aangestel is, moet die kennisgewing bedoel in subregulasie (1) vergesel gaan van 'n gesertifiseerde ware kopie van die aanstellingssertifikaat uitgereik deur die Meester ingevolge die Maatskappywet, 1973, of die Wet op Beslote Korporasies, 1984, na gelang van die geval.

(3) 'n Aansoek om registrasie deur die persoon aan wie die reg op besit van die lugvaartuig bedoel in subregulasie (1) oorgedra word, moet ingevolge regulasie 47.00.5 binne 14 dae van die datum van oordrag gedoen word.

(4) 'n Registrasiesertifikaat verval op die vyftiende dag na die datum waarop die houer van die registrasiesertifikaat die reg op besit van die lugvaartuig aan 'n ander persoon oorgedra het.

(5) Vanaf die aanvang van die vyftiende dag na die datum waarop 'n registrasiesertifikaat verval, mag geen persoon die lugvaartuig vermeld in die sertifikaat gebruik nie, tot tyd en wyl -

- (a) die lugvaartuig geregistreer is in die naam van die persoon aan wie die reg op besit van die lugvaartuig oorgedra is; en
- (b) so 'n persoon 'n registrasiesertifikaat uitgereik deur die Kommissaris hou.



**Aansoek om kansellering van registrasie**

**47.00.11 (1)** Indien die houer van 'n registrasiesertifikaat die lugvaartuig wil oordra vir permanente gebruik buite die Republiek, moet so 'n houer by die Kommissaris aansoek doen om die kansellering van die registrasie van sodanige lugvaartuig.

(2) 'n Aansoek bedoel in subregulasie (1) -

(a) word in die toepaslike vorm soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-ARM gedoen; en

(b) gaan vergesel van -

(i) indien die houer in wie se naam die lugvaartuig geregistreer is -

(aa) 'n individu is en oorlede is, en 'n eksekuteur aangestel is, 'n gesertifiseerde ware kopie van die eksekuteursbrief uitgereik deur die Meester ingevolge die Boedelwet, 1965;

(bb) 'n individu is en die boedel van so 'n houer gesekwestreer word en 'n kurator aangestel is, 'n gesertifiseerde ware kopie van die aanstellingsertifikaat uitgereik deur die Meester ingevolge die Insolvensiewet, 1936; of

(cc) 'n maatskappy of 'n beslote korporasie is en so 'n houer gelikwideer word en 'n likwidateur aangestel is, 'n gesertifiseerde ware kopie van die aanstelling-sertifikaat uitgereik deur die Meester ingevolge die Maatskappywet, 1973, of die Wet op Beslote Korporasies, 1984, na gelang van die geval; en

(ii) die toepaslike geld soos voorgeskryf in Deel 187.

(3) Indien 'n Suid-Afrikaans geregistreerde lugvaartuig -

(a) vernietig, verlore of gesteel is;

(b) permanent onbruikbaar as 'n lugvaartuig word; of

(c) permanent van gebruik onttrek word,

moet die houer van die betrokke registrasiesertifikaat by die Kommissaris aansoek doen om die kansellering van sodanige registrasiesertifikaat en, daarbenewens, voorlopige skriftelike kennis aan die Kommissaris gee binne 30 dae van die datum waarop sodanige gebeurtenis plaasgevind het, van sy of haar voorneme om aansoek te doen om sodanige kansellering.

(4) 'n Aansoek bedoel in subregulasie (3) -

(a) word gedoen in die toepaslike vorm soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-ARM; en

(b) gaan vergesel van -

(i) die oorspronklike van die jongste registrasiesertifikaat;



- (ii) in die geval van enige amateurvervaardigde lugvaartuig of produksie-vervaardigde lugvaartuig, die spesiale vliegpermit uitgereik deur die Kommissaris ingevolge Deel 21;
- (iii) in die geval van enige ander lugvaartuig as 'n amateurvervaardigde lugvaartuig of 'n produksie-vervaardigde lugvaartuig, die lugwaardigheidsertifikaat uitgereik deur die Kommissaris ingevolge Deel 21;
- (iv) die vliegraam-dataplaat van die lugvaartuig;
- (v) indien die houer in wie se naam die lugvaartuig geregistreer is -
  - (aa) 'n individu is en oorlede is, en 'n eksekuteur aangestel is, 'n gesertifiseerde ware kopie van die eksekuteursbrief uitgereik deur die Meester ingevolge die Boedelwet, 1965;
  - (bb) 'n individu is en die boedel van so 'n houer gesekwestreer word en 'n kurator aangestel is, 'n gesertifiseerde ware kopie van die aanstellingsertifikaat uitgereik deur die Meester ingevolge die Insolvensiewet, 1936; of
  - (cc) 'n maatskappy of 'n beslote korporasie is en so 'n houer gelikwideer word en 'n likwidateur aangestel is, 'n gesertifiseerde ware kopie van die aanstelling-sertifikaat uitgereik deur die Meester ingevolge die Maatskappywet, 1973, of die Wet op Beslote Korporasies, 1984, na gelang van die geval; en
- (vi) die toepaslike geld soos voorgeskryf in Deel 187.

### Kansellering van registrasie

**47.00.12 (1)** 'n Lugvaartuig bly geregistreer in die register totdat die registrasie van sodanige lugvaartuig deur die Kommissaris gekanselleer word.

(2) Die Kommissaris kanselleer die registrasie van 'n lugvaartuig, wysig die register en reik 'n sertifikaat van kansellering uit indien die Kommissaris oortuig is -

- (a) dat enige van die gebeure bedoel in regulasie 47.00.11(1) en (3) plaasgevind het; of
- (b) dat die registrasiesertifikaat ingevolge regulasie 47.00.10(4) verval het sonder dat 'n aansoek bedoel in regulasie 47.00.11(2) ontvang is.

(3) 'n Sertifikaat van kansellering bedoel in subregulasie (2) word uitgereik op die toepaslike vorm soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-ARM.

#### **Geldigheidsduur van registrasiesertifikaat**

**47.00.13** (1) 'n Registrasiesertifikaat bly van krag totdat -

- (a) dit ingevolge regulasie 47.00.10(4) verval; of
- (b) die registrasie van die lugvaartuig ten opsigte waarvan sodanige registrasiesertifikaat uitgereik is, deur die Kommissaris gekanselleer word.

(2) Die houer van 'n registrasiesertifikaat wat verval het, moet binne 14 dae van die vervaldatum die registrasiesertifikaat aan die Kommissaris teruggee.

#### **Register van Suid-Afrikaanse lugvaartuie**

**47.00.14** (1) Die Kommissaris hou 'n register van Suid-Afrikaanse lugvaartuie.

(2) Die register moet die volgende besonderhede bevat:

- (a) Die volle naam en, as daar is, die handelsnaam van die houer van die registrasiesertifikaat;
- (b) die posadres van die houer van die registrasiesertifikaat;
- (c) die datum waarop die lugvaartuig vir die eerste maal in die register geregistreer is;
- (d) besonderhede van die model, reeksnommer en maksimum gesertifiseerde massa van die lugvaartuig;
- (e) die nasionaliteits- en registrasiemerk van die lugvaartuig; en
- (f) die lugwaardigheidskategorie van die lugvaartuig.

(3) Die besonderhede bedoel in subregulasie (2) word in die register aangeteken binne sewe dae van die datum van registrasie, deur die Kommissaris.

(4) Die register word op 'n veilige plek by die kantoor van die Kommissaris gehou.

(5) 'n Kopie van die register word deur die Kommissaris teen betaling van die toepaslike geld soos voorgeskryf in Deel 187, aan enige persoon verskaf wat die kopie versoek.

## **DEEL 61**

### **PERSONEEL : LISENSIËRING VAN VLIEËNIERS**

## LYS VAN REGULASIES

### SUBDEEL 1 : ALGEMEEN

- 61.01.1 Toepassing
- 61.01.2 Magtiging om as vlieënier op te tree
- 61.01.3 Vlieënierslisensies
- 61.01.4 Graderings vir vlieëniers en vlieginstrukteurs
- 61.01.5 Kategoriegraderings
- 61.01.6 Klasgraderings
- 61.01.7 Tipe- en groeptipegraderings
- 61.01.8 Graderings vir spesiale doeleindes
- 61.01.9 Bevoegdheid
- 61.01.10 Mediese geskiktheid
- 61.01.11 Taal
- 61.01.12 Logboeke
- 61.01.13 Inperking van voorregte van lisensiehouers van ouderdom 60 jaar of meer
- 61.01.14 Hertoetsing na mislukking
- 61.01.15 Opskorting en kansellering van lisensie en appèl
- 61.01.16 Erkenning van vliegtyd
- 61.01.17 Aanwysing van eksaminator
- 61.01.18 Geldigmaking van lisensie uitgereik deur toepaslike owerheid
- 61.01.19 Dokumentasie
- 61.01.20 Register van lisensies
- 61.01.21 Lugvaartopleidingsorganisasie

### SUBDEEL 2 : LEERLINGVLEIËNIERSLISENSIE

- 61.02.1 Vereistes vir leerlingvlieënierslisensie
- 61.02.2 Opleiding
- 61.02.3 Eksamen oor teoretiese kennis
- 61.02.4 Bevoegdheidsertifikaat
- 61.02.5 Aansoek om leerlingvlieënierslisensie
- 61.02.6 Uitreiking van leerlingvlieënierslisensie
- 61.02.7 Geldigheidsduur
- 61.02.8 Voorregte en beperkings van leerlingvlieënierslisensie
- 61.02.9 Heruitreiking

**SUBDEEL 3 : PRIVAATVLEEËNIERSLISENSIE (Vliegtuig)**

- 61.03.1 Vereistes vir privaatvleeënierslisensie (vliegtuig)
- 61.03.2 Ondervinding
- 61.03.3 Opleiding
- 61.03.4 Eksamen oor teoretiese kennis
- 61.03.5 Vaardigheidstoets
- 61.03.6 Aansoek om privaatvleeënierslisensie (vliegtuig)
- 61.03.7 Uitreiking van privaatvleeënierslisensie (vliegtuig)
- 61.03.8 Geldigheidsduur
- 61.03.9 Voorregte van privaatvleeënierslisensie (vliegtuig)
- 61.03.10 Graderings vir spesiale doeleindes
- 61.03.11 Handhawing van bevoegdheid

**SUBDEEL 4 : PRIVAATVLEEËNIERSLISENSIE (HELIKOPTER)**

- 61.04.1 Vereistes vir privaatvleeënierslisensie (helikopter)
- 61.04.2 Ondervinding
- 61.04.3 Opleiding
- 61.04.4 Eksamen oor teoretiese kennis
- 61.04.5 Vaardigheidstoets
- 61.04.6 Aansoek om privaatvleeënierslisensie (helikopter)
- 61.04.7 Uitreiking van privaatvleeënierslisensie (helikopter)
- 61.04.8 Geldigheidsduur
- 61.04.9 Voorregte van privaatvleeënierslisensie (helikopter)
- 61.04.10 Graderings vir spesiale doeleindes
- 61.04.11 Handhawing van bevoegdheid

**SUBDEEL 5 : HANDELSVLEEËNIERSLISENSIE (Vliegtuig)**

- 61.05.1 Vereistes vir handelsvleeënierslisensie (vliegtuig)
- 61.05.2 Ondervinding
- 61.05.3 Opleiding
- 61.05.4 Eksamen oor teoretiese kennis
- 61.05.5 Vaardigheidstoets
- 61.05.6 Aansoek om handelsvleeënierslisensie (vliegtuig)
- 61.05.7 Uitreiking van handelsvleeënierslisensie (vliegtuig)
- 61.05.8 Geldigheidsduur
- 61.05.9 Voorregte van handelsvleeënierslisensie (vliegtuig)

61.05.10 Graderings vir spesiale doeleindes

61.05.11 Handhawing van bevoegdheid

#### **SUBDEEL 6 : HANDELSVLIEËNIERSLISENSIE (HELIKOPTER)**

61.06.1 Vereistes vir handelsvlieënierslisensie (helikopter)

61.06.2 Ondervinding

61.06.3 Opleiding

61.06.4 Eksamen oor teoretiese kennis

61.06.5 Vaardigheidstoets

61.06.6 Aansoek om handelsvlieënierslisensie (helikopter)

61.06.7 Uitreiking van handelsvlieënierslisensie (helikopter)

61.06.8 Geldigheidsduur

61.06.9 Voorregte van handelsvlieënierslisensie (helikopter)

61.06.10 Graderings vir spesiale doeleindes

61.06.11 Handhawing van bevoegdheid

#### **SUBDEEL 7 : LUGREDERYVERVOERVLIEËNIERSLISENSIE (VLEGTUIG)**

61.07.1 Vereistes vir lugrederyvervoervlieënierslisensie (vliegtuig)

61.07.2 Ondervinding

61.07.3 Opleiding

61.07.4 Eksamen oor teoretiese kennis

61.07.5 Vaardigheidstoets

61.07.6 Aansoek om lugrederyvervoervlieënierslisensie (vliegtuig)

61.07.7 Uitreiking van lugrederyvervoervlieënierslisensie (vliegtuig)

61.07.8 Geldigheidsduur

61.07.9 Voorregte van lugrederyvervoervlieënierslisensie (vliegtuig)

61.07.10 Graderings vir spesiale doeleindes

61.07.11 Handhawing van bevoegdheid

#### **SUBDEEL 8 : LUGREDERYVERVOERVLIEËNIERSLISENSIE (HELIKOPTER)**

61.08.1 Vereistes vir lugrederyvervoervlieënierslisensie (helikopter)

61.08.2 Ondervinding

61.08.3 Opleiding

61.08.4 Eksamen oor teoretiese kennis

61.08.5 Vaardigheidstoets

61.08.6 Aansoek om lugrederyvervoervlieënierslisensie (helikopter)



- 61.08.7 Uitreiking van lugrederyvervoervlieënierslisensie (helikopter)
- 61.08.8 Geldigheidsduur
- 61.08.9 Voorregte van lugrederyvervoervlieënierslisensie (helikopter)
- 61.08.10 Graderings vir spesiale doeleindes
- 61.08.11 Handhawing van bevoegdheid

#### **SUBDEEL 9 : MIKRO-LIGTE VLEGTUIGVLIEËNIERSLISENSIE**

- 61.09.1 Vereistes vir mikro-ligte vliegtuigvlieënierslisensie
- 61.09.2 Ondervinding
- 61.09.3 Opleiding
- 61.09.4 Eksamen oor teoretiese kennis
- 61.09.5 Vaardigheidstoets
- 61.09.6 Aansoek om mikro-ligte vliegtuigvlieënierslisensie
- 61.09.7 Uitreiking van mikro-ligte vliegtuigvlieënierslisensie
- 61.09.8 Geldigheidsduur
- 61.09.9 Voorregte van mikro-ligte vliegtuigvlieënierslisensie
- 61.09.10 Gradering vir spesiale doeleindes
- 61.09.11 Handhawing van bevoegdheid

#### **SUBDEEL 10 : HANDELSMIKRO-LIGTE VLEGTUIGVLIEËNIERSLISENSIE**

- 61.10.1 Vereistes vir handelsmikro-ligte vliegtuigvlieënierslisensie
- 61.10.2 Ondervinding
- 61.10.3 Opleiding
- 61.10.4 Eksamen oor teoretiese kennis
- 61.10.5 Vaardigheidstoets
- 61.10.6 Aansoek om handelsmikro-ligte vliegtuigvlieënierslisensie
- 61.10.7 Uitreiking van handelsmikro-ligte vliegtuigvlieënierslisensie
- 61.10.8 Geldigheidsduur
- 61.10.9 Voorregte van handelsmikro-ligte vliegtuigvlieënierslisensie
- 61.10.10 Graderings vir spesiale doeleindes
- 61.10.11 Handhawing van bevoegdheid

#### **SUBDEEL 11 : SWEEFTUIGVLIEËNIERSLISENSIE**

- 61.11.1 Vereistes vir sweeftuigvlieënierslisensie
- 61.11.2 Ondervinding
- 61.11.3 Opleiding

- 61.11.4 Eksamen oor teoretiese kennis
- 61.11.5 Vaardigheidstoets
- 61.11.6 Aansoek om sweeftuigvlieënierslisensie
- 61.11.7 Uitreiking van sweeftuigvlieënierslisensie
- 61.11.8 Geldigheidsduur
- 61.11.9 Voorregte van sweeftuigvlieënierslisensie
- 61.11.10 Gradering vir spesiale doeleindes
- 61.11.11 Handhawing van bevoegdheid

#### **SUBDEEL 12 : HANDELSWEEFTUIGVLEIËNIERSLISENSIE**

- 61.12.1 Vereistes vir handelsweeftuigvlieënierslisensie
- 61.12.2 Ondervinding
- 61.12.3 Opleiding
- 61.12.4 Eksamen oor teoretiese kennis
- 61.12.5 Vaardigheidstoets
- 61.12.6 Aansoek om handelsweeftuigvlieënierslisensie
- 61.12.7 Uitreiking van handelsweeftuigvlieënierslisensie
- 61.12.8 Geldigheidsduur
- 61.12.9 Voorregte van handelsweeftuigvlieënierslisensie
- 61.12.10 Graderings vir spesiale doeleindes
- 61.12.11 Handhawing van bevoegdheid

#### **SUBDEEL 13 : VRYBALLONVLEIËNIERSLISENSIE**

- 61.13.1 Vereistes vir vryballonvlieënierslisensie
- 61.13.2 Ondervinding
- 61.13.3 Opleiding
- 61.13.4 Eksamen oor teoretiese kennis
- 61.13.5 Vaardigheidstoets
- 61.13.6 Aansoek om vryballonvlieënierslisensie
- 61.13.7 Uitreiking van vryballonvlieënierslisensie
- 61.13.8 Geldigheidsduur
- 61.13.9 Voorregte van vryballonvlieënierslisensie
- 61.13.10 Gradering vir spesiale doeleindes
- 61.13.11 Handhawing van bevoegdheid

**SUBDEEL 14 : LUGSKIPVLIEËNIERSLISENSIE**

- 61.14.1 Vereistes vir lugskipvlieënierslisensie
- 61.14.2 Ondervinding
- 61.14.3 Opleiding
- 61.14.4 Eksamen oor teoretiese kennis
- 61.14.5 Vaardigheidstoets
- 61.14.6 Aansoek om lugskipvlieënierslisensie
- 61.14.7 Uitreiking van lugskipvlieënierslisensie
- 61.14.8 Geldigheidsduur
- 61.14.9 Voorregte van lugskipvlieënierslisensie
- 61.14.10 Gradering vir spesiale doeleindes
- 61.14.11 Handhawing van bevoegdheid

**SUBDEEL 15 : GIROTUIGVLIEËNIERSLISENSIE**

- 61.15.1 Vereistes vir girotuigvlieënierslisensie
- 61.15.2 Ondervinding
- 61.15.3 Opleiding
- 61.15.4 Eksamen oor teoretiese kennis
- 61.15.5 Vaardigheidstoets
- 61.15.6 Aansoek om girotuigvlieënierslisensie
- 61.15.7 Uitreiking van girotuigvlieënierslisensie
- 61.15.8 Geldigheidsduur
- 61.15.9 Voorregte van girotuigvlieënierslisensie
- 61.15.10 Gradering vir spesiale doeleindes
- 61.15.11 Handhawing van bevoegdheid

**SUBDEEL 16 : AANGEDREWE PARASWEEFTUIGVLIEËNIERSLISENSIE**

- 61.16.1 Vereistes vir aangedrewe parasweeftuigvlieënierslisensie
- 61.16.2 Ondervinding
- 61.16.3 Opleiding
- 61.16.4 Eksamen oor teoretiese kennis
- 61.16.5 Vaardigheidstoets
- 61.16.6 Aansoek om aangedrewe parasweeftuigvlieënierslisensie
- 61.16.7 Uitreiking van aangedrewe parasweeftuigvlieënierslisensie
- 61.16.8 Geldigheidsduur
- 61.16.9 Voorregte van aangedrewe parasweeftuigvlieënierslisensie

- 61.16.10 Gradering vir spesiale doeleindes
- 61.16.11 Handhawing van bevoegdheid

#### **SUBDEEL 17 : HANGSWEEFTUIGVLIEËNIERSLISENSIE**

- 61.17.1 Vereistes vir hangswееftuigvlieënierslisensie
- 61.17.2 Ondervinding
- 61.17.3 Opleiding
- 61.17.4 Eksamen oor teoretiese kennis
- 61.17.5 Vaardigheidstoets
- 61.17.6 Aansoek om hangswееftuigvlieënierslisensie
- 61.17.7 Uitreiking van hangswееftuigvlieënierslisensie
- 61.17.8 Geldigheidsduur
- 61.17.9 Voorregte van hangswееftuigvlieënierslisensie
- 61.17.10 Gradering vir spesiale doeleindes
- 61.17.11 Handhawing van bevoegdheid

#### **SUBDEEL 18 : PARASWEEFTUIGVLIEËNIERSLISENSIE**

- 61.18.1 Vereistes vir parasweeftuigvlieënierslisensie
- 61.18.2 Ondervinding
- 61.18.3 Opleiding
- 61.18.4 Eksamen oor teoretiese kennis
- 61.18.5 Vaardigheidstoets
- 61.18.6 Aansoek om parasweeftuigvlieënierslisensie
- 61.18.7 Uitreiking van parasweeftuigvlieënierslisensie
- 61.18.8 Geldigheidsduur
- 61.18.9 Voorregte van parasweeftuigvlieënierslisensie
- 61.18.10 Gradering vir spesiale doeleindes
- 61.18.11 Handhawing van bevoegdheid

**SUBDEEL 19 : KLAS- EN TIPEGRADERINGS**

- 61.19.1 Vereistes vir klas- en tipegraderings
- 61.19.2 Opleiding
- 61.19.3 Eksamen oor teoretiese kennis
- 61.19.4 Vaardigheidstoets
- 61.19.5 Tydelike bevoegdheidsertifikaat
- 61.19.6 Aansoek om klas- en tipegradering
- 61.19.7 Uitreiking van klas- en tipegradering
- 61.19.8 Geldigheidsduur
- 61.19.9 Gradering vereis deur persoon wat as vlieënier optree
- 61.19.10 Voorregte van klas- en tipegradering
- 61.19.11 Kennisgewing vir tipegraderings vir suiermotorvliegtuie met 'n maksimum gesertifiseerde massa van 5 700 kilogram of minder
- 61.19.12 Hernuwing
- 61.19.13 Heruitreiking

**SUBDEEL 20 : INSTRUMENTGRADERING**

- 61.20.1 Vereistes vir instrumentgradering
- 61.20.2 Ondervinding
- 61.20.3 Opleiding
- 61.20.4 Eksamen oor teoretiese kennis
- 61.20.5 Vaardigheidstoets
- 61.20.6 Aansoek om instrumentgradering
- 61.20.7 Uitreiking van instrumentgradering
- 61.20.8 Geldigheidsduur
- 61.20.9 Gradering vereis deur persoon wat onder IFR vlieg
- 61.20.10 Voorregte van instrumentgradering
- 61.20.11 Hernuwing
- 61.20.12 Heruitreiking

**SUBDEEL 21 : GRAAD I-VLIEGTUIGVLIEGINSTRUKTEURSGRADERING**

- 61.21.1 Vereistes vir Graad I-vliegtuigvlieginstrukteursgradering
- 61.21.2 Ondervinding
- 61.21.3 Opleiding
- 61.21.4 Eksamen oor teoretiese kennis
- 61.21.5 Vaardigheidstoets

- 61.21.6 Aansoek om Graad I-vliegtuigvlieginstruktorsgradering
- 61.21.7 Uitreiking van Graad I-vliegtuigvlieginstruktorsgradering
- 61.21.8 Geldigheidsduur
- 61.21.9 Voorregte en beperkings van Graad I-vliegtuigvlieginstruktorsgradering
- 61.21.10 Hernuwing
- 61.21.11 Heruitreiking

#### **SUBDEEL 22 : GRAAD II-VLIEGTUIGVLIEGINSTRUKTEURSGRADERING**

- 61.22.1 Vereistes vir Graad II-vliegtuigvlieginstruktorsgradering
- 61.22.2 Ondervinding
- 61.22.3 Opleiding
- 61.22.4 Eksamen oor teoretiese kennis
- 61.22.5 Vaardigheidstoets
- 61.22.6 Aansoek om Graad II-vliegtuigvlieginstruktorsgradering
- 61.22.7 Uitreiking van Graad II-vliegtuigvlieginstruktorsgradering
- 61.22.8 Geldigheidsduur
- 61.22.9 Voorregte en beperkings van Graad II-vliegtuigvlieginstruktorsgradering
- 61.22.10 Hernuwing
- 61.22.11 Heruitreiking

#### **SUBDEEL 22 : GRAAD III-VLIEGTUIGVLIEGINSTRUKTEURSGRADERING**

- 61.23.1 Vereistes vir Graad III-vliegtuigvlieginstruktorsgradering
- 61.23.2 Ondervinding
- 61.23.3 Opleiding
- 61.23.4 Eksamen oor teoretiese kennis
- 61.23.5 Vaardigheidstoets
- 61.23.6 Aansoek om Graad III-vliegtuigvlieginstruktorsgradering
- 61.23.7 Uitreiking van Graad III-vliegtuigvlieginstruktorsgradering
- 61.23.8 Geldigheidsduur
- 61.23.9 Voorregte en beperkings van Graad III-vliegtuigvlieginstruktorsgradering
- 61.23.10 Hernuwing
- 61.23.11 Heruitreiking

#### **SUBDEEL 24 : VLIEGTUIGSIMULEERDER-VLIEGINSTRUKTEURSGRADERING**

- 61.24.1 Vereistes vir vliegtuigsimuleerder-vlieginstruktorsgradering
- 61.24.2 Ondervinding



- 61.24.3 Opleiding
- 61.24.4 Eksamen oor teoretiese kennis
- 61.24.5 Vaardigheidstoets
- 61.24.6 Aansoek om vliegtuigsimuleerder-vlieginstrukteursgradering
- 61.24.7 Uitreiking van vliegtuigsimuleerder-vlieginstrukteursgradering
- 61.24.8 Geldigheidsduur
- 61.24.9 Voorregte en beperkings van vliegtuigsimuleerder-vlieginstrukteursgradering
- 61.24.10 Hernuwing
- 61.24.11 Heruitreiking

#### **SUBDEEL 25 : GRAAD I-HELIKOPTERVLEGINSTRUKTEURSGRADERING**

- 61.25.1 Vereistes vir Graad I-helikoptervlieginstrukteursgradering
- 61.25.2 Ondervinding
- 61.25.3 Opleiding
- 61.25.4 Eksamen oor teoretiese kennis
- 61.25.5 Vaardigheidstoets
- 61.25.6 Aansoek om Graad I-helikoptervlieginstrukteursgradering
- 61.25.7 Uitreiking van Graad I-helikoptervlieginstrukteursgradering
- 61.25.8 Geldigheidsduur
- 61.25.9 Voorregte en beperkings van Graad I-helikoptervlieginstrukteursgradering
- 61.25.10 Hernuwing
- 61.25.11 Heruitreiking

#### **SUBDEEL 26 : GRAAD II-HELIKOPTERVLEGINSTRUKTEURSGRADERING**

- 61.26.1 Vereistes vir Graad II-helikoptervlieginstrukteursgradering
- 61.26.2 Ondervinding
- 61.26.3 Opleiding
- 61.26.4 Eksamen oor teoretiese kennis
- 61.26.5 Vaardigheidstoets
- 61.26.6 Aansoek om Graad II-helikoptervlieginstrukteursgradering
- 61.26.7 Uitreiking van Graad II-helikoptervlieginstrukteursgradering
- 61.26.8 Geldigheidsduur
- 61.26.9 Voorregte en beperkings van Graad II-helikoptervlieginstrukteursgradering
- 61.26.10 Hernuwing
- 61.26.11 Heruitreiking

**SUBDEEL 27 : GRAAD III-HELIKOPTERVliegINSTRUKTEURSGRADERING**

- 61.27.1 Vereistes vir Graad III-helikoptervlieginstrukteursgradering
- 61.27.2 Ondervinding
- 61.27.3 Opleiding
- 61.27.4 Eksamen oor teoretiese kennis
- 61.27.5 Vaardigheidstoets
- 61.27.6 Aansoek om Graad III-helikoptervlieginstrukteursgradering
- 61.27.7 Uitreiking van Graad III-helikoptervlieginstrukteursgradering
- 61.27.8 Geldigheidsduur
- 61.27.9 Voorregte en beperkings van Graad III-helikoptervlieginstrukteursgradering
- 61.27.10 Hernuwing
- 61.27.11 Heruitreiking

**SUBDEEL 28 : HELIKOPTERSIMULEERDER-VliegINSTRUKTEURSGRADERING**

- 61.28.1 Vereistes vir helikoptersimuleerder-vlieginstrukteursgradering
- 61.28.2 Ondervinding
- 61.28.3 Opleiding
- 61.28.4 Eksamen oor teoretiese kennis
- 61.28.5 Vaardigheidstoets
- 61.28.6 Aansoek om helikoptersimuleerder-vlieginstrukteursgradering
- 61.28.7 Uitreiking van helikoptersimuleerder-vlieginstrukteursgradering
- 61.28.8 Geldigheidsduur
- 61.28.9 Voorregte en beperkings van helikoptersimuleerder-vlieginstrukteursgradering
- 61.28.10 Hernuwing
- 61.28.11 Heruitreiking

**SUBDEEL 29 : GRAAD I-MIKRO-LIGTE VliegTUIGVliegINSTRUKTEURSGRADERING**

- 61.29.1 Vereistes vir Graad I-mikro-ligte vliegtuigvlieginstrukteursgradering
- 61.29.2 Ondervinding
- 61.29.3 Opleiding
- 61.29.4 Eksamen oor teoretiese kennis
- 61.29.5 Vaardigheidstoets
- 61.29.6 Aansoek om Graad I-mikro-ligte vliegtuigvlieginstrukteursgradering
- 61.29.7 Uitreiking van Graad I-mikro-ligte vliegtuigvlieginstrukteursgradering
- 61.29.8 Geldigheidsduur
- 61.29.9 Voorregte en beperkings van Graad I-mikro-ligte vliegtuigvlieginstrukteursgradering

- 61.29.10 Hernuwing
- 61.29.11 Heruitreiking

### **SUBDEEL 30 : GRAAD II-MIKRO-LIGTE VLEGTUIGVLEGINSTRUKTEURSGRADERING**

- 61.30.1 Vereistes vir Graad II-mikro-ligte vliegtuigvlieginstrukteursgradering
- 61.30.2 Ondervinding
- 61.30.3 Opleiding
- 61.30.4 Eksamen oor teoretiese kennis
- 61.30.5 Vaardigheidstoets
- 61.30.6 Aansoek om Graad II-mikro-ligte vliegtuigvlieginstrukteursgradering
- 61.30.7 Uitreiking van Graad II-mikro-ligte vliegtuigvlieginstrukteursgradering
- 61.30.8 Geldigheidsduur
- 61.30.9 Voorregte en beperkings van Graad II-mikro-ligte vliegtuigvlieginstrukteursgradering
- 61.30.10 Hernuwing
- 61.30.11 Heruitreiking

### **SUBDEEL 31 : GRAAD I-SWEEFTUIGVLEGINSTRUKTEURSGRADERING**

- 61.31.1 Vereistes vir Graad I-sweeftuigvlieginstrukteursgradering
- 61.31.2 Ondervinding
- 61.31.3 Opleiding
- 61.31.4 Eksamen oor teoretiese kennis
- 61.31.5 Vaardigheidstoets
- 61.31.6 Aansoek om Graad I-sweeftuigvlieginstrukteursgradering
- 61.31.7 Uitreiking van Graad I-sweeftuigvlieginstrukteursgradering
- 61.31.8 Geldigheidsduur
- 61.31.9 Voorregte en beperkings van Graad I-sweeftuigvlieginstrukteursgradering
- 61.31.10 Hernuwing
- 61.31.11 Heruitreiking

### **SUBDEEL 32 : GRAAD II-SWEEFTUIGVLEGINSTRUKTEURSGRADERING**

- 61.32.1 Vereistes vir Graad II-sweeftuigvlieginstrukteursgradering
- 61.32.2 Ondervinding
- 61.32.3 Opleiding
- 61.32.4 Eksamen oor teoretiese kennis
- 61.32.5 Vaardigheidstoets
- 61.32.6 Aansoek om Graad II-sweeftuigvlieginstrukteursgradering

- 61.32.7 Uitreiking van Graad II-sweeftuigvlieginstrukteursgradering
- 61.32.8 Geldigheidsduur
- 61.32.9 Voorregte en beperkings van Graad II-sweeftuigvlieginstrukteursgradering
- 61.32.10 Hernuwing
- 61.32.11 Heruitreiking

### **SUBDEEL 33 : VRYBALLONVLIEGINSTRUKTEURSGRADERING**

- 61.33.1 Vereistes vir vryballonvlieginstrukteursgradering
- 61.33.2 Ondervinding
- 61.33.3 Opleiding
- 61.33.4 Eksamen oor teoretiese kennis
- 61.33.5 Vaardigheidstoets
- 61.33.6 Aansoek om vryballonvlieginstrukteursgradering
- 61.33.7 Uitreiking van vryballonvlieginstrukteursgradering
- 61.33.8 Geldigheidsduur
- 61.33.9 Voorregte en beperkings van vryballonvlieginstrukteursgradering
- 61.33.10 Hernuwing
- 61.33.11 Heruitreiking

### **SUBDEEL 34 : LUGSKIPVLIEGINSTRUKTEURSGRADERING**

- 61.34.1 Vereistes vir lugskipvlieginstrukteursgradering
- 61.34.2 Ondervinding
- 61.34.3 Opleiding
- 61.34.4 Eksamen oor teoretiese kennis
- 61.34.5 Vaardigheidstoets
- 61.34.6 Aansoek om lugskipvlieginstrukteursgradering
- 61.34.7 Uitreiking van lugskipvlieginstrukteursgradering
- 61.34.8 Geldigheidsduur
- 61.34.9 Voorregte en beperkings van lugskipvlieginstrukteursgradering
- 61.34.10 Hernuwing
- 61.34.11 Heruitreiking

### **SUBDEEL 35 : GIROTUIGVLIEGINSTRUKTEURSGRADERING**

- 61.35.1 Vereistes vir girotuigvlieginstrukteursgradering
- 61.35.2 Ondervinding
- 61.35.3 Opleiding

- 61.35.4 Eksamen oor teoretiese kennis
- 61.35.5 Vaardigheidstoets
- 61.35.6 Aansoek om girotuigvlieginstrukteursgradering
- 61.35.7 Uitreiking van girotuigvlieginstrukteursgradering
- 61.35.8 Geldigheidsduur
- 61.35.9 Voorregte en beperkings van girotuigvlieginstrukteursgradering
- 61.35.10 Hernuwing
- 61.35.11 Heruitreiking

#### **SUBDEEL 36 : AANGEDREWE PARASWEEFTUIGVLIEGINSTRUKTEURSGRADERING**

- 61.36.1 Vereistes vir aangedrewe parasweeftuigvlieginstrukteursgradering
- 61.36.2 Ondervinding
- 61.36.3 Opleiding
- 61.36.4 Eksamen oor teoretiese kennis
- 61.36.5 Vaardigheidstoets
- 61.36.6 Aansoek om aangedrewe parasweeftuigvlieginstrukteursgradering
- 61.36.7 Uitreiking van aangedrewe parasweeftuigvlieginstrukteursgradering
- 61.36.8 Geldigheidsduur
- 61.36.9 Voorregte en beperkings van aangedrewe parasweeftuigvlieginstrukteursgradering
- 61.36.10 Hernuwing
- 61.36.11 Heruitreiking

#### **SUBDEEL 37 : HANGSWEEFTUIGVLIEGINSTRUKTEURSGRADERING**

- 61.37.1 Vereistes vir hangswееftuigvlieginstrukteursgradering
- 61.37.2 Ondervinding
- 61.37.3 Opleiding
- 61.37.4 Eksamen oor teoretiese kennis
- 61.37.5 Vaardigheidstoets
- 61.37.6 Aansoek om hangswееftuigvlieginstrukteursgradering
- 61.37.7 Uitreiking van hangswееftuigvlieginstrukteursgradering
- 61.37.8 Geldigheidsduur
- 61.37.9 Voorregte en beperkings van hangswееftuigvlieginstrukteursgradering
- 61.37.10 Hernuwing
- 61.37.11 Heruitreiking

**SUBDEEL 38 : PARASWEEFTUIGVLIEGINSTRUKTEURSGRADERING**

- 61.38.1 Vereistes vir parasweeftuigvlieginstrukteursgradering
- 61.38.2 Ondervinding
- 61.38.3 Opleiding
- 61.38.4 Eksamen oor teoretiese kennis
- 61.38.5 Vaardigheidstoets
- 61.38.6 Aansoek om parasweeftuigvlieginstrukteursgradering
- 61.38.7 Uitreiking van parasweeftuigvlieginstrukteursgradering
- 61.38.8 Geldigheidsduur
- 61.38.9 Voorregte en beperkings van parasweeftuigvlieginstrukteursgradering
- 61.38.10 Hernuwing
- 61.38.11 Heruitreiking

**SUBDEEL 39 : NAGVLIEGGRADERING**

- 61.39.1 Vereistes vir nagvlieggradering
- 61.39.2 Ondervinding
- 61.39.3 Eksamen oor teoretiese kennis
- 61.39.4 Vaardigheidstoets
- 61.39.5 Aansoek om nagvlieggradering
- 61.39.6 Uitreiking van nagvlieggradering
- 61.39.7 Geldigheidsduur
- 61.39.8 Voorregte van nagvlieggradering
- 61.39.9 Handhawing van bevoegdheid

**SUBDEEL 40 : KLAS I-VLUGTOETSGRADERING**

- 61.40.1 Vereistes vir Klas I-vlugtoetsgradering
- 61.40.2 Ondervinding
- 61.40.3 Opleiding
- 61.40.4 Aansoek om Klas I-vlugtoetsgradering
- 61.40.5 Uitreiking van Klas I-vlugtoetsgradering
- 61.40.6 Geldigheidsduur
- 61.40.7 Voorregte van Klas I-vlugtoetsgradering
- 61.40.8 Hernuwing
- 61.40.9 Heruitreiking



**SUBDEEL 41 : KLAS II-VLUGTOETSGRADERING**

- 61.41.1 Vereistes vir Klas II-vlugtoetsgradering
- 61.41.2 Ondervinding
- 61.41.3 Opleiding
- 61.41.4 Aansoek om Klas II-vlugtoetsgradering
- 61.41.5 Uitreiking van Klas II-vlugtoetsgradering
- 61.41.6 Geldigheidsduur
- 61.41.7 Voorregte van Klas II-vlugtoetsgradering
- 61.41.8 Hernuwing
- 61.41.9 Heruitreiking

**SUBDEEL 42 : POSTONDERHOUD-VLUGTOETSGRADERING**

- 61.42.1 Vereistes vir postonderhoud-vlugtoetsgradering
- 61.42.2 Ondervinding
- 61.42.3 Opleiding
- 61.42.4 Eksamen oor teoretiese kennis
- 61.42.5 Vaardigheidstoets
- 61.42.6 Aansoek om postonderhoud-vlugtoetsgradering
- 61.42.7 Uitreiking van postonderhoud-vlugtoetsgradering
- 61.42.8 Geldigheidsduur
- 61.42.9 Voorregte van postonderhoud-vlugtoetsgradering
- 61.42.10 Hernuwing
- 61.42.11 Heruitreiking

**SUBDEEL 43 : SLEEPVLEEËNIERSGRADERING**

- 61.43.1 Vereistes vir sleepvlieëniersgradering
- 61.43.2 Ondervinding
- 61.43.3 Aansoek om sleepvlieëniersgradering
- 61.43.4 Uitreiking van sleepvlieëniersgradering
- 61.43.5 Voorregte van sleepvlieëniersgradering
- 61.43.6 Geldigheidsduur

**SUBDEEL 44 : VEILIGHEIDVLEEËNIERSGRADERING**

- 61.44.1 Vereistes vir veiligheidvlieëniersgradering
- 61.44.2 Ondervinding
- 61.44.3 Aansoek om veiligheidvlieëniersgradering

- 61.44.4 Uitreiking van veiligheidvlieëniersgradering
- 61.44.5 Voorregte van veiligheidvlieëniersgradering
- 61.44.6 Geldigheidsduur

#### **SUBDEEL 45 : BUITEVRAGGRADERING (HELIKOPTER)**

- 61.45.1 Vereistes vir buitevragsgradering (helikopter)
- 61.45.2 Ondervinding
- 61.45.3 Opleiding
- 61.45.4 Aansoek om buitevragsgradering (helikopter)
- 61.45.5 Uitreiking van buitevragsgradering (helikopter)
- 61.45.6 Voorregte van buitevragsgradering (helikopter)
- 61.45.7 Geldigheidsduur

#### **SUBDEEL 46 : HYSBEDIENINGSGRADERING (HELIKOPTER)**

- 61.45.1 Vereistes vir hysbedieningsgradering (helikopter)
- 61.45.2 Ondervinding
- 61.45.3 Opleiding
- 61.45.4 Aansoek om hysbedieningsgradering (helikopter)
- 61.45.5 Uitreiking van hysbedieningsgradering (helikopter)
- 61.45.6 Voorregte van hysbedieningsgradering (helikopter)
- 61.45.7 Geldigheidsduur

#### **SUBDEEL 47 : WILD OF VEE-UITDUNNINGSGRADERING (HELIKOPTER)**

- 61.47.1 Vereistes vir wild of vee-uitdunningsgradering (helikopter))
- 61.47.2 Ondervinding
- 61.47.3 Aansoek om wild of vee-uitdunningsgradering (helikopter)
- 61.47.4 Uitreiking van wild of vee-uitdunningsgradering (helikopter)
- 61.47.5 Voorregte van wild of vee-uitdunningsgradering (helikopter)
- 61.47.6 Geldigheidsduur

#### **SUBDEEL 48 : LANDBOUVVLEËNIERSGRADERING**

- 61.48.1 Vereistes vir landbouvvleëniersgradering
- 61.48.2 Ondervinding
- 61.48.3 Vaardigheidstoets
- 61.48.4 Aansoek om landbouvvleëniersgradering
- 61.48.5 Uitreiking van landbouvvleëniersgradering
- 61.48.6 Voorregte van landbouvvleëniersgradering
- 61.48.7 Geldigheidsduur

**SUBDEEL 1****ALGEMEEN****Toepassing****61.01.1** Hierdie Deel is van toepassing op -

- (a) die uitreiking van vlieënierslisensies en -graderings vir Suid-Afrikaanse vlieëniers, die voorregte en beperkings van sodanige lisensies en graderings, en aangeleenthede wat daarmee verband hou; en
- (b) die geldigmaking van buitelandse vlieënierslisensies en -graderings en die voorregte en beperkings van sodanige geldigmakings.

**Magtiging om as vlieënier op te tree**

**61.01.2** (1) Geen persoon mag optree as 'n vlieënier van 'n Suid-Afrikaans-geregistreerde lugvaartuig nie tensy so 'n persoon 'n geldige -

- (a) toepaslike vlieënierslisensie en -gradering, uitgereik, hernu of heruitgereik deur die Kommissaris ingevolge hierdie Deel; of
- (b) vlieënierslisensie en -gradering uitgereik deur 'n toepaslike owerheid en geldig gemaak deur die Kommissaris ingevolge hierdie Deel,

hou.

(2) Die houer van 'n vlieënierslisensie mag geen ander voorregte uitoefen nie as die voorregte verleen deur die toepaslike lisensie en gradering gehou deur so 'n houer.

**Vlieënierslisensies****61.01.3** Die vlieënierslisensies is -

- (a) 'n leerlingvlieënierslisensie;
- (b) 'n privaatvlieënierslisensie (vliegtuig);
- (c) 'n privaatvlieënierslisensie (helikopter);
- (d) 'n handelsvlieënierslisensie (vliegtuig);
- (e) 'n handelsvlieënierslisensie (helikopter);
- (f) 'n lugrederyvervoervlieënierslisensie (vliegtuig);
- (g) 'n lugrederyvervoervlieënierslisensie (helikopter);
- (h) 'n mikro-ligte vliegtuigvlieënierslisensie;
- (i) 'n handelsmikro-ligte vliegtuigvlieënierslisensie;

- (j) 'n sweeftuigvlieënerslisensie;
- (k) 'n handelsweeftuigvlieënerslisensie;
- (l) 'n vryballonvlieënerslisensie;
- (m) 'n lugskipvlieënerslisensie;
- (n) 'n girotuigvlieënerslisensie;
- (o) 'n aangedrewe parasweeftuigvlieënerslisensie;
- (p) 'n hangswaefvlieënerslisensie; en
- (q) 'n parasweeftuigvlieënerslisensie.

### **Graderings vir vlieëners en vlieginstrukteurs**

**61.01.4** Die graderings vir vlieëners en vlieginstrukteurs is -

- (a) 'n kategoriegradering;
- (b) 'n klasgradering;
- (c) 'n tipegradering;
- (d) 'n groeptipegradering; en
- (e) 'n gradering vir spesiale doeleindes.

### **Kategoriegraderings**

**61.01.5** Die kategoriegraderings omvat -

- (a) vliegtuie;
- (b) helikopters;
- (c) mikro-ligte vliegtuie;
- (d) sweeftuie;
- (e) vryballonne;
- (f) lugskepe;
- (g) girotuie;
- (h) aangedrewe parasweeftuie;
- (i) hangswaefvlieënerslisensie; en
- (j) parasweeftuie.

### **Klasgraderings**

**61.01.6** Die klasgraderings omvat -

- (a) in die geval van vliegtuie -
  - (i) eenmotorig, land;
  - (ii) eenmotorig, see;
  - (iii) meermotorig, land; en

- (iv) meermotorig, see;
- (b) in die geval van helikopters -
  - (i) eenmotorige helikopters; en
  - (ii) meermotorige helikopters;
- (c) mikro-ligte vliegtuie;
- (d) in die geval van sweeftuie -
  - (i) aangedrewe sweeftuie; en
  - (ii) nie-aangedrewe sweeftuie;
- (e) vryballonne;
- (f) in die geval van lugskepe -
  - (i) nie-verende lugskepe; en
  - (ii) verende lugskepe;
- (g) girotuie;
- (h) aangedrewe parasweeftuie;
- (i) hangswieftuie; en
- (j) parasweeftuie.

### Tipe- en groeptipegraderings

**61.01.7 (1)** Die tipe- en groeptipegraderings vir vliegtuie omvat -

- (a) 'n groeptipegradering vir vliegtuigtipes met 'n maksimum gesertifiseerde massa van 5 700 kilogram of minder;
- (b) 'n gradering volgens naam vir elke tipe vliegtuig met 'n maksimum gesertifiseerde massa van meer as 5 700 kilogram;
- (c) 'n gradering volgens naam vir elke turbineskroef- en turbinastraalmotor-vliegtuig;
- (d) 'n gradering volgens naam vir elke tipe vliegtuig met onkonvensionele hanteringseienskappe wat bykomstige vlieg- of simuleerderopleiding vereis; en
- (e) 'n gradering volgens naam vir elke multivlieëniersvliegtuig.

(2) Tipegraderings vir rotortuie omvat 'n gradering volgens naam vir elke tipe rotortuig.

(3) Tipegraderings vir sweeftuie omvat 'n gradering volgens naam vir elke tipe aangedrewe of nie-aangedrewe sweeftuig.

(4) Tipegraderings vir mikro-ligte vliegtuie omvat 'n gradering volgens naam vir elke tipe mikro-ligte vliegtuig.

(5) Tipegraderings vir vryballonne omvat -

- (a) 'n tipegradering vir vryballonne tot en met 160 000  $\text{vt}^3$  in grootte; en
- (b) 'n tipegradering vir vryballonne groter as 160 000  $\text{vt}^3$  in grootte.

(6) Tipegraderings vir ander lugvaartuie omvat 'n gradering volgens naam vir elke tipe lugvaartuig.

**Graderings vir spesiale doeleindes**

**61.01.8 (1)** Die graderings vir spesiale doeleindes ten opsigte van die toepaslike lisensie omvat -

- (a) 'n instrumentgradering;
- (b) 'n vlieginstrukteursgradering;
- (c) 'n nagvlieggradering;
- (d) 'n vlugtoetsgradering;
- (e) 'n sleepvlieëniersgradering;
- (f) 'n veiligheidvlieëniersgradering;
- (g) 'n buitevruggradering (helikopter);
- (h) 'n hysbedieningsgradering (helikopter);
- (i) 'n wild of vee-uitdunningsgradering (helikopter); en
- (j) 'n landbouvlieëniersgradering.

**(2)** Vlieginstrukteursgraderings omvat -

**(a)** Kategorie A -

- (i) 'n Graad I-vliegtuigvlieginstrukteursgradering;
- (ii) 'n Graad II-vliegtuigvlieginstrukteursgradering;
- (iii) 'n Graad III-vliegtuigvlieginstrukteursgradering; en
- (iv) 'n vliegtuigsimuleerder-vlieginstrukteursgradering;

**(b)** Kategorie B -

- (i) 'n Graad I-helikoptervlieginstrukteursgradering;
- (ii) 'n Graad II-helikoptervlieginstrukteursgradering;
- (iii) 'n Graad III-helikoptervlieginstrukteursgradering; en
- (iv) 'n helikoptersimuleerder-vlieginstrukteursgradering; en

**(c)** Kategorie C -

- (i) 'n Graad I-mikro-ligte vliegtuigvlieginstrukteursgradering;
- (ii) 'n Graad II mikro-ligte vliegtuigvlieginstrukteursgradering;
- (iii) 'n Graad I-sweeftuigvlieginstrukteursgradering;
- (iv) 'n Graad II-sweeftuigvlieginstrukteursgradering;
- (v) 'n vryballonvlieginstrukteursgradering;
- (vi) 'n lugskipvlieginstrukteursgradering;
- (vii) 'n girotuigvlieginstrukteursgradering;
- (viii) 'n aangedrewe parasweeftuigvlieginstrukteursgradering;
- (ix) 'n hangsweeftuigvlieginstrukteursgradering; en
- (x) 'n parasweeftuigvlieginstrukteursgradering.

**(3)** Vlugtoetsgraderings omvat -

- (a) 'n Klas I-vlugtoetsgradering;
- (b) 'n Klas II-vlugtoetsgradering; en
- (c) 'n postonderhoud-vlugtoetsgradering.



## **Bevoegdheid**

**61.01.9** Geen houer van 'n vlieënierslisensie en -gradering mag die voorregte verleen deur 'n lisensie en gradering uitoefen nie tensy so 'n houer bevoegdheid behou deur te voldoen aan die toepaslike vereistes voorgeskryf in hierdie Deel.

## **Mediese geskiktheid**

**61.01.10** 'n Aansoeker om of houer van 'n vlieënierslisensie moet die toepaslike mediese sertifikaat uitgereik ingevolge Deel 67 verkry.

## **Taal**

**61.01.11** Die houer van 'n vlieënierslisensie uitgereik kragtens hierdie Deel moet oor voldoende vermoë beskik om die Engelse taal te lees, praat en verstaan om die houer in staat te stel om sy of haar verantwoordelikhede as 'n vlieënier toereikend uit te voer.

## **Logboeke**

**61.01.12 (1)** Die houer van 'n vlieënierslisensie moet 'n logboek hou en daarin alle vliegtyd deurgebring as vlieënier aanteken.

(2) Die vorm van en die inligting wat vervat moet wees in 'n logboek bedoel in subregulasie (1) en die wyse waarop die logboek bygehou moet word, is soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL.

## **Inperking van voorregte van lisensiehouers van ouderdom 60 jaar of meer**

**61.01.13 (1)** Geen houer van 'n vlieënierslisensie wat die ouderdom van 60 jaar bereik het, mag optree as 'n vlieënier betrokke in internasionale handelslugvervoerbedryf nie behalwe as 'n lid van 'n multi-vlieëniersbemanning: Met dien verstande dat so 'n houer die enigste vlieënier van die bemanning moet wees wat die ouderdom van 60 jaar bereik het.

(2) Geen houer van 'n vlieënierslisensie wat die ouderdom van 65 jaar bereik het, mag optree as 'n vlieënier van 'n lugvaartuig betrokke by internasionale handelslugvervoerbedryf nie.

## Hertoetsing na mislukking

**61.01.14** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n vlieënierslisensie of die uitreiking, hernuwing of heruitreiking van 'n gradering, wie 'n eksamen oor teoretiese kennis, vereis vir so 'n lisensie of gradering, nie slaag nie, kan aansoek doen om hertoetsing na die toepaslike tydperk gespesifiseer in Dokument SA-CATS-FCL.

## Opskorting en kansellering van lisensie en appèl

**61.01.15** (1) 'n Vlieginspekteur kan 'n vlieënierslisensie, -gradering of -geldigmaking opskort vir 'n tydperk van hoogstens 30 dae, indien -

- (a) dit duidelik blyk dat die houer van die lisensie, gradering of geldigmaking nie voldoen aan die vereistes voorgeskryf in hierdie Deel nie, en so 'n houer versuim om die nie-voldoening reg te stel binne 30 dae na ontvangs van 'n kennisgewing van die vlieginspekteur om dit te doen; of
- (b) die opskorting nodig is in die belang van lugvaartveiligheid.

(2) Die vlieginspekteur wat 'n lisensie, gradering of geldigmaking opgeskort het ingevolge subregulasie (1), moet 'n skriftelike verslag aan die Kommissaris lewer, wat die redes vermeld waarom, na sy of haar mening, die opgeskorte lisensie, gradering of geldigmaking gekanselleer behoort te word.

(3) Die betrokke vlieginspekteur moet 'n kopie van die verslag bedoel in subregulasie (2), voorlê aan die houer van die lisensie, gradering of geldigmaking wat opgeskort is, en moet bewys van sodanige voorlegging lewer vir die inligting van die Kommissaris.

(4) Die houer van 'n lisensie, gradering of geldigmaking wat gegrief voel oor die opskorting van die lisensie, gradering of geldigmaking, kan teen so 'n opskorting appelleer na die Kommissaris, binne 30 dae nadat die houer bewus geword het van so 'n opskorting.

(5) 'n Appellant lewer die appèl skriftelik, met vermelding van die redes waarom, na sy of haar mening, die opskorting verander of tersyde gestel behoort te word.

(6) Die appellant moet 'n kopie van die appèl en enige dokumente of skrifstukke wat so 'n appèl ondersteun, lewer aan die betrokke vlieginspekteur en moet bewys lewer van so 'n voorlegging vir die inligting van die Kommissaris.

(7) Die betrokke vlieginspekteur kan, binne 30 dae na ontvangs van die kopie van die appèl bedoel in subregulasie (6), sy of haar skriftelike antwoord aan die Kommissaris voorlê.

(8) Die Kommissaris kan -

- (a) die appèl bereg op grond van die dokumente aan hom of haar voorgelê; of
- (b) die appellant en die betrokke vlieginspekteur gelas om voor hom of haar te verskyn, òf in persoon òf deur middel van 'n

verteenwoordiger, op 'n tyd en plek deur hom of haar bepaal, om getuienis te lewer.

(9) Die Kommissaris kan 'n opskorting bedoel in subregulasie (1) bekragtig, verander of tersyde stel.

(10) Die Kommissaris moet -

(a) indien hy of sy die opskorting ingevolge subregulasie (9) bekragtig, of

(b) indien 'n lisensie, gradering of geldigmaking opgeskort is ingevolge subregulasie (1) en die houer daarvan nie teen so 'n opskorting appelleer ingevolge subregulasie (4) nie,

die betrokke lisensie, gradering of geldigmaking kanselleer.

### Erkenning van vliegtyd

61.01.16 (1) 'n Leerlingvlieënier is geregtig om die totale vliegtyd waartydens hy of sy onderrig ontvang het, by te reken by die ondervinding vereis vir 'n privaativlieënier of ander toepaslike vlieënierslisensie.

(2) (a) 'n Privaativlieënier is geregtig om die totale vliegtyd waartydens hy of sy opgetree het as gesagvoerder, by te reken by die totale vliegtyd vereis vir 'n hoër graad vlieënierslisensie.

(b) 'n Privaativlieënier, wanneer hy optree as medevlieënier in 'n lugvaartuig wat normaalweg vereis word om bedryf te word met 'n medevlieënier, is geregtig om hoogstens 50 persent van die totale vliegtyd waartydens hy of sy as sodanig opgetree het, by te reken by die totale vliegtyd vereis vir 'n handelsvlieënierslisensie. Met dien verstande dat die vliegtyd aldus erken hoogstens 20 uur mag wees.

(3) 'n Handelsvlieënier of lugrederyvervoervlieënier is geregtig om erkenning te ontvang vir die totale vliegtyd waartydens hy of sy opgetree het as gesagvoerder.

(4) 'n Handelsvlieënier, wanneer hy of sy optree as medevlieënier in 'n lugvaartuig wat normaalweg vereis word om bedryf te word met 'n medevlieënier, is geregtig om hoogstens 50 persent van die totale vliegtyd waartydens hy of sy as sodanig opgetree het, by te reken by die totale vliegtyd vereis vir 'n hoër graad vlieënierslisensie.

(5) 'n Handelsvlieënier, wanneer hy of sy optree as medevlieënier in lugvaartuie wat nie normaalweg vereis word om met 'n medevlieënier bedryf te word nie, is geregtig om hoogstens 25 persent van die totale vliegtyd waartydens hy of sy as sodanig opgetree het, by te reken by die totale vliegtyd vereis vir 'n hoër graad vlieënierslisensie. Met dien verstande dat so 'n vlieënier die houer moet wees van die toepaslike klas-, tipe- en groeptipegradering.

(6) 'n Handelsvlieënier, wanneer hy of sy optree as 'n derde vlieënier in 'n lugvaartuig met 'n maksimum gesertifiseerde massa van 116 600 kilogram of meer en wie die houer is van die toepaslike tipegradering vir daardie lugvaartuig, is geregtig om hoogstens 50

persent van die totale vliegtyd waartydens hy of sy as sodanig opgetree het, by te reken by die totale vliegtyd vereis vir 'n hoër graad vlieënierslisensie.

(7) 'n Lugrederyvervoervlieënier is geregtig om erkenning te ontvang vir die totale vliegtyd waartydens hy of sy opgetree het as gesagvoerder of medevlieënier van 'n lugvaartuig wat normaalweg vereis word om bedryf te word met 'n medevlieënier. Met dien verstande dat so 'n vlieënier die houer is van die toepaslike kategorie-, klas- en tipegradering.

(8) Die houer van 'n mikro-ligte vliegtuigvlieënierslisensie of 'n sweeftuig- of girotuigvlieënierslisensie is geregtig om hoogstens 25 uur vliegtyd opgedoen in 'n mikro-ligte vliegtuig, sweeftuig of girotuig by te reken by die totale vliegtyd voorgeskryf vir die uitreiking van 'n hoër graad vlieënierslisensie (vliegtuig).

(9) 'n Gegradueerde van 'n goedgekeurde geïntegreerde opleidingskursus vir lugrederyvervoervlieënier is geregtig om hoogstens 50 uur leerlinggesagvoerder-instrumenttyd by te reken by die gesagvoerder-tyd vereis vir die uitreiking van die lugrederyvervoervlieënierslisensie en 'n meermotorige tipe- of klasgradering.

(10) 'n Gegradueerde van 'n goedgekeurde geïntegreerde opleidingskursus vir handelsvlieënierslisensie(instrumentgradering) is geregtig om hoogstens 20 uur leerlinggesagvoerder-instrumenttyd by te reken by die gesagvoerder-tyd vereis vir die uitreiking van die handelsvlieënierslisensie en 'n meermotorige tipe- of klasgradering.

(11) 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n tipegradering of die uitreiking of hernuwing van 'n klasgradering met betrekking tot 'n vliegtuig, moet die toepaslike vliegtyd vereis deur hierdie Deel in vliegtuie opgedoen het, behalwe waar hy of sy die houer is van 'n geldige leerlingvlieënierslisensie (helikopter), waar, in enige sodanige geval, hy of sy -

(a) 50 persent van die vereiste vliegtyd in vliegtuie kan opgedoen het; en

(b) die oorblywende 50 persent van die vereiste vliegtyd kan opgedoen het in helikopters volgens die verhouding van 2 helikopterure is gelyk aan 1 vliegtuiguur.

(12) 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n tipegradering of die uitreiking of hernuwing van 'n klasgradering met betrekking tot 'n helikopter, moet die toepaslike vliegtyd vereis deur hierdie Deel opgedoen het in helikopters, behalwe waar hy of sy die houer is van 'n geldige vlieënierslisensie (vliegtuig), waar, in enige sodanige geval, hy of sy -

(a) 50 persent van die vereiste vliegtyd in helikopters kan opgedoen het; en

(b) die oorblywende 50 persent van die vereiste vliegtyd in vliegtuie kan opgedoen het volgens die verhouding van 2 vliegtuigure is gelyk aan 1 helikopteruur.

(13) 'n Vlieënier wat die vliegstuurmiddels van 'n lugvaartuig hanteer onder werklike of gesimuleerde instrumentvliegomstandighede slegs met verwysing na instrumente en sonder buite-verwysingspunte, is geregtig om erkenning te ontvang vir die instrumentvliegtyd aldus opgedoen.

(14) Dubbelstuur-onderdigtyd word ten volle bygetel by die totale vliegtyd vereis vir 'n hoër graad vlieënierslisensie.



## Aanwysing van eksaminator

61.01.17 (1) Die Kommissaris kan, behoudens die bepalings van artikel 4(2) en (3) van die Wet, 'n eksaminator aanwys om vaardigheidstoetse af te neem en bevoegdheidsertifikate vereis vir die uitreiking van vlieënierslisensies en vir die uitreiking, hernuwing of heruitreiking van graderings, uit te reik.

(2) Die voorregte bedoel in subregulasie (1) word uitgeoefen en uitgevoer ooreenkomstig die voorwaardes, vereistes, reëls, prosedures of standarde soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL.

(3) Die Kommissaris onderteken en reik aan elke aangewese eksaminator 'n dokument uit wat die volle name van so 'n eksaminator vermeld en 'n verklaring bevat dat -

- (a) so 'n eksaminator ingevolge subregulasie (1) aangewys is; en
- (b) so 'n eksaminator gemagtig is om die voorregte bedoel in subregulasie (1) uit te oefen.

## Geldigmaking van lisensie uitgereik deur toepaslike owerheid

61.01.18 (1) Die houer van 'n lisensie of gradering uitgereik deur 'n toepaslike owerheid, wat as 'n vlieënier van 'n Suid-Afrikaans-geregistreerde lugvaartuig wil optree, moet by die Kommissaris aansoek doen in die toepaslike vorm soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL om 'n geldigmaking van so 'n lisensie of gradering.

(2) Die aansoek om 'n geldigmaking bedoel in subregulasie (1) moet vergesel gaan van -

- (a) die toepaslike geld soos voorgeskryf in Deel 187;
- (b) 'n gesertifiseerde ware kopie van die lisensie en gradering waarna die geldigmaking verwys;
- (c) 'n geldige mediese sertifikaat; en
- (d) in die geval van 'n geldigmaking van 'n lisensie en gradering waarvan die voorregte uitgeoefen gaan word vir handelsdoeleindes, 'n tydelike werkspermit, permanente verblyfpermit en 'n aanstellingsbrief van 'n Suid-Afrikaanse werkgewer wat die dienste van die aansoeker nodig het.

(3) 'n Lisensie en gradering uitgereik deur 'n toepaslike owerheid kan deur die Kommissaris geldig gemaak word -

- (a) onderworpe aan dieselfde beperkings wat op so 'n lisensie en gradering van toepassing is;
- (b) ooreenkomstig en onderworpe aan die vereistes en voorwaardes soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL; en
- (c) op die toepaslike vorm soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL.

(4) Die duur van 'n geldigmaking uitgereik deur die Kommissaris is -

- (a) 12 maande bereken van die datum van uitreiking van so 'n geldigmaking deur die Kommissaris; of
  - (b) die geldigheidsduur van die lisensie en gradering uitgereik deur die betrokke toepaslike owerheid, welke tydperk ook al die kortste tydperk is.
- (5) Die houer van 'n geldigmaking uitgereik deur die Kommissaris kan, behoudens die bepalings van subregulasie (6), by die Kommissaris aansoek doen om die hernuwing van so 'n geldigmaking minstens 21 dae onmiddellik voor die vervaldatum van so 'n geldigmaking.
- (6) Die Kommissaris kan 'n geldigmaking van 'n lisensie en gradering hernu onder die omstandighede en onderworpe aan die voorwaardes soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL : Met dien verstande dat 'n geldigmaking van 'n lisensie en gradering, waarvan die voorregte uitgeoefen gaan word vir handelsdoeleindes, slegs eenmaal hernu kan word vir dieselfde tydperk bedoel in subregulasie (4).
- (7) Die houer van 'n geldigmaking uitgereik deur die Kommissaris moet voldoen aan die vereistes voorgeskryf in hierdie Deel en die vereistes en voorwaardes soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL.
- (8) Ondanks die bepalings van regulasie 61.01.2(2), kan die Kommissaris enige instruktorsgradering uitgereik deur 'n toepaslike owerheid geldig maak, om die houer daarvan te magtig om opleiding te gee op 'n besondere tipe lugvaartuig waarop die gradering betrekking het, indien geen houer van 'n vlieginstruktorsgradering uitgereik ingevolge hierdie Deel beskikbaar is om sodanige opleiding te gee nie.

## Dokumentasie

**61.01.19** Die Kommissaris moet verseker dat 'n vlieënierslisensie en -gradering uitgereik word op so 'n wyse dat die geldigheid daarvan geredelik bepaal kan word deur enige toepaslike owerheid.

## Register van lisensies

- 61.01.20** (1) Die Kommissaris hou 'n register van alle vlieënierslisensies en -graderings uitgereik of geldig gemaak ingevolge die regulasies in hierdie Deel.
- (2) Die register moet die volgende besonderhede bevat:
- (a) Die volle naam van die houer van die lisensie;
  - (b) die pos- en woonadres van die houer van die lisensie;
  - (c) die datum waarop die lisensie uitgereik of geldig gemaak is;
  - (d) besonderhede van die graderings gehou deur die houer van die lisensie; en
  - (e) die nasionaliteit van die houer van die lisensie.



(3) Die besonderhede bedoel in subregulasie (2) word in die register aangeteken binne sewe dae van die datum waarop die lisensie en gradering deur die Kommissaris uitgereik of geldig gemaak word.

(4) Die register word op 'n veilige plek by die kantoor van die Kommissaris gehou.

(5) 'n Kopie van die register word deur die Kommissaris, teen betaling van die toepaslike geld soos voorgeskryf in Deel 187, aan enige persoon verskaf wat die kopie versoek.

### **Lugvaartopleidingsorganisasie**

**61.01.21** (1) Opleiding soos vereis deur hierdie Deel word slegs verskaf deur die houer van 'n lugvaartopleidingsorganisasie-goedkeuring uitgereik ingevolge Deel 141.

(2) Enige geïntegreerde opleiding word onderneem ooreenkomstig die voorwaardes, vereistes, reëls, prosedures of standaarde soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL.

**SUBDEEL 2****LEERLINGVLIEËNIERSLISENSIE****Vereistes vir leerlingvlieënierslisensie**

**61.02.1** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n leerlingvlieënierslisensie moet -

- (a) nie jonger as 16 jaar oud wees nie;
- (b) 'n geldige Klas 2-mediese sertifikaat uitgereik ingevolge Deel 67 hou;
- (c) 'n geldige beperkte boordradiotelefonis-sertifikaat of 'n bevoegdheidssertifikaat bedoel in regulasie 61.02.4 hou;
- (d) die opleiding bedoel in regulasie 61.02.2 suksesvol voltooi het; en
- (e) die eksamen oor teoretiese kennis bedoel in regulasie 61.02.3 geslaag het.

**Opleiding**

**61.02.2** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n leerlingvlieënierslisensie moet die toepaslike opleiding soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL suksesvol voltooi het.

**Eksamen oor teoretiese kennis**

**61.02.3** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n leerlingvlieënierslisensie moet die toepaslike skriftelike eksamen soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL geslaag het, binne die 90 dae onmiddellik voor die datum van aansoek.

**Bevoegdheidssertifikaat**

**61.02.4** (1) Indien 'n aansoeker om die uitreiking van 'n leerlingvlieënierslisensie, wanneer hy of sy solo gaan, nie die houer is van 'n beperkte boordradiotelefonis-sertifikaat nie, kan hy of sy nogtans die voorregte van die lisensie uitoefen. Met dien verstande dat hy of sy die houer is van 'n bevoegdheidssertifikaat uitgereik deur die houer van 'n vlieginstruktorsgradering, waarin dit gesertifiseer word dat -

- (a) die aansoeker die basiese opleiding ondergaan het in die gebruik van die radioapparaat geïnstalleer in die lugvaartuig waarin hy of sy opgelei word; en

(b) die aansoeker beskou word in staat te wees om sodanige radioapparaat bevredigend te bedryf om alleenvlugte te onderneem -

- (i) binne die kringgebied van die vliegveld waar die opleidingsvlugte begin en eindig;
- (ii) binne die geassosieerde algemene vlieggebied van sodanige vliegveld;
- (iii) op oorlandse vlugte; en
- (iv) met die uitsondering van die beheersone of vliegveldverkeersone van die vliegveld bedoel in subparagraaf (i), buite beheerde lugruim.

(2) Die bevoegdheidsertifikaat bedoel in subregulasie (1) is geldig vir 'n tydperk van 12 maande bereken van die laaste dag van die kalendermaand waarin so 'n sertifikaat uitgereik is.

### **Aansoek om leerlingvlieënierslisensie**

#### **61.02.5 'n Aansoek om 'n leerlingvlieënierslisensie -**

- (a) word by die Kommissaris gedoen in die toepaslike vorm soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL; en
- (b) gaan vergesel van -
  - (i) oorspronklike of gesertifiseerde bewys van -
    - (aa) die identiteit van die aansoeker; en
    - (bb) die ouderdom van die aansoeker;
  - (ii) 'n geldige Klas 2-mediese sertifikaat uitgereik ingevolge Deel 67;
  - (iii) die geldige beperkte boordradiotelefonis-sertifikaat of die bevoegdheidsertifikaat bedoel in regulasie 61.02.4;
  - (iv) oorspronklike of gesertifiseerde bewys dat die aansoeker die eksamen oor teoretiese kennis bedoel in regulasie 61.02.3 geslaag het;
  - (v) 'n aansoek om die toepaslike tipe- en klasgradering of die kennisgewing bedoel in regulasie 61.19.11, na gelang van die geval;
  - (vi) twee onlangse paspoortgrootte foto's van die aansoeker; en
  - (vii) die toepaslike geld voorgeskryf in Deel 187.

### **Uitreiking van leerlingvlieënierslisensie**

**61.02.6 (1)** Die Kommissaris reik 'n leerlingvlieënierslisensie uit indien die aansoeker

voldoen aan die vereistes bedoel in regulasie 61.02.1.

(2) 'n Leerlingvlieënierslisensie word uitgereik op die toepaslike vorm soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL.

(3) By die uitreiking van 'n leerlingvlieënierslisensie moet die houer daarvan onverwyld sy of haar handtekening in ink aanbring in die ruimte op die lisensie vir daardie doel voorsien.

#### **Geldigheidsduur**

**61.02.7** 'n Leerlingvlieënierslisensie is geldig vir die tydperk waarvoor die houer daarvan die houer is van 'n geldige Klas 2-mediese sertifikaat uitgereik ingevolge Deel 67.

#### **Voorregte en beperkings van leerlingvlieënierslisensie**

**61.02.8** (1) Die houer van 'n geldige leerlingvlieënierslisensie is slegs geregtig om alleen te vlieg vir die doeleindes van opleiding vir die toepaslike vlieënierslisensie -

- (a) in die tipe lugvaartuig waarin hy of sy opleiding ondergaan;
- (b) na gemagtig daartoe en terwyl onder toesig, soos voorgeskryf in subregulasie (2);
- (c) sonder om enige passasiers te vervoer;
- (d) op 'n ander vlug as 'n internasionale vlug; en
- (e) in VMC in die dag.

(2) 'n Leerlingvlieënier mag nie -

- (a) 'n vlug onderneem nie tensy skriftelike magtiging in sy of haar teenwoordigheid verleen word, vir elke vlug afsonderlik, of vir die reeks vlugte soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL, na gelang van die geval, wanneer sodanige vlug of reeks 'n aanvang gaan neem, deur die houer van 'n vlieginstrukteursgradering wat die opleiding sal onderneem of toesig oor 'n alleenvlug sal hou;
- (b) 'n vlug onderneem nie tensy oor elke vlug persoonlik toesig gehou word deur die houer van 'n vlieginstrukteursgradering;
- (c) die toepaslike praktiese oefening van die leerplan soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL vlieg nie, tensy die vlieginstrukteur die gesagvoerder is.

- (3) (a) Behalwe in 'n noodgeval, mag geen leerlingvlieënier in 'n vliegtuig land of opstyg van 'n ander gebied as 'n vliegveld nie.
- (b) Indien 'n leerlingvlieënier wel 'n noodlanding doen in 'n vliegtuig op 'n ander gebied as 'n vliegveld, mag slegs 'n handels- of lugrederyvervoervlieënier of ander vlieënier goedgekeur vir die doel deur die Kommissaris, die vliegtuig vanaf die gebied vlieg.

**Heruitreiking**

**61.02.9 (1)** Die houer van 'n leerlingvlieënierslisensie wat verval het as gevolg van die verstryking van die tydperk bedoel in regulasie 61.02.8, kan by die Kommissaris aansoek doen om die heruitreiking van so 'n lisensie.

(2) Die Kommissaris moet die leerlingvlieënierslisensie heruittrek indien die houer van die vervalde lisensie voldoen aan die vereistes bedoel in regulasie 61.02.1.

(3) Die bepalinge van regulasie 61.02.6 is *mutatis mutandis* van toepassing op 'n aansoek bedoel in subregulasie (1).

**SUBDEEL 3****PRIVAATVLEEËNIERSLISENSIE (VLEGTUIG)****Vereistes vir privaatvleeënierslisensie (vliegtuig)**

**61.03.1** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n privaatvleeënierslisensie (vliegtuig) moet -

- (a) nie jonger as 16 jaar oud wees nie;
- (b) 'n geldige Klas 2-mediese sertifikaat uitgereik ingevolge Deel 67 hou;
- (c) 'n geldige beperkte boordradiotelefonis-sertifikaat hou;
- (d) 'n geldige leerlingvleeënierslisensie hou;
- (e) die ondervinding bedoel in regulasie 61.03.2 opgedoen het;
- (f) die opleiding bedoel in regulasie 61.03.3 suksesvol voltooi het;
- (g) die eksamen oor teoretiese kennis bedoel in regulasie 61.03.4 geslaag het; en
- (h) die vaardigheidstoets bedoel in regulasie 61.03.5 ondergaan het.

**Ondervinding**

**61.03.2** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n privaatvleeënierslisensie (vliegtuig) moet minstens 45 uur vliegtyd as 'n vleeënier van 'n vliegtuig voltooi het, waarvan -

- (a) minstens 25 uur voltooi moet word onder dubbelstuur-onderrig met 'n Kategorie A-vlieginstrukteur;
- (b) minstens 15 uur voltooi moet word in alleenvlug soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL; en
- (c) 'n maksimum van vyf uur voltooi kan word in 'n simuleerder.

**Opleiding**

**61.03.3** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n privaatvleeënierslisensie (vliegtuig) moet die toepaslike opleiding soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL suksesvol voltooi het, binne 24 maande van die aanvangsdatum van sodanige opleiding.

**Eksamen oor teoretiese kennis**

**61.03.4** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n privaatvleeënierslisensie (vliegtuig) moet



die toepaslike skriftelike eksamen soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL geslaag het.

### **Vaardigheidstoets**

**61.03.5** (1) 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n privaatvlieënierslisensie (vliegtuig) moet aan die houer van 'n Graad I- of 'n Graad II-vliegtuigvlieginstruktorsgradering die vermoë demonstreer het om as gesagvoerder van 'n vliegtuig die prosedures en maneuvres soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL uit te voer, met 'n mate van bevoegdheid toepaslik vir die voorregte verleen aan die houer van 'n privaatvlieënierslisensie (vliegtuig).

(2) Die aansoeker moet die vaardigheidstoets bedoel in subregulasie (1) ondergaan binne ses maande na die eksamen oor teoretiese kennis bedoel in regulasie 61.03.4 geslaag is en binne die 90 dae onmiddellik voor die datum van aansoek.

### **Aansoek om privaatvlieënierslisensie (vliegtuig)**

**61.03.6** 'n Aansoek om die uitreiking van 'n privaatvlieënierslisensie (vliegtuig) -

- (a) word by die Kommissaris gedoen in die toepaslike vorm soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL; en
- (b) gaan vergesel van -
  - (i) 'n geldige Klas 2-mediese sertifikaat uitgereik ingevolge Deel 67;
  - (ii) 'n gesertifiseerde ware kopie van die leerlingvlieënierslisensie gehou deur die aansoeker;
  - (iii) oorspronklike of gesertifiseerde bewys dat die aansoeker die eksamen oor teoretiese kennis bedoel in regulasie 61.03.4 geslaag het;
  - (iv) die vaardigheidstoetsverslag soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL; en
  - (v) die toepaslike geld soos voorgeskryf in Deel 187.

### **Uitreiking van privaatvlieënierslisensie (vliegtuig)**

**61.03.7** (1) Die Kommissaris reik 'n privaatvlieënierslisensie (vliegtuig) uit indien die aansoeker voldoen aan die vereistes bedoel in regulasie 61.03.1.

(2) 'n Privaatvlieënierslisensie (vliegtuig) word uitgereik op die toepaslike vorm soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL.

**Geldigheidsduur**

**61.03.8** 'n Privaatvlieënierslisensie (vliegtuig) is geldig vir 'n onbepaalde tydperk: Met dien verstande dat die voorregte van die lisensie nie deur die houer daarvan uitgeoefen word nie tensy -

- (a) hy of sy 'n geldige Klas 2-mediese sertifikaat uitgereik ingevolge Deel 67 hou;
- (b) hy of sy voldoen aan die bepalings van regulasie 61.03.11; en
- (c) hy of sy 'n toepaslike geldige klas- en tipegradering hou.

**Voorregte van privaatvlieënierslisensie (vliegtuig)**

**61.03.9** (1) Die houer van 'n geldige privaatvlieënierslisensie (vliegtuig) is geregtig om op te tree, maar nie teen vergoeding nie, as gesagvoerder of medevlieënier van enige vliegtuig wat gebruik word in nie-inkomste vlugte, waarvoor hy of sy tipe-gradeer is.

(2) Die houer van die lisensie is geregtig om die voorregte van die lisensie uit te oefen vir enige van die spesiale doeleindes bedoel in regulasie 61.03.10(1), indien die houer die toepaslike geldige gradering hou.

**Graderings vir spesiale doeleindes**

**61.03.10** (1) Die graderings vir spesiale doeleindes verbonde aan 'n privaatvlieënierslisensie (vliegtuig) is -

- (a) 'n instrumentgradering;
- (b) 'n nagvlieggradering;
- (c) 'n vlugtoetsgradering;
- (d) 'n sleepvlieëniersgradering;
- (e) 'n veiligheidvlieëniersgradering; en
- (f) 'n landbouvlieëniersgradering.

(2) 'n Aansoek om enige gradering bedoel in subregulasie (1) word gedoen ooreenkomstig die regulasies in Subdeel 20, 39, 40, 41, 42, 43, 44 of 48, na gelang van die geval.

**Handhawing van bevoegdheid**

**61.03.11** (1) Die houer van 'n privaatvlieënierslisensie (vliegtuig) mag nie optree as gesagvoerder van 'n vliegtuig wat passasiers of vrag of 'n kombinasie daarvan vervoer nie, in die dag, tensy hy of sy, binne die 90 dae onmiddellik voor die vlug waarop sodanige passasiers of vrag of kombinasie daarvan vervoer gaan word, minstens vyf opstygings en vyf

landings in 'n vliegtuig van dieselfde klas as daardie waarin sodanige passasiers-, vrag- of kombinasievlug onderneem gaan word, of in 'n simuleerder, uitgevoer het.

(2) Die houer van 'n privaatvlieënierslisensie (vliegtuig) mag nie optree as gesagvoerder van 'n vliegtuig wat passasiers of vrag of 'n kombinasie daarvan vervoer nie, in die nag, tensy hy of sy, binne die 90 dae onmiddellik voor die vlug waarop sodanige passasiers of vrag of kombinasie daarvan vervoer gaan word, minstens vyf opstygings en vyf landings in die nag in 'n vliegtuig van dieselfde klas as daardie waarin sodanige passasiers-, vrag- of kombinasievlug onderneem gaan word, of in 'n simuleerder, uitgevoer het: Met dien verstande dat indien die houer aan die bepalings van hierdie subregulasie voldoen, so 'n houer vrygestel word van die bepalings van subregulasie (1).

(3) Die houer van 'n privaatvlieënierslisensie (vliegtuig) mag nie optree as gesagvoerder van 'n vliegtuig op 'n instrumentnadering na 'n vliegveld in IMC nie tensy hy of sy die houer is van 'n geldige instrumentgradering en, binne die 90 dae onmiddellik voor sodanige nadering, hy of sy, deur middel van 'n instrumentvliegneringsprosedure of -prosedures, wat ingestel is deur die Kommissaris of deur 'n toepaslike owerheid -

- (a) minstens twee werklike naderings met verwysing slegs na vlieginstrumente uitgevoer het;
- (b) minstens twee naderings in 'n simuleerder vir die doel om instrumentnaderingsprosedure te oefen, uitgevoer het;
- (c) minstens een werklike nadering met verwysing slegs na vlieginstrumente en een nadering in 'n simuleerder vir die doel van die oefening van instrumentnaderingsprosedure uitgevoer het; of
- (d) die vaardigheidstoets bedoel in regulasie 61.17.5 ondergaan het.

**SUBDEEL 4****PRIVAATVLEEËNIERSLISENSIE (HELIKOPTER)****Vereistes vir privaatvlieënierslisensie (helikopter)**

**61.04.1** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n privaatvlieënierslisensie (helikopter) moet -

- (a) nie jonger as 16 jaar oud wees nie;
- (b) 'n geldige Klas 2-mediese sertifikaat uitgereik ingevolge Deel 67 hou;
- (c) 'n geldige beperkte boordradiotelefonis-sertifikaat hou;
- (d) 'n geldige leerlingvlieënierslisensie hou;
- (e) die ondervinding bedoel in regulasie 61.04.2 opgedoen het;
- (f) die opleiding bedoel in regulasie 61.04.3 suksesvol voltooi het;
- (g) die eksamen oor teoretiese kennis bedoel in regulasie 61.04.4 geslaag het; en
- (h) die vaardigheidstoets bedoel in regulasie 61.04.5 ondergaan het.

**Ondervinding**

**61.04.2** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n privaatvlieënierslisensie (helikopter) moet minstens 50 uur vliegtyd as 'n vlieënier van 'n helikopter voltooi het, waarvan -

- (a) minstens 25 uur voltooi moet word onder dubbelstuur-onderrig met 'n Kategorie B-vlieginstrukteur;
- (b) minstens 15 uur voltooi word in alleenvlug soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL; en
- (c) 'n maksimum van vyf uur voltooi kan word in 'n simuleerder.

**Opleiding**

**61.04.3** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n privaatvlieënierslisensie (helikopter) moet die toepaslike opleiding soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL suksesvol voltooi het, binne 24 maande van die aanvangsdatum van sodanige opleiding.

**Eksamen oor teoretiese kennis**

**61.04.4** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n privaatvlieënierslisensie (helikopter) moet

die toepaslike skriftelike eksamen soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL geslaag het.

### **Vaardigheidstoets**

**61.04.5** (1) 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n privaatvlieënierslisensie (helikopter) moet aan die houer van 'n Graad I- of Graad II-helikoptervlieginstrukteursgradering die vermoë demonstreer het om as gesagvoerder van 'n helikopter die prosedures en manewers soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL uit te voer, met 'n mate van bevoegdheid toepaslik vir die voorregte verleen aan die houer van 'n privaatvlieënierslisensie (helikopter).

(2) Die aansoeker moet die vaardigheidstoets bedoel in subregulasie (1) ondergaan binne ses maande na die eksamen oor teoretiese kennis bedoel in regulasie 61.04.4 geslaag is en binne die 90 dae onmiddellik voor die datum van aansoek.

### **Aansoek om privaatvlieënierslisensie (helikopter)**

**61.04.6** 'n Aansoek om die uitreiking van 'n privaatvlieënierslisensie (helikopter) -

- (a) word by die Kommissaris gedoen in die toepaslike vorm soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL; en
- (b) gaan vergesel van -
  - (i) 'n geldige Klas 2-mediese sertifikaat uitgereik ingevolge Deel 67;
  - (ii) die leerlingvlieënierslisensie gehou deur die aansoeker;
  - (iii) oorspronklike of gesertifiseerde bewys dat die aansoeker die eksamen oor teoretiese kennis bedoel in regulasie 61.04.4 geslaag het;
  - (iv) die vaardigheidstoetsverslag soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL; en
  - (v) die toepaslike geld soos voorgeskryf in Deel 187.

### **Uitreiking van privaatvlieënierslisensie (helikopter)**

**61.04.7** (1) Die Kommissaris reik 'n privaatvlieënierslisensie (helikopter) uit indien die aansoeker voldoen aan die vereistes bedoel in regulasie 61.04.1.

(2) 'n Privaatvlieënierslisensie (helikopter) word uitgereik op die toepaslike vorm soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL.



**Geldigheidsduur**

**61.04.8** 'n Privaatvlieënierslisensie (helikopter) is geldig vir 'n onbepaalde tydperk: Met dien verstande dat die voorregte van die lisensie nie deur die houer daarvan uitgeoefen word nie tensy -

- (a) hy of sy 'n geldige Klas 2-mediese sertifikaat uitgereik ingevolge Deel 67 hou;
- (b) hy of sy voldoen aan die bepalings van regulasie 61.04.11; en
- (c) hy of sy 'n toepaslike geldige klas- en tipegradering hou.

**Voorregte van privaatvlieënierslisensie (helikopter)**

**61.04.9** (1) Die houer van 'n geldige privaatvlieënierslisensie (helikopter) is geregtig om op te tree, maar nie teen vergoeding nie, as gesagvoerder of medevlieënier van enige helikopter wat gebruik word in nie-inkomste vlugte, waarvoor hy of sy tipe-gradeer is.

(2) Die houer van die lisensie is geregtig om die voorregte van die lisensie uit te oefen vir enige van die spesiale doeleindes bedoel in regulasie 61.04.10(1), indien die houer die toepaslike geldige gradering hou.

**Graderings vir spesiale doeleindes**

**61.04.10** (1) Die graderings vir spesiale doeleindes geassosieer met 'n privaatvlieënierslisensie (helikopter) is -

- (a) 'n instrumentgradering;
- (b) 'n nagvlieggradering;
- (c) 'n vlugtoetsgradering;
- (d) 'n veiligheidvlieëniersgradering;
- (e) 'n buitenvraggradering;
- (f) 'n hysbedieningsgradering;
- (g) 'n wild of vee-uitdunningsgradering; en
- (h) 'n landbouvlieëniersgradering.

(2) 'n Aansoek om enige gradering bedoel in subregulasie (1) word gedoen ooreenkomstig die regulasies in Subdeel 20, 39, 40, 41, 42, 44, 45, 46, 47 of 48, na gelang van die geval.

**Handhawing van bevoegdheid**

**61.04.10** (1) Die houer van 'n privaatvlieënierslisensie (helikopter) mag nie optree as 'n gesagvoerder van 'n helikopter wat passasiers of vrag of 'n kombinasie daarvan vervoer nie,



in die dag, tensy hy of sy, binne die 90 dae onmiddellik voor die vlug waarop sodanige passasiers of vrag of kombinasie daarvan vervoer gaan word, minstens vyf kringvlugte, insluitend die opstyging en landing, in 'n helikopter van dieselfde klas as daardie waarin sodanige passasiers-, vrag- of kombinasievlug onderneem gaan word, of in 'n simuleerder, uitgevoer het.

(2) Die houer van 'n privaativlieënierslisensie (helikopter) mag nie optree as gesagvoerder van 'n helikopter wat passasiers of vrag of 'n kombinasie daarvan in die nag vervoer nie, tensy hy of sy, binne die 90 dae onmiddellik voor sodanige vlug waarop sodanige passasiers of vrag of kombinasie daarvan, vervoer gaan word, minstens vyf kringvlugte, insluitend die opstyging en landing, in die nag, in 'n helikopter van dieselfde klas as daardie waarin sodanige passasiers-, vrag- of kombinasievlug onderneem gaan word, of in 'n simuleerder, uitgevoer het. Met dien verstande dat indien die houer voldoen aan die bepalings van hierdie subregulasie, so 'n houer vrygestel word van die bepalings van subregulasie (1).

(3) Die houer van 'n privaativlieënierslisensie (helikopter) mag nie optree as gesagvoerder van 'n helikopter op 'n instrumentnadering na 'n vliegveld in IMC nie tensy hy of sy die houer is van 'n geldige instrumentgradering en, binne die 90 dae onmiddellik voor sodanige nadering, hy of sy, deur middel van 'n instrumentnaderingsprosedure of -prosedures, ingestel deur die Kommissaris of deur 'n toepaslike owerheid -

- (a) minstens twee werklike naderings met verwysing slegs na vlieginstrumente uitgevoer het;
- (b) minstens twee naderings in 'n simuleerder vir die doel van die oefening van instrumentnaderingsprosedure uitgevoer het;
- (a) minstens een werklike nadering met verwysing slegs na vlieginstrumente en een nadering in 'n simuleerder vir die doel van oefening van instrumentnaderingsprosedure uitgevoer het; of
- (b) die vaardigheidstoets bedoel in regulasie 61.17.5 ondergaan het.

**SUBDEEL 5****HANDELSVLIEËNIERSLISENSIE (Vliegtoig)****Vereistes vir handelsvlieënierslisensie (vliegtoig)**

**61.05.1** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n handelsvlieënierslisensie (vliegtoig) moet -

- (a) nie jonger as 18 jaar oud wees nie;
- (b) 'n geldige Klas 1-mediese sertifikaat uitgereik ingevolge Deel 67 hou;
- (c) 'n geldige algemene boordradiotelefonis-sertifikaat hou;
- (d) 'n geldige privaatvlieënierslisensie (vliegtoig) hou, tensy die aansoeker die geïntegreerde opleiding bedoel in regulasie 61.01.21 voltooi het;
- (e) die ondervinding bedoel in regulasie 61.05.2 opgedoen het;
- (f) die opleiding bedoel in regulasie 61.05.3 suksesvol ondergaan het;
- (g) die eksamen oor teoretiese kennis bedoel in regulasie 61.05.4 geslaag het;
- (h) die vaardigheidstoets bedoel in regulasie 61.05.5 ondergaan het; en
- (i) 'n geldige nagvlieggradering hou.

**Ondervinding**

**61.05.2** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n handelsvlieënierslisensie (vliegtoig) moet minstens -

- (a) 200 uur vliegtyd, wat 20 uur vliegonderrigtyd in 'n simuleerder kan insluit; of
- (b) 150 uur vliegtyd indien hy of sy die geïntegreerde opleiding bedoel in regulasie 61.01.21 suksesvol voltooi het,

voltooi het. Met dien verstande dat die totaal van 200 uur of 150 uur, na gelang van die geval, moet insluit -

- (i) 100 uur as gesagvoerder;
- (ii) 20 uur oorlandse vliegtyd as gesagvoerder, insluitend een vlug van minstens 300 sm in die loop waarvan minstens twee volle landings by verskillende vliegvelde gedoen moet word;
- (iii) 10 uur nagvlug as gesagvoerder, insluitend minstens 10 opstygings en 10 landings in die nag en bestaande uit 'n driehoekige vlug waarvan die drie bene 'n minimum van 50 sm elk is; en
- (iv) 20 uur instrumentvliegonderrig, waarvan hoogstens 10 uur in 'n simuleerder opgedoen kan word.

## Opleiding

**61.05.3** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n handelsvlieënierslisensie (vliegtuig) moet die toepaslike opleiding soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL suksesvol voltooi het.

## Eksamen oor teoretiese kennis

**61.05.4** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n handelsvlieënierslisensie (vliegtuig) moet die toepaslike skriftelike eksamen soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL geslaag het.

## Vaardigheidstoets

**61.05.5** (1) 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n handelsvlieënierslisensie (vliegtuig) moet aan 'n aangewese eksaminator die vermoë demonstreer het om as gesagvoerder van 'n vliegtuig die prosedures en maneuvers soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL uit te voer, met 'n mate van bevoegdheid toepaslik vir die voorregte verleen aan die houer van 'n handelsvlieënierslisensie (vliegtuig).

(2) Die aansoeker moet die vaardigheidstoets bedoel in subregulasie (1) ondergaan het binne 24 maande nadat die eksamen oor teoretiese kennis bedoel in regulasie 61.05.4 geslaag is en binne die 90 dae onmiddellik voor die datum van aansoek.

(3) Die vaardigheidstoets moet ondergaan word in 'n vliegtuig met bestuurbare skroewe, verstelbare klappe en intrek-onderstel, tensy spesiale toestemming van die Kommissaris verkry is.

## Aansoek om handelsvlieënierslisensie (vliegtuig)

**61.05.6** 'n Aansoek om die uitreiking van 'n handelsvlieënierslisensie (vliegtuig) -

(a) word by die Kommissaris gedoen in die toepaslike vorm soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL; en

(b) gaan vergesel van -

(i) 'n geldige Klas 1-mediese sertifikaat uitgereik ingevolge Deel 67;

(ii) 'n gesertifiseerde ware kopie van die privaatvlieënierslisensie (vliegtuig) deur die aansoeker gehou of gesertifiseerde bewys dat die aansoeker die geïntegreerde opleiding bedoel in regulasie 61.01.21 voltooi het;

- (iii) oorspronklike of gesertifiseerde bewys dat die aansoeker die eksamen oor teoretiese kennis bedoel in regulasie 61.05.4 geslaag het;
- (iv) die vaardigheidstoetsverslag soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL; en
- (v) die toepaslike geld soos voorgeskryf in Deel 187.

#### **Uitreiking van handelsvlieënierslisensie (vliegtuig)**

**61.05.7** (1) Die Kommissaris reik 'n handelsvlieënierslisensie (vliegtuig) uit indien die aansoeker voldoen aan die vereistes bedoel in regulasie 61.05.1.

(2) 'n Handelsvlieënierslisensie (vliegtuig) word uitgereik op die toepaslike vorm soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL.

#### **Geldigheidsduur**

**61.05.8** 'n Handelsvlieënierslisensie (vliegtuig) is geldig vir 'n onbepaalde tydperk: Met dien verstande dat die voorregte van die lisensie nie deur die houer daarvan uitgeoefen word nie tensy -

- (a) hy of sy 'n geldige Klas 1-mediese sertifikaat uitgereik ingevolge Deel 67 hou;
- (b) hy of sy voldoen aan die bepalings van regulasie 61.05.11;
- (c) hy of sy 'n toepaslike geldige klas- en tipegradering hou; en
- (d) hy of sy 'n geldige nagvlieggradering hou.

#### **Voorregte van handelsvlieënierslisensie (vliegtuig)**

**61.05.9** (1) Die houer van 'n geldige handelsvlieënierslisensie (vliegtuig) is, in die tipe vliegtuig waarvoor hy of sy gradeer is, geregtig -

- (a) om al die voorregte van 'n privaatvlieënierslisensie (vliegtuig) uit te oefen;
- (b) om as gesagvoerder op te tree in alle ander vliegtuigbedryf as handelslugvervoerbedryf;
- (c) om as gesagvoerder op te tree in enige handelslugvervoerbedryf in enige vliegtuig gesertifiseer vir enkelvlieënierbedryf;
- (d) om as medevlieënier op te tree in handelslugvervoerbedryf in enige vliegtuig vereis om met 'n medevlieënier bedryf te word;
- (e) om op te tree as sleep- en veiligheidsvlieënier; en
- (f) om al die voorregte bedoel in hierdie subregulasie in die nag uit te oefen.

(2) Die houer van die lisensie is geregtig om die voorregte van die lisensie uit te oefen vir enige van die spesiale doeleindes bedoel in regulasie 61.05.10(1), indien die houer die toepaslike geldige gradering hou.

#### **Graderings vir spesiale doeleindes**

**61.05.10 (1)** Die graderings vir spesiale doeleindes verbonde aan 'n handelsvlieënierslisensie (vliegtuig) is -

- (a) 'n instrumentgradering;
- (b) 'n Kategorie A-vlieginstrukteursgradering;
- (c) 'n vlugtoetsgradering;
- (d) 'n sleepvlieëniersgradering; en
- (e) 'n landbouvlieëniersgradering.

(2) 'n Aansoek om enige gradering bedoel in subregulasie (1) word gedoen ooreenkomstig die regulasies in Subdeel 20, 21, 22, 23, 24, 40, 41, 42, 43 of 48, na gelang van die geval.

#### **Handhawing van bevoegdheid**

**61.05.11 (1)** Die houer van 'n handelsvlieënierslisensie (vliegtuig) mag nie optree as 'n gesagvoerder van 'n vliegtuig wat passasiers of vrag of 'n kombinasie daarvan vervoer nie, in die dag, tensy hy of sy, binne die 90 dae onmiddellik voor die vlug waarop sodanige passasiers of vrag of kombinasie daarvan vervoer gaan word, minstens drie opstygings en landings in 'n vliegtuig van dieselfde klas as daardie waarin sodanige passasiers-, vrag- of kombinasievlug onderneem gaan word, of in 'n simuleerder, uitgevoer het.

(2) Die houer van 'n handelsvlieënierslisensie (vliegtuig) mag nie optree as gesagvoerder van 'n vliegtuig wat passasiers of vrag of 'n kombinasie daarvan in die nag vervoer nie, tensy hy of sy, binne die 90 dae onmiddellik voor sodanige vlug waarop sodanige passasiers of vrag of kombinasie daarvan vervoer gaan word, minstens drie opstygings en landings, in die nag, in 'n vliegtuig van dieselfde klas as daardie waarin sodanige passasiers-, vrag- of kombinasievlug onderneem gaan word, of in 'n simuleerder, uitgevoer het. Met dien verstande dat indien die houer voldoen aan die bepalings van hierdie subregulasie, so 'n houer vrygestel word van die bepalings van subregulasie (1).

(3) Die houer van 'n handelsvlieënierslisensie (vliegtuig) mag nie optree as gesagvoerder van 'n vliegtuig op 'n instrumentnadering na 'n vliegveld in IMC nie tensy hy of sy die houer is van 'n geldige instrumentgradering en, binne die 90 dae onmiddellik voor sodanige nadering, hy of sy, deur middel van 'n instrumentnaderingsprosedure of -prosedures, ingestel deur die Kommissaris of deur 'n toepaslike owerheid -

- (a) minstens twee werklike naderings met verwysing slegs na



vlieginstrumente uitgevoer het;

- (b) minstens twee naderings in 'n simuleerder vir die doel van die oefening van instrumentnaderingsprosedure uitgevoer het;
- (c) minstens een werklike nadering met verwysing slegs na vlieginstrumente en een nadering in 'n simuleerder vir die doel van die oefening van instrumentnaderingsprosedure uitgevoer het; of
- (d) die vaardigheidstoets bedoel in regulasie 61.17.5 ondergaan het.



**SUBDEEL 6****HANDELSVLIEËNIERSLISENSIE (HELIKOPTER)****Vereistes vir handelsvlieënierslisensie (helikopter)**

**61.06.1** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n handelsvlieënierslisensie (helikopter) moet -

- (a) nie jonger as 18 jaar oud wees nie;
- (b) 'n geldige Klas 1-mediese sertifikaat uitgereik ingevolge Deel 67 hou;
- (c) 'n geldige algemene boordradiotelefonis-sertifikaat hou;
- (d) 'n geldige privaatvlieënierslisensie (helikopter) hou, tensy die aansoeker die geïntegreerde opleiding bedoel in regulasie 61.01.21 voltooi het;
- (e) die ondervinding bedoel in regulasie 61.06.2 opgedoen het;
- (f) die opleiding bedoel in regulasie 61.06.3 suksesvol ondergaan het;
- (g) die eksamen oor teoretiese kennis bedoel in regulasie 61.06.4 geslaag het; en
- (h) die vaardigheidstoets bedoel in regulasie 61.06.5 ondergaan het.

**Ondervinding**

**61.06.2** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n handelsvlieënierslisensie (helikopter) moet minstens -

- (a) 200 uur vliegtyd, wat 20 uur vliegonderrigtyd in 'n simuleerder kan insluit; of
- (b) 150 uur vliegtyd indien hy of sy die geïntegreerde opleiding bedoel in regulasie 61.01.21 suksesvol voltooi het,

voltooi het. Met dien verstande dat die totaal van 200 uur of 150 uur, na gelang van die geval, moet insluit -

- (i) 100 uur as gesagvoerder;
- (ii) 20 uur oorlandse vliegtyd as gesagvoerder, insluitend een vlug van minstens 100 sm in die loop waarvan minstens twee volle landings by verskillende vliegvelde gedoen moet word;
- (iii) 10 uur nagvlug as gesagvoerder, insluitend minstens 10 opstygings en 10 landings in die nag en bestaande uit 'n driehoekige vlug waarvan die drie bene 'n minimum van 25 sm elk is; en
- (iv) 20 uur van instrumentvliegonderrig, waarvan hoogstens 10 uur in 'n simuleerder opgedoen kan word.

## Opleiding

**61.06.3** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n handelsvlieënierslisensie (helikopter) moet die toepaslike opleiding soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL suksesvol voltooi het.

## Eksamen oor teoretiese kennis

**61.06.4** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n handelsvlieënierslisensie (helikopter) moet die toepaslike skriftelike eksamen soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL geslaag het.

## Vaardigheidstoets

**61.06.5** (1) 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n handelsvlieënierslisensie (helikopter) moet aan 'n aangewese eksaminator die vermoë demonstreer het om as gesagvoerder van 'n helikopter die prosedures en manoeuvres soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL uit te voer, met 'n mate van bevoegdheid toepaslik vir die voorregte verleen aan die houer van 'n handelsvlieënierslisensie (helikopter).

(2) Die aansoeker moet die vaardigheidstoets bedoel in subregulasie (1) ondergaan het binne 24 maande nadat die eksamen oor teoretiese kennis bedoel in regulasie 61.06.4 geslaag is en binne die 90 dae onmiddellik voor die datum van aansoek.

## Aansoek om handelsvlieënierslisensie (helikopter)

**61.06.6** 'n Aansoek om die uitreiking van 'n handelsvlieënierslisensie (helikopter) -

(a) word by die Kommissaris gedoen in die toepaslike vorm soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL; en

(b) gaan vergesel van -

(i) 'n geldige Klas 1-mediese sertifikaat uitgereik ingevolge Deel 67;

(ii) 'n gesertifiseerde ware kopie van die privaatsvlieënierslisensie (helikopter) deur die aansoeker gehou of gesertifiseerde bewys dat die aansoeker die geïntegreerde opleiding bedoel in regulasie 61.01.21 voltooi het;

(iii) oorspronklike of gesertifiseerde bewys dat die aansoeker die eksamen oor teoretiese kennis bedoel in regulasie 61.05.4 geslaag het;

(iv) die vaardigheidstoetsverslag soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL; en

(v) die toepaslike geld soos voorgeskryf in Deel 187.

**Uitreiking van handelsvlieënierslisensie (helikopter)**

**61.06.7** (1) Die Kommissaris reik 'n handelsvlieënierslisensie (helikopter) uit indien die aansoeker voldoen aan die vereistes bedoel in regulasie 61.06.1.

(2) 'n Handelsvlieënierslisensie (helikopter) word uitgereik op die toepaslike vorm soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL.

**Geldigheidsduur**

**61.06.8** 'n Handelsvlieënierslisensie (helikopter) is geldig vir 'n onbepaalde tydperk: Met dien verstande dat die voorregte van die lisensie nie deur die houer daarvan uitgeoefen word nie tensy -

- (a) hy of sy 'n geldige Klas 1-mediese sertifikaat uitgereik ingevolge Deel 67 hou;
- (b) hy of sy voldoen aan die bepalings van regulasie 61.06.11; en
- (c) hy of sy 'n toepaslike geldige klas- en tipegradering hou.

**Voorregte van handelsvlieënierslisensie (helikopter)**

**61.06.9** (1) Die houer van 'n geldige handelsvlieënierslisensie (helikopter) is geregtig -

- (a) om al die voorregte van 'n privaatvlieënierslisensie (helikopter) uit te oefen;
- (b) om as gesagvoerder op te tree in alle ander helikopterbedryf as handelslugvervoerbedryf;
- (c) om as gesagvoerder op te tree in handelslugvervoerbedryf in enige helikopter gesertifiseer vir enkelvlieënierbedryf;
- (d) om as medevlieënier op te tree in handelslugvervoerbedryf in enige helikopter vereis om met 'n medevlieënier bedryf te word; en
- (e) om op te tree as 'n veiligheidsvlieënier.

(2) Die houer van die lisensie is geregtig om die voorregte van die lisensie uit te oefen vir enige van die spesiale doeleindes bedoel in regulasie 61.06.10(1), indien die houer die toepaslike geldige gradering hou.

**Graderings vir spesiale doeleindes**

**61.06.10** (1) Die graderings vir spesiale doeleindes verbonde aan 'n handelsvlieënierslisensie (helikopter) is -

- (a) 'n instrumentgradering;
- (b) 'n Kategorie B-vlieginstruktorsgradering;

- (c) 'n nagvlieggradering;
- (d) 'n vlugtoetsgradering;
- (e) 'n buitevraggradering;
- (f) 'n hysbedieningsgradering;
- (g) 'n wild of vee-uitdunningsgradering; en
- (h) 'n landbouvlieëniersgradering.

(2) 'n Aansoek om enige gradering bedoel in subregulasie (1) word gedoen ooreenkomstig die regulasies in Subdeel 20, 25, 26, 27, 28, 39, 40, 41, 42, 45, 46, 47 of 48, na gelang van die geval.

### Handhawing van bevoegdheid

61.06.11 (1) Die houer van 'n handelsvlieënierslisensie (helikopter) mag nie optree as gesagvoerder van 'n helikopter wat passasiers of vrag 'n kombinasie daarvan vervoer nie, in die dag, tensy hy of sy, binne die 90 dae onmiddellik voor die vlug waarop sodanige passasiers of vrag of kombinasie daarvan vervoer gaan word, minstens drie kringvlugte, insluitend opstyging en landing, in 'n helikopter van dieselfde klas as daardie waarin sodanige passasiers-, vrag- of kombinasievlug onderneem gaan word, of in 'n simuleerder, uitgevoer het.

(2) Die houer van 'n handelsvlieënierslisensie (helikopter) mag nie optree as gesagvoerder van 'n helikopter wat passasiers of vrag of 'n kombinasie daarvan in die nag vervoer nie, tensy hy of sy, binne die 90 dae onmiddellik voor sodanige vlug waarop sodanige passasiers of vrag of kombinasie daarvan, vervoer gaan word, minstens 15 kringvlugte, insluitend opstyging en landing, in die nag, in 'n helikopter van dieselfde klas as daardie waarin sodanige passasiers-, vrag- of kombinasievlug onderneem gaan word, of in 'n simuleerder, uitgevoer het: Met dien verstande dat indien die houer voldoen aan die bepalings van hierdie subregulasie, so 'n houer vrygestel word van die bepalings van subregulasie (1).

(3) Die houer van 'n handelsvlieënierslisensie (helikopter) mag nie optree as gesagvoerder van 'n helikopter op 'n instrumentnadering na 'n vliegveld in IMC nie tensy hy of sy die houer is van 'n geldige nagvlieggradering en instrumentgradering en, binne die 90 dae onmiddellik voor sodanige nadering, hy of sy, deur middel van 'n instrumentnaderingsprosedure of -prosedures, ingestel deur die Kommissaris of deur 'n toepaslike owerheid -

- (a) minstens twee werklike naderings met verwysing slegs na vlieginstrumente uitgevoer het;
- (b) minstens twee naderings in 'n simuleerder vir die doel van die oefening van instrumentnaderingsprosedure uitgevoer het;
- (c) minstens een werklike nadering met verwysing slegs na vlieginstrumente en een nadering in 'n simuleerder vir die doel van oefening van instrumentnaderingsprosedure uitgevoer het; of
- (d) die vaardigheidstoets bedoel in regulasie 61.17.5 ondergaan het.

**SUBDEEL 7****LUGREDERYVERVOERVLIEËNIERSLISENSIE (VliegTuig)****Vereistes vir lugrederyvervoervlieënierslisensie (vliegtuig)**

**61.07.1** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n lugrederyvervoervlieënierslisensie (vliegtuig) moet -

- (a) nie jonger as 21 jaar oud wees nie;
- (b) 'n geldige Klas 1-mediese sertifikaat uitgereik ingevolge Deel 67 hou;
- (c) 'n geldige algemene boordradiotelefonis-sertifikaat hou;
- (d) 'n geldige privaatvlieënierslisensie (vliegtuig) hou;
- (e) die ondervinding bedoel in regulasie 61.07.2 opgedoen het;
- (f) die opleiding bedoel in regulasie 61.07.3 suksesvol ondergaan het;
- (g) die eksamen oor teoretiese kennis bedoel in regulasie 61.07.4 geslaag het;
- (h) die vaardigheidstoets bedoel in regulasie 61.07.5 ondergaan het;
- (i) 'n geldige nagvlieggradering hou; en
- (j) 'n geldige instrumentgradering hou.

**Ondervinding**

**61.07.2** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n lugrederyvervoervlieënierslisensie (vliegtuig) moet minstens 1 500 uur vliegtyd in vliegtuie voltooi het, waarvan -

- (a) 250 uur as gesagvoerder moet wees of minstens 100 uur as gesagvoerder en 150 uur as medevlieënier wat, onder die toesig van die gesagvoerder, die pligte en werksaamhede van 'n gesagvoerder uitvoer;
- (b) 200 uur oorlandse vliegtyd moet wees, waarvan minstens 100 uur as gesagvoerder of as medevlieënier moet wees wat, onder die toesig van die gesagvoerder, die pligte en werksaamhede van 'n gesagvoerder uitvoer;
- (c) 75 uur instrumenttyd moet wees, waarvan minstens 30 uur instrumentgrondtyd moet wees;
- (d) 100 uur nagvliegtyd moet wees as gesagvoerder of as medevlieënier; en
- (e) minstens 100 uur in 'n simuleerder verkry kan word.



## Opleiding

**61.07.3** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n lugrederyvervoervlieënierslisensie (vliegtuig) moet die toepaslike opleiding soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL suksesvol voltooi het.

## Eksamen oor teoretiese kennis

**61.07.4** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n lugrederyvervoervlieënierslisensie (vliegtuig) moet die toepaslike skriftelike eksamen soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL geslaag het.

## Vaardigheidstoets

**61.07.5 (1)** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n lugrederyvervoervlieënierslisensie (vliegtuig) moet aan 'n aangewese eksaminator die vermoë demonstreer het om as gesagvoerder van 'n vliegtuig die prosedures en manewers soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL uit te voer, met 'n mate van bevoegdheid toepaslik vir die voorregte verleen aan die houer van 'n lugrederyvervoervlieënierslisensie (vliegtuig).

(2) Die aansoeker moet die vaardigheidstoets bedoel in subregulasie (1) ondergaan het binne 60 maande nadat die eksamen oor teoretiese kennis bedoel in regulasie 61.07.4 geslaag is en binne die 90 dae onmiddellik voor die datum van aansoek.

(3) Die vaardigheidstoets moet uitgevoer word in 'n meermotorige vliegtuig met bestuurbare skroewe, verstelbare klappe en intrek-onderstel.

## Aansoek om lugrederyvervoervlieënierslisensie (vliegtuig)

**61.07.6** 'n Aansoek om die uitreiking van 'n lugrederyvervoervlieënierslisensie (vliegtuig) -

- (a) word by die Kommissaris gedoen in die toepaslike vorm soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL; en
- (b) gaan vergesel van -
  - (i) 'n geldige Klas 1-mediese sertifikaat uitgereik ingevolge Deel 67;
  - (ii) 'n gesertifiseerde ware kopie van die handelsvlieënierslisensie (vliegtuig) deur die aansoeker gehou;
  - (iii) oorspronklike of gesertifiseerde bewys dat die aansoeker die eksamen oor teoretiese kennis bedoel in regulasie 61.07.4 geslaag het;



- (iv) die vaardigheidstoetsverslag soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL; en
- (v) die toepaslike geld soos voorgeskryf in Deel 187.

#### **Uitreiking van lugrederyvervoervlieënierslisensie (vliegtuig)**

**61.07.7** (1) Die Kommissaris reik 'n lugrederyvervoervlieënierslisensie (vliegtuig) uit indien die aansoeker voldoen aan die vereistes bedoel in regulasie 61.07.1.

(2) 'n Lugrederyvervoervlieënierslisensie (vliegtuig) word uitgereik in die toepaslike vorm soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL.

#### **Geldigheidsduur**

**61.07.8** 'n Lugrederyvervoervlieënierslisensie (vliegtuig) is geldig vir 'n onbepaalde tydperk: Met dien verstande dat die voorregte van die lisensie nie deur die houer daarvan uitgeoefen word nie tensy -

- (a) hy of sy 'n geldige Klas 1-mediese sertifikaat uitgereik ingevolge Deel 67 hou;
- (b) hy of sy voldoen aan die bepalings van regulasie 61.07.11;
- (c) hy of sy 'n toepaslike geldige klas- en tipegradering hou; en
- (d) hy of sy 'n geldige nagvlieggradering en instrumentgradering hou.

#### **Voorregte van lugrederyvervoervlieënierslisensie (vliegtuig)**

**61.07.9** (1) Die houer van 'n geldige lugrederyvervoervlieënierslisensie (vliegtuig) is geregtig -

- (a) om al die voorregte van 'n privaatvlieënierslisensie (vliegtuig) en 'n handelsvlieënierslisensie (vliegtuig) uit te oefen;
- (b) om as gesagvoerder van 'n vliegtuig op te tree in lugvervoerbedryf; en
- (c) om al die voorregte bedoel in hierdie subregulasie in die nag en onder IFR uit te oefen.

(2) Die houer van die lisensie is geregtig om die voorregte van die lisensie uit te oefen vir enige van die spesiale doeleindes bedoel in regulasie 61.07.10(1), indien die houer die toepaslike geldige gradering hou.

### Graderings vir spesiale doeleindes

61.07.10 (1) Die graderings vir spesiale doeleindes verbonde aan 'n lugrederyvervoervlieënierslisensie (vliegtuig) is -

- (a) 'n Kategorie A-vlieginstruktorsgradering;
- (b) 'n vlugtoetsgradering;
- (c) 'n sleepvlieëniersgradering; en
- (d) 'n landbouvlieëniersgradering.

(2) 'n Aansoek om enige gradering bedoel in subregulasie (1) word gedoen ooreenkomstig die regulasies in Subdeel 21, 22, 23, 24, 40, 41, 42, 43 of 48, na gelang van die geval.

### Handhawing van bevoegdheid

61.07.11 (1) Die houer van 'n lugrederyvervoervlieënierslisensie (vliegtuig) mag nie optree as gesagvoerder van 'n vliegtuig wat passasiers of vrag of 'n kombinasie daarvan vervoer nie, in die dag, tensy hy of sy, binne die 90 dae onmiddellik voor die vlug waarop sodanige passasiers of vrag of kombinasie daarvan vervoer gaan word, minstens drie opstygings en landings, in 'n vliegtuig van dieselfde klas as daardie waarin sodanige passasiers-, vrag- of kombinasievlug onderneem gaan word, of in 'n simuleerder, uitgevoer het.

(2) Die houer van 'n lugrederyvervoervlieënierslisensie (vliegtuig) mag nie optree as gesagvoerder van 'n vliegtuig wat passasiers of vrag of 'n kombinasie daarvan in die nag vervoer nie, tensy hy of sy, binne die 90 dae onmiddellik voor sodanige vlug waarop sodanige passasiers of vrag of kombinasie daarvan, vervoer gaan word, minstens drie opstygings en landings, in die nag, in 'n vliegtuig van dieselfde klas as daardie waarin sodanige passasiers-, vrag- of kombinasievlug onderneem gaan word, of in 'n simuleerder, uitgevoer het: Met dien verstande dat indien die houer voldoen aan die bepalings van hierdie subregulasie, so 'n houer vrygestel word van die bepalings van subregulasie (1).

(3) Die houer van 'n lugrederyvervoervlieënierslisensie (vliegtuig) mag nie optree as gesagvoerder van 'n vliegtuig op 'n instrumentnadering na 'n vliegveld in IMC nie tensy hy of sy die houer is van 'n geldige instrumentgradering en, binne die 90 dae onmiddellik voor sodanige nadering, hy of sy, deur middel van 'n instrumentnaderingsprosedure of -prosedures, ingestel deur die Kommissaris of deur 'n toepaslike owerheid -

- (a) minstens twee werklike naderings met verwysing slegs na vlieginstrumente uitgevoer het;
- (b) minstens twee naderings in 'n simuleerder vir die doel van die oefening van instrumentnaderingsprosedure uitgevoer het;
- (c) minstens een werklike nadering met verwysing slegs na vlieginstrumente en een nadering in 'n simuleerder vir die doel van oefening van instrumentnaderingsprosedure uitgevoer het; of
- (d) die vaardigheidstoets bedoel in regulasie 61.17.5 ondergaan het.

**SUBDEEL 8****LUGREDERYVERVOERVLIEËNIERSLISENSIE (HELIKOPTER)****Vereistes vir lugrederyvervoervlieënierslisensie (helikopter)**

**61.08.1** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n lugrederyvervoervlieënierslisensie (helikopter) moet -

- (a) nie jonger as 21 jaar oud wees nie;
- (b) 'n geldige Klas 1-mediese sertifikaat uitgereik ingevolge Deel 67 hou;
- (c) 'n geldige algemene boordradiotelefonis-sertifikaat hou;
- (d) 'n geldige handelsvlieënierslisensie (helikopter) hou;
- (e) die ondervinding bedoel in regulasie 61.08.2 opgedoen het;
- (f) die opleiding bedoel in regulasie 61.08.3 suksesvol ondergaan het;
- (g) die eksamen oor teoretiese kennis bedoel in regulasie 61.08.4 geslaag het;
- (h) die vaardigheidstoets bedoel in regulasie 61.08.5 ondergaan het; en
- (i) 'n geldige nagvlieggradering hou.

**Ondervinding**

**61.08.2** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n lugrederyvervoervlieënierslisensie (helikopter) moet in helikopters minstens 1 000 uur vliegtyd voltooi het, waarvan -

- (a) 250 uur as gesagvoerder moet wees of minstens 100 uur as gesagvoerder en 150 uur as medevlieënier wat, onder die toesig van die gesagvoerder, die pligte en werksaamhede van 'n gesagvoerder uitvoer;
- (b) 200 uur oorlandse vliegtyd moet wees, waarvan minstens 100 uur as gesagvoerder moet wees of as medevlieënier wat onder die toesig van die gesagvoerder, die pligte en werksaamhede van 'n gesagvoerder uitvoer;
- (c) 30 uur instrumenttyd moet wees, waarvan minstens 10 uur in 'n simuleerder kan wees;
- (d) 50 uur nagvliegtyd moet wees as gesagvoerder of as medevlieënier; en
- (e) hoogstens 100 uur in 'n simuleerder kan wees.

## Opleiding

**61.08.3** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n lugrederyvervoervlieënierslisensie (helikopter) moet die toepaslike opleiding soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL suksesvol voltooi het.

## Eksamen oor teoretiese kennis

**61.08.4** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n lugrederyvervoervlieënierslisensie (helikopter) moet die toepaslike skriftelike eksamen soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL geslaag het.

## Vaardigheidstoets

**61.08.5** (1) 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n lugrederyvervoervlieënierslisensie (helikopter) moet aan 'n aangewese eksaminator die vermoë demonstreer het om as gesagvoerder van 'n helikopter die prosedures en maneuvers soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL uit te voer, met 'n mate van bevoegdheid toepaslik vir die voorregte verleen aan die houer van 'n lugrederyvervoervlieënierslisensie (helikopter).

(2) Die aansoeker moet die vaardigheidstoets bedoel in subregulasie (1) ondergaan het binne 60 maande nadat die eksamen oor teoretiese kennis bedoel in regulasie 61.08.4 geslaag is en binne die 90 dae onmiddellik voor die datum van aansoek.

## Aansoek om lugrederyvervoervlieënierslisensie (helikopter)

**61.08.6** 'n Aansoek om die uitreiking van 'n lugrederyvervoervlieënierslisensie (helikopter) -

- (a) word by die Kommissaris gedoen in die toepaslike vorm soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL; en
- (b) gaan vergesel van -
  - (i) 'n geldige Klas 1-mediese sertifikaat uitgereik ingevolge Deel 67;
  - (ii) 'n gesertifiseerde ware kopie van die handelsvlieënierslisensie (helikopter) deur die aansoeker gehou;
  - (iii) oorspronklike of gesertifiseerde bewys dat die aansoeker die eksamen oor teoretiese kennis bedoel in regulasie 61.08.4 geslaag het;
  - (iv) die vaardigheidstoetsverslag soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL; en

- (v) die toepaslike geld soos voorgeskryf in Deel 187.

#### **Uitreiking van lugrederyvervoervlieënierslisensie (helikopter)**

**61.08.7** (1) Die Kommissaris reik 'n lugrederyvervoervlieënierslisensie (helikopter) uit indien die aansoeker voldoen aan die vereistes bedoel in regulasie 61.08.1.

(2) 'n Lugrederyvervoervlieënierslisensie (helikopter) word uitgereik op die toepaslike vorm soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL.

#### **Geldigheidsduur**

**61.08.8** 'n Lugrederyvervoervlieënierslisensie (helikopter) is geldig vir 'n onbepaalde tydperk. Met dien verstande dat die voorregte van die lisensie nie deur die houer daarvan uitgeoefen word nie tensy -

- (a) hy of sy 'n geldige Klas 1-mediese sertifikaat uitgereik ingevolge Deel 67 hou;
- (b) hy of sy voldoen aan die bepalings van regulasie 61.08.11;
- (c) hy of sy 'n toepaslike geldige klas- en tipegradering hou; en
- (d) hy of sy 'n geldige nagvlieggradering hou.

#### **Voorregte van lugrederyvervoervlieënierslisensie (helikopter)**

**61.08.9** (1) Die houer van 'n geldige lugrederyvervoervlieënierslisensie (helikopter) is geregtig -

- (a) om al die voorregte van 'n privaatvlieënierslisensie (helikopter) en 'n handelsvlieënierslisensie (helikopter) uit te oefen;
- (b) om as gesagvoerder van 'n helikopter op te tree in lugvervoerbedryf; en
- (c) om al die voorregte bedoel in hierdie subregulasie in die nag uit te oefen.

(2) Die houer van die lisensie is geregtig om die voorregte van die lisensie uit te oefen vir enige van die spesiale doeleindes bedoel in regulasie 61.08.10(1), indien die houer die toepaslike geldige gradering hou.

#### **Graderings vir spesiale doeleindes**

**61.08.10** (1) Die graderings vir spesiale doeleindes verbonde aan 'n lugrederyvervoervlieënierslisensie (helikopter) is -



- (a) 'n instrumentgradering;
- (b) 'n Kategorie B-vlieginstruktorsgradering;
- (c) 'n vlugtoetsgradering;
- (d) 'n buitevraggradering;
- (e) 'n hysbedieningsgradering;
- (f) 'n wild of vee-uitdunningsgradering; en
- (g) 'n landbouvlieëniersgradering.

(2) 'n Aansoek om enige gradering bedoel in subregulasie (1) word gedoen ooreenkomstig die regulasies in Subdeel 20, 25, 26, 27, 28, 40, 41, 42, 45, 46, 47 of 48, na gelang van die geval.

### Handhawing van bevoegdheid

**61.08.11 (1)** Die houer van 'n lugrederyvervoervlieënierslisensie (helikopter) mag nie optree as gesagvoerder van 'n helikopter wat passasiers of vrag 'n kombinasie daarvan vervoer nie, in die dag, tensy hy of sy, binne die 90 dae onmiddellik voor die vlug waarop sodanige passasiers of vrag of kombinasie daarvan vervoer gaan word, minstens drie kringvlugte, insluitend opstyging en landing, in 'n helikopter van dieselfde klas as daardie waarin sodanige passasiers-, vrag- of kombinasievlug onderneem gaan word, of in 'n simuleerder, uitgevoer het.

(2) Die houer van 'n lugrederyvervoervlieënierslisensie (helikopter) mag nie optree as gesagvoerder van 'n helikopter wat passasiers of vrag of 'n kombinasie daarvan in die nag vervoer nie, tensy hy of sy, binne die 90 dae onmiddellik voor sodanige vlug waarop sodanige passasiers of vrag of kombinasie daarvan, vervoer gaan word, minstens drie kringvlugte, insluitend opstyging en landing, in die nag, in 'n helikopter van dieselfde klas as daardie waarin sodanige passasiers-, vrag- of kombinasievlug onderneem gaan word, of in 'n simuleerder, uitgevoer het: Met dien verstande dat indien die houer voldoen aan die bepalings van hierdie subregulasie, so 'n houer vrygestel word van die bepalings van subregulasie (1).

(3) Die houer van 'n lugrederyvervoervlieënierslisensie (helikopter) mag nie optree as gesagvoerder van 'n helikopter op 'n instrumentnadering na 'n vliegveld in IMC nie tensy hy of sy die houer is van 'n geldige instrumentgradering en, binne die 90 dae onmiddellik voor sodanige nadering, hy of sy, deur middel van 'n instrumentnaderingsprosedure of -prosedures, ingestel deur die Kommissaris of deur 'n toepaslike owerheid -

- (a) minstens twee werklike naderings met verwysing slegs na vlieginstrumente uitgevoer het;
- (b) minstens twee naderings in 'n simuleerder vir die doeleindes van die oefening van instrumentnaderingsprosedure uitgevoer het;
- (c) minstens een werklike nadering met verwysing slegs na vlieginstrumente en een nadering in 'n simuleerder vir die doel van die oefening van instrumentnaderingsprosedure uitgevoer het; of
- (d) die vaardigheidstoets bedoel in regulasie 61.17.5 ondergaan het.



**SUBDEEL 9****MIKRO-LIGTE VLEGUIGVLEEËNIERSLISENSIE****Vereistes vir mikro-ligte vliegtuigvleeënierslisensie**

**61.09.1** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n mikro-ligte vliegtuigvleeënierslisensie moet -

- (a) nie jonger as 16 jaar oud wees nie;
- (b) 'n geldige Klas 4-mediese sertifikaat uitgereik ingevolge Deel 67 hou;
- (c) 'n geldige beperkte boordradiotelefonis-sertifikaat hou;
- (d) 'n geldige leerlingvleeënierslisensie hou;
- (e) die ondervinding bedoel in regulasie 61.09.2 opgedoen het;
- (f) die opleiding bedoel in regulasie 61.09.3 suksesvol ondergaan het;
- (g) die eksamen oor teoretiese kennis bedoel in regulasie 61.09.4 geslaag het; en
- (h) die vaardigheidstoets bedoel in regulasie 61.09.5 ondergaan het.

**Ondervinding**

**61.09.2** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n mikro-ligte vliegtuigvleeënierslisensie moet as vleeënier van 'n mikro-ligte vliegtuig minstens 20 uur vliegtyd voltooi het, waarvan minstens 10 uur solovliegtyd moet wees, en wat moet insluit -

- (a) een driehoekige oorlandse vlug, hetsy met dubbelstuur of onder toesig, en een solo driehoekige oorlandse vlug, elk van 'n duur van minstens 90 minute gevlieg teen normale vliegsnelheid; en
- (b) een driehoekige oorlandse vlug, hetsy met dubbelstuur of onder toesig, van 'n duur van minstens 90 minute gevlieg teen normale vliegsnelheid en wat insluit 'n volle landing op 'n ander punt as die vertrekpunt.

**Opleiding**

**61.09.3** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n mikro-ligte vliegtuigvleeënierslisensie moet die toepaslike opleiding soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL suksesvol voltooi het.

## **Eksamen oor teoretiese kennis**

**61.09.4** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n mikro-ligte vliegtuigvlieënierslisensie moet die toepaslike skriftelike eksamen soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL geslaag het.

## **Vaardigheidstoets**

**61.09.5** (1) 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n mikro-ligte vliegtuigvlieënierslisensie moet aan die houer van 'n Graad I- of 'n Graad II-mikro-ligte vliegtuigvlieginstrukteursgradering die vermoë demonstreer het om as gesagvoerder van 'n mikro-ligte vliegtuig die prosedures en manewers soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL uit te voer, met 'n mate van bevoegdheid toepaslik vir die voorregte verleen aan die houer van 'n mikro-ligte vliegtuigvlieënierslisensie.

(2) Die aansoeker moet die vaardigheidstoets bedoel in subregulasie (1) ondergaan het binne 90 dae nadat die eksamen oor teoretiese kennis bedoel in regulasie 61.09.4 geslaag is en binne die 60 dae onmiddellik voor die datum van aansoek.

## **Aansoek om mikro-ligte vliegtuigvlieënierslisensie**

**61.09.6** 'n Aansoek om die uitreiking van 'n mikro-ligte vliegtuigvlieënierslisensie -

- (a) word by die Kommissaris gedoen in die toepaslike vorm soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL; en
- (b) gaan vergesel van -
  - (i) 'n geldige Klas 4-mediese sertifikaat uitgereik ingevolge Deel 67;
  - (ii) 'n gesertifiseerde ware kopie van die leerlingvlieënierslisensie deur die aansoeker gehou;
  - (iii) oorspronklike of gesertifiseerde bewys dat die aansoeker die eksamen oor teoretiese kennis bedoel in regulasie 61.09.4 geslaag het;
  - (iv) die vaardigheidstoetsverslag soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL; en
  - (v) die toepaslike geld soos voorgeskryf in Deel 187.

## **Uitreiking van mikro-ligte vliegtuigvlieënierslisensie**

**61.09.7** (1) Die Kommissaris reik 'n mikro-ligte vliegtuigvlieënierslisensie uit indien die aansoeker voldoen aan die vereistes bedoel in regulasie 61.09.1.

(2) 'n Mikro-ligte vliegtuigvlieënierslisensie word uitgereik op die toepaslike vorm soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL.

**Geldigheidsduur**

**61.09.8** 'n Mikro-ligte vliegtuigvlieënierslisensie is geldig vir 'n onbepaalde tydperk: Met dien verstande dat die voorregte van die lisensie nie deur die houer daarvan uitgeoefen word nie tensy -

- (a) hy of sy 'n geldige Klas 4-mediese sertifikaat uitgereik ingevolge Deel 67 hou;
- (b) hy of sy voldoen aan die bepalings van regulasie 61.09.11; en
- (c) hy of sy 'n toepaslike geldige klas- en tipegradering hou.

**Voorregte van mikro-ligte vliegtuigvlieënierslisensie**

**61.09.9** (1) Die houer van 'n mikro-ligte vliegtuigvlieënierslisensie is geregtig om op te tree, maar nie teen vergoeding nie, as gesagvoerder van enige mikro-ligte vliegtuig gebruik in nie-inkomstevlugte, waarvoor hy of sy tipe-gradeer is, in VMC in die dag -

- (a) op 'n internasionale vlug indien die vooraf goedkeuring vir so 'n vlug skriftelik verkry is van die lugvaartowerheid van die land wat binnegegaan gaan word; en
- (b) binne beheerde lugruim indien -
  - (i) vooraf toestemming verkry is van die verantwoordelike lugverkeerdiensseenheid om sodanige lugruim binne te gaan;
  - (ii) ononderbroke radiowag gehandhaaf word;
  - (iii) die tweerigting-radiokommunikasie wat genoemde eenheid vereis, ingestel is; en
  - (iv) in die geval van 'n vliegveldkeersone, aan die toepaslike radioposisie-aanmeldingsprosedure voldoen word terwyl so 'n mikro-ligte vliegtuig binne so 'n vliegveldverkeersone is.

(2) Die houer van die lisensie is geregtig om die voorregte van die lisensie uit te oefen vir enige van die spesiale doeleindes bedoel in regulasie 61.09.10(1), indien die houer die toepaslike geldige gradering hou.

**Gradering vir spesiale doeleindes**

**61.09.10** (1) Die gradering vir spesiale doeleindes verbonde aan 'n mikro-ligte vliegtuigvlieënierslisensie is 'n Graad II-mikro-ligte vliegtuigvlieginstrukteursgradering.

(2) 'n Aansoek om die gradering bedoel in subregulasie (1) word gedoen ooreenkomstig die regulasies in Subdeel 30.

**Handhawing van bevoegdheid**

61.09.11 Die houer van 'n mikro-ligte vliegtuigvlieënierslisensie mag nie optree as gesagvoerder van 'n mikro-ligte vliegtuig wat 'n passasier vervoer nie, tensy hy of sy, binne die 90 dae onmiddellik voor die vlug waarop sodanige passasier vervoer gaan word, minstens drie opstygings en drie landings in 'n mikro-ligte vliegtuig van dieselfde tipe as daardie waarin sodanige passasiersvlug onderneem gaan word, uitgevoer het.

**SUBDEEL 10****HANDELSMIKRO-LIGTE VLEGTUIGVLEEËNIERSLISENSIE****Vereistes vir handelsmikro-ligte vliegtuigvlieënerslisensie**

**61.10.1** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n handelsmikro-ligte vliegtuigvlieënerslisensie moet -

- (a) nie jonger as 18 jaar oud wees nie;
- (b) 'n geldige Klas 1-mediese sertifikaat uitgereik ingevolge Deel 67 hou;
- (c) 'n geldige algemene boordradiotelefonis-sertifikaat hou;
- (d) 'n geldige mikro-ligte vliegtuigvlieënerslisensie hou;
- (e) die ondervinding bedoel in regulasie 61.10.2 opgedoen het;
- (f) die opleiding bedoel in regulasie 61.10.3 suksesvol voltooi het;
- (g) die eksamen oor teoretiese kennis bedoel in regulasie 61.10.4 geslaag het; en
- (h) die vaardigheidstoets bedoel in regulasie 61.10.5 ondergaan het.

**Ondervinding**

**61.10.2** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n handelsmikro-ligte vliegtuigvlieënerslisensie moet as 'n vlieënier van 'n mikro-ligte vliegtuig minstens 200 uur vliegtyd voltooi het, waarvan minstens -

- (a) 100 uur as gesagvoerder moet wees; en
- (b) 20 uur oorlandse vliegtyd moet wees as gesagvoerder met inbegrip van twee vlugte van 'n duur van minstens 90 minute gevlieg teen normale vliegsnelheid, in die loop waarvan minstens twee volle landings op verskillende punte gedoen moet word.

**Opleiding**

**61.10.3** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n handelsmikro-ligte vliegtuigvlieënerslisensie moet die toepaslike opleiding soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL suksesvol voltooi het.

## **Eksamen oor teoretiese kennis**

**61.10.4** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n handelsmikro-ligte vliegtuig-vlieënierslisensie moet die toepaslike skriftelike eksamen soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL geslaag het.

## **Vaardigheidstoets**

**61.10.5** (1) 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n handelsmikro-ligte vliegtuigvlieënierslisensie moet aan die houer van 'n Graad I-mikro-ligte vliegtuigvlieginstruktorsgradering die vermoë demonstreer het om as gesagvoerder van 'n mikro-ligte vliegtuig die prosedures en maneuvres soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL uit te voer, met 'n mate van bevoegdheid toepaslik vir die voorregte verleen aan die houer van 'n handelsmikro-ligte vliegtuigvlieënierslisensie.

(2) Die aansoeker moet die vaardigheidstoets bedoel in subregulasie (1) ondergaan het binne 24 maande nadat die eksamen oor teoretiese kennis bedoel in regulasie 61.10.4 geslaag is en binne die 90 dae onmiddellik voor die datum van aansoek.

## **Aansoek om handelsmikro-ligte vliegtuigvlieënierslisensie**

**61.10.6** 'n Aansoek om 'n handelsmikro-ligte vliegtuigvlieënierslisensie -

- (a) word by die Kommissaris gedoen in die toepaslike vorm soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL; en
- (b) gaan vergesel van -
  - (i) 'n geldige Klas 1-mediese sertifikaat uitgereik ingevolge Deel 67;
  - (ii) 'n gesertifiseerde ware kopie van die mikro-ligte vliegtuigvlieënierslisensie deur die aansoeker gehou;
  - (iii) oorspronklike of gesertifiseerde bewys dat die aansoeker die eksamen oor teoretiese kennis bedoel in regulasie 61.10.4 geslaag het;
  - (iv) die vaardigheidstoetsverslag soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL; en
  - (v) die toepaslike geld soos voorgeskryf in Deel 187.

## **Uitreiking van handelsmikro-ligte vliegtuigvlieënierslisensie**

**61.10.7** (1) Die Kommissaris reik 'n handelsmikro-ligte vliegtuigvlieënierslisensie uit indien die aansoeker voldoen aan die vereistes bedoel in regulasie 61.10.1.



(2) 'n Handelsmikro-ligte vliegtuigvlieënierslisensie word uitgereik op die toepaslike vorm soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL.

#### **Geldigheidsduur**

**61.10.8** 'n Handelsmikro-ligte vliegtuigvlieënierslisensie is geldig vir 'n onbepaalde tydperk: Met dien verstande dat die voorregte van die lisensie nie deur die houer daarvan uitgeoefen word nie tensy -

- (a) hy of sy 'n geldige Klas 1-mediese sertifikaat uitgereik ingevolge Deel 67 hou;
- (b) hy of sy voldoen aan die bepalings van regulasie 61.05.11; en
- (c) hy of sy 'n toepaslike geldige klas- en tipegradering hou.

#### **Voorregte van handelsmikro-ligte vliegtuigvlieënierslisensie**

**61.10.9** (1) Die houer van 'n handelsmikro-ligte vliegtuigvlieënierslisensie is geregtig -

- (a) om al die voorregte van 'n mikro-ligte vliegtuigvlieënierslisensie uit te oefen; en
- (b) om as gesagvoerder op te tree in handels- en ander lugvervoerbedryf,

in enige mikro-ligte vliegtuig waarvoor die houer tipe-gradeer is.

(2) Die houer van die lisensie is geregtig om die voorregte van die lisensie uit te oefen vir enige van die spesiale doeleindes bedoel in regulasie 61.10.10(1), indien die houer die toepaslike geldige gradering hou.

#### **Graderings vir spesiale doeleindes**

**61.10.10** (1) Die graderings vir spesiale doeleindes verbonde aan 'n handelsmikro-ligte vliegtuigvlieënierslisensie is -

- (a) 'n Graad I-mikro-ligte vliegtuigvlieginstrukteur;
- (b) 'n Graad II-mikro-ligte vliegtuigvlieginstrukteur; en
- (c) 'n landbouvlieëniersgradering.

(2) 'n Aansoek om enige gradering bedoel in subregulasie (1) word gedoen ooreenkomstig die regulasies in Subdeel 29, 30 of 48, na gelang van die geval.

#### **Handhawing van bevoegdheid**

**61.10.11** Die houer van 'n handelsmikro-ligte vliegtuigvlieënierslisensie mag nie optree

as gesagvoerder van 'n mikro-ligte vliegtuig wat 'n passasier vervoer nie, tensy hy of sy, binne die 90 dae onmiddellik voor die vlug waarop sodanige passasier vervoer gaan word, minstens drie opstygings en drie landings, in 'n mikro-ligte vliegtuig van dieselfde tipe as daardie waarin sodanige passasiersvlug onderneem gaan word, uitgevoer het.

**SUBDEEL 11****SWEEFTUIGVLEEËNIERSLISENSIE****Vereistes vir sweeftuigvlieënerslisensie**

**61.11.1** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n sweeftuigvlieënerslisensie moet -

- (a) nie jonger as 16 jaar oud wees nie;
- (b) 'n geldige Klas 4-mediese sertifikaat uitgereik ingevolge Deel 67 hou;
- (c) 'n geldige beperkte boordradiotelefonis-sertifikaat hou;
- (d) 'n geldige leerlingvlieënerslisensie hou;
- (e) die ondervinding bedoel in regulasie 61.11.2 opgedoen het;
- (f) die opleiding bedoel in regulasie 61.11.3 suksesvol voltooi het;
- (g) die eksamen oor teoretiese kennis bedoel in regulasie 61.11.4 geslaag het; en
- (h) die vaardigheidstoets bedoel in regulasie 61.11.5 ondergaan het.

**Ondervinding**

**61.11.2** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n sweeftuigvlieënerslisensie moet minstens ses uur vliegtyd in 'n sweeftuig geskik vir oorlandse vlugte voltooi het waarvan minstens twee uur solo vliegtyd moet wees en hy of sy moet minstens 20 opstygings en landings uitgevoer het. Met dien verstande dat waar die aansoeker die houer is van 'n vlieënerslisensie uitgereik ingevolge Subdeel 3, 5 of 7, na gelang van die geval, hy of sy minstens 3 uur vliegtyd moet voltooi waarvan minstens een uur solo vliegtyd moet wees, en waartydens hy of sy minstens 10 opstygings en landings moet uitvoer.

**Opleiding**

**61.11.3** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n sweeftuigvlieënerslisensie moet die toepaslike opleiding soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL suksesvol voltooi het.

**Eksamen oor teoretiese kennis**

**61.11.4** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n sweeftuigvlieënerslisensie moet die toepaslike skriftelike eksamen soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL geslaag het.

### **Vaardigheidstoets**

**61.11.5** (1) 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n sweeftuigvlieënierslisensie moet aan die houer van 'n Graad I- of 'n Graad II-sweeftuigvlieginstrukteursgradering die vermoë demonstreer het om, as gesagvoerder van 'n sweeftuig, die prosedures en manoeuvres soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL uit te voer met 'n mate van bevoegdheid toepaslik vir die voorregte verleen aan die houer van 'n sweeftuigvlieënierslisensie.

(2) Die aansoeker moet die vaardigheidstoets bedoel in subregulasie (1) ondergaan binne 90 dae nadat die eksamen oor teoretiese kennis bedoel in regulasie 61.11.4 geslaag is en binne die 60 dae onmiddellik voor die datum van aansoek.

### **Aansoek om sweeftuigvlieënierslisensie**

**61.11.6** 'n Aansoek om die uitreiking van 'n sweeftuigvlieënierslisensie -

- (a) word by die Kommissaris gedoen in die toepaslike vorm soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL; en
- (b) gaan vergesel van -
  - (i) 'n geldige Klas 4-mediese sertifikaat uitgereik ingevolge Deel 67;
  - (ii) 'n gesertifiseerde ware kopie van die leerlingvlieënierslisensie deur die aansoeker gehou;
  - (iii) oorspronklike of gesertifiseerde bewys dat die aansoeker die eksamen oor teoretiese kennis bedoel in regulasie 61.11.4 geslaag het;
  - (iv) die vaardigheidstoetsverslag soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL; en
  - (v) die toepaslike geld soos voorgeskryf in Deel 187.

### **Uitreiking van sweeftuigvlieënierslisensie**

**61.11.7** (1) Die Kommissaris reik 'n sweeftuigvlieënierslisensie uit indien die aansoeker voldoen aan die vereistes bedoel in regulasie 61.11.1.

(2) 'n Sweeftuigvlieënierslisensie word uitgereik op die toepaslike vorm soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL.

### **Geldigheidsduur**

**61.11.8** 'n Sweeftuigvlieënierslisensie is geldig vir 'n onbepaalde tydperk: Met dien verstande dat die voorregte van die lisensie nie deur die houer daarvan uitgeoefen word nie

tensy -

- (a) hy of sy 'n geldige Klas 4-mediese sertifikaat uitgereik ingevolge Deel 67 hou;
- (b) hy of sy voldoen aan die bepalings van regulasie 61.11.11; en
- (c) hy of sy 'n toepaslike geldige klas- en tipegradering hou.

#### **Voorregte van sweeftuigvlieënierslisensie**

**61.11.9** (1) Die houer van 'n sweeftuigvlieënierslisensie is geregtig om op te tree, maar nie teen vergoeding nie, as gesagvoerder van enige sweeftuig gebruik in nie-inkomste vlugte, waarvoor hy of sy tipe-gradeer is, in VMC in die dag.

(2) Die houer van die lisensie is geregtig om die voorregte van die lisensie vir die spesiale doeleindes bedoel in regulasie 61.11.10(1) uit te oefen, indien die houer die toepaslike geldige gradering hou.

#### **Gradering vir spesiale doeleindes**

**61.11.10** (1) Die gradering vir spesiale doeleindes verbonde aan 'n sweeftuigvlieënierslisensie is 'n Graad II-sweeftuigvlieginstrukteursgradering.

(2) 'n Aansoek om die gradering bedoel in subregulasie (1) word ooreenkomstig die regulasies in Subdeel 32 gedoen.

#### **Handhawing van bevoegdheid**

**61.11.11** Die houer van 'n sweeftuigvlieënierslisensie mag nie optree as gesagvoerder van 'n sweeftuig wat 'n passasier vervoer nie tensy hy of sy, binne die 90 dae onmiddellik voor die vlug waarop so 'n passasier vervoer gaan word, minstens drie opstygings en drie landings in 'n sweeftuig van dieselfde tipe as daardie waarin sodanige passasiersvlug onderneem gaan word, uitgevoer het.

**SUBDEEL 12****HANDELSWEEFTUIGVLIEËNIERSLISENSIE****Vereistes vir handelsweeftuigvlieënerslisensie**

**61.12.1** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n handelsweeftuigvlieënerslisensie moet -

- (a) nie jonger as 18 jaar oud wees nie;
- (b) 'n geldige Klas 1-mediese sertifikaat uitgereik ingevolge Deel 67 hou;
- (c) 'n geldige algemene boordradiotelefonis-sertifikaat hou;
- (d) 'n geldige sweeftuigvlieënerslisensie hou;
- (e) die ondervinding bedoel in regulasie 61.12.2 opgedoen het;
- (f) die opleiding bedoel in regulasie 61.12.3 suksesvol voltooi het;
- (g) die eksamen oor teoretiese kennis bedoel in regulasie 61.12.4 geslaag het; en
- (h) die vaardigheidstoets bedoel in regulasie 61.12.5 ondergaan het.

**Ondervinding**

**61.12.2** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n handelsweeftuigvlieënerslisensie moet minstens 60 uur vliegtyd in 'n sweeftuig geskik vir oorlandse vlugte voltooi het waarvan minstens 20 uur solo vliegtyd moet wees.

**Opleiding**

**61.12.3** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n handelsweeftuigvlieënerslisensie moet die toepaslike opleiding soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL suksesvol voltooi het.

**Eksamen oor teoretiese kennis**

**61.12.4** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n handelsweeftuigvlieënerslisensie moet die toepaslike skriftelike eksamen soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL geslaag het.



## Vaardigheidstoets

**61.12.5** (1) 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n handelsweeftuigvlieënierslisensie moet aan die houer van 'n Graad I- of 'n Graad II-sweeftuigvlieginstruktorsgradering die vermoë demonstreer het om, as gesagvoerder van 'n sweeftuig, die prosedures en manoeuvres soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL uit te voer met 'n mate van bevoegdheid toepaslik vir die voorregte verleen aan die houer van 'n handelsweeftuigvlieënierslisensie.

(2) Die aansoeker moet die vaardigheidstoets bedoel in subregulasie (1) ondergaan binne 24 maande nadat die eksamen oor teoretiese kennis bedoel in regulasie 61.12.4 geslaag is en binne die 90 dae onmiddellik voor die datum van aansoek.

## Aansoek om handelsweeftuigvlieënierslisensie

**61.12.6** 'n Aansoek om die uitreiking van 'n handelsweeftuigvlieënierslisensie -

- (a) word by die Kommissaris gedoen in die toepaslike vorm soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL; en
- (b) gaan vergesel van -
  - (i) 'n geldige Klas 1-mediese sertifikaat uitgereik ingevolge Deel 67;
  - (ii) 'n gesertifiseerde ware kopie van die sweeftuigvlieënierslisensie deur die aansoeker gehou;
  - (iii) oorspronklike of gesertifiseerde bewys dat die aansoeker die eksamen oor teoretiese kennis bedoel in regulasie 61.12.4 geslaag het
  - (iv) die vaardigheidstoetsverslag soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL; en
  - (v) die toepaslike geld soos voorgeskryf in Deel 187.

## Uitreiking van handelsweeftuigvlieënierslisensie

**61.12.7** (1) Die Kommissaris reik 'n handelsweeftuigvlieënierslisensie uit indien die aansoeker voldoen aan die vereistes bedoel in regulasie 61.12.1.

(2) 'n Handelsweeftuigvlieënierslisensie word uitgereik op die toepaslike vorm soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL.

## Geldigheidsduur

**61.12.8** 'n Handelsweeftuigvlieënierslisensie is geldig vir 'n onbepaalde tydperk: Met dien verstande dat die voorregte van die lisensie nie deur die houer daarvan uitgeoefen word

nie tensy -

- (a) hy of sy 'n geldige Klas 1-mediese sertifikaat uitgereik ingevolge Deel 67 hou;
- (b) hy of sy voldoen aan die bepalings van regulasie 61.12.11; en
- (c) hy of sy 'n toepaslike geldige klas- en tipegradering hou.

#### **Voorregte van handelsweeftuigvlieënierslisensie**

**61.12.9 (1)** Die houer van 'n handelsweeftuigvlieënierslisensie is geregtig -

- (a) om al die voorregte van 'n sweeftuigvlieënierslisensie uit te oefen; en
- (b) om op te tree as gesagvoerder in handels- en ander lugvervoerbedryf, in enige sweeftuig waarvoor die houer tipegradeer is.

(2) Die houer van die lisensie is geregtig om die voorregte van die lisensie vir die spesiale doeleindes bedoel in regulasie 61.12.10(1) uit te oefen, indien die houer die toepaslike geldige gradering hou.

#### **Graderings vir spesiale doeleindes**

**61.12.10 (1)** Die graderings vir spesiale doeleindes verbonde aan 'n handelsweeftuigvlieënierslisensie is -

- (a) 'n Graad I-sweeftuigvlieginstrukteursgradering; en
- (b) 'n Graad II-sweeftuigvlieginstrukteursgradering.

(2) 'n Aansoek om enige gradering bedoel in subregulasie (1) word ooreenkomstig die regulasies in Subdeel 31 of 32 gedoen, na gelang van die geval.

#### **Handhawing van bevoegdheid**

**61.12.11** Die houer van 'n handelsweeftuigvlieënierslisensie mag nie optree as gesagvoerder van 'n sweeftuig wat 'n passasier vervoer nie tensy hy of sy, binne die 90 dae onmiddellik voor die vlug waarop so 'n passasier vervoer gaan word, minstens drie opstygings en drie landings in 'n sweeftuig van dieselfde tipe as daardie waarin sodanige passasiersvlug onderneem gaan word, uitgevoer het.

**SUBDEEL 13****VRYBALLONVLIEËNIERSLISENSIE****Vereistes vir vryballonvlieënerslisensie**

**61.13.1** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n vryballonvlieënerslisensie moet -

- (a) nie jonger as 16 jaar oud wees nie;
- (b) 'n geldige -
  - (i) Klas 1-mediese sertifikaat uitgereik ingevolge Deel 67 hou, indien die voorregte van die lisensie vir handelsdoeleindes uitgeoefen gaan word; of
  - (ii) Klas 4-mediese sertifikaat uitgereik ingevolge Deel 67 hou, indien die voorregte van die lisensie vir nie-handelsdoeleindes uitgeoefen gaan word;
- (c) 'n geldige beperkte boordradiotelefonis-sertifikaat hou;
- (d) die ondervinding bedoel in regulasie 61.13.2 opgedoen het;
- (e) die opleiding bedoel in regulasie 61.13.3 suksesvol voltooi het;
- (f) die eksamen oor teoretiese kennis bedoel in regulasie 61.13.4 geslaag het; en
- (g) die vaardigheidstoets bedoel in regulasie 61.13.5 ondergaan het.

**Ondervinding**

**61.13.2** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n vryballonvlieënerslisensie moet minstens 16 uur in die lug voltooi het met minstens agt opstygings onder onderrig van die houer van 'n vryballonvlieginstrukteursgradering.

**Opleiding**

**61.13.3** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n vryballonvlieënerslisensie moet die toepaslike opleiding soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL suksesvol voltooi het.

**Eksamen oor teoretiese kennis**

**61.13.4** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n vryballonvlieënerslisensie moet die toepaslike skriftelike eksamen soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL geslaag het.

## Vaardigheidstoets

**61.13.5** (1) 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n vryballonvlieënierslisensie moet aan die houer van 'n vryballonvlieginstrukteursgradering die vermoë demonstreer het om, as gesagvoerder van 'n vryballon, die prosedures en manoeuvres soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL uit te voer met 'n mate van bevoegdheid toepaslik vir die voorregte verleen aan die houer van 'n vryballonvlieënierslisensie.

(2) Die aansoeker moet die vaardigheidstoets bedoel in subregulasie (1) ondergaan binne 90 dae nadat die eksamen oor teoretiese kennis bedoel in regulasie 61.13.4 geslaag is en binne die 60 dae onmiddellik voor die datum van aansoek.

## Aansoek om vryballonvlieënierslisensie

**61.13.6** 'n Aansoek om die uitreiking van 'n vryballonvlieënierslisensie -

- (a) word by die Kommissaris gedoen in die toepaslike vorm soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL; en
- (b) gaan vergesel van -
  - (i) oorspronklike of gesertifiseerde bewys van -
    - (aa) die identiteit van die aansoeker; en
    - (bb) die ouderdom van die aansoeker;
  - (ii) 'n geldige Klas 1-mediese sertifikaat of Klas 4-mediese sertifikaat, na gelang van die geval, uitgereik ingevolge Deel 67;
  - (iii) oorspronklike of gesertifiseerde bewys dat die aansoeker die eksamen oor teoretiese kennis bedoel in regulasie 61.13.4 geslaag het;
  - (iv) die vaardigheidstoetsverslag soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL; en
  - (v) die toepaslike geld soos voorgeskryf in Deel 187.

## Uitreiking van vryballonvlieënierslisensie

**61.13.7** (1) Die Kommissaris reik 'n vryballonvlieënierslisensie uit indien die aansoeker voldoen aan die vereistes bedoel in regulasie 61.13.1.

(2) 'n Vryballonvlieënierslisensie word uitgereik op die toepaslike vorm soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL.

## Geldigheidsduur

**61.13.8** 'n Vryballonvlieënierslisensie is geldig vir 'n onbepaalde tydperk: Met dien verstande dat die voorregte van die lisensie nie deur die houer daarvan uitgeoefen word nie tensy -

- (a) hy of sy 'n geldige -
  - (i) Klas 1-mediese sertifikaat uitgereik ingevolge Deel 67 hou, indien die voorregte van die lisensie vir handelsdoeleindes uitgeoefen gaan word; of
  - (ii) Klas 4-mediese sertifikaat uitgereik ingevolge Deel 67 hou, indien die voorregte van die lisensie vir nie-handelsdoeleindes uitgeoefen gaan word;
- (b) hy of sy voldoen aan die bepalings van regulasie 61.13.11; en
- (c) hy of sy 'n toepaslike geldige klas- en tipegradering hou.

## Voorregte van vryballonvlieënierslisensie

**61.13.9** (1) Die houer van 'n geldige vryballonvlieënierslisensie en Klas 1-mediese sertifikaat uitgereik ingevolge Deel 67, is geregtig om as gesagvoerder op te tree van enige vryballon waarvoor die houer tipe-gradeer is -

- (a) wat gebruik word in handels- en ander lugvervoerbedryf; en
- (b) in VMC in die dag.

(2) Die houer van 'n geldige vryballonvlieënierslisensie en Klas 4-mediese sertifikaat uitgereik ingevolge Deel 67, is geregtig om op te tree, maar nie teen vergoeding nie, as gesagvoerder van enige vryballon waarvoor die houer tipe-gradeer is -

- (a) wat gebruik word in nie-inkomstevlugte; en
- (b) in VMC in die dag.

(3) Die houer van die lisensie is geregtig om die voorregte uit te oefen van die lisensie vir die spesiale doeleindes bedoel in regulasie 61.13.10(1), indien die houer die toepaslike geldige gradering hou.

## Gradering vir spesiale doeleindes

**61.13.10** (1) Die gradering vir spesiale doeleindes verbonde aan 'n vryballonvlieënierslisensie is 'n vryballonvlieginstruktorsgradering.

(2) 'n Aansoek om die gradering bedoel in subregulasie (1) word ooreenkomstig die regulasies in Subdeel 33 gedoen.

**Handhawing van bevoegdheid**

**61.13.11** Die houer van 'n vryballonvlieënierslisensie mag nie optree as gesagvoerder van 'n vryballon wat passasiers vervoer nie tensy hy of sy, binne die 90 dae onmiddellik voor die vlug waarop sodanige passasiers vervoer gaan word, minstens drie opstygings in 'n vryballon van dieselfde tipe as daardie waarin die passasiersvlug onderneem gaan word, uitgevoer het.



**SUBDEEL 14****LUGSKIPVLIEËNIERSLISENSIE****Vereistes vir lugskipvlieënierslisensie**

**61.14.1** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n lugskipvlieënierslisensie moet -

- (a) nie jonger as 16 jaar oud wees nie;
- (b) 'n geldige -
  - (i) Klas 1-mediese sertifikaat uitgereik ingevolge Deel 67 hou, indien die voorregte van die lisensie vir handelsdoeleindes uitgeoefen gaan word; of
  - (ii) Klas 4-mediese sertifikaat uitgereik ingevolge Deel 67 hou, indien die voorregte van die lisensie vir nie-handelsdoeleindes uitgeoefen gaan word;
- (c) 'n geldige beperkte boordradiotelefonis-sertifikaat hou;
- (d) die ondervinding bedoel in regulasie 61.14.2 opgedoen het;
- (e) die opleiding bedoel in regulasie 61.14.3 suksesvol voltooi het;
- (f) die eksamen oor teoretiese kennis bedoel in regulasie 61.14.4 geslaag het; en
- (g) die vaardigheidstoets bedoel in regulasie 61.14.5 ondergaan het.

**Ondervinding**

**61.14.2** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n lugskipvlieënierslisensie moet minstens 16 uur in die lug voltooi het waartydens hy of sy minstens agt opstygings onder onderrig van die houer van 'n lugskipvlieginstruktorsgradering moet uitvoer.

**Opleiding**

**61.14.3** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n lugskipvlieënierslisensie moet die toepaslike opleiding soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL suksesvol voltooi het.

**Eksamen oor teoretiese kennis**

**61.14.4** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n lugskipvlieënierslisensie moet die toepaslike skriftelike eksamen soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL geslaag het.

## Vaardigheidstoets

**61.14.5** (1) 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n lugskipvlieënierslisensie moet aan die houer van 'n lugskipvlieginstrukteursgradering die vermoë demonstreer het om, as gesagvoerder van 'n lugskip, die prosedures en manoeuvres soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL uit te voer met 'n mate van bevoegdheid toepaslik vir die voorregte verleen aan die houer van 'n lugskipvlieënierslisensie.

(2) Die aansoeker moet die vaardigheidstoets bedoel in subregulasie (1) ondergaan binne 90 maande nadat die eksamen oor teoretiese kennis bedoel in regulasie 61.14.4 geslaag is en binne die 60 dae onmiddellik voor die datum van aansoek.

## Aansoek om lugskipvlieënierslisensie

**61.14.6** 'n Aansoek om die uitreiking van 'n lugskipvlieënierslisensie -

- (a) word by die Kommissaris gedoen in die toepaslike vorm soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL; en
- (b) gaan vergesel van -
  - (i) oorspronklike of gesertifiseerde bewys van -
    - (aa) die identiteit van die aansoeker; en
    - (bb) die ouderdom van die aansoeker;
  - (ii) 'n geldige Klas 1-mediese sertifikaat of Klas 4-mediese sertifikaat, na gelang van die geval, uitgereik ingevolge Deel 67;
  - (iii) oorspronklike of gesertifiseerde bewys dat die aansoeker die eksamen oor teoretiese kennis bedoel in regulasie 61.14.4 geslaag het;
  - (iv) die vaardigheidstoetsverslag soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL; en
  - (v) die toepaslike geld soos voorgeskryf in Deel 187.

## Uitreiking van lugskipvlieënierslisensie

**61.14.7** (1) Die Kommissaris reik 'n lugskipvlieënierslisensie uit indien die aansoeker voldoen aan die vereistes bedoel in regulasie 61.14.1.

(2) 'n Lugskipvlieënierslisensie word uitgereik op die toepaslike vorm soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL.

## Geldigheidsduur

**61.14.8** 'n Lugskipvlieënierslisensie is geldig vir 'n onbepaalde tydperk. Met dien verstande dat die voorregte van die lisensie nie deur die houer daarvan uitgeoefen word nie tensy -

- (a) hy of sy 'n geldige -
  - (i) Klas 1-mediese sertifikaat uitgereik ingevolge Deel 67 hou, indien die voorregte van die lisensie vir handelsdoeleindes uitgeoefen gaan word; of
  - (ii) Klas 4-mediese sertifikaat uitgereik ingevolge Deel 67 hou, indien die voorregte van die lisensie vir nie-handelsdoeleindes uitgeoefen gaan word;
- (b) hy of sy voldoen aan die bepalinge van regulasie 61.14.11; en
- (c) hy of sy 'n toepaslike geldige klas- en tipegradering hou.

## Voorregte van lugskipvlieënierslisensie

**61.14.9** Die houer van 'n geldige lugskipvlieënierslisensie en Klas 1-mediese sertifikaat uitgereik ingevolge Deel 67, is geregtig om as gesagvoerder op te tree van enige lugskip waarvoor die houer tipe-gradeer is -

- (a) wat gebruik word in handels- en ander lugvervoerbedryf; en
- (b) in VMC in die dag.

(2) Die houer van 'n geldige lugskipvlieënierslisensie en Klas 4-mediese sertifikaat uitgereik ingevolge Deel 67, is geregtig om op te tree, maar nie teen vergoeding nie, as gesagvoerder van enige lugskip waarvoor die houer tipe-gradeer is -

- (a) wat gebruik word in nie-inkomstevlugte; en
- (b) in VMC in die dag.

(3) Die houer van die lisensie is geregtig om die voorregte uit te oefen van die lisensie vir die spesiale doeleindes bedoel in regulasie 61.14.10(1), indien die houer die toepaslike geldige gradering hou.

## Gradering vir spesiale doeleindes

**61.14.10** (1) Die gradering vir spesiale doeleindes verbonde aan 'n lugskipvlieënierslisensie is 'n lugskipvlieginstrukteursgradering.

(2) 'n Aansoek om die gradering bedoel in subregulasie (1) word ooreenkomstig die regulasies in Subdeel 34 gedoen.

**Handhawing van bevoegdheid**

**61.14.11** Die houer van 'n lugskipvlieënierslisensie mag nie optree as gesagvoerder van 'n lugskip wat passasiers vervoer nie tensy hy of sy, binne die 90 dae onmiddellik voor die vlug waarop sodanige passasiers vervoer gaan word, minstens drie opstygings in 'n lugskip van dieselfde tipe as daardie waarin die passasiersvlug onderneem gaan word, uitgevoer het.

**SUBDEEL 15****GIROTUIGVLEEËNIERSLISENSIE****Vereistes vir girotuigvlieënerslisensie**

**61.15.1** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n girotuigvlieënerslisensie moet -

- (a) nie jonger as 16 jaar oud wees nie;
- (b) 'n geldige -
  - (i) Klas 1-mediese sertifikaat uitgereik ingevolge Deel 67 hou, indien die voorregte van die lisensie vir handelsdoeleindes uitgeoefen gaan word; of
  - (ii) Klas 4-mediese sertifikaat uitgereik ingevolge Deel 67 hou, indien die voorregte van die lisensie vir nie-handelsdoeleindes uitgeoefen gaan word;
- (c) 'n geldige beperkte boordradiotelefonis-sertifikaat hou;
- (d) 'n geldige leerlingvlieënerslisensie hou;
- (e) die ondervinding bedoel in regulasie 61.15.2 opgedoen het;
- (f) die opleiding bedoel in regulasie 61.15.3 suksesvol voltooi het;
- (g) die eksamen oor teoretiese kennis bedoel in regulasie 61.15.4 geslaag het; en
- (h) die vaardigheidstoets bedoel in regulasie 61.15.5 ondergaan het.

**Ondervinding**

**61.15.2** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n girotuigvlieënerslisensie moet minstens 20 uur vliegtyd as 'n vlieënier van 'n girotuig voltooi het waarvan minstens tien uur solo vliegtyd moet wees, en wat moet insluit -

- (a) een driehoekige oorlandse vlug, hetsy met dubbelstuur of onder toesig, en een solo driehoekige oorlandse vlug, elk met 'n duur van minstens 90 minute gevlieg teen normale vliegsnelheid; en
- (b) een driehoekige oorlandse vlug, hetsy met dubbelstuur of onder toesig, van 'n duur van minstens 90 minute gevlieg teen normale vliegsnelheid en wat insluit 'n volle landing by 'n ander punt as die vertrekpunt.

**Opleiding**

**61.15.3** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n girotuigvlieënerslisensie moet die

toepaslike opleiding soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL suksesvol voltooi het.

### **Eksamen oor teoretiese kennis**

**61.15.4** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n girotuigvlieënierslisensie moet die toepaslike skriftelike eksamen soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL geslaag het.

### **Vaardigheidstoets**

**61.15.5 (1)** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n girotuigvlieënierslisensie moet aan die houer van 'n girotuigvlieginstrukteursgradering die vermoë demonstreer het om, as gesagvoerder van 'n girotuig, die prosedures en manoeuvres soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL uit te voer met 'n mate van bevoegdheid toepaslik vir die voorregte verleen aan die houer van 'n girotuigvlieënierslisensie.

**(2)** Die aansoeker moet die vaardigheidstoets bedoel in subregulasie (1) ondergaan binne 90 dae nadat die eksamen oor teoretiese kennis bedoel in regulasie 61.15.4 geslaag is en binne die 60 dae onmiddellik voor die datum van aansoek.

### **Aansoek om girotuigvlieënierslisensie**

**61.15.6** 'n Aansoek om die uitreiking van 'n girotuigvlieënierslisensie -

- (a)** word by die Kommissaris gedoen in die toepaslike vorm soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL; en
- (b)** gaan vergesel van -
  - (i)** 'n geldige Klas 1-mediese sertifikaat of Klas 4-mediese sertifikaat, na gelang van die geval, uitgereik ingevolge Deel 67;
  - (ii)** 'n gesertifiseerde ware kopie van die leerlingvlieënierslisensie deur die aansoeker gehou;
  - (iii)** oorspronklike of gesertifiseerde bewys dat die aansoeker die eksamen oor teoretiese kennis bedoel in regulasie 61.15.4 geslaag het;
  - (iv)** die vaardigheidstoetsverslag soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL; en
  - (v)** die toepaslike geld soos voorgeskryf in Deel 187.



### **Uitreiking van girotuigvlieënierslisensie**

**61.15.7** (1) Die Kommissaris reik 'n girotuigvlieënierslisensie uit indien die aansoeker voldoen aan die vereistes bedoel in regulasie 61.15.1.

(2) 'n Girotuigvlieënierslisensie word uitgereik op die toepaslike vorm soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL.

### **Geldigheidsduur**

**61.15.8** 'n Girotuigvlieënierslisensie is geldig vir 'n onbepaalde tydperk. Met dien verstande dat die voorregte van die lisensie nie deur die houer daarvan uitgeoefen word nie tensy -

- (a) hy of sy 'n geldige -
  - (i) Klas 1-mediese sertifikaat uitgereik ingevolge Deel 67 hou, indien die voorregte van die lisensie vir handelsdoeleindes uitgeoefen gaan word; of
  - (ii) Klas 4-mediese sertifikaat uitgereik ingevolge Deel 67 hou, indien die voorregte van die lisensie vir nie-handelsdoeleindes uitgeoefen gaan word;
- (b) hy of sy voldoen aan die bepalings van regulasie 61.15.11; en
- (c) hy of sy 'n toepaslike geldige klas- en tipegradering hou.

### **Voorregte van girotuigvlieënierslisensie**

**61.14.9** Die houer van 'n geldige girotuigvlieënierslisensie en Klas 1-mediese sertifikaat uitgereik ingevolge Deel 67, is geregtig om as gesagvoerder op te tree van enige girotuig waarvoor die houer tipe-gradeer is -

- (a) wat gebruik word in handels- en ander lugvervoerbedryf; en
- (b) in VMC in die dag.

(2) Die houer van 'n geldige girotuigvlieënierslisensie en Klas 4-mediese sertifikaat uitgereik ingevolge Deel 67, is geregtig om op te tree, maar nie teen vergoeding nie, as gesagvoerder van enige girotuig waarvoor die houer tipe-gradeer is -

- (a) op 'n internasionale vlug indien die vooraf goedkeuring vir so 'n vlug skriftelik verkry is van die lugvaartowerheid van die land wat binnegegaan gaan word; en
- (b) binne beheerde lugruim indien -
  - (i) vooraf toestemming verkry is van die verantwoordelike lugverkeerdienseenheid om sodanige lugruim binne te gaan;
  - (ii) voortdurende radiowag gehandhaaf word;
  - (iii) die tweerigting-radiokommunikasie wat die genoemde eenheid

verlang, ingestel is; en

- (iv) in die geval van 'n vliegveldverkeersone, aan die toepaslike radioposisie-aanmeldingsprosedure voldoen is terwyl sodanige girotuig binne sodanige vliegveldverkeersone is.

(3) Die houer van die lisensie is geregtig om die voorregte uit te oefen van die lisensie vir die spesiale doeleindes bedoel in regulasie 61.15.10(1), indien die houer die toepaslike geldige gradering hou.

#### **Gradering vir spesiale doeleindes**

**61.15.10 (1)** Die gradering vir spesiale doeleindes verbonde aan 'n girotuigvlieënierslisensie is 'n girotuigvlieginstrukteursgradering.

(2) 'n Aansoek om die gradering bedoel in subregulasie (1) word gedoen ooreenkomstig die regulasies in Subdeel 35.

#### **Handhawing van bevoegdheid**

**61.15.11** Die houer van 'n girotuigvlieënierslisensie mag nie optree as gesagvoerder van 'n girotuig wat 'n passasier vervoer nie tensy hy of sy, binne die 90 dae onmiddellik voor die vlug waarop so 'n passasier vervoer gaan word, minstens drie opstygings en drie landings in 'n girotuig van dieselfde tipe as daardie waarin sodanige passasiersvlug onderneem gaan word, uitgevoer het.

**SUBDEEL 16****AANGEDREWE PARASWEEFTUIGVLIEËNIERSLISENSIE****Vereistes vir aangedrewe parasweeftuigvlieënerslisensie**

**61.16.1** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n aangedrewe parasweeftuigvlieënerslisensie moet -

- (a) nie jonger as 16 jaar oud wees nie;
- (b) 'n geldige -
  - (i) Klas 1-mediese sertifikaat uitgereik ingevolge Deel 67 hou, indien die voorregte van die lisensie vir handelsdoeleindes uitgeoefen gaan word; of
  - (ii) Klas 4-mediese sertifikaat uitgereik ingevolge Deel 67 hou, indien die voorregte van die lisensie vir nie-handelsdoeleindes uitgeoefen gaan word;
- (c) 'n geldige beperkte boordradiotelefonis-sertifikaat hou;
- (d) 'n geldige leerlingvlieënerslisensie hou;
- (e) die ondervinding bedoel in regulasie 61.16.2 opgedoen het;
- (f) die opleiding bedoel in regulasies 61.16.3 en 61.18.3 suksesvol voltooi het;
- (g) die eksamen oor teoretiese kennis bedoel in regulasies 61.16.4 en 61.18.4 geslaag het; en
- (h) die vaardigheidstoets bedoel in regulasie 61.16.5 ondergaan het.

**Ondervinding**

**61.16.2** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n aangedrewe parasweeftuigvlieënerslisensie moet die vlugte soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL voltooi het.

**Opleiding**

**61.16.3** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n aangedrewe parasweeftuigvlieënerslisensie moet die toepaslike opleiding soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL suksesvol voltooi het.

## **Eksamen oor teoretiese kennis**

**61.16.4** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n aangedrewe parasweeftuig-vlieënierslisensie moet die toepaslike skriftelike eksamen soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL geslaag het.

## **Vaardigheidstoets**

**61.16.5 (1)** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n aangedrewe parasweeftuig-vlieënierslisensie moet aan die houer van 'n aangedrewe parasweeftuigvlieg-instrukteursgradering die vermoë demonstreer het om, as gesagvoerder van 'n aangedrewe parasweeftuig, die prosedures en maneuvers soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL uit te voer met 'n mate van bevoegdheid toepaslik vir die voorregte verleen aan die houer van 'n aangedrewe parasweeftuigvlieënierslisensie.

(2) Die aansoeker moet die vaardigheidstoets bedoel in subregulasie (1) ondergaan binne 90 dae nadat die eksamen oor teoretiese kennis bedoel in regulasie 61.16.4 geslaag is en binne die 60 dae onmiddellik voor die datum van aansoek.

## **Aansoek om aangedrewe parasweeftuigvlieënierslisensie**

**61.16.6** 'n Aansoek om die uitreiking van 'n aangedrewe parasweeftuig-vlieënierslisensie -

- (a) word by die Kommissaris gedoen in die toepaslike vorm soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL; en
- (b) gaan vergesel van -
  - (i) 'n geldige Klas 1-mediese sertifikaat of Klas 4-mediese sertifikaat, na gelang van die geval, uitgereik ingevolge Deel 67;
  - (ii) 'n gesertifiseerde ware kopie van die leerlingvlieënierslisensie deur die aansoeker gehou;
  - (iii) oorspronklike of gesertifiseerde bewys dat die aansoeker die eksamen oor teoretiese kennis bedoel in regulasie 61.16.4 en 61.18.4 geslaag het;
  - (iv) die vaardigheidstoetsverslag soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL; en
  - (v) die toepaslike geld soos voorgeskryf in Deel 187.

**Uitreiking van aangedrewe parasweeftuigvlieënierslisensie**

**61.16.7** (1) Die Kommissaris reik 'n aangedrewe parasweeftuigvlieënierslisensie uit indien die aansoeker voldoen aan die vereistes bedoel in regulasie 61.16.1.

(2) 'n Aangedrewe parasweeftuigvlieënierslisensie word uitgereik op die toepaslike vorm soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL.

**Geldigheidsduur**

**61.16.8** 'n Aangedrewe parasweeftuigvlieënierslisensie is geldig vir 'n onbepaalde tydperk: Met dien verstande dat die voorregte van die lisensie nie deur die houer daarvan uitgeoefen word nie tensy -

- (a) hy of sy 'n geldige -
  - (i) Klas 1-mediese sertifikaat uitgereik ingevolge Deel 67 hou, indien die voorregte van die lisensie vir handelsdoeleindes uitgeoefen gaan word; of
  - (ii) Klas 4-mediese sertifikaat uitgereik ingevolge Deel 67 hou, indien die voorregte van die lisensie vir nie-handelsdoeleindes uitgeoefen gaan word;
- (b) hy of sy voldoen aan die bepalings van regulasie 61.16.11; en
- (c) hy of sy 'n toepaslike geldige klas- en tipegradering hou.

**Voorregte van aangedrewe parasweeftuigvlieënierslisensie**

**61.16.9** Die houer van 'n geldige aangedrewe parasweeftuigvlieënierslisensie en Klas 1-mediese sertifikaat uitgereik ingevolge Deel 67, is geregtig om as gesagvoerder op te tree van enige aangedrewe parasweeftuig waarvoor die houer tipe-gradeer is -

- (a) wat gebruik word in handels- en ander lugvervoerbedryf; en
- (b) in VMC in die dag.

(2) Die houer van 'n geldige aangedrewe parasweeftuigvlieënierslisensie en Klas 4-mediese sertifikaat uitgereik ingevolge Deel 67, is geregtig om op te tree, maar nie teen vergoeding nie, as gesagvoerder van enige aangedrewe parasweeftuig waarvoor die houer tipe-gradeer is -

- (a) wat gebruik word in nie-inkomstevlugte; en
- (b) in VMC in die dag.

(3) Die houer van die lisensie is geregtig om die voorregte uit te oefen van die lisensie vir die spesiale doeleindes bedoel in regulasie 61.16.10(1), indien die houer die toepaslike geldige gradering hou.

**Gradering vir spesiale doeleindes**

**61.16.10 (1)** Die gradering vir spesiale doeleindes verbonde aan 'n aangedrewe parasweeftuigvlieënierslisensie is 'n aangedrewe parasweeftuigvlieginstrukteursgradering.

(2) 'n Aansoek om die gradering bedoel in subregulasie (1) word gedoen ooreenkomstig die regulasies in Subdeel 36.

**Handhawing van bevoegdheid**

**61.16.11** Die houer van 'n aangedrewe parasweeftuigvlieënierslisensie mag nie optree as gesagvoerder van 'n aangedrewe parasweeftuig wat 'n passasier vervoer nie tensy hy of sy, binne die 90 dae onmiddellik voor die vlug waarop so 'n passasier vervoer gaan word, minstens drie vlugte in 'n aangedrewe parasweeftuig van dieselfde tipe as daardie waarin sodanige passasiersvlug onderneem gaan word, uitgevoer het.



**SUBDEEL 17****HANGSWEFTUIGVLIEËNIERSLISENSIE****Vereistes vir hangsweeftuigvlieënerslisensie**

**61.17.1** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n hangsweeftuigvlieënerslisensie moet -

- (a) nie jonger as 16 jaar oud wees nie;
- (b) 'n geldige Klas 4-mediese sertifikaat uitgereik ingevolge Deel 67 hou;
- (c) 'n geldige leerlingvlieënerslisensie hou;
- (d) die ondervinding bedoel in regulasie 61.17.2 opgedoen het;
- (e) die opleiding bedoel in regulasie 61.17.3 suksesvol voltooi het;
- (f) die eksamen oor teoretiese kennis bedoel in regulasie 61.17.4 geslaag het; en
- (g) die vaardigheidstoets bedoel in regulasie 61.17.5 ondergaan het.

**Ondervinding**

**61.17.2** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n hangsweeftuigvlieënerslisensie moet die vlugte soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL voltooi het.

**Opleiding**

**61.17.3** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n hangsweeftuigvlieënerslisensie moet die toepaslike opleiding soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL suksesvol voltooi het.

**Eksamen oor teoretiese kennis**

**61.17.4** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n hangsweeftuigvlieënerslisensie moet die toepaslike skriftelike eksamen soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL geslaag het.

**Vaardigheidstoets**

**61.17.5** (1) 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n hangsweeftuigvlieënerslisensie moet aan die houer van 'n hangsweeftuigvlieginstrukteursgradering die vermoë demonstreer het om,

as gesagvoerder van 'n hangswееftuig, die prosedures en maneuvres soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL uit te voer met 'n mate van bevoegdheid toepaslik vir die voorregte verleen aan die houer van 'n hangswееftuigvlieënierslisensie.

(2) Die aansoeker moet die vaardigheidstoets bedoel in subregulasie (1) ondergaan binne 90 dae nadat die eksamen oor teoretiese kennis bedoel in regulasie 61.17.4 geslaag is en binne die 60 dae onmiddellik voor die datum van aansoek.

### **Aansoek om hangswееftuigvlieënierslisensie**

**61.17.6** 'n Aansoek om die uitreiking van 'n hangswееftuigvlieënierslisensie -

- (a) word by die Kommissaris gedoen in die toepaslike vorm soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL; en
- (b) gaan vergesel van -
  - (i) 'n geldige Klas 4-mediese sertifikaat uitgereik ingevolge Deel 67;
  - (ii) 'n gesertifiseerde ware kopie van die leerlingvlieënierslisensie deur die aansoeker gehou;
  - (iii) oorspronklike of gesertifiseerde bewys dat die aansoeker die eksamen oor teoretiese kennis bedoel in regulasie 61.17.4 geslaag het;
  - (iv) die vaardigheidstoetsverslag soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL; en
  - (v) die toepaslike geld soos voorgeskryf in Deel 187.

### **Uitreiking van hangswееftuigvlieënierslisensie**

**61.17.7** (1) Die Kommissaris reik 'n hangswееftuigvlieënierslisensie uit indien die aansoeker voldoen aan die vereistes bedoel in regulasie 61.17.1.

(2) 'n Hangswееftuigvlieënierslisensie word uitgereik op die toepaslike vorm soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL.

### **Geldigheidsduur**

**61.17.8** 'n Hangswееftuigvlieënierslisensie is geldig vir 'n onbepaalde tydperk: Met dien verstande dat die voorregte van die lisensie nie deur die houer daarvan uitgeoefen word nie tensy -

- (a) hy of sy 'n geldige Klas 4-mediese sertifikaat uitgereik ingevolge Deel 67 hou;
- (b) hy of sy voldoen aan die bepalings van regulasie 61.17.11; en

(c) hy of sy 'n toepaslike klas- of tipegradering hou.

### **Voorregte van hangsweeftuigvlieënierslisensie**

**61.17.9 (1)** Die houer van 'n hangsweeftuigvlieënierslisensie is geregtig om op te tree, maar nie teen vergoeding nie, as gesagvoerder van enige hangsweeftuig betrokke in 'n nie-inkomstevlug, waarvoor die houer tipe-gradeer is, in VMC in die dag.

(2) Die houer van die lisensie is geregtig om die voorregte van die lisensie uit te oefen vir die spesiale doeleindes bedoel in regulasie 61.17.10(1), indien die houer die toepaslike geldige gradering hou.

### **Gradering vir spesiale doeleindes**

**61.17.10 (1)** Die gradering vir spesiale doeleindes verbonde aan 'n hangsweeftuigvlieënierslisensie is 'n hangsweeftuigvlieginstrukteursgradering.

(2) 'n Aansoek om die gradering bedoel in subregulasie (1) word gedoen ooreenkomstig die regulasies in Subdeel 37.

### **Handhawing van bevoegdheid**

**61.17.11** Die houer van 'n hangsweeftuigvlieënierslisensie mag nie optree as gesagvoerder van 'n hangsweeftuig wat 'n passasier vervoer nie tensy hy of sy, binne die 90 dae onmiddellik voor die vlug waarop sodanige passasier vervoer gaan word, minstens drie vlugte in 'n hangsweeftuig van dieselfde tipe as daardie waarin so 'n passasiersvlug onderneem gaan word, uitgevoer het.

**SUBDEEL 18****PARASWEEFTUIGVLIEËNIERSLISENSIE****Vereistes vir parasweeftuigvlieënerslisensie**

**61.18.1** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n parasweeftuigvlieënerslisensie moet -

- (a) nie jonger as 16 jaar oud wees nie;
- (b) 'n geldige Klas 4-mediese sertifikaat uitgereik ingevolge Deel 67 hou;
- (c) 'n geldige leerlingvlieënerslisensie hou;
- (d) die ondervinding bedoel in regulasie 61.18.2 opgedoen het;
- (e) die opleiding bedoel in regulasie 61.18.3 suksesvol voltooi het;
- (f) die eksamen oor teoretiese kennis bedoel in regulasie 61.18.4 geslaag het; en
- (g) die vaardigheidstoets bedoel in regulasie 61.18.5 ondergaan het.

**Ondervinding**

**61.18.2** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n parasweeftuigvlieënerslisensie moet die vlugte soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL voltooi het.

**Opleiding**

**61.18.3** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n parasweeftuigvlieënerslisensie moet die toepaslike opleiding soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL suksesvol voltooi het.

**Eksamen oor teoretiese kennis**

**61.18.4** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n parasweeftuigvlieënerslisensie moet die toepaslike skriftelike eksamen soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL geslaag het.

**Vaardigheidstoets**

**61.18.5** (1) 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n parasweeftuigvlieënerslisensie moet aan die houer van 'n parasweeftuigvlieginstrukteursgradering die vermoë demonstreer het om,

as gesagvoerder van 'n parasweeftuig, die prosedures en maneuvres soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL uit te voer met 'n mate van bevoegdheid toepaslik vir die voorregte verleen aan die houer van 'n parasweeftuigvlieënierslisensie.

(2) Die aansoeker moet die vaardigheidstoets bedoel in subregulasie (1) ondergaan binne 90 dae nadat die eksamen oor teoretiese kennis bedoel in regulasie 61.18.4 geslaag is en binne die 60 dae onmiddellik voor die datum van aansoek.

### **Aansoek om parasweeftuigvlieënierslisensie**

**61.18.6** 'n Aansoek om die uitreiking van 'n parasweeftuigvlieënierslisensie -

- (a) word by die Kommissaris gedoen in die toepaslike vorm soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL; en
- (b) gaan vergesel van -
  - (i) 'n geldige Klas 4-mediese sertifikaat uitgereik ingevolge Deel 67;
  - (ii) 'n gesertifiseerde ware kopie van die leerlingvlieënierslisensie deur die aansoeker gehou;
  - (iii) oorspronklike of gesertifiseerde bewys dat die aansoeker die eksamen oor teoretiese kennis bedoel in regulasie 61.18.4 geslaag het;
  - (iv) die vaardigheidstoetsverslag soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL; en
  - (v) die toepaslike geld soos voorgeskryf in Deel 187.

### **Uitreiking van parasweeftuigvlieënierslisensie**

**61.18.7** (1) Die Kommissaris reik 'n parasweeftuigvlieënierslisensie uit indien die aansoeker voldoen aan die vereistes bedoel in regulasie 61.18.1.

(2) 'n Parasweeftuigvlieënierslisensie word uitgereik op die toepaslike vorm soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL.

### **Geldigheidsduur**

**61.18.8** 'n Parasweeftuigvlieënierslisensie is geldig vir 'n onbepaalde tydperk: Met dien verstande dat die voorregte van die lisensie nie deur die houer daarvan uitgeoefen word nie tensy -

- (a) hy of sy 'n geldige Klas 4-mediese sertifikaat uitgereik ingevolge Deel 67 hou;
- (b) hy of sy voldoen aan die bepalings van regulasie 61.18.11; en

- (c) hy of sy 'n toepaslike klas- of tipegradering hou.

### **Voorregte van parasweeftuigvlieënierslisensie**

**61.18.9** (1) Die houer van 'n parasweeftuigvlieënierslisensie is geregtig om op te tree, maar nie teen vergoeding nie, as gesagvoerder van enige parasweeftuig betrokke in 'n nie-inkomstevlug, waarvoor die houer tipe-gradeer is, in VMC in die dag.

(2) Die houer van die lisensie is geregtig om die voorregte van die lisensie uit te oefen vir die spesiale doeleindes bedoel in regulasie 61.18.10(1), indien die houer die toepaslike geldige gradering hou.

### **Gradering vir spesiale doeleindes**

**61.18.10** (1) Die gradering vir spesiale doeleindes verbonde aan 'n parasweeftuigvlieënierslisensie is 'n parasweeftuigvlieginstrukteursgradering.

(2) 'n Aansoek om die gradering bedoel in subregulasie (1) word gedoen ooreenkomstig die regulasies in Subdeel 38.

### **Handhawing van bevoegdheid**

**16.18.11** Die houer van 'n parasweeftuigvlieënierslisensie mag nie optree as gesagvoerder van 'n parasweeftuig wat 'n passasier vervoer nie tensy hy of sy, binne die 90 dae onmiddellik voor die vlug waarop sodanige passasier vervoer gaan word, minstens drie vlugte in 'n parasweeftuig van dieselfde tipe as daardie waarin so 'n passasiersvlug onderneem gaan word, uitgevoer het.



**SUBDEEL 19****KLAS- EN TIPEGRADERINGS****Vereistes vir klas- en tipegraderings**

**61.19.1** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n klas- en tipegradering moet -

- (a) voldoen het aan die toepaslike vlieënierslisensie-vereistes voorgeskryf in hierdie Deel, of in die geval van 'n bykomstige tipegradering, die toepaslike geldige vlieënierslisensie hou;
- (b) die opleiding bedoel in regulasie 61.19.2 suksesvol voltooi het;
- (c) die eksamen oor teoretiese kennis bedoel in regulasie 61.19.3 geslaag het; en
- (d) die vaardigheidstoets bedoel in regulasie 61.19.4 ondergaan het.

**Opleiding**

**61.19.2** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n klas- en tipegradering moet die toepaslike skriftelike eksamen soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL geslaag het.

**Eksamen oor teoretiese kennis**

**61.19.3** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n klas- en tipegradering moet die toepaslike skriftelike eksamen soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL geslaag het.

**Vaardigheidstoets**

**61.19.4** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n klas- en tipegradering moet aan die houer van 'n Kategorie A-, B- of C- vlieginstruktorsgradering, na gelang van die geval, die vermoë demonstreer het om die prosedures en manoeuvres soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL met 'n mate van bevoegdheid toepaslik vir die voorregte verleen aan die houer van sodanige klas- en tipegradering, uit te voer.

**Tydlike bevoegdheidsertifikaat**

**61.19.5** 'n Kategorie A-, B- of C-vlieginstrukteur, na gelang van die geval, kan 'n

tydelike bevoegdheidsertifikaat uitreik aan die aansoeker om 'n klas- en tipegradering, wat so 'n aansoeker toelaat om die voorregte uit te oefen van die klas- en tipegradering, vir 'n tydperk van 30 dae bereken van die datum van die uitreiking van die tydelike sertifikaat.

#### **Aansoek om klas- en tipegradering**

**61.19.6** 'n Aansoek om die uitreiking van 'n ander tipegradering as 'n tipegradering vir 'n suiermotorvliegtuig met 'n maksimum gesertifiseerde massa van 5 700 kilogram of minder, of 'n klasgradering -

- (a) word by die Kommissaris gedoen in die toepaslike vorm soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL; en
- (b) gaan vergesel van -
  - (i) die vaardigheidstoetsverslag soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL;
  - (ii) in die geval van 'n aansoek om die uitreiking van 'n tipegradering ten opsigte van 'n vliegtuig met 'n maksimum gesertifiseerde massa van 5 700 kilogram of minder, 'n kopie van die betrokke bladsy van die aansoeker se logboek wat 'n endossement bevat, aangebring deur die betrokke vlieginstrukteur, wat die lugvaartuigstelsels en tipe vliegtuig aandui ten opsigte waarvan die aansoeker sy of haar opleiding ontvang het; en
  - (iii) die toepaslike geld soos voorgeskryf in Deel 187.

#### **Uitreiking van klas- en tipegradering**

**61.19.7** (1) Die Kommissaris reik 'n klas- of tipegradering uit indien die aansoeker voldoen aan die vereistes bedoel in regulasie 61.19.1.

(2) 'n Klas- of tipegradering word uitgereik in die toepaslike vorm soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL.

#### **Geldigheidsduur**

**61.19.8** (1) 'n Klasgradering is geldig vir 'n tydperk van 12 maande bereken vanaf die datum van uitreiking of heruitreiking van die gradering of bereken van die vervaldatum van die gradering indien so 'n gradering hernu word ooreenkomstig die bepalings van regulasie 61.19.12.

(2) 'n Tipegradering is geldig vir die tydperk waarvoor die vlieënierslisensie gehou deur die houer van die gradering, geldig is.

**Gradering vereis deur persoon wat as vlieënier optree**

**61.19.9** (1) Geen persoon mag as gesagvoerder van 'n lugvaartuig optree nie, tensy hy of sy die houer is van die toepaslike tipe- of groeptipegradering.

(2) Ondanks die bepalings van subregulasie (1), kan 'n persoon wat opleiding ontvang vir die doel om aansoek te doen om die toepaslike gradering, as gesagvoerder optree van 'n lugvaartuig ten opsigte waarvan hy of sy nie so 'n gradering hou nie. Met dien verstande dat -

- (a) geen passasier of vrag in sodanige lugvaartuig vervoer word nie; en
- (b) die opleiding van 'n vlieginstrukteur ontvang word.

**Voorregte van klas- en tipegradering**

**61.19.10** Die houer van 'n toepaslike geldige klas- en tipegradering is geregtig om op te tree as gesagvoerder van 'n lugvaartuig van die betrokke kategorie, klas en tipe. Met dien verstande dat die houer van 'n geldige tipegradering, geëndosseer vir medevlieënier, slegs toegelaat word om op te tree as medevlieënier op so 'n lugvaartuig.

**Kennisgewing vir tipegraderings vir suiermotorvliegtuie met 'n maksimum gesertifiseerde massa van 5 700 kilogram of minder**

**61.19.11** (1) Die vlieginstrukteur wat die opleiding bedoel in regulasie 61.19.2 onderneem, vir 'n tipegradering vir 'n suiermotorvliegtuig met 'n maksimum gesertifiseerde massa van 5 700 kilogram of minder, moet, by suksesvolle voltooiing van sodanige opleiding deur die aansoeker om die uitreiking van die gradering, die Kommissaris dienooreenkomstig in kennis stel.

(2) 'n Kennisgewing bedoel in subregulasie (1) -

- (a) word aan die Kommissaris gedoen in die toepaslike vorm soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL; en
- (b) gaan vergesel van -
  - (i) die vaardigheidstoetsverslag soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL; en
  - (ii) 'n kopie van die betrokke bladsy van die logboek van die vlieënier wat die endossement bedoel in subregulasie (3) bevat.

(3) Die vlieginstrukteur wat die opleiding bedoel in subregulasie (1) onderneem, moet 'n endossement in die logboek van die vlieënier wat die opleiding ontvang, aanbring, met vermelding van die tipe en lugvaartuigstelsels wat behandel is, waarna so 'n vlieënier geregtig is om die voorregte van sodanige gradering uit te oefen.

(4) Die endossement bedoel in subregulasie (3) word aangebring

ooreenkomstig die vereistes soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL.

### Hernuwing

- 61.19.12 (1)** Om 'n klasgradering te hernu, moet die houer van so 'n gradering -
- (a) binne die 90 dae onmiddellik voor die vervaldatum van die klasgradering, die vaardigheidstoets soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL, afgeneem deur 'n vlieginstrukteur, geslaag het; of
  - (c) binne die 12 maande onmiddellik voor die vervaldatum van so 'n gradering -
    - (i) minstens 12 uur vliegtyd voltooi het, wat moet insluit minstens ses uur as gesagvoerder en 12 opstygings en 12 landings; en
    - (ii) 'n opleidingsvlug voltooi het van minstens een uur in 'n lugvaartuig van die toepaslike klas onderneem deur 'n vlieginstrukteur of 'n vaardigheidstoets bedoel in regulasie 61.19.4 ondergaan het.
- (2) Die vlieginstrukteur moet, by voldoening aan die vereistes voorgeskryf in subregulasie (1)(a) of (b) deur die houer van die klasgradering -
- (a) die Kommissaris voorsien van die toepaslike bevoegdheidsertifikaat of vaardigheidstoetsverslag soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL;
  - (b) die toepaslike bladsy van die lisensie van so 'n houer onderteken; en
  - (c) die logboek van so 'n houer endosseer.
- (3) Die hernuwing van 'n meermotorige klasgradering sluit in die hernuwing van enkelmotorige klasgradering.

### Heruitreiking

- 61.19.13 (1)** Vir die heruitreiking van 'n klasgradering wat verval het weens die verstryking van die tydperk bedoel in regulasie 61.19.8, moet die houer van 'n so 'n vervalde gradering -
- (a) binne die 12 maande onmiddellik voor die datum van aansoek, minstens drie uur vliegtyd as gesagvoerder of dubbelstuur met die houer van 'n Kategorie A-, B- of C-vlieginstrukteursgradering, voltooi het; en
  - (b) die vaardigheidstoets bedoel in regulasie 61.19.4 ondergaan.
- (2) Die Kategorie A-, B- of C-vlieginstrukteur, na gelang van die geval, moet by voldoening aan die vereistes voorgeskryf in subregulasie (1)(a) en (b) deur die houer van die vervalde gradering -

- (a) die Kommissaris voorsien van die toepaslike vaardigheidstoetsverslag soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL;
- (b) die toepaslike bladsy van die lisensie van so 'n houer onderteken; en
- (c) die logboek van so 'n houer endosseer.

(3) Indien die uitslag van die vaardigheidstoets beoog in subregulasie (1) laat blyk dat die houer van die vervalde gradering in gebreke gebly het om die minimumstandaard te handhaaf wat vereis word om die voorregte bedoel in regulasie 61.19.10(1), uit te oefen, moet die Kategorie A-, B- of C-vlieginstrukteur -

- (a) sodanige uitslag aan die Kommissaris rapporteer; en
- (b) nie die toepaslike bladsy van die lisensie van die houer van die vervalde gradering onderteken nie.

**SUBDEEL 20****INSTRUMENTGRADERING****Vereistes vir instrumentgradering**

**61.20.1** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n instrumentgradering moet -

- (a) nie jonger nie as 18 jaar oud wees;
- (b) 'n geldige privaatvlieënierslisensie of 'n handelsvlieënierslisensie hou;
- (c) 'n algemene boordradiotelefonis-sertifikaat hou;
- (d) die ondervinding bedoel in regulasie 61.20.2 opgedoen het;
- (e) die opleiding bedoel in regulasie 61.20.3 suksesvol voltooi het;
- (f) die eksamen oor teoretiese kennis bedoel in regulasie 61.20.4 geslaag het; en
- (g) die vaardigheidstoets bedoel in regulasie 61.20.5 ondergaan het.

**Ondervinding**

**61.20.2** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n instrumentgradering moet minstens 50 uur oorlandse vliegtyd as gesagvoerder van 'n vliegtuig of helikopter voltooi het.

**Opleiding**

**61.20.3** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n instrumentgradering moet die toepaslike opleiding soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL suksesvol voltooi het.

**Eksamen oor teoretiese kennis**

**61.20.4** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n instrumentgradering moet die toepaslike skriftelike eksamen soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL geslaag het.

**Vaardigheidstoets**

**61.20.5 (1)** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n instrumentgradering moet aan 'n aangewese eksaminator die vermoë demonstreer het om as vlieënier die prosedures en



maneuvers soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL met 'n mate van bevoegdheid toepaslik vir die voorregte verleen aan die houer van 'n instrumentgradering uit te voer.

(2) Die aansoeker moet die vaardigheidstoets bedoel in subregulasie (1) ondergaan binne 24 maande nadat die eksamen oor teoretiese kennis bedoel in regulasie 61.20.4 geslaag is en binne die 90 dae onmiddellik voor die datum van aansoek.

### **Aansoek om instrumentgradering**

#### **61.20.6 'n Aansoek om die uitreiking van 'n instrumentgradering -**

- (a) word by die Kommissaris gedoen in die toepaslike vorm soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL; en
- (b) gaan vergesel van -
  - (i) 'n gesertifiseerde ware kopie van die vlieënierslisensie deur die aansoeker gehou;
  - (ii) oorspronklike of gesertifiseerde bewys dat die aansoeker die eksamen oor teoretiese kennis bedoel in regulasie 61.20.4 geslaag het;
  - (iii) die vaardigheidstoetsverslag soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL; en
  - (iv) die toepaslike geld soos voorgeskryf in Deel 187.

### **Uitreiking van instrumentgradering**

61.20.7 (1) Die Kommissaris reik 'n instrumentgradering uit indien die aansoeker voldoen aan die vereistes bedoel in regulasie 61.20.1.

(2) 'n Instrumentgradering word uitgereik in die toepaslike vorm soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL.

### **Geldigheidsduur**

61.20.8 'n Instrumentgradering is geldig vir 'n tydperk van 12 maande bereken van die datum van uitreiking of heruitreiking van die gradering of van die vervaldatum van die gradering indien so 'n gradering hernu word ooreenkomstig die bepalings van regulasie 61.20.11.

### **Gradering vereis deur persoon wat onder IFR vlieg**

61.20.9 Geen persoon mag in enige hoedanigheid as 'n vlieënier van 'n vliegtuig of

helikopter onder IFR optree nie tensy so 'n persoon die houer is van 'n geldige instrumentgradering toepaslik vir die kategorie vliegtuig of helikopter wat onder IFR gevlieg gaan word.

### **Voorregte van instrumentgradering**

**61.20.10** Die houer van 'n geldige instrumentgradering is geregtig -

- (a) om 'n lugvaartuig te loods in voldoening aan IFR en in IMC in die dag en in die nag;
- (b) om 'n nadering en 'n landing in IMC met behulp van NDB, VOR, ILS of ander goedgekeurde hulpmiddele uit te voer; en
- (c) om as veiligheidsvlieënier op te tree in 'n lugvaartuig ten opsigte waarvan so 'n vlieënier die houer van die toepaslike tipe- of groeptipegradering is.

### **Hernuwing**

**61.20.11 (1)** Om 'n instrumentgradering te hernu, moet die houer van die gradering binne die 90 dae onmiddellik voor die vervaldatum van so 'n instrumentgradering die bedrewenheidstoets soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL, afgeneem deur 'n aangewese eksaminator, geslaag het.

(2) Indien die houer van die vervalde gradering die bedrewenheidstoets bedoel in subregulasie (1) slaag, moet die aangewese eksaminator -

- (a) die Kommissaris voorsien van die toepaslike bevoegdheidsertifikaat soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL;
- (b) die toepaslike bladsy van die lisensie van so 'n houer onderteken; en
- (c) die logboek van so 'n houer endosseer.

### **Heruitreiking**

**61.20.12 (1)** Vir die heruitreiking van 'n instrumentgradering wat verval het weens die verstryking van die tydperk bedoel in regulasie 61.20.8, maar nie meer as 24 maande verloop het vanaf die datum van sodanige verval nie, moet die houer van so 'n vervalde gradering die bedrewenheidstoets soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL, afgeneem deur 'n aangewese eksaminator, slaag.

(2) Indien die houer van die vervalde gradering die bedrewenheidstoets bedoel in subregulasie (1) slaag, moet die aangewese eksaminator -

- (a) die Kommissaris voorsien van die toepaslike bevoegdheidsertifikaat soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL;

- (b) die toepaslike bladsy van die lisensie van so 'n houer onderteken;  
en
- (c) die logboek van so 'n houer endosseer.

(3) Vir die heruitreiking van 'n instrumentgradering wat verval het weens die verstryking van die tydperk bedoel in regulasie 61.20.8 en na 24 maande, maar nie meer nie as vyf jaar verloop het vanaf die datum van sodanige verval, moet die houer van sodanige vervalde gradering -

- (a) vyf uur instrumentvliegtyd met 'n Kategorie A- of 'n Kategorie B-vlieginstrukteur in 'n lugvaartuig of in 'n simuleerder voltooi; en
- (b) die vaardigheidstoets bedoel in regulasie 61.20.5 ondergaan.

(4) Die aangewese eksaminator moet, by voldoening aan die bepalings van subregulasie (3)(a) en (b) deur die houer van die vervalde gradering -

- (a) die Kommissaris voorsien van die vaardigheidstoetsverslag soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL;
- (b) die toepaslike bladsy van die lisensie van so 'n houer onderteken;  
en
- (c) die logboek van so 'n houer endosseer.

(5) 'n Instrumentgradering wat verval het weens die verstryking van die tydperk bedoel in regulasie 61.20.8 en na 'n verdere tydperk van vyf jaar verloop het vanaf die datum van sodanige verval, word deur die Kommissaris heruitgereik indien die houer van sodanige vervalde gradering voldoen aan die vereistes bedoel in regulasie 61.20.1.

(6) Die bepalings van regulasie 61.20.6 is *mutatis mutandis* van toepassing op 'n aansoek bedoel in subregulasie (5).

**SUBDEEL 21****GRAAD I-VLIEGTUIGVLIEGINSTRUKTEURSGRADERING****Vereistes vir Graad I-vliegtuigvlieginstrukteursgradering**

**61.21.1** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n Graad I-vliegtuigvlieginstrukteursgradering moet -

- (a) 'n geldige lugrederyvervoervlieënierslisensie (vliegtuig) hou;
- (b) 'n geldige Graad II-vliegtuigvlieginstrukteursgradering hou;
- (c) die ondervinding bedoel in regulasie 61.21.2 opgedoen het;
- (d) die opleiding bedoel in regulasie 61.21.3 suksesvol voltooi het;
- (e) die eksamen oor teoretiese kennis bedoel in regulasie 61.21.4 geslaag het; en
- (f) die vaardigheidstoets bedoel in regulasie 61.21.5 ondergaan het.

**Ondervinding**

**61.21.2** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n Graad I-vliegtuigvlieginstrukteursgradering moet beskik oor minstens drie jaar ondervinding as 'n Graad II-vliegtuigvlieginstrukteur, waartydens hy of sy minstens 1 500 uur vliegonderrig gegee het.

**Opleiding**

**61.21.3** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n Graad I-vliegtuigvlieginstrukteursgradering moet die toepaslike opleiding soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL suksesvol voltooi het.

**Eksamen oor teoretiese kennis**

**61.21.4** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n Graad I-vliegtuigvlieginstrukteursgradering moet die toepaslike skriftelike eksamen soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL geslaag het.

## Vaardigheidstoets

**61.21.5** (1) 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n Graad I-vliegtuigvlieginstrukteursgradering moet aan 'n aangewese eksaminator die vermoë demonstreer het om as 'n Graad I-vliegtuigvlieginstrukteur die prosedures en maneuvres soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL met 'n mate van bevoegdheid toepaslik vir die voorregte verleen aan die houer van 'n Graad I-vliegtuigvlieginstrukteursgradering uit te voer.

(2) Die aansoeker moet die vaardigheidstoets bedoel in subregulasie (1) ondergaan binne 24 maande nadat die eksamen oor teoretiese kennis bedoel in regulasie 61.21.4 geslaag is en binne die 90 dae onmiddellik voor die datum van aansoek.

(3) Die vaardigheidstoets bedoel in subregulasie (1) moet afgeneem word in 'n meermotorige vliegtuig met bestuurbare skroewe, verstelbare klappe en intrek-onderstel of in 'n turbine-aangedrewe meermotorige vliegtuig of 'n simuleerder.

## Aansoek om Graad I-vliegtuigvlieginstrukteursgradering

**61.21.6** 'n Aansoek om die uitreiking van 'n Graad I-vliegtuigvlieginstrukteursgradering -

- (a) word by die Kommissaris gedoen in die toepaslike vorm soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL; en
- (b) gaan vergesel van -
  - (i) 'n gesertifiseerde ware kopie van die lugredery-vervoervlieënierslisensie (vliegtuig) deur die aansoeker gehou;
  - (ii) oorspronklike of gesertifiseerde bewys dat die aansoeker die eksamen oor teoretiese kennis bedoel in regulasie 61.21.4 geslaag het;
  - (iii) die vaardigheidstoetsverslag soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL; en
  - (iv) die toepaslike geld soos voorgeskryf in Deel 187.

## Uitreiking van Graad I-vliegtuigvlieginstrukteursgradering

**61.21.7** (1) Die Kommissaris reik 'n Graad I-vliegtuigvlieginstrukteursgradering uit indien die aansoeker voldoen aan die vereistes bedoel in regulasie 61.21.1.

(2) 'n Graad I-vliegtuigvlieginstrukteursgradering word uitgereik in die toepaslike vorm soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL.

## Geldigheidsduur

**61.21.8** 'n Graad I-vliegtuigvlieginstrukteursgradering is geldig vir 'n tydperk van drie jaar



bereken van die datum van uitreiking of heruitreiking van die gradering of van die vervaldatum van die gradering indien so 'n gradering hernu word ooreenkomstig die bepalings van regulasie 61.21.10.

### **Voorregte en beperkings van Graad I-vliegtuigvlieginstruktorsgradering**

**61.21.9** (1) Geen persoon mag vliegopleiding in 'n vliegtuig vir die doel om 'n lisensie of gradering te verkry, onderneem nie, tensy so 'n persoon die houer is van 'n geldige vlieginstruktorsgradering toepaslik vir die tipe vliegtuig waarin die vliegopleiding onderneem word.

(2) Die houer van 'n geldige Graad I-vliegtuigvlieginstruktorsgradering is geregtig om vliegopleiding te gee in vliegtuie ten opsigte waarvan hy of sy die houer is van die toepaslike tipegradering.

(3) Die houer van 'n geldige Graad I-vliegtuigvlieginstruktorsgradering is geregtig om al die voorregte uit te oefen van 'n Graad II- of Graad III-vliegtuigvlieginstrukteur en om die pligte van 'n aangewese eksaminator te onderneem indien deur die Kommissaris ingevolge regulasie 61.01.17 aangewys.

### **Hernuwing**

**61.21.10** (1) Om 'n Graad I-vliegtuigvlieginstruktorsgradering te hernu, moet die houer van die gradering, binne die 90 dae onmiddellik voor die vervaldatum van so 'n gradering, aan enige twee van die volgende vereistes voldoen:

(a) Gee minstens 50 uur vliegonderrig binne die drie jaar wat die vervaldatum voorafgaan, waarvan minstens 30 uur gegee moet word binne die 12 maande onmiddellik voor die vervaldatum van so 'n gradering;

(b) woon 'n vlieginstrukteur-opfrissingseminaar by soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL;

(c) ondergaan die vaardigheidstoets bedoel in regulasie 61.21.5.

(2) Die aangewese eksaminator moet, by voldoening aan die vereistes bedoel in subregulasie (1) deur die houer van die gradering -

(a) die Kommissaris voorsien van die vaardigheidstoetsverslag soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL;

(b) die toepaslike bladsy van die lisensie van so 'n houer onderteken; en

(c) die logboek van so 'n houer endosseer.

(3) Indien die uitslag van die vaardigheidstoets beoog in subregulasie (1) laat blyk dat die houer van die gradering in gebreke gebly het om die minimumstandaard te handhaaf wat vereis word om die voorregte bedoel in regulasie 61.21.9 uit te oefen, moet die



aangewese eksaminator -

- (a) so 'n uitslag aan die Kommissaris rapporteer; en
- (b) nie die toepaslike bladsy van die lisensie van die houer van die gradering onderteken nie.

### Heruitreiking

61.21.11 (1) Die houer van 'n Graad I-vliegtuigvlieginstrukteursgradering wat verval het weens die verstryking van die tydperk bedoel in regulasie 61.21.8, kan, voor 'n verdere 60 maande, bereken van die vervaldatum van die gradering, verloop het, aansoek doen om die heruitreiking van die vervalde gradering.

(2) Die Kommissaris moet die vervalde gradering heruitreik indien die aansoeker -

- (a) voldoen het aan die vereistes vir die heruitreiking van 'n vervalde Graad III-vliegtuigvlieginstrukteursgradering voorgeskryf in regulasie 61.23.11(1);
- (b) minstens 50 uur vliegonderrig gegee het as die houer van 'n Graad III-vliegtuigvlieginstrukteursgradering heruitgereik ingevolge regulasie 61.23.11; en
- (c) die vaardigheidstoets bedoel in regulasie 61.21.5 ondergaan het.

(3) 'n Aansoek om die heruitreiking van die vervalde gradering gaan vergesel van -

- (a) die Graad III-vliegtuigvlieginstrukteursgradering heruitgereik ingevolge regulasie 61.23.11;
- (b) 'n kopie van die betrokke bladsy van die logboek van die aansoeker;
- (c) die vaardigheidstoetsverslag soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL; en
- (d) die toepaslike geld soos voorgeskryf in Deel 187.

(4) Indien 'n tydperk van 60 maande verloop het na die vervaldatum van die gradering, kan die houer van die vervalde gradering by die Kommissaris aansoek doen om die heruitreiking van die gradering en die Kommissaris moet die gradering heruitreik indien die aansoeker voldoen aan die vereistes vir 'n Graad I-vliegtuigvlieginstrukteursgradering bedoel in regulasie 61.21.1.

(5) Die bepalinge van regulasie 61.21.6 is *mutatis mutandis* van toepassing op 'n aansoek bedoel in hierdie regulasie.

**SUBDEEL 22****GRAAD II-VLIEGTUIGVLIEGINSTRUKTEURSGRADERING****Vereistes vir Graad II-vliegtuigvlieginstrukteursgradering**

**61.22.1** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n Graad II-vliegtuigvlieg-instrukteursgradering moet -

- (a) 'n geldige handelsvlieënierslisensie (vliegtuig) of 'n lugrederyvervoer-vlieënierslisensie (vliegtuig) hou;
- (b) 'n geldige instrumentgradering hou;
- (c) 'n geldige Graad III-vliegtuigvlieginstrukteursgradering hou;
- (d) die ondervinding bedoel in regulasie 61.22.2 opgedoen het;
- (e) die opleiding bedoel in regulasie 61.22.3 suksesvol voltooi het;
- (f) die eksamen oor teoretiese kennis bedoel in regulasie 61.22.4 geslaag het; en
- (g) die vaardigheidstoets bedoel in regulasie 61.22.5 ondergaan het.

**Ondervinding**

**61.22.2** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n Graad II-vliegtuigvlieg-instrukteursgradering moet minstens 200 uur vliegonderrig as 'n Graad III-vliegtuigvlieginstrukteur gegee het.

**Opleiding**

**61.22.3** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n Graad II-vliegtuigvlieg-instrukteursgradering moet die toepaslike opleiding soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL suksesvol voltooi het.

**Eksamen oor teoretiese kennis**

**61.22.4** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n Graad II-vliegtuigvlieg-instrukteursgradering moet die toepaslike skriftelike eksamen soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL geslaag het.

## Vaardigheidstoets

**61.22.5** (1) 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n Graad II-vliegtuigvlieginstrukteursgradering moet aan 'n aangewese eksaminator die vermoë demonstreer het om as 'n Graad II-vliegtuigvlieginstrukteur die prosedures en maneuvres soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL met 'n mate van bevoegdheid toepaslik vir die voorregte verleen aan die houer van 'n Graad II-vliegtuigvlieginstrukteursgradering uit te voer.

(2) Die aansoeker moet die vaardigheidstoets bedoel in subregulasie (1) ondergaan binne 24 maande nadat die eksamen oor teoretiese kennis bedoel in regulasie 61.22.4 geslaag is en binne die 90 dae onmiddellik voor die aansoekdatum.

(3) Die vaardigheidstoets bedoel in subregulasie (1) moet afgeneem word in 'n eenmotorige of 'n meermotorige vliegtuig.

## Aansoek om Graad II-vliegtuigvlieginstrukteursgradering

**61.22.6** 'n Aansoek om die uitreiking van 'n Graad II-vliegtuigvlieginstrukteursgradering -

- (a) word by die Kommissaris gedoen in die toepaslike vorm soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL; en
- (b) gaan vergesel van -
  - (i) 'n gesertifiseerde ware kopie van die toepaslike vlieënierslisensie deur die aansoeker gehou;
  - (ii) oorspronklike of gesertifiseerde bewys dat die aansoeker die eksamen oor teoretiese kennis bedoel in regulasie 61.22.4 geslaag het;
  - (iii) die vaardigheidstoetsverslag soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL; en
  - (iv) die toepaslike geld soos voorgeskryf in Deel 187.

## Uitreiking van Graad II-vliegtuigvlieginstrukteursgradering

**61.22.7** (1) Die Kommissaris reik 'n Graad II-vliegtuigvlieginstrukteursgradering uit indien die aansoeker voldoen aan die vereistes bedoel in regulasie 61.22.1.

(2) 'n Graad II-vliegtuigvlieginstrukteursgradering word uitgereik in die toepaslike vorm soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL.

## Geldigheidsduur

**61.22.8** 'n Graad II-vliegtuigvlieginstruktorsgradering is geldig vir 'n tydperk van drie jaar bereken van die datum van uitreiking of heruitreiking van die gradering of van die vervaldatum van die gradering indien so 'n gradering hernu word ooreenkomstig die bepalings van regulasie 61.22.10.

## Voorregte en beperkings van Graad II-vliegtuigvlieginstruktorsgradering

**61.22.9** (1) Geen persoon mag vliegopleiding in 'n vliegtuig vir die doel om 'n lisensie of gradering te verkry, onderneem nie, tensy so 'n persoon die houer is van 'n geldige vlieginstruktorsgradering toepaslik vir die tipe vliegtuig waarin die vliegopleiding onderneem word.

(2) Die houer van 'n geldige Graad II-vliegtuigvlieginstruktorsgradering is geregtig om vliegopleiding te gee in vliegtuie ten opsigte waarvan hy of sy die houer is van die toepaslike tipegradering.

(3) Die houer van 'n geldige Graad II-vliegtuigvlieginstruktorsgradering is geregtig -

- (a) om al die voorregte van 'n Graad III-vliegtuigvlieginstruktorsgradering uit te oefen;
- (b) om bevoegdheidsertifikate uit te reik;
- (c) om die houer van 'n leerlingvlieënierslisensie op sy of haar eerste alleenvlug te stuur;
- (d) om die opleiding vereis vir 'n Graad III-vliegtuigvlieginstrukteurgradering te onderneem;
- (e) om instrumentvliegopleiding vereis vir 'n instrumentgradering te onderneem indien hy of sy die instrumentvlieginstruktorsvaardigheidstoets soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL voltooi het;
- (f) om die vaardigheidstoetse af te neem en die vaardigheidstoetsverslae vir 'n privaatvlieënierslisensie (vliegtuig), nagvlieggradering, sleepvlieëniersgradering, veiligheidvlieëniersgradering en tipegraderings in vliegtuie waarvoor hy of sy tipe-gradeer is, te voltooi; en
- (g) meermotorige opleiding vereis vir 'n meermotorige klasgradering te onderneem indien hy of sy die toepaslike geldige klas- en tipegradering hou, en die volgende voltooi het -
  - (i) die toepaslike opleiding soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL;
  - (ii) die meermotorige instruktorsvaardigheidstoets soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL; en

- (iii) minstens 100 uur vliegtyd as vlieënier in meermotorige vliegtuie.

### Hernuwing

**61.22.10** (1) Om 'n Graad II-vliegtuigvlieginstrukteursgradering te hernu, moet die houer van die gradering, binne die 90 dae onmiddellik voor die vervaldatum van so 'n gradering, aan enige twee van die volgende vereistes voldoen:

- (a) Gee minstens 50 uur vliegonderrig binne die drie jaar wat die vervaldatum voorafgaan, waarvan minstens 30 uur gegee moet word binne die 12 maande onmiddellik voor die vervaldatum van so 'n gradering;
- (b) woon 'n vlieginstrukteur-opfrissingseminaar by soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL;
- (c) ondergaan die vaardigheidstoets bedoel in regulasie 61.22.5.

(2) Die aangewese eksaminator moet, by voldoening aan die vereistes bedoel in subregulasie (1) deur die houer van die gradering -

- (a) die Kommissaris voorsien van die vaardigheidstoetsverslag soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL;
- (b) die toepaslike bladsy van die lisensie van so 'n houer onderteken; en
- (c) die logboek van so 'n houer endosseer.

(3) Indien die uitslag van die vaardigheidstoets beoog in subregulasie (1) laat blyk dat die houer van die gradering in gebreke gebly het om die minimumstandaard te handhaaf wat vereis word om die voorregte bedoel in regulasie 61.22.9 uit te oefen, moet die aangewese eksaminator -

- (a) so 'n uitslag aan die Kommissaris rapporteer; en
- (b) nie die toepaslike bladsy van die lisensie van die houer van die gradering onderteken nie.

### Heruitreiking

**61.22.11** (1) Die houer van 'n Graad II-vliegtuigvlieginstrukteursgradering wat verval het weens die verstryking van die tydperk bedoel in regulasie 61.22.8, kan, voor 'n verdere 60 maande, bereken van die vervaldatum van die gradering, verloop het, aansoek doen om die heruitreiking van die vervalde gradering.

(2) Die Kommissaris moet die vervalde gradering heruitreik indien die aansoeker -

- (a) voldoen het aan die vereistes vir die heruitreiking van 'n vervalde Graad III-vliegtuigvlieginstrukteursgradering voorgeskryf in

regulasie 61.23.11(1);

(b) minstens 50 uur vliegonderrig gegee het as die houer van 'n Graad III-vliegtuigvlieginstrukteursgradering heruitgereik ingevolge regulasie 61.23.11; en

(c) die vaardigheidstoets bedoel in regulasie 61.22.5 ondergaan het.

(3) 'n Aansoek om die heruitreiking van die vervalde gradering gaan vergesel van -

(a) die Graad III-vliegtuigvlieginstrukteursgradering heruitgereik ingevolge regulasie 61.23.11;

(b) 'n kopie van die betrokke bladsy van die logboek van die aansoeker;

(c) die vaardigheidstoetsverslag soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL; en

(d) die toepaslike geld soos voorgeskryf in Deel 187.

(4) Indien 'n tydperk van 60 maande verloop het na die vervaldatum van die gradering, kan die houer van die vervalde gradering by die Kommissaris aansoek doen om die heruitreiking van die gradering en die Kommissaris moet die gradering heruitreik indien die aansoeker voldoen aan die vereistes vir 'n Graad II-vliegtuigvlieginstrukteursgradering bedoel in regulasie 61.22.1.

(5) Die bepalinge van regulasie 61.22.6 is *mutatis mutandis* van toepassing op 'n aansoek bedoel in hierdie regulasie.



**SUBDEEL 23****GRAAD III-VLIEGTUIGVLIEGINSTRUKTEURSGRADERING****Vereistes vir Graad III-vliegtuigvlieginstrukteursgradering**

**61.23.1** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n Graad III-vliegtuigvlieginstrukteursgradering moet -

- (a) 'n geldige handelsvlieënierslisensie (vliegtuig) of 'n lugrederyvervoervlieënierslisensie (vliegtuig) hou;
- (b) die ondervinding bedoel in regulasie 61.23.2 opgedoen het;
- (c) die opleiding bedoel in regulasie 61.23.3 suksesvol voltooi het;
- (d) die eksamen oor teoretiese kennis bedoel in regulasie 61.23.4 geslaag het; en
- (e) die vaardigheidstoets bedoel in regulasie 61.23.5 ondergaan het.

**Ondervinding**

**61.23.2** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n Graad III-vliegtuigvlieginstrukteursgradering moet 'n opleidingskursus onderneem het waartydens minstens 25 uur vliegonderrig gegee is onder die toesig van die houer van 'n Graad I- of 'n Graad II-vliegtuigvlieginstrukteursgradering.

**Opleiding**

**61.23.3** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n Graad III-vliegtuigvlieginstrukteursgradering moet die toepaslike opleiding soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL suksesvol voltooi het.

**Eksamen oor teoretiese kennis**

**61.23.4** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n Graad III-vliegtuigvlieginstrukteursgradering moet die toepaslike skriftelike eksamen soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL geslaag het.

### **Vaardigheidstoets**

**61.23.5** (1) 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n Graad III-vliegtuigvlieg-instrukteursgradering moet aan 'n aangewese eksaminator die vermoë demonstreer het om as 'n Graad III-vliegtuigvlieginstrukteur die prosedures en maneuvres soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL met 'n mate van bevoegdheid toepaslik vir die voorregte verleen aan die houer van 'n Graad III-vliegtuigvlieginstrukteursgradering uit te voer.

(2) Die aansoeker moet die vaardigheidstoets bedoel in subregulasie (1) ondergaan binne 24 maande nadat die eksamen oor teoretiese kennis bedoel in regulasie 61.23.4 geslaag is en binne die 90 dae onmiddellik voor die datum van aansoek.

(3) Die vaardigheidstoets moet onderneem word in 'n enkelmotorige of meermotorige vliegtuig.

### **Aansoek om Graad III-vliegtuigvlieginstrukteursgradering**

**61.23.6** 'n Aansoek om die uitreiking van 'n Graad III-vliegtuigvlieginstrukteurs-gradering -

- (a) word by die Kommissaris gedoen in die toepaslike vorm soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL; en
- (b) gaan vergesel van -
  - (i) 'n gesertifiseerde ware kopie van die toepaslike vlieënierslisensie deur die aansoeker gehou;
  - (ii) oorspronklike of gesertifiseerde bewys dat die aansoeker die eksamen oor teoretiese kennis bedoel in regulasie 61.23.4 geslaag het;
  - (iii) die vaardigheidstoetsverslag soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL; en
  - (iv) die toepaslike geld soos voorgeskryf in Deel 187.

### **Uitreiking van Graad III-vliegtuigvlieginstrukteursgradering**

**61.23.7** (1) Die Kommissaris reik 'n Graad III-vliegtuigvlieginstrukteursgradering uit indien die aansoeker voldoen aan die vereistes bedoel in regulasie 61.23.1.

(2) 'n Graad III-vliegtuigvlieginstrukteursgradering word uitgereik in die toepaslike vorm soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL.

## Geldigheidsduur

**61.23.8** 'n Graad III-vliegtuigvlieginstrukteursgradering is geldig vir 'n tydperk van drie jaar bereken van die datum van uitreiking of heruitreiking van die gradering of van die vervaldatum van die gradering indien so 'n gradering hernu word ooreenkomstig die bepalings van regulasie 61.23.10.

## Voorregte en beperkings van Graad III-vliegtuigvlieginstrukteursgradering

**61.23.9** (1) Geen persoon mag vliegopleiding in 'n vliegtuig vir die doel om 'n lisensie of gradering te verkry, onderneem nie, tensy so 'n persoon die houer is van 'n geldige vlieginstrukteursgradering toepaslik vir die tipe vliegtuig waarin die vliegopleiding onderneem word.

(2) Die houer van 'n geldige Graad III-vliegtuigvlieginstrukteursgradering is geregtig -

- (a) om vliegonderrig te gee in vliegtuie ten opsigte waarvan hy of sy die houer is van die toepaslike tipegradering;
- (b) om sodanige vliegonderrig te gee slegs onder die toesig van die houer van 'n Graad I- 'n of Graad II-vliegtuigvlieginstrukteursgradering, wie die houer is van die toepaslike geldige klas- en tipegradering;
- (c) om die vaardigheidstoetsverslae ten opsigte van tipegraderings vir vliegtuie met 'n maksimum gesertifiseerde massa van 2 700 kilogram of minder te voltooi;
- (d) om instrumentvliegopleiding vereis vir 'n nagvlieggradering te gee indien hy of sy 'n geldige instrumentgradering hou; en
- (e) om meermotorige opleiding vereis vir 'n meermotorige klasgradering te onderneem indien hy of sy die volgende voltooi het -
  - (i) die toepaslike opleiding soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL;
  - (ii) die meermotorige instrukteursvaardigheidstoets soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL; en
  - (iii) minstens 100 uur vliegtyd as vlieënier in meermotorige vliegtuie.

## Hernuwing

**61.23.10** (1) Om 'n Graad III-vliegtuigvlieginstrukteursgradering te hernu, moet die houer van die gradering, binne die 90 dae onmiddellik voor die vervaldatum van so 'n

gradering, aan enige twee van die volgende vereistes voldoen:

- (a) Gee minstens 50 uur vliegonderrig binne die drie jaar wat die vervaldatum voorafgaan, waarvan minstens 30 uur gegee moet word binne die 12 maande onmiddellik voor die vervaldatum van so 'n gradering;
- (b) woon 'n vlieginstrukteur-opfrissingseminaar by soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL;
- (c) ondergaan die vaardigheidstoets bedoel in regulasie 61.23.5.

(2) Die aangewese eksaminator moet, by voldoening aan die vereistes bedoel in subregulasie (1) deur die houer van die gradering -

- (a) die Kommissaris voorsien van die vaardigheidstoetsverslag soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL;
- (b) die toepaslike bladsy van die lisensie van so 'n houer onderteken; en
- (c) die logboek van so 'n houer endosseer.

(3) Indien die uitslag van die vaardigheidstoets beoog in subregulasie (1) laat blyk dat die houer van die gradering in gebreke gebly het om die minimumstandaard te handhaaf wat vereis word om die voorregte bedoel in regulasie 61.23.9 uit te oefen, moet die aangewese eksaminator -

- (a) so 'n uitslag aan die Kommissaris rapporteer; en
- (b) nie die toepaslike bladsy van die lisensie van die houer van die gradering onderteken nie.

### Heruitreiking

**61.23.11** (1) Die houer van 'n Graad III-vliegtuigvlieginstrukteursgradering wat verval het weens die verstryking van die tydperk bedoel in regulasie 61.23.8, kan, voor 'n verdere 60 maande, bereken van die vervaldatum van die gradering, verloop het, aansoek doen om die heruitreiking van die vervalde gradering.

(2) Die Kommissaris moet die vervalde gradering heruitreik indien die aansoeker -

- (a) 'n vlieginstrukteur-opfrissingseminaar bygewoon het soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL; en
- (b) die vaardigheidstoets bedoel in regulasie 61.23.5 ondergaan het.

(3) 'n Aansoek om die heruitreiking van die vervalde gradering gaan vergesel van -

- (a) 'n gesertifiseerde ware kopie van die toepaslike lisensie deur die aansoeker gehou;
- (b) oorspronklike of gesertifiseerde bewys dat die aansoeker die vlieginstrukteur-opfrissingseminaar bedoel in subregulasie (2)(a) bygewoon het;

(c) die vaardigheidstoetsverslag soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL; en

(d) die toepaslike geld soos voorgeskryf in Deel 187.

(4) Indien 'n tydperk van 60 maande verloop het na die vervaldatum van die gradering, kan die houer van die vervalde gradering by die Kommissaris aansoek doen om die heruitreiking van die gradering en die Kommissaris moet die gradering heruitreik indien die aansoeker voldoen aan die vereistes vir 'n Graad III-vliegtuigvlieginstruktorsgradering bedoel in regulasie 61.23.1.

(5) Die bepaling van regulasie 61.23.6 is *mutatis mutandis* van toepassing op 'n aansoek bedoel in hierdie regulasie.

**SUBDEEL 24****VLEIGTUIGSIMULEERDER-VLEIGINSTRUKTEURSGRADERING****Vereistes vir vliegtuigsimuleerder-vlieginstrukteursgradering**

**61.24.1** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n vliegtuigsimuleerder-vlieginstrukteursgradering moet -

- (a) 'n geldige handelsvlieënierslisensie (vliegtuig) of 'n lugredery-vervoervlieënierslisensie (vliegtuig) hou of gehou het;
- (b) 'n geldige Graad I-, Graad II-, of Graad III-vliegtuigvlieginstrukteursgradering hou of gehou het;
- (c) die ondervinding bedoel in regulasie 61.24.2 opgedoen het;
- (d) die opleiding bedoel in regulasie 61.24.3 suksesvol voltooi het;
- (e) die eksamen oor teoretiese kennis bedoel in regulasie 61.24.4 geslaag het; en
- (f) die vaardigheidstoets bedoel in regulasie 61.24.5 ondergaan het.

**Ondervinding**

**61.24.2** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n vliegtuigsimuleerder-vlieginstrukteursgradering moet -

- (a) minstens 1 500 uur vliegtyd as vlieënier van 'n meermotorige vliegtuig voltooi het; en
- (b) binne die 12 maande onmiddellik voor die datum van aansoek, drie roete-sektore op tipe as botallige bemanning van 'n vliegtuig voltooi het.

**Opleiding**

**61.24.3** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n vliegtuigsimuleerder-vlieginstrukteursgradering moet die toepaslike opleiding soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL suksesvol voltooi het.

**Eksamen oor teoretiese kennis**

**61.24.4** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n vliegtuigsimuleerder-vlieginstrukteursgradering moet die toepaslike skriftelike eksamen soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL geslaag het.



## Vaardigheidstoets

**61.24.5** (1) 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n vliegtuigsimuleerder-vlieginstruktorsgradering moet aan 'n aangewese eksaminator die vermoë demonstreer het om as 'n vliegtuigsimuleerder-vlieginstrukteur die prosedures en manoeuvres soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL met 'n mate van bevoegdheid toepaslik vir die voorregte verleen aan die houer van 'n vliegtuigsimuleerder-vlieginstruktorsgradering uit te voer.

(2) Die aansoeker moet die vaardigheidstoets bedoel in subregulasie (1) ondergaan binne 24 maande nadat die eksamen oor teoretiese kennis bedoel in regulasie 61.24.4 geslaag is en binne die 90 dae onmiddellik voor die datum van aansoek.

(3) Die vaardigheidstoets moet onderneem word in 'n tipe-spesifieke simuleerder.

## Aansoek om vliegtuigsimuleerder-vlieginstruktorsgradering

**61.24.6** 'n Aansoek om die uitreiking van 'n vliegtuigsimuleerder-vlieginstruktorsgradering -

- (a) word by die Kommissaris gedoen in die toepaslike vorm soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL; en
- (b) gaan vergesel van -
  - (i) 'n gesertifiseerde ware kopie van die toepaslike vlieënierslisensie deur die aansoeker gehou;
  - (ii) oorspronklike of gesertifiseerde bewys dat die aansoeker die eksamen oor teoretiese kennis bedoel in regulasie 61.24.4 geslaag het;
  - (iii) die vaardigheidstoetsverslag soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL; en
  - (iv) die toepaslike geld soos voorgeskryf in Deel 187.

## Uitreiking van vliegtuigsimuleerder-vlieginstruktorsgradering

**61.24.7** (1) Die Kommissaris reik 'n vliegtuigsimuleerder-vlieginstruktorsgradering uit indien die aansoeker voldoen aan die vereistes bedoel in regulasie 61.24.1.

(2) 'n Vliegtuigsimuleerder-vlieginstruktorsgradering word uitgereik in die toepaslike vorm soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL.

## Geldigheidsduur

**61.24.8** 'n Vliegtuigsimuleerder-vlieginstruktorsgradering is geldig vir 'n tydperk van drie jaar bereken van die datum van uitreiking of heruitreiking van die gradering of van die vervaldatum van die gradering indien so 'n gradering hernu word ooreenkomstig die bepalings van regulasie 61.24.10.

## Voorregte en beperkings van vliegtuigsimuleerder-vlieginstruktorsgradering

**61.24.9** (1) Geen persoon mag vliegtuigsimuleerderopleiding vir die doel om 'n lisensie of gradering te verkry, onderneem nie, tensy so 'n persoon die houer is van 'n geldige vliegtuigsimuleerder-vlieginstruktorsgradering toepaslik vir die tipe simuleerder waarin die opleiding onderneem word.

(2) Die houer van 'n geldige vliegtuigsimuleerder-vlieginstruktorsgradering is geregtig om onderrig te gee in simuleerders van vliegtuie ten opsigte waarvan hy of sy die houer is van die toepaslike tipegradering.

(3) Die houer van 'n geldige vliegtuigsimuleerder-vlieginstruktorsgradering is geregtig om onderrig te gee aan die houer van 'n vlieënierslisensie in 'n simuleerder vir 'n tipegradering in multivlieëniers-vliegtuie en multi-bemanning samewerking.

## Hernuwing

**61.24.10** (1) Om 'n vliegtuigsimuleerder-vlieginstruktorsgradering te hernu, moet die houer van die gradering -

- (a) binne die 12 maande onmiddellik voor die vervaldatum van so 'n gradering, 'n tipegradering-opleidingskursus onderneem het; en
- (b) binne die 90 dae onmiddellik voor die vervaldatum van so 'n gradering, die vaardigheidstoets bedoel in regulasie 61.24.5 ondergaan het.

(2) Die aangewese eksaminator moet, by voldoening aan die vereistes bedoel in subregulasie (1) deur die houer van die gradering -

- (a) die Kommissaris voorsien van die vaardigheidstoetsverslag soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL;
- (b) die toepaslike bladsy van die lisensie van so 'n houer onderteken; en
- (c) die logboek van so 'n houer endosseer.

(3) Indien die uitslag van die vaardigheidstoets beoog in subregulasie (1) laat blyk dat die houer van die gradering in gebreke gebly het om die minimumstandaard te handhaaf wat vereis word om die voorregte bedoel in regulasie 61.24.9 uit te oefen, moet die

aangewese eksaminator -

- (a) so 'n uitslag aan die Kommissaris rapporteer; en
- (b) nie die toepaslike bladsy van die lisensie van die houër van die gradering onderteken nie.

### Heruitreiking

**61.24.11** (1) Die houër van 'n vliegtuigsimuleerder-vlieginstruktorsgradering wat verval het weens die verstryking van die tydperk bedoel in regulasie 61.24.8, kan aansoek doen om die heruitreiking van die vervalde gradering.

(2) Die Kommissaris moet die vervalde gradering heruitreik indien die aansoeker voldoen aan die vereistes vir 'n vliegtuigsimuleerder-vlieginstruktorsgradering bedoel in regulasie 61.24.1.

(3) Die bepaling van regulasie 61.24.6 is *mutatis mutandis* van toepassing op 'n aansoek bedoel in hierdie regulasie.

**SUBDEEL 25****GRAAD I-HELIKOPTERVliegINSTRUKTEURSGRADERING****Vereistes vir Graad I-helikoptervlieginstrukteursgradering**

**61.25.1** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n Graad I-helikoptervlieg-instrukteursgradering moet -

- (a) 'n geldige lugrederyvervoervlieënierslisensie (helikopter) hou;
- (b) 'n geldige Graad II-helikoptervlieginstrukteurgradering hou;
- (c) die ondervinding bedoel in regulasie 61.25.2 opgedoen het;
- (d) die opleiding bedoel in regulasie 61.25.3 suksesvol voltooi het;
- (e) die eksamen oor teoretiese kennis bedoel in regulasie 61.25.4 geslaag het; en
- (f) die vaardigheidstoets bedoel in regulasie 61.25.5 ondergaan het.

**Ondervinding**

**61.25.2** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n Graad I-helikoptervlieg-instrukteursgradering moet beskik oor minstens drie jaar ondervinding as 'n Graad II-helikoptervlieginstrukteur, waartydens hy of sy minstens 1 500 uur vliegonderrig gegee het.

**Opleiding**

**61.25.3** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n Graad I-helikoptervlieg-instrukteursgradering moet die toepaslike opleiding soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL suksesvol voltooi het.

**Eksamen oor teoretiese kennis**

**61.25.4** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n Graad I-helikoptervlieg-instrukteursgradering moet die toepaslike skriftelike eksamen soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL geslaag het.

## Vaardigheidstoets

**61.25.5** (1) 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n Graad I-helikoptervlieginstrukteursgradering moet aan 'n aangewese eksaminator die vermoë demonstreer het om as 'n Graad I-helikoptervlieginstrukteur die prosedures en maneuvers soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL met 'n mate van bevoegdheid toepaslik vir die voorregte verleen aan die houer van 'n Graad I-helikoptervlieginstrukteursgradering uit te voer.

(2) Die aansoeker moet die vaardigheidstoets bedoel in subregulasie (1) ondergaan binne 24 maande nadat die eksamen oor teoretiese kennis bedoel in regulasie 61.25.4 geslaag is en binne die 90 dae onmiddellik voor die datum van aansoek.

(3) Die vaardigheidstoets moet onderneem word in 'n meermotorige helikopter.

## Aansoek om Graad I-helikoptervlieginstrukteursgradering

**61.25.6** 'n Aansoek om die uitreiking van 'n Graad I-helikoptervlieginstrukteursgradering -

(a) word by die Kommissaris gedoen in die toepaslike vorm soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL; en

(b) gaan vergesel van -

(i) 'n gesertifiseerde ware kopie van die lugrederyvervoervlieënierslisensie (helikopter) deur die aansoeker gehou;

(ii) oorspronklike of gesertifiseerde bewys dat die aansoeker die eksamen oor teoretiese kennis bedoel in regulasie 61.25.4 geslaag het;

(iii) die vaardigheidstoetsverslag soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL; en

(iv) die toepaslike geld soos voorgeskryf in Deel 187.

## Uitreiking van Graad I-helikoptervlieginstrukteursgradering

**61.25.7** (1) Die Kommissaris reik 'n Graad I-helikoptervlieginstrukteursgradering uit indien die aansoeker voldoen aan die vereistes bedoel in regulasie 61.25.1.

(2) 'n Graad I-helikoptervlieginstrukteursgradering word uitgereik in die toepaslike vorm soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL.

### Geldigheidsduur

**61.25.8** 'n Graad I-helikoptervlieginstrukteursgradering is geldig vir 'n tydperk van drie jaar bereken van die datum van uitreiking of heruitreiking van die gradering of van die vervaldatum van die gradering indien so 'n gradering hernu word ooreenkomstig die bepalings van regulasie 61.25.10.

### Voorregte en beperkings van Graad I-helikoptervlieginstrukteursgradering

**61.25.9** (1) Geen persoon mag vliegopleiding in 'n helikopter vir die doel om 'n lisensie of gradering te verkry, onderneem nie, tensy so 'n persoon die houer is van 'n geldige vlieginstrukteursgradering toepaslik vir die tipe helikopter waarin die vliegopleiding onderneem word.

(2) Die houer van 'n geldige Graad I-helikoptervlieginstrukteursgradering is geregtig om vliegonderrig te gee in helikopters ten opsigte waarvan hy of sy die houer is van die toepaslike tipegradering.

(3) Die houer van 'n geldige Graad I-helikoptervlieginstrukteursgradering is geregtig om al die voorregte van 'n Graad II- of Graad III-helikoptervlieginstrukteur uit te oefen en om die pligte van 'n aangewese eksaminator te onderneem indien aangewys deur die Kommissaris ingevolge regulasie 61.01.17.

### Hernuwing

**61.25.10** (1) Om 'n Graad I-helikoptervlieginstrukteursgradering te hernu, moet die houer van die gradering, binne die 90 dae onmiddellik voor die vervaldatum van so 'n gradering, voldoen aan enige twee van die volgende vereistes:

- (a) Gee minstens 50 uur vliegonderrig binne die drie jaar wat die vervaldatum voorafgaan, waarvan minstens 30 uur gegee moet word binne die 12 maande onmiddellik voor die vervaldatum van so 'n gradering;
- (b) woon 'n vlieginstrukteur-opfrissingseminaar by soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL;
- (c) ondergaan die vaardigheidstoets bedoel in regulasie 61.25.5.

(2) Die aangewese eksaminator moet, by voldoening aan die vereistes bedoel in subregulasie (1) deur die houer van die gradering -

- (a) die Kommissaris voorsien van die vaardigheidstoetsverslag soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL;
- (b) die toepaslike bladsy van die lisensie van so 'n houer onderteken; en



(c) die logboek van so 'n houer endosseer.

(3) Indien die uitslag van die vaardigheidstoets beoog in subregulasie (1) laat blyk dat die houer van die gradering in gebreke gebly het om die minimumstandaard te handhaaf wat vereis word om die voorregte bedoel in regulasie 61.25.9 uit te oefen, moet die aangewese eksaminator -

(a) so 'n uitslag aan die Kommissaris rapporteer; en

(b) nie die toepaslike bladsy van die lisensie van die houer van die gradering onderteken nie.

## Heruitreiking

**61.25.11** (1) Die houer van 'n Graad I-helikoptervlieginstrukteursgradering wat verval het weens die verstryking van die tydperk bedoel in regulasie 61.25.8, kan, voor 'n verdere tydperk van 60 maande, bereken van die vervaldatum van die gradering, verloop het, aansoek doen om die heruitreiking van die vervalde gradering.

(2) Die Kommissaris moet die vervalde gradering heruitreik indien die aansoeker -

(a) voldoen het aan die vereistes vir die heruitreiking van 'n vervalde Graad III-helikoptervlieginstrukteursgradering voorgeskryf in regulasie 61.27.11(1);

(b) minstens 50 uur vliegonderrig gegee het as die houer van 'n Graad III-helikoptervlieginstrukteursgradering heruitgereik ingevolge regulasie 61.27.11; en

(c) die vaardigheidstoets bedoel in regulasie 61.25.5 ondergaan het.

(3) 'n Aansoek om die heruitreiking van die vervalde gradering gaan vergesel van -

(a) die Graad III-helikoptervlieginstrukteursgradering heruitgereik ingevolge regulasie 61.27.11;

(b) 'n kopie van die betrokke bladsy van die logboek van die aansoeker;

(c) die vaardigheidstoetsverslag soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL; en

(d) die toepaslike geld soos voorgeskryf in Deel 187.

(4) Indien 'n tydperk van 60 maande verstryk het na die vervaldatum van die gradering, kan die houer van die vervalde gradering by die Kommissaris aansoek doen om die heruitreiking van die gradering en die Kommissaris moet die gradering heruitreik indien die aansoeker voldoen aan die vereistes vir 'n Graad I-helikoptervlieginstrukteursgradering bedoel in regulasie 61.25.1.

(5) Die bepalinge van regulasie 61.25.6 is *mutatis mutandis* van toepassing op 'n aansoek bedoel in hierdie regulasie.

**SUBDEEL 26****GRAAD II-HELIKOPTERVliegINSTRUKTEURSGRADERING****Vereistes vir Graad II-helikoptervlieginstrukteursgradering**

**61.26.1** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n Graad II-helikoptervlieg-instrukteursgradering moet -

- (a) 'n geldige handelsvlieënierslisensie (helikopter) of 'n lugredery-vervoervlieënierslisensie (helikopter) hou;
- (b) 'n geldige nagvlieggradering of instrumentgradering hou;
- (c) 'n geldige Graad III-helikoptervlieginstrukteursgradering hou;
- (d) die ondervinding bedoel in regulasie 61.26.2 opgedoen het;
- (e) die opleiding bedoel in regulasie 61.26.3 suksesvol voltooi het;
- (f) die eksamen oor teoretiese kennis bedoel in regulasie 61.26.4 geslaag het; en
- (g) die vaardigheidstoets bedoel in regulasie 61.26.5 ondergaan het.

**Ondervinding**

**61.26.2** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n Graad II-helikoptervlieginstrukteursgradering moet minstens 200 uur vliegonderrig as 'n Graad III-helikoptervlieginstrukteur gegee het.

**Opleiding**

**61.26.3** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n Graad II-helikoptervlieginstrukteursgradering moet die toepaslike opleiding soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL suksesvol voltooi het.

**Eksamen oor teoretiese kennis**

**61.26.4** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n Graad II-helikoptervlieginstrukteursgradering moet die toepaslike skriftelike eksamen soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL geslaag het.

## Vaardigheidstoets

61.26.5 (1) 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n Graad II-helikoptervlieginstrukteursgradering moet aan 'n aangewese eksaminator die vermoë demonstreer het om as 'n Graad II-helikoptervlieginstrukteur die prosedures en maneuvres soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL met 'n mate van bevoegdheid toepaslik vir die voorregte verleen aan die houer van 'n Graad II-helikoptervlieginstrukteursgradering uitgevoer het.

(2) Die aansoeker moet die vaardigheidstoets bedoel in subregulasie (1) ondergaan binne 24 maande nadat die eksamen oor teoretiese kennis bedoel in regulasie 61.26.4 geslaag is en binne die 90 dae onmiddellik voor die datum van aansoek.

(3) Die vaardigheidstoets moet onderneem word in 'n turbinehelikopter.

## Aansoek om Graad II-helikoptervlieginstrukteursgradering

61.26.6 'n Aansoek om die uitreiking van 'n Graad II-helikoptervlieginstrukteursgradering -

- (a) word by die Kommissaris gedoen in die toepaslike vorm soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL; en
- (b) gaan vergesel van -
  - (i) 'n gesertifiseerde ware kopie van die toepaslike vlieënierslisensie deur die aansoeker gehou;
  - (ii) oorspronklike of gesertifiseerde bewys dat die aansoeker die eksamen oor teoretiese kennis bedoel in regulasie 61.26.4 geslaag het;
  - (iii) die vaardigheidstoetsverslag soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL; en
  - (iv) die toepaslike geld soos voorgeskryf in Deel 187.

## Uitreiking van Graad II-helikoptervlieginstrukteursgradering

61.26.7 (1) Die Kommissaris reik 'n Graad II-helikoptervlieginstrukteursgradering uit indien die aansoeker voldoen aan die vereistes bedoel in regulasie 61.26.1.

(2) 'n Graad II-helikoptervlieginstrukteursgradering word uitgereik in die toepaslike vorm soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL.

## Geldigheidsduur

**61.26.8** 'n Graad II-helikoptervlieginstrukteursgradering is geldig vir 'n tydperk van drie jaar bereken van die datum van uitreiking of heruitreiking van die gradering of van die vervaldatum van die gradering indien so 'n gradering hernu word ooreenkomstig die bepalings van regulasie 61.26.10.

## Voorregte en beperkings van Graad II-helikoptervlieginstrukteursgradering

**61.26.9** (1) Geen persoon mag vliegopleiding in 'n helikopter vir die doel om 'n lisensie of gradering te verkry, onderneem nie, tensy so 'n persoon die houer is van 'n geldige vlieginstrukteursgradering toepaslik vir die tipe helikopter waarin die vliegopleiding onderneem word.

(2) Die houer van 'n geldige Graad II-helikoptervlieginstrukteursgradering is geregtig om vliegonderrig te gee in helikopters ten opsigte waarvan hy of sy die houer is van die toepaslike tipegradering.

(3) Die houer van 'n geldige Graad II-helikoptervlieginstrukteursgradering is geregtig -

- (a) om al die voorregte van 'n Graad II-helikoptervlieginstrukteursgradering uit te oefen;
- (b) om bevoegdheidsertifikate uit te reik;
- (c) om die houer van 'n leerlingvlieënierslisensie op sy of haar eerste alleenvlug te stuur;
- (d) om die opleiding vereis vir 'n Graad III-helikoptervlieginstrukteursgradering te onderneem;
- (e) om instrumentvliegopleiding vereis vir 'n instrumentgradering te onderneem indien hy of sy die instrumentvlieginstrukteursvaardigheidstoets soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL voltooi het;
- (f) om die vaardigheidstoetse te onderneem en die vaardigheidstoetsverslae vir 'n privaatvlieënierslisensie (helikopter), nagvlieggradering, sleepvlieëniersgradering, veiligheidvlieëniersgradering en tipegraderings in helikopters waarvoor hy of sy tipegradeer is, te voltooi; en
- (g) om meermotorige of meerrotorige opleiding vir 'n meermotorige klasgradering te onderneem indien hy of sy die toepaslike geldige klas- en tipegradering hou, en die volgende voltooi het -
  - (i) die toepaslike opleiding soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL;
  - (ii) die meermotorige-instrukteursvaardigheidstoets soos voorge-

skryf in Dokument SA-CATS-FCL; en

- (iii) minstens 100 uur vliegtyd as vlieënier in meermotorige helikopters.

### Hernuwing

**61.26.10** (1) Om 'n Graad II-helikoptervlieginstruieursgradering te hernu, moet die houer van die gradering, binne die 90 dae onmiddellik voor die vervaldatum van so 'n gradering, voldoen aan enige twee van die volgende vereistes:

(a) Gee minstens 50 uur vliegonderrig binne die drie jaar wat die vervaldatum voorafgaan, waarvan minstens 30 uur gegee moet word binne die 12 maande onmiddellik voor die vervaldatum van so 'n gradering;

(b) woon 'n vlieginstruëur-opfrissingseminaar by soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL;

(c) ondergaan die vaardigheidstoets bedoel in regulasie 61.26.5.

(2) Die aangewese eksaminator moet, by voldoening aan die vereistes bedoel in subregulasie (1) deur die houer van die gradering -

(a) die Kommissaris voorsien van die vaardigheidstoetsverslag soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL;

(b) die toepaslike bladsy van die lisensie van so 'n houer onderteken; en

(c) die logboek van so 'n houer endosseer.

(3) Indien die uitslag van die vaardigheidstoets beoog in subregulasie (1) laat blyk dat die houer van die gradering in gebreke gebly het om die minimumstandaard te handhaaf wat vereis word om die voorregte bedoel in regulasie 61.26.9 uit te oefen, moet die aangewese eksaminator -

(a) so 'n uitslag aan die Kommissaris rapporteer; en

(b) nie die toepaslike bladsy van die lisensie van die houer van die gradering onderteken nie.

### Heruitreiking

**61.26.11** (1) Die houer van 'n Graad II-helikoptervlieginstruieursgradering wat verval het weens die verstryking van die tydperk bedoel in regulasie 61.26.8, kan, voor 'n verdere tydperk van 60 maande, bereken van die vervaldatum van die gradering, verloop het, aansoek doen om die heruitreiking van die vervalde gradering.

(2) Die Kommissaris moet die vervalde gradering heruitreik indien die aansoeker -

- (a) voldoen het aan die vereistes vir die heruitreiking van 'n vervalde Graad III-helikoptervlieginstrukteursgradering voorgeskryf in regulasie 61.27.11(1);
  - (b) minstens 50 uur vliegonderrig gegee het as die houer van 'n Graad III-helikoptervlieginstrukteursgradering heruitgereik ingevolge regulasie 61.27.11; en
  - (c) die vaardigheidstoets bedoel in regulasie 61.26.5 ondergaan het.
- (3) 'n Aansoek om die heruitreiking van die vervalde gradering gaan vergesel van -
- (a) die Graad III-helikoptervlieginstrukteursgradering heruitgereik ingevolge regulasie 61.27.11;
  - (b) 'n kopie van die betrokke bladsy van die logboek van die aansoeker;
  - (c) die vaardigheidstoetsverslag soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL; en
  - (d) die toepaslike geld soos voorgeskryf in Deel 187.
- (4) Indien 'n tydperk van 60 maande verstryk het na die vervaldatum van die gradering, kan die houer van die vervalde gradering by die Kommissaris aansoek doen om die heruitreiking van die gradering en die Kommissaris moet die gradering heruitreik indien die aansoeker voldoen aan die vereistes vir 'n Graad II-helikoptervlieginstrukteursgradering bedoel in regulasie 61.26.1.
- (5) Die bepalings van regulasie 61.26.6 is *mutatis mutandis* van toepassing op 'n aansoek bedoel in hierdie regulasie.



**SUBDEEL 27****GRAAD III-HELIKOPTERVliegINSTRUKTEURSgrADERING****Vereistes vir Graad III-helikoptervlieginstrukteursgradering**

**61.27.1** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n Graad III-helikoptervlieginstrukteursgradering moet -

- (a) 'n geldige handelsvlieënierslisensie (helikopter) of 'n lugrederyvervoervlieënierslisensie (helikopter) hou;
- (b) die ondervinding bedoel in regulasie 61.27.2 opgedoen het;
- (c) die opleiding bedoel in regulasie 61.27.3 suksesvol voltooi het;
- (d) die eksamen oor teoretiese kennis bedoel in regulasie 61.27.4 geslaag het; en
- (e) die vaardigheidstoets bedoel in regulasie 61.27.5 ondergaan het.

**Ondervinding**

**61.27.2** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n Graad III-helikoptervlieginstrukteursgradering moet 'n opleidingskursus onderneem het waartydens minstens 25 uur van vliegonderrig gegee is onder die toesig van die houer van 'n Graad I- of 'n Graad II-helikoptervlieginstrukteursgradering.

**Opleiding**

**61.27.3** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n Graad III-helikoptervlieginstrukteursgradering moet die toepaslike opleiding soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL suksesvol voltooi het.

**Eksamen oor teoretiese kennis**

**61.27.4** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n Graad III-helikoptervlieginstrukteursgradering moet die toepaslike skriftelike eksamen soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL geslaag het.

## **Vaardigheidstoets**

**61.27.5** (1) 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n Graad III-helikoptervlieginstrukteursgradering moet aan 'n aangewese eksaminator die vermoë demonstreer het om as 'n Graad III-helikoptervlieginstrukteur die prosedures en maneuvers soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL met 'n mate van bevoegdheid toepaslik vir die voorregte verleen aan die houer van 'n Graad III-helikoptervlieginstrukteursgradering uit te voer.

(2) Die aansoeker moet die vaardigheidstoets bedoel in subregulasie (1) ondergaan binne 24 maande nadat die eksamen oor teoretiese kennis bedoel in regulasie 61.27.4 geslaag is en binne die 90 dae onmiddellik voor die datum van aansoek.

(3) Die vaardigheidstoets bedoel in subregulasie (1) moet onderneem word in 'n turbine-aangedrewe helikopter.

## **Aansoek om Graad III-helikoptervlieginstrukteursgradering**

**61.27.6** 'n Aansoek om die uitreiking van 'n Graad III-helikoptervlieg-instrukteursgradering -

- (a) word by die Kommissaris gedoen in die toepaslike vorm soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL; en
- (b) gaan vergesel van -
  - (i) 'n gesertifiseerde ware kopie van die toepaslike vlieënierslisensie deur die aansoeker gehou;
  - (ii) oorspronklike of gesertifiseerde bewys dat die aansoeker die eksamen oor teoretiese kennis bedoel in regulasie 61.27.4 geslaag het;
  - (iii) die vaardigheidstoetsverslag soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL; en
  - (iv) die toepaslike geld soos voorgeskryf in Deel 187.

## **Uitreiking van Graad III-helikoptervlieginstrukteursgradering**

**61.27.7** (1) Die Kommissaris reik 'n Graad III-helikoptervlieginstrukteursgradering uit indien die aansoeker voldoen aan die vereistes bedoel in regulasie 61.27.1.

(2) 'n Graad III-helikoptervlieginstrukteursgradering word uitgereik in die toepaslike vorm soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL.

## Geldigheidsduur

**61.27.8** 'n Graad III-helikoptervlieginstrukteursgradering is geldig vir 'n tydperk van drie jaar bereken van die datum van uitreiking of heruitreiking van die gradering of van die vervaldatum van die gradering indien so 'n gradering hernu word ooreenkomstig die bepalings van regulasie 61.27.10.

## Voorregte en beperkings van Graad III-helikoptervlieginstrukteursgradering

**61.27.9** (1) Geen persoon mag vliegopleiding in 'n helikopter vir die doel om 'n lisensie of gradering te verkry, onderneem nie, tensy so 'n persoon die houer is van 'n geldige vlieginstrukteursgradering toepaslik vir die tipe helikopter waarin die vliegopleiding onderneem word.

(2) Die houer van 'n geldige Graad III-helikoptervlieginstrukteursgradering is geregtig -

- (a) om vliegonderrig te gee in helikopters ten opsigte waarvan hy of sy die houer is van die toepaslike tipegradering;
- (b) om sodanige vliegonderrig te gee slegs in eenmotorige, eenrotorige helikopters onder die toesig van die houer van 'n Graad I- of 'n Graad II-vliegtuigvlieginstrukteursgradering, wie die houer is van die toepaslike geldige klas- en tipegradering;
- (c) om vaardigheidstoetsverslae te voltooi ten opsigte van tipegraderings vir eenmotorige, suieraangedrewe helikopters met 'n maksimum gesertifiseerde massa van 1 500 kilogram of minder; en
- (d) om instrumentvliegonderrig te gee, vereis vir 'n nagvlieggradering indien hy of sy 'n geldige instrumentgradering hou.

## Hernuwing

**61.27.10** (1) Om 'n Graad III-helikoptervlieginstrukteursgradering te hernu, moet die houer van die gradering, binne die 90 dae onmiddellik voor die vervaldatum van so 'n gradering, voldoen aan enige twee van die volgende vereistes:

- (a) Gee minstens 50 uur vliegonderrig binne die drie jaar wat die vervaldatum voorafgaan, waarvan minstens 30 uur gegee moet word binne die 12 maande onmiddellik voor die vervaldatum van so 'n gradering;
- (b) woon 'n vlieginstrukteur-opfrissingseminaar by soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL;

- (c) ondergaan die vaardigheidstoets bedoel in regulasie 61.27.5.
- (2) Die aangewese eksaminator moet, by voldoening aan die vereistes bedoel in subregulasie (1) deur die houer van die gradering -
  - (a) die Kommissaris voorsien van die vaardigheidstoetsverslag soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL;
  - (b) die toepaslike bladsy van die lisensie van so 'n houer onderteken; en
  - (c) die logboek van so 'n houer endosseer.
- (3) Indien die uitslag van die vaardigheidstoets beoog in subregulasie (1) laat blyk dat die houer van die gradering in gebreke gebly het om die minimumstandaard te handhaaf wat vereis word om die voorregte bedoel in regulasie 61.27.9 uit te oefen, moet die aangewese eksaminator -
  - (a) so 'n uitslag aan die Kommissaris rapporteer; en
  - (b) nie die toepaslike bladsy van die lisensie van die houer van die gradering onderteken nie.

### Heruitreiking

**61.27.11** (1) Die houer van 'n Graad III-helikoptervlieginstrukteursgradering wat verval het weens die verstryking van die tydperk bedoel in regulasie 61.27.8, kan, voor 'n verdere tydperk van 60 maande, bereken van die vervaldatum van die gradering, verloop het, aansoek doen om die heruitreiking van 'n Graad III-helikoptervlieginstrukteursgradering.

(2) Die Kommissaris moet die vervalde gradering heruitreik indien die aansoeker -

- (a) 'n vlieginstrukteur-opfrissingseminaar soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL bygewoon het; en
- (b) die vaardigheidstoets bedoel in regulasie 61.27.5 ondergaan het.

(3) 'n Aansoek om die heruitreiking van die vervalde gradering gaan vergesel van -

- (a) 'n gesertifiseerde ware kopie van die toepaslike lisensie deur die aansoeker gehou;
- (b) oorspronklike of gesertifiseerde bewys dat die aansoeker die vliegonderrig-opfrissingseminaar bedoel in subregulasie (2)(a) bygewoon het;
- (c) die vaardigheidstoetsverslag soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL; en
- (d) die toepaslike geld soos voorgeskryf in Deel 187.

(4) Indien 'n tydperk van 60 maande verstryk het na die vervaldatum van die gradering, kan die houer van die vervalde gradering by die Kommissaris aansoek doen om die heruitreiking van die gradering en die Kommissaris moet die gradering heruitreik indien die aansoeker voldoen aan die vereistes vir 'n Graad III-helikoptervlieginstrukteursgradering bedoel in regulasie 61.27.1.

(5) Die bepaling van regulasie 61.27.6 is *mutatis mutandis* van toepassing op 'n aansoek bedoel in hierdie regulasie.

**SUBDEEL 28****HELIKOPTERSIMULEERDER-VLEGINSTRUKTEURSGRADERING****Vereistes vir helikoptersimuleerder-vlieginstrukteursgradering**

**61.28.1** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n helikoptersimuleerder-vlieginstrukteursgradering moet -

- (a) 'n geldige handelsvlieënierslisensie (helikopter) of 'n lugrederyvervoervlieënierslisensie (helikopter) hou of gehou het;
- (b) 'n geldige Graad I-, Graad II- of Graad III-helikoptervlieginstrukteursgradering hou of gehou het;
- (c) die ondervinding bedoel in regulasie 61.28.2 opgedoen het;
- (d) die opleiding bedoel in regulasie 61.28.3 suksesvol voltooi het;
- (e) die eksamen oor teoretiese kennis bedoel in regulasie 61.28.4 geslaag het; en
- (f) die vaardigheidstoets bedoel in regulasie 61.28.5 ondergaan het.

**Ondervinding**

**61.28.2** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n helikoptersimuleerder-vlieginstrukteursgradering moet -

- (a) minstens 1 500 uur vliegtyd as vlieënier van 'n multivlieënier-helikopter voltooi het; en
- (b) binne die 12 maande onmiddellik voor die datum van aansoek, drie oorlandse vlugte as botallige bemanning van 'n helikopter of drie oorlandse vlugte as vlieënier van 'n helikopter voltooi het.

**Opleiding**

**61.28.3** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n helikoptersimuleerder-vlieginstrukteursgradering moet die toepaslike opleiding soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL suksesvol voltooi het.

**Eksamen oor teoretiese kennis**

**61.28.4** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n helikoptersimuleerder-

vlieginstrukteursgradering moet die toepaslike skriftelike eksamen soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL geslaag het.

### **Vaardigheidstoets**

**61.28.5** (1) 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n helikoptersimuleerder-vlieginstrukteursgradering moet aan 'n aangewese eksaminator die vermoë demonstreer het om as 'n helikoptersimuleerder-vlieginstrukteur die prosedures en manoeuvres soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL met 'n mate van bevoegdheid toepaslik vir die voorregte verleen aan die houer van 'n helikoptersimuleerder-vlieginstrukteursgradering uit te voer.

(2) Die aansoeker moet die vaardigheidstoets bedoel in subregulasie (1) ondergaan binne 24 maande nadat die eksamen oor teoretiese kennis bedoel in regulasie 61.28.4 geslaag is en binne die 90 dae onmiddellik voor die datum van aansoek.

(3) Die vaardigheidstoets moet onderneem word in 'n tipe-spesifieke simuleerder.

### **Aansoek om helikoptersimuleerder-vlieginstrukteursgradering**

**61.28.6** 'n Aansoek om die uitreiking van 'n helikoptersimuleerder-vlieginstrukteursgradering -

- (a) word by die Kommissaris gedoen in die toepaslike vorm soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL; en
- (b) gaan vergesels van -
  - (i) 'n gesertifiseerde ware kopie van die toepaslike vlieënierslisensie deur die aansoeker gehou;
  - (ii) oorspronklike of gesertifiseerde bewys dat die aansoeker die eksamen oor teoretiese kennis bedoel in regulasie 61.28.4 geslaag het;
  - (iii) die vaardigheidstoetsverslag soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL; en
  - (iv) die toepaslike geld soos voorgeskryf in Deel 187.

### **Uitreiking van helikoptersimuleerder-vlieginstrukteursgradering**

**61.28.7** (1) Die Kommissaris reik 'n helikoptersimuleerder-vlieginstrukteursgradering uit indien die aansoeker voldoen aan die vereistes bedoel in regulasie 61.28.1.

(2) 'n Helikoptersimuleerder-vlieginstrukteursgradering word uitgereik in die toepaslike vorm soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL.



**Geldigheidsduur**

**61.28.8** 'n Helikoptersimuleerder-vlieginstrukteursgradering is geldig vir 'n tydperk van drie jaar bereken van die datum van uitreiking of heruitreiking van die gradering of van die vervaldatum van die gradering indien so 'n gradering hernu word ooreenkomstig die bepalings van regulasie 61.28.10.

**Voorregte en beperkings van helikoptersimuleerder-vlieginstrukteursgradering**

**61.28.9** (1) Geen persoon mag helikoptersimuleerderopleiding vir die doel om 'n lisensie of 'n gradering te verkry, onderneem nie, tensy so 'n persoon die houer is van 'n geldige helikoptersimuleerder-vlieginstrukteursgradering toepaslik vir die simuleerder waarin die opleiding onderneem word.

(2) Die houer van 'n geldige helikoptersimuleerder-vlieginstrukteursgradering is geregtig om vliegonderrig te gee in simuleerders van helikopters ten opsigte waarvan hy of sy die houer is van die toepaslike tipegradering.

(3) Die houer van 'n geldige helikoptersimuleerder-vlieginstrukteursgradering is geregtig om onderrig te gee aan die houer van 'n vlieënierslisensie in 'n simuleerder vir 'n tipegradering in multivlieënier-helikopters en multibemanningsamewerking.

**Hernuwing**

**61.28.10** (1) Om 'n helikoptersimuleerder-vlieginstrukteursgradering te hernu, moet die houer van die gradering -

- (a) binne die 12 maande onmiddellik voor die vervaldatum van so 'n gradering, 'n tipegradering-opleidingskursus onderneem het; en
- (b) binne die 90 dae onmiddellik voor die vervaldatum van so 'n gradering, die vaardigheidstoets bedoel in regulasie 61.28.5 ondergaan het.

(2) Die aangewese eksaminator moet, by voldoening aan die vereistes bedoel in subregulasie (1) deur die houer van die gradering -

- (a) die Kommissaris voorsien van die vaardigheidstoetsverslag soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL;
- (b) die toepaslike bladsy van die lisensie van so 'n houer onderteken; en
- (c) die logboek van so 'n houer endosseer.

(3) Indien die uitslag van die vaardigheidstoets beoog in subregulasie (1) laat blyk dat die houer van die gradering in gebreke gebly het om die minimumstandaard te handhaaf wat vereis word om die voorregte bedoel in regulasie 61.28.9 uit te oefen, moet die

aangewese eksaminator -

- (a) so 'n uitslag aan die Kommissaris rapporteer; en
- (b) nie die toepaslike bladsy van die lisensie van die houer van die gradering onderteken nie.

### Heruitreiking

**61.28.11** (1) Die houer van 'n helikoptersimuleerder-vlieginstrukteursgradering wat verval het weens die verstryking van die tydperk bedoel in regulasie 61.28.8 moet aansoek doen om die heruitreiking van die vervalde gradering.

(2) Die Kommissaris moet die vervalde gradering heruitreik indien die aansoeker voldoen aan die vereistes vir 'n helikoptersimuleerder-vlieginstrukteursgradering bedoel in regulasie 61.28.1.

(3) Die bepalinge van regulasie 61.28.6 is *mutatis mutandis* van toepassing op 'n aansoek bedoel in hierdie regulasie.

**SUBDEEL 29****GRAAD I-MIKRO-LIGTE VLEGTUIGVLEGINSTRUKTEURSGRADERING****Vereistes vir Graad I-mikro-ligte vliegtuigvlieginstrukteursgradering**

**61.29.1** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n Graad I-mikro-ligte vliegtuigvlieginstrukteursgradering moet -

- (a) 'n geldige handelsmikro-ligte vliegtuigvlieënierslisensie hou;
- (b) 'n geldige Graad II-mikro-ligte vliegtuigvlieginstrukteursgradering hou;
- (c) die ondervinding bedoel in regulasie 61.29.2 opgedoen het;
- (d) die opleiding bedoel in regulasie 61.29.3 suksesvol voltooi het;
- (e) die eksamen oor teoretiese kennis bedoel in regulasie 61.29.4 geslaag het; en
- (f) die vaardigheidstoets bedoel in regulasie 61.29.5 ondergaan het.

**Ondervinding**

**61.29.2** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n Graad I-mikro-ligte vliegtuigvlieginstrukteursgradering moet beskik oor minstens drie jaar ondervinding as 'n Graad II-mikro-ligte vliegtuigvlieginstrukteur, waartydens hy of sy minstens 200 uur vliegonderrig gegee het.

**Opleiding**

**61.29.3** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n Graad I-mikro-ligte vliegtuigvlieginstrukteursgradering moet die toepaslike opleiding soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL suksesvol voltooi het.

**Eksamen oor teoretiese kennis**

**61.29.4** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n Graad I-mikro-ligte vliegtuigvlieginstrukteursgradering moet die toepaslike skriftelike eksamen soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL geslaag het.

**Vaardigheidstoets**

**61.29.5** (1) 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n Graad I-mikro-ligte vliegtuigvlieginstrukteursgradering moet aan 'n aangewese eksaminator die vermoë demonstreer het om as 'n Graad I-mikro-ligte vliegtuigvlieginstrukteur die prosedures en maneuvers soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL met 'n mate van bevoegdheid toepaslik vir die voorregte verleen aan die houer van 'n Graad I-mikro-ligte vliegtuigvlieginstrukteursgradering, uit te voer.

(2) Die aansoeker moet die vaardigheidstoets bedoel in subregulasie (1) ondergaan binne 24 maande nadat die eksamen oor teoretiese kennis bedoel in regulasie 61.29.4 geslaag is en binne die 90 dae onmiddellik voor die datum van aansoek.

**Aansoek om Graad I-mikro-ligte vliegtuigvlieginstrukteursgradering**

**61.29.2** 'n Aansoek om die uitreiking van 'n Graad I-mikro-ligte vliegtuigvlieginstrukteursgradering -

- (a) word by die Kommissaris gedoen in die toepaslike vorm soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL; en
- (b) gaan vergesel van -
  - (i) 'n gesertifiseerde ware kopie van die handelsmikro-ligte vliegtuigvlieënierslisensie deur die aansoeker gehou;
  - (ii) oorspronklike of gesertifiseerde bewys dat die aansoeker die eksamen oor teoretiese kennis bedoel in regulasie 61.29.4 geslaag het;
  - (iii) die vaardigheidstoetsverslag soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL; en
  - (iv) die toepaslike geld soos voorgeskryf in Deel 187.

**Uitreiking van Graad I-mikro-ligte vliegtuigvlieginstrukteursgradering**

**61.29.7** (1) Die Kommissaris reik 'n Graad I-mikro-ligte vliegtuigvlieginstrukteursgradering uit indien die aansoeker voldoen aan die vereistes bedoel in regulasie 61.29.1.

(2) 'n Graad I-mikro-ligte vliegtuigvlieginstrukteursgradering word uitgereik in die toepaslike vorm soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL.

**Geldigheidsduur**

**61.29.8** 'n Graad I-mikro-ligte vliegtuigvlieginstrukteursgradering is geldig vir 'n tydperk

van drie jaar bereken van die datum van uitreiking of heruitreiking van die gradering of van die vervaldatum van die gradering indien so 'n gradering hernu word ooreenkomstig die bepalings van regulasie 61.29.10.

### **Voorregte en beperkings van Graad I-mikro-ligte vliegtuigvlieginstrukteursgradering**

**61.29.9** (1) Geen persoon mag vliegopleiding in 'n mikro-ligte vliegtuig vir die doel om 'n lisensie of gradering te verkry, onderneem nie, tensy so 'n persoon die houer is van 'n geldige vlieginstrukteursgradering toepaslik vir die tipe mikro-ligte vliegtuig waarin die vliegopleiding onderneem word.

(2) Die houer van 'n geldige Graad I-mikro-ligte vliegtuigvlieg-instrukteursgradering is geregtig om vliegonderrig te gee in mikro-ligte vliegtuie ten opsigte waarvan hy of sy die houer is van die toepaslike tipegradering.

(3) Die houer van 'n geldige Graad I-mikro-ligte vliegtuigvlieg-instrukteursgradering is geregtig -

- (a) om al die voorregte van 'n Graad II-mikro-ligte vliegtuigvlieg-instrukteur uit te oefen;
- (b) om die opleiding vereis vir 'n Graad II-mikro-ligte vliegtuigvlieg-instrukteursgradering te onderneem;
- (c) om die opleiding vereis vir 'n handelsmikro-ligte vliegtuigvlieënierslisensie en tipegradering in mikro-ligte vliegtuie waarvoor hy of sy tipe-gradeer is, te onderneem; en
- (d) om die pligte van 'n aangewese eksaminator te onderneem indien aangewys deur die Kommissaris ingevolge regulasie 61.01.17.

### **Hernuwing**

**61.29.10** (1) Om 'n Graad I-mikro-ligte vliegtuigvlieg-instrukteursgradering te hernu, moet die houer van die gradering, binne die 90 dae onmiddellik voor die vervaldatum van so 'n gradering, voldoen aan enige twee van die volgende vereistes:

- (a) Gee minstens 50 uur vliegonderrig binne die drie jaar voor die vervaldatum, waarvan minstens 30 uur gegee moet word binne die 12 maande onmiddellik voor die vervaldatum van so 'n gradering;
- (b) woon 'n vlieginstrukteur-opfrissingseminaar by soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL;
- (c) ondergaan die vaardigheidstoets bedoel in regulasie 61.29.5.

(2) Die aangewese eksaminator moet, by voldoening aan die vereistes bedoel in subregulasie (1) deur die houer van die gradering -

- (a) die Kommissaris voorsien van die vaardigheidstoetsverslag soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL;
- (b) die toepaslike bladsy van die lisensie van so 'n houer onderteken; en
- (c) die logboek van so 'n houer endosseer.

(3) Indien die uitslag van die vaardigheidstoets beoog in subregulasie (1) laat blyk dat die houer van die gradering in gebreke gebly het om die minimumstandaard te handhaaf wat vereis word om die voorregte bedoel in regulasie 61.29.9 uit te oefen, moet die aangewese eksaminator -

- (a) so 'n uitslag aan die Kommissaris rapporteer; en
- (b) nie die toepaslike bladsy van die lisensie van die houer van die gradering onderteken nie.

### Heruitreiking

**61.29.11** (1) Die houer van 'n Graad I-mikro-ligte vliegtuigvlieginstrukteursgradering wat verval het weens die verstryking van die tydperk bedoel in regulasie 61.29.8 kan, voor 'n verdere tydperk van 60 maande, bereken van die vervaldatum van die gradering, verloop het, aansoek doen om die heruitreiking van die vervalde gradering.

(2) Die Kommissaris moet die vervalde gradering heruitreik indien die aansoeker -

- (a) voldoen het aan die vereistes vir die heruitreiking van 'n vervalde Graad II-mikro-ligte vliegtuigvlieginstrukteursgradering voorgeskryf in regulasie 61.30.11(1);
- (b) minstens 50 uur vliegonderrig gegee het as die houer van 'n Graad II-mikro-ligte vliegtuigvlieginstrukteursgradering heruitgereik ingevolge regulasie 61.30.11; en
- (c) die vaardigheidstoets bedoel in regulasie 61.29.5 ondergaan het.

(3) 'n Aansoek om die heruitreiking van 'n vervalde gradering gaan vergesel van -

- (a) die Graad II-mikro-ligte vliegtuigvlieginstrukteursgradering heruitgereik ingevolge regulasie 61.23.11;
- (b) 'n kopie van die betrokke bladsy van die logboek van die aansoeker;
- (c) die vaardigheidstoetsverslag soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL; en
- (d) die toepaslike geld soos voorgeskryf in Deel 187.

(4) Indien 'n tydperk van 60 maande verstryk het na die vervaldatum van die gradering, kan die houer van die vervalde gradering by die Kommissaris aansoek doen om die heruitreiking van die gradering en die Kommissaris moet die gradering heruitreik indien die aansoeker voldoen aan die vereistes vir 'n Graad I-mikro-ligte vliegtuigvlieginstrukteursgradering bedoel in regulasie 61.29.1.

(5) Die bepalinge van regulasie 61.29.6 is *mutatis mutandis* van toepassing op 'n aansoek bedoel in hierdie regulasie.



**SUBDEEL 30****GRAAD II-MIKRO-LIGTE VliegtuigvliegInstrukteursGradering****Vereistes vir Graad II-mikro-ligte vliegtuigvliegInstrukteursgradering**

**61.30.1** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n Graad II-mikro-ligte vliegtuigvliegInstrukteursgradering moet -

- (a) 'n geldige mikro-ligte vliegtuigvlieënierslisensie hou;
- (b) die ondervinding bedoel in regulasie 61.30.2 opgedoen het;
- (c) die opleiding bedoel in regulasie 61.30.3 suksesvol voltooi het;
- (d) die eksamen oor teoretiese kennis bedoel in regulasie 61.30.4 geslaag het; en
- (e) die vaardigheidstoets bedoel in regulasie 61.30.5 ondergaan het.

**Ondervinding**

**61.30.2** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n Graad II-mikro-ligte vliegtuigvliegInstrukteursgradering moet 50 uur vliegtyd as gesagvoerder van 'n mikro-ligte vliegtuig voltooi het.

**Opleiding**

**61.30.3** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n Graad II-mikro-ligte vliegtuigvliegInstrukteursgradering moet die toepaslike opleiding soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL suksesvol voltooi het.

**Eksamen oor teoretiese kennis**

**61.30.4** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n Graad II-mikro-ligte vliegtuigvliegInstrukteursgradering moet die toepaslike skriftelike eksamen soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL geslaag het.

**Vaardigheidstoets**

**61.30.5** (1) 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n Graad II-mikro-ligte

vliegtuigvlieginstruktorsgradering moet aan 'n aangewese eksaminator die vermoë demonstreer het om as 'n Graad II-mikro-ligte vliegtuigvlieginstrukteur die prosedures en manoeuvres soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL met 'n mate van bevoegdheid toepaslik vir die voorregte verleen aan die houer van 'n Graad II-mikro-ligte vliegtuigvlieginstruktorsgradering, uit te voer.

(2) Die aansoeker moet die vaardigheidstoets bedoel in subregulasie (1) ondergaan binne 24 maande nadat die eksamen oor teoretiese kennis bedoel in regulasie 61.30.4 geslaag is en binne die 90 dae onmiddellik voor die datum van aansoek.

### **Aansoek om Graad II-mikro-ligte vliegtuigvlieginstruktorsgradering**

**61.30.6** 'n Aansoek om die uitreiking van 'n Graad II-mikro-ligte vliegtuigvlieginstruktorsgradering -

- (a) word by die Kommissaris gedoen in die toepaslike vorm soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL; en
- (b) gaan vergesel van -
  - (i) 'n gesertifiseerde ware kopie van die mikro-ligte vliegtuigvlieënierslisensie deur die aansoeker gehou;
  - (ii) oorspronklike of gesertifiseerde bewys dat die aansoeker die eksamen oor teoretiese kennis bedoel in regulasie 61.30.4 geslaag het;
  - (iii) die vaardigheidstoetsverslag soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL; en
  - (iv) die toepaslike geld soos voorgeskryf in Deel 187.

### **Uitreiking van Graad II-mikro-ligte vliegtuigvlieginstruktorsgradering**

**61.30.7** (1) Die Kommissaris reik 'n Graad II-mikro-ligte vliegtuigvlieg-instruktorsgradering uit indien die aansoeker voldoen aan die vereistes bedoel in regulasie 61.30.1.

(2) 'n Graad II-mikro-ligte vliegtuigvlieginstruktorsgradering word uitgereik in die toepaslike vorm soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL.

### **Geldigheidsduur**

**61.30.8** 'n Graad II-mikro-ligte vliegtuigvlieginstruktorsgradering is geldig vir 'n tydperk van drie jaar bereken van die datum van uitreiking of heruitreiking van die gradering of van die vervaldatum van die gradering indien so 'n gradering hernu word ooreenkomstig die bepalings van regulasie 61.30.10.

**Voorregte en beperkings van Graad II-mikro-ligte vliegtuigvlieg-instrukteursgradering**

**61.30.9** (1) Geen persoon mag vliegopleiding in 'n mikro-ligte vliegtuig vir die doel om 'n lisensie of gradering te verkry, onderneem nie, tensy so 'n persoon die houer is van 'n geldige vlieg-instrukteursgradering toepaslik vir die tipe mikro-ligte vliegtuig waarin die vliegopleiding onderneem word.

(2) Die houer van 'n geldige Graad II-mikro-ligte vliegtuigvlieg-instrukteursgradering is geregtig om vliegonderrig te gee in mikro-ligte vliegtuie ten opsigte waarvan hy of sy die houer is van die toepaslike tipegradering.

(3) Die houer van 'n geldige Graad II-mikro-ligte vliegtuigvlieg-instrukteursgradering is geregtig -

(a) om die houer van 'n leerlingvlieënierslisensie op sy of haar eerste alleenvlug te stuur; en

(b) om die opleiding vereis vir 'n mikro-ligte vliegtuigvlieënierslisensie en tipegradering in mikro-ligte vliegtuie waarvoor hy of sy tipegradeer is, te onderneem.

**Hernuwing**

**61.30.10** (1) Om 'n Graad II-mikro-ligte vliegtuigvlieg-instrukteursgradering te hernu, moet die houer van die gradering, binne die 90 dae onmiddellik voor die vervaldatum van so 'n gradering, voldoen aan enige twee van die volgende vereistes:

(a) Gee minstens 50 uur vliegonderrig binne die drie jaar voor die vervaldatum, waarvan minstens 30 uur gegee moet word binne die 12 maande onmiddellik voor die vervaldatum van so 'n gradering;

(b) woon 'n vlieg-instrukteur-opfrissingseminaar by soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL;

(c) ondergaan die vaardigheidstoets bedoel in regulasie 61.30.5.

(2) Die aangewese eksaminator moet, by voldoening aan die vereistes bedoel in subregulasie (1) deur die houer van die gradering -

(a) die Kommissaris voorsien van die vaardigheidstoetsverslag soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL;

(b) die toepaslike bladsy van die lisensie van so 'n houer onderteken; en

(c) die logboek van so 'n houer endosseer.

(3) Indien die uitslag van die vaardigheidstoets beoog in subregulasie (1)

laat blyk dat die houer van die gradering in gebreke gebly het om die minimumstandaard te handhaaf wat vereis word om die voorregte bedoel in regulasie 61.30.9 uit te oefen, moet die aangewese eksaminator -

- (a) so 'n uitslag aan die Kommissaris rapporteer; en
- (b) nie die toepaslike bladsy van die lisensie van die houer van die gradering onderteken nie.

### Heruitreiking

**61.30.11** (1) Die houer van 'n Graad II-mikro-ligte vliegtuigvlieg-instrukteursgradering wat verval het weens die verstryking van die tydperk bedoel in regulasie 61.30.8 kan, voor 'n verdere tydperk van 60 maande, bereken van die vervaldatum van die gradering, verloop het, aansoek doen om die heruitreiking van 'n Graad II-mikro-ligte vliegtuigvlieg-instrukteursgradering.

(2) Die Kommissaris moet die vervalde gradering heruitreik indien die aansoeker -

- (a) 'n vlieg-instrukteur-opfrissingseminaar soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL bygewoon het; en
- (b) die vaardigheidstoets bedoel in regulasie 61.30.5 ondergaan het.

(3) 'n Aansoek om die heruitreiking van die vervalde gradering gaan vergesel van -

- (a) 'n gesertifiseerde ware kopie van die toepaslike vlieënierslisensie deur die aansoeker gehou;
- (b) oorspronklike of gesertifiseerde bewys dat die aansoeker die vlieg-instrukteur-opfrissingseminaar bygewoon het;
- (c) die vaardigheidstoetsverslag soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL; en
- (d) die toepaslike geld soos voorgeskryf in Deel 187.

(4) Indien 'n tydperk van 60 maande verstryk het na die vervaldatum van die gradering, kan die houer van die vervalde gradering by die Kommissaris aansoek doen om die heruitreiking van die gradering en die Kommissaris moet die gradering heruitreik indien die aansoeker voldoen aan die vereistes vir 'n Graad II-mikro-ligte vliegtuigvlieg-instrukteursgradering bedoel in regulasie 61.30.1.

(5) Die bepalings van regulasie 61.30.6 is *mutatis mutandis* van toepassing op 'n aansoek bedoel in hierdie regulasie.

**SUBDEEL 31****GRAAD I-SWEEFTUIGVLIEGINSTRUKTEURSGRADERING****Vereistes vir Graad I-sweeftuigvlieginstrukteursgradering**

**61.31.1** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n Graad I-sweeftuigvlieginstrukteursgradering moet -

- (a) 'n geldige handelsweeftuigvlieënierslisensie hou;
- (b) 'n geldige Graad II-sweeftuigvlieginstrukteursgradering hou;
- (c) die ondervinding bedoel in regulasie 61.31.2 opgedoen het;
- (d) die opleiding bedoel in regulasie 61.31.3 suksesvol voltooi het;
- (e) die eksamen oor teoretiese kennis bedoel in regulasie 61.31.4 geslaag het; en
- (f) die vaardigheidstoets bedoel in regulasie 61.31.5 ondergaan het.

**Ondervinding**

**61.31.2** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n Graad I-sweeftuigvlieg-instrukteursgradering moet beskik oor minstens drie jaar ondervinding as 'n Graad II-sweeftuigvlieginstrukteur, waartydens hy of sy minstens 60 uur vliegonderrig gegee het.

**Opleiding**

**61.31.3** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n Graad I-sweeftuigvlieginstrukteursgradering moet die toepaslike opleiding soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL suksesvol voltooi het.

**Eksamen oor teoretiese kennis**

**61.31.4** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n Graad I-sweeftuig-vlieginstrukteursgradering moet die toepaslike skriftelike eksamen soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL geslaag het.



**Vaardigheidstoets**

**61.31.5** (1) 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n Graad I-sweeftuigvlieginstrukteursgradering moet aan 'n aangewese eksaminator die vermoë demonstreer het om as 'n Graad I-sweeftuigvlieginstrukteur die prosedures en manoeuvres soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL met 'n mate van bevoegdheid toepaslik vir die voorregte verleen aan die houer van 'n Graad I-sweeftuigvlieginstrukteursgradering uit te voer.

(2) Die aansoeker moet die vaardigheidstoets bedoel in subregulasie (1) ondergaan binne 24 maande nadat die eksamen oor teoretiese kennis bedoel in regulasie 61.31.4 geslaag is en binne die 90 dae onmiddellik voor die datum van aansoek.

**Aansoek om Graad I-sweeftuigvlieginstrukteursgradering**

**61.31.6** 'n Aansoek om die uitreiking van 'n Graad I-sweeftuigvlieginstrukteursgradering -

- (a) word by die Kommissaris gedoen in die toepaslike vorm soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL; en
- (b) gaan vergesel van -
  - (i) 'n gesertifiseerde ware kopie van die handelsweeftuigvlieënierslisensie deur die aansoeker gehou;
  - (ii) oorspronklike of gesertifiseerde bewys dat die aansoeker die eksamen oor teoretiese kennis bedoel in regulasie 61.31.4 geslaag het;
  - (iii) die vaardigheidstoetsverslag soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL; en
  - (iv) die toepaslike geld soos voorgeskryf in Deel 187.

**Uitreiking van Graad I-sweeftuigvlieginstrukteursgradering**

**61.31.7** (1) Die Kommissaris reik 'n Graad I-sweeftuigvlieginstrukteursgradering uit indien die aansoeker voldoen aan die vereistes bedoel in regulasie 61.31.1.

(2) 'n Graad I-sweeftuigvlieginstrukteursgradering word uitgereik in die toepaslike vorm soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL.

**Geldigheidsduur**

**61.31.8** 'n Graad I-sweeftuigvlieginstrukteursgradering is geldig vir 'n tydperk van drie jaar bereken van die datum van uitreiking of heruitreiking van die gradering of van die vervaldatum van die gradering indien so 'n gradering hernu word ooreenkomstig die bepalings van regulasie 61.31.10.



**Voorregte en beperkings van Graad I-sweeftuigvlieginstrukteursgradering**

**61.31.9** (1) Geen persoon mag vliegopleiding in 'n sweeftuig vir die doel om 'n lisensie of gradering te verkry, onderneem nie, tensy so 'n persoon die houer is van 'n geldige vlieginstrukteursgradering toepaslik vir die tipe sweeftuig waarin die vliegopleiding onderneem word.

(2) Die houer van 'n geldige Graad I-sweeftuigvlieginstrukteursgradering is geregtig om vliegonderrig te gee in sweeftuie ten opsigte waarvan hy of sy die houer is van die toepaslike tipegradering.

(3) Die houer van 'n geldige Graad I-sweeftuigvlieginstrukteursgradering is geregtig -

- (a) om al die voorregte van 'n Graad II-sweeftuigvlieginstrukteur uit te oefen;
- (b) om die opleiding vereis vir 'n Graad I- of 'n Graad II-sweeftuigvlieginstrukteursgradering te onderneem;
- (c) om die opleiding vereis vir 'n handelsweeftuigvlieënierslisensie en tipegraderings in sweeftuie waarvoor hy of sy tipe-gradeer is, te onderneem; en
- (d) om die pligte van 'n aangewese eksaminator te onderneem indien aangewys deur die Kommissaris ingevolge regulasie 61.01.17.

**Hernuwing**

**61.31.10** (1) Om 'n Graad I-sweeftuigvlieginstrukteursgradering te hernu, moet die houer van die gradering, binne die 90 dae onmiddellik voor die vervaldatum van so 'n gradering, voldoen aan enige twee van die volgende vereistes:

- (a) Gee minstens 50 uur vliegonderrig binne die drie jaar voor die vervaldatum, waarvan minstens 30 uur gegee moet word binne die 12 maande onmiddellik voor die vervaldatum van so 'n gradering;
- (b) woon 'n vlieginstrukteur-opfrissingseminaar by soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL;
- (c) ondergaan die vaardigheidstoets bedoel in regulasie 61.31.5.

(2) Die aangewese eksaminator moet, by voldoening aan die vereistes bedoel in subregulasie (1) deur die houer van die gradering -

- (a) die Kommissaris voorsien van die vaardigheidstoetsverslag soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL;
- (b) die toepaslike bladsy van die lisensie van so 'n houer onderteken; en
- (c) die logboek van so 'n houer endosseer.

(3) Indien die uitslag van die vaardigheidstoets beoog in subregulasie (1) laat blyk dat die houer van die gradering in gebreke gebly het om die minimumstandaard te

handhaaf wat vereis word om die voorregte bedoel in regulasie 61.31.9 uit te oefen, moet die aangewese eksaminator -

- (a) so 'n uitslag aan die Kommissaris rapporteer; en
- (b) nie die toepaslike bladsy van die lisensie van die houer van die gradering onderteken nie.

### Heruitreiking

**61.31.11** (1) Die houer van 'n Graad I-sweeftuigvlieginstrukteursgradering wat verval het weens die verstryking van die tydperk bedoel in regulasie 61.31.8 kan, voor 'n verdere tydperk van 60 maande, bereken van die vervaldatum van die gradering, verloop het, aansoek doen om die heruitreiking van die vervalde gradering.

(2) Die Kommissaris moet die vervalde gradering heruitreik indien die aansoeker -

- (a) voldoen het aan die vereistes vir die heruitreiking van 'n vervalde Graad II-sweeftuigvlieginstrukteursgradering voorgeskryf in regulasie 61.32.11(1);
- (b) minstens 50 uur vliegonderrig gegee het as die houer van 'n Graad II-sweeftuigvlieginstrukteursgradering heruitgereik ingevolge regulasie 61.32.11; en
- (c) die vaardigheidstoets bedoel in regulasie 61.31.5 ondergaan het.

(3) 'n Aansoek om die heruitreiking van die vervalde gradering gaan vergesel van -

- (a) die Graad II-sweeftuigvlieginstrukteursgradering heruitgereik ingevolge regulasie 61.32.11;
- (b) 'n kopie van die betrokke bladsy van die logboek van die aansoeker;
- (c) die vaardigheidstoetsverslag soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL; en
- (d) die toepaslike geld soos voorgeskryf in Deel 187.

(4) Indien 'n tydperk van 60 maande verstryk het na die vervaldatum van die gradering, kan die houer van die vervalde gradering by die Kommissaris aansoek doen om die heruitreiking van die gradering en die Kommissaris moet die gradering heruitreik indien die aansoeker voldoen aan die vereistes vir 'n Graad I-sweeftuigvlieginstrukteursgradering bedoel in regulasie 61.31.1.

(5) Die bepalinge van regulasie 61.31.6 is *mutatis mutandis* van toepassing op 'n aansoek bedoel in hierdie regulasie.

**SUBDEEL 32****GRAAD II-SWEEFTUIGVliegINSTRUKTEURSGRADERING****Vereistes vir Graad II-sweeftuigvlieginstrukteursgradering**

**61.32.1** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n Graad II-sweeftuigvlieg-instrukteursgradering moet -

- (a) 'n geldige sweeftuigvlieënierslisensie hou;
- (b) die ondervinding bedoel in regulasie 61.32.2 opgedoen het;
- (c) die opleiding bedoel in regulasie 61.32.3 suksesvol voltooi het;
- (d) die eksamen oor teoretiese kennis bedoel in regulasie 61.32.4 geslaag het; en
- (e) die vaardigheidstoets bedoel in regulasie 61.32.5 ondergaan het.

**Ondervinding**

**61.32.2** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n Graad II-sweeftuigvlieg-instrukteursgradering moet minstens 50 uur vliegtyd as gesagvoerder van 'n sweeftuig voltooi het.

**Opleiding**

**61.32.3** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n Graad II-sweeftuigvlieg-instrukteursgradering moet die toepaslike opleiding soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL suksesvol voltooi het.

**Eksamen oor teoretiese kennis**

**61.32.4** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n Graad II-sweeftuigvlieg-instrukteursgradering moet die toepaslike skriftelike eksamen soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL geslaag het.

**Vaardigheidstoets**

**61.32.5** (1) 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n Graad II-sweeftuigvlieg-

instruktorsgradering moet aan 'n aangewese eksaminator die vermoë demonstreer het om as 'n Graad II-sweeftuigvlieginstrukteur die prosedures en maneuvres soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL met 'n mate van bevoegdheid toepaslik vir die voorregte verleen aan die houer van 'n Graad II-sweeftuigvlieginstruktorsgradering uit te voer.

(2) Die aansoeker moet die vaardigheidstoets bedoel in subregulasie (1) ondergaan binne 24 maande nadat die eksamen oor teoretiese kennis bedoel in regulasie 61.32.4 geslaag is en binne die 90 dae onmiddellik voor die datum van aansoek.

### **Aansoek om Graad II-sweeftuigvlieginstruktorsgradering**

**61.32.6** 'n Aansoek om die uitreiking van 'n Graad II-sweeftuigvlieginstruktorsgradering -

- (a) word by die Kommissaris gedoen in die toepaslike vorm soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL; en
- (b) gaan vergesel van -
  - (i) 'n gesertifiseerde ware kopie van die sweeftuigvlieënierslisensie deur die aansoeker gehou;
  - (ii) oorspronklike of gesertifiseerde bewys dat die aansoeker die eksamen oor teoretiese kennis bedoel in regulasie 61.32.4 geslaag het;
  - (iii) die vaardigheidstoetsverslag soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL; en
  - (iv) die toepaslike geld soos voorgeskryf in Deel 187.

### **Uitreiking van Graad II-sweeftuigvlieginstruktorsgradering**

**61.32.7** (1) Die Kommissaris reik 'n Graad II-sweeftuigvlieginstruktorsgradering uit indien die aansoeker voldoen aan die vereistes bedoel in regulasie 61.32.1.

(2) 'n Graad II-sweeftuigvlieginstruktorsgradering word uitgereik in die toepaslike vorm soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL.

### **Geldigheidsduur**

**61.32.8** 'n Graad II-sweeftuigvlieginstruktorsgradering is geldig vir 'n tydperk van drie jaar bereken van die datum van uitreiking of heruitreiking van die gradering of van die vervaldatum van die gradering indien so 'n gradering hernu word ooreenkomstig die bepalings van regulasie 61.32.10.

**Voorregte en beperkings van Graad II-sweeftuigvlieginstrukteursgradering**

**61.32.9** (1) Geen persoon mag vliegopleiding in 'n sweeftuig vir die doel om 'n lisensie of gradering te verkry, onderneem nie, tensy so 'n persoon die houer is van 'n geldige vlieginstrukteursgradering toepaslik vir die tipe sweeftuig waarin die vliegopleiding onderneem word.

(2) Die houer van 'n geldige Graad II-sweeftuigvlieginstrukteursgradering is geregtig om vliegonderrig te gee in sweeftuie ten opsigte waarvan hy of sy die houer is van die toepaslike tipegradering.

(3) Die houer van 'n geldige Graad II-sweeftuigvlieginstrukteursgradering is geregtig -

- (a) om die houer van 'n leerlingvlieënierslisensie op sy of haar eerste alleenvlug te stuur; en
- (b) om die opleiding vereis vir 'n sweeftuigvlieënierslisensie en tipegradering in sweeftuie waarvoor hy of sy tipe-gradeer is, te onderneem.

**Hernuwing**

**61.32.10** (1) Om 'n Graad II-sweeftuigvlieginstrukteursgradering te hernu, moet die houer van die gradering, binne die 90 dae onmiddellik voor die vervaldatum van so 'n gradering, voldoen aan enige twee van die volgende vereistes:

- (a) Gee minstens 50 uur vliegonderrig binne die drie jaar voor die vervaldatum, waarvan minstens 30 uur gegee moet word binne die 12 maande onmiddellik voor die vervaldatum van so 'n gradering;
- (b) woon 'n vlieginstrukteur-opfrissingseminaar by soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL;
- (c) ondergaan die vaardigheidstoets bedoel in regulasie 61.32.5.

(2) Die aangewese eksaminator moet, by voldoening aan die vereistes bedoel in subregulasie (1) deur die houer van die gradering -

- (a) die Kommissaris voorsien van die vaardigheidstoetsverslag soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL;
- (b) die toepaslike bladsy van die lisensie van so 'n houer onderteken; en
- (c) die logboek van so 'n houer endosseer.

(3) Indien die uitslag van die vaardigheidstoets beoog in subregulasie (1) laat blyk dat die houer van die gradering in gebreke gebly het om die minimumstandaard te handhaaf wat vereis word om die voorregte bedoel in regulasie 61.32.9 uit te oefen, moet die aangewese eksaminator -



- (a) so 'n uitslag aan die Kommissaris rapporteer; en
- (b) nie die toepaslike bladsy van die lisensie van die houer van die gradering onderteken nie.

### Heruitreiking

**61.32.11** (1) Die houer van 'n Graad II-sweeftuigvlieginstrukteursgradering wat verval het weens die verstryking van die tydperk bedoel in regulasie 61.32.8 kan, voor 'n verdere tydperk van 60 maande, bereken van die vervaldatum van die gradering, verloop het, aansoek doen om die heruitreiking van 'n Graad II-sweeftuigvlieginstrukteursgradering.

(2) Die Kommissaris moet die vervalde gradering heruitreik indien die aansoeker -

- (a) die vlieginstrukteur-opfrissingseminaar soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL bygewoon het; en
- (b) die vaardigheidstoets bedoel in regulasie 61.32.5 ondergaan het.

(3) 'n Aansoek om die heruitreiking van die vervalde gradering gaan vergesel van -

- (a) 'n gesertifiseerde ware kopie van die sweeftuigvlieënierslisensie deur die aansoeker gehou;
- (b) oorspronklike of gesertifiseerde bewys dat die aansoeker die vlieginstrukteur-opfrissingseminaar bedoel in subregulasie (2)(a) bygewoon het;
- (c) die vaardigheidstoetsverslag soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL; en
- (d) die toepaslike geld soos voorgeskryf in Deel 187.

(4) Indien 'n tydperk van 60 maande verstryk het na die vervaldatum van die gradering, kan die houer van die vervalde gradering by die Kommissaris aansoek doen om die heruitreiking van die gradering en die Kommissaris moet die gradering heruitreik indien die aansoeker voldoen aan die vereistes vir 'n Graad II-sweeftuigvlieginstrukteursgradering bedoel in regulasie 61.32.1.

(5) Die bepalings van regulasie 61.32.6 is *mutatis mutandis* van toepassing op 'n aansoek bedoel in hierdie regulasie.



**SUBDEEL 33****VRYBALLONVLIEGINSTRUKTEURSGRADERING****Vereistes vir vryballonvlieginstrukteursgradering**

**61.33.1** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n vryballonvlieginstrukteursgradering moet -

- (a) 'n geldige vryballonvlieënierslisensie hou;
- (b) die ondervinding bedoel in regulasie 61.33.2 opgedoen het;
- (c) die opleiding bedoel in regulasie 61.33.3 suksesvol voltooi het;
- (d) die eksamen oor teoretiese kennis bedoel in regulasie 61.33.4 geslaag het; en
- (e) die vaardigheidstoets bedoel in regulasie 61.33.5 ondergaan het.

**Ondervinding**

**61.33.2** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n vryballonvlieginstrukteursgradering moet minstens 20 uur vliegtyd as gesagvoerder van 'n vryballon voltooi het.

**Opleiding**

**61.33.3** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n vryballonvlieginstrukteursgradering moet die toepaslike opleiding soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL suksesvol voltooi het.

**Eksamen oor teoretiese kennis**

**61.33.4** 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n vryballonvlieginstrukteursgradering moet die toepaslike skriftelike eksamen soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL geslaag het.

**Vaardigheidstoets**

**61.33.5** (1) 'n Aansoeker om die uitreiking van 'n vryballonvlieginstrukteursgradering moet aan 'n aangewese eksaminator, die vermoë demonstreer het om as 'n vryballonvlieginstrukteur die prosedures en manoeuvres soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL met 'n mate van bevoegdheid toepaslik vir die voorregte verleen aan die houer van

'n vryballonvlieginstrukteursgradering uit te voer.

(2) Die aansoeker moet die vaardigheidstoets bedoel in subregulasie (1) ondergaan binne 24 maande nadat die eksamen oor teoretiese kennis bedoel in regulasie 61.33.4 geslaag is en binne die 90 dae onmiddellik voor die datum van aansoek.

### **Aansoek om vryballonvlieginstrukteursgradering**

**61.33.6** 'n Aansoek om die uitreiking van 'n vryballonvlieginstrukteursgradering -

- (a) word by die Kommissaris gedoen in die toepaslike vorm soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL; en
- (b) gaan vergesel van -
  - (i) 'n gesertifiseerde ware kopie van die vryballonvlieënlisensie deur die aansoeker gehou;
  - (ii) oorspronklike of gesertifiseerde bewys dat die aansoeker die eksamen oor teoretiese kennis bedoel in regulasie 61.33.4 geslaag het;
  - (iii) die vaardigheidstoetsverslag soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL; en
  - (iv) die toepaslike geld soos voorgeskryf in Deel 187.

### **Uitreiking van vryballonvlieginstrukteursgradering**

**61.33.7** (1) Die Kommissaris reik 'n vryballonvlieginstrukteursgradering uit indien die aansoeker voldoen aan die vereistes bedoel in regulasie 61.33.1.

(2) 'n Vryballonvlieginstrukteursgradering word uitgereik in die toepaslike vorm soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL.

### **Geldigheidsduur**

**61.33.8** 'n Vryballonvlieginstrukteursgradering is geldig vir 'n tydperk van drie jaar bereken van die datum van uitreiking of heruitreiking van die gradering of van die vervaldatum van die gradering indien so 'n gradering hernu word ooreenkomstig die bepalings van regulasie 61.33.10.

### **Voorregte en beperkings van vryballonvlieginstrukteursgradering**

**61.33.9** (1) Geen persoon mag vliegopleiding in 'n vryballon vir die doel om 'n

lisensie of gradering te verkry, onderneem nie, tensy so 'n persoon die houer is van 'n geldige vlieginstruktorsgradering toepaslik vir die tipe vryballon waarin die vliegopleiding onderneem word.

(2) Die houer van 'n geldige vryballonvlieginstruktorsgradering is geregtig om vliegonderrig te gee in vryballonne ten opsigte waarvan hy of sy die houer is van die toepaslike tipegradering.

(3) Die houer van 'n geldige vryballonvlieginstruktorsgradering is geregtig -

(a) om vliegonderrig vereis vir 'n vryballonvlieënierslisensie en tipegradering te onderneem;

(b) om vliegonderrig vereis vir 'n vryballonvlieginstruktorsgradering te onderneem;

(c) om die pligte van 'n aangewese eksaminator te onderneem indien aangewys deur die Kommissaris ingevolge regulasie 61.01.17.

## Hernuwing

**61.33.10** (1) Om 'n vryballonvlieginstruktorsgradering te henu, moet die houer van die gradering, binne die 90 dae onmiddellik voor die vervaldatum van so 'n gradering, voldoen aan enige twee van die volgende vereistes:

(a) Gee minstens 50 uur vliegonderrig binne die drie jaar voor die vervaldatum, waarvan minstens 30 uur gegee moet word binne die 12 maande onmiddellik voor die vervaldatum van so 'n gradering;

(b) woon 'n vlieginstrukteur-opfrissingseminaar by soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL;

(c) ondergaan die vaardigheidstoets bedoel in regulasie 61.33.5.

(2) Die aangewese eksaminator moet, by voldoening aan die vereistes bedoel in subregulasie (1) deur die houer van die gradering -

(a) die Kommissaris voorsien van die vaardigheidstoetsverslag soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL;

(b) die toepaslike bladsy van die lisensie van so 'n houer onderteken; en

(c) die logboek van so 'n houer endosseer.

(3) Indien die uitslag van die vaardigheidstoets beoog in subregulasie (1) laat blyk dat die houer van die gradering in gebreke gebly het om die minimumstandaard te handhaaf wat vereis word om die voorregte bedoel in regulasie 61.33.9 uit te oefen, moet die aangewese eksaminator -

(a) so 'n uitslag aan die Kommissaris rapporteer; en

(b) nie die toepaslike bladsy van die lisensie van die houer van die gradering onderteken nie.

## Heruitreiking

61.33.11 (1) Die houer van 'n vryballonvlieginstrukteursgradering wat verval het weens die verstryking van die tydperk bedoel in regulasie 61.33.8 kan, voor 'n verdere tydperk van 60 maande, bereken van die vervaldatum van die gradering, verloop het, aansoek doen om die heruitreiking van die vervalde gradering.

(2) Die Kommissaris moet die vervalde gradering heruitreik indien die aansoeker -

(a) die vlieginstrukteur-opfrissingseminaar soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL bygewoon het; en

(b) die vaardigheidstoets bedoel in regulasie 61.33.5 ondergaan het.

(3) 'n Aansoek om die heruitreiking van die vervalde gradering gaan vergesel van -

(a) 'n gesertifiseerde ware kopie van die vryballonvlieënierslisensie deur die aansoeker gehou;

(b) oorspronklike of gesertifiseerde bewys dat die aansoeker die vlieginstrukteur-opfrissingseminaar bedoel in subregulasie (2)(a) bygewoon het;

(c) die vaardigheidstoetsverslag soos voorgeskryf in Dokument SA-CATS-FCL; en

(d) die toepaslike geld soos voorgeskryf in Deel 187.

(4) Indien 'n tydperk van 60 maande verstryk het na die vervaldatum van die gradering, kan die houer van die vervalde gradering by die Kommissaris aansoek doen om die heruitreiking van die gradering en die Kommissaris moet die gradering heruitreik indien die aansoeker voldoen aan die vereistes vir 'n vryballonvlieginstrukteursgradering bedoel in regulasie 61.33.1.

(5) Die bepalings van regulasie 61.33.6 is *mutatis mutandis* van toepassing op 'n aansoek bedoel in hierdie regulasie.